KABV



# Mind the Gap!

## Ekonomie
STUDIEGIDS

GRAAD 12

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

© Department of Basic Education 2014

**Hierdie publikasie is nie in die handel beskikbaar nie en mag nie verhandel word nie.**

**Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) Mind the Gap Graad 12**
**Studiegids Ekonomie**
**ISBN 978-1-4315-1929-3**

Dié publikasie is gepubliseer met 'n Creative Commons Attribution NonCommercial ShareAlike-lisensie. Jy kan die inhoud gebruik, modifiseer, oplaai en aflaai, en ook met ander deel maar slegs met toepaslike erkenning van die Departement van Basiese Onderwys, die outeurs en die bydraers. As jy enige aanpassings van die inhoud maak, moet die Departement van Basiese Onderwys daarvan in kennis gestel word. Die inhoud mag nie verkoop of vir kommersiële doeleindes aangewend word nie. Besoek die webwerf:
http://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/3.0/ vir meer inligting oor die lisensievoorwaardes.

Navrae: Dr Patricia Watson
Epos: watson.p@dbe.gov.za
Tel: 012 357 4502
http://www.education.gov.za
**Inbelsentrum:** 0800202933

Eerste uitgawe 2012 Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (HNKV) Mind the Gap Graad 12 Studiegids Ekonomie
ISBN:978-0-621-40911-6
**Tweede uitgawe 2014 Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) Mind the Gap Graad 12 Studiegids Ekonomie: ISBN 978-1-4315-1929-3**

**Mind the Gap team**
**Reeks-redakteur:** Dr Patricia Watson
**Produksiekoördineerders vir die KABV-uitgawe:** Lisa Treffry-Goatley en Radha Pillay
**Skrywers:** Richard Gouws, Janice Hardine, Andre Olivier, Nithiananthan Pillay, Irmela Roodt
**Vakkundige lesers:** Eugenia Maila, Maureen Mashinini, Neo Mejoane, Tammy Pike, Edwin Pretorius, Natalie Winter
**Studievaardighede:** Margarita Karnasopoulos
**Redakteurs:** Julia Grey, Herbert Opland
**Vertalers:** Lee-ann Meyer, Glynis Schreuder, Johan Steenkamp
**Proefleser:** Jenny de Wet, Marga Vos
**Ontwerpers:** Alicia Arntzen, Philisiwe Nkosi, Michele Dean, Nomalizo Ngwenya
**Illustreerders:** Michele Dean, Kenneth Kunene, Vusi Malindi, Bié Venter
**Omslagillustrasie:** Alastair Findlay
**Werkswinkelondersteuning op perseel:** Wayne Cussons

© Department of Basic Education 2014

# Ministeriële voorwoord



Matsie Angelina Motshekga, LP
**Minister van Basiese Onderwys**

Die Departement van Basiese Onderwys is verheug om die tweede uitgawe van die *Mind the Gap*-studiegidsreeks vir Graad 12-leerders bekend te stel. Die studiegidse is 'n voortsetting van die Departement van Basiese Onderwys se innoverende en toegewyde poging om die akademiese prestasie van Graad 12-kandidate in die Nasionale Senior Sertfikaat-(NSS) eksamen te verbeter.

Die studiegidse is geskryf deur 'n span vakkundiges wat bestaan uit onderwysers, eksaminators, moderators, vakadviseurs en vakkoördineerders. Navorsing wat in 2012 begin het, toon dat die *Mind the Gap*-reeks sonder twyfel 'n positiewe bydrae tot prestasieverbetering gelewer het. Dit is my vurige wens dat die *Mind the Gap*-studiegidse sal verseker dat geen leerder agtergelaat word nie, veral in die lig daarvan dat ons vooruitstreef tydens die viering van 20 jaar van demokrasie.


Die tweede uitgawe van *Mind the Gap* is in ooreenstemming met die 2014 Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV). Dit beteken die skrywers het die Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Naisionale Kurrikulumverklaring Graad R–12 en die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R–12* in 2014 in ag geneem.

Die *Mind the Gap*-studiegidsreeks spruit deels voort uit die 2013 Nasionale Diagnostiese verslag oor leerderprestasie en is ook gebaseer op die 2014 Graad 12-eksamineringsriglyne. Elk van die *Mind the Gap*-studiegidse verskaf omskrywings van basiese terminologie, eenvoudige verduidelikings en voorbeelde van tipiese vrae wat leerders in die eksamen kan verwag. Voorgestelde antwoorde is ook ingesluit om leerders te help om beter te verstaan. Leerders word ook verwys na spesifieke vrae in vorige nasionale eksamenvraestelle en eksamenmemorandums wat op die Departement se webwerf, www.education.gov.za, beskikbaar is.

Die KABV-uitgawes sluit in Rekeningkunde, Ekonomie, Geografie, Lewenswetenskappe, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid en Fisiese Wetenskappe. Die reeks is in Engels en Afrikaans gepubliseer. Daar is ook nege Engels Eerste Addisionele Taal-studiegidse. Dit sluit in EFAL Paper 1 (Language); EFAL Paper 3 (Writing) en 'n studiegids vir elk van die voorgeskrewe literatuurstudies vir Graad 12.

Die studiegidse is doelmatig saamgestel om leerders wat onderpresteer as gevolg van te min blootstelling aan die inhoudvereistes van die kurrikulum te ondersteun, en om die gaping tussen slaag en druip te oorkom deur leemtes in die leerders se kennis van algemene begrippe te oorbrug, sodat leerders kan slaag.

Al wat nou nodig is, is dat ons Graad 12-leerders soveel moontlik tyd gebruik om toegewyd voor te berei vir die eksamens. Leerders, maak ons trots – studeer hard. Ons wens julle alle sterkte toe met julle Graad 12-eksamens.



Matsie Angelina Motshekga, LP
Minister van Basiese Onderwys
Mei 2014

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Inhoud

**Hoe om hierdie studiegids te gebruik** ... xi
**Top 10 studiewenke** ... xii
**Studietegnieke wat jou help om te leer** ... xiii
**Vir die eksamendag …** ... xvi
**Sleutelwoorde wat jou help om vrae te beantwoord** ... xvii
**Leerder se kontrolelys** ... xviii

**Onderwerp 1: Die ekonomiese kringloopmodel, nasionale rekeninge groottotaal en die vermenigvuldiger** ... **1**
**1.1** Sleutelbegrippe ... 4
**1.2** Die oop ekonomiese kringloopmodel ... 6
**1.3** Nasionale rekening-groottotale ... 12
**1.4** Die vermenigvuldiger ... 19

**Onderwerp 2: Sakesiklusse en vooruitskatting** ... **23**
**2.1** Sleutelbegrippe ... 25
**2.2** Die samestelling en kenmerke van sakesiklusse ... 25
**2.3** Verduideling van sakesiklusse ... 27
**2.4** Staatsbeleid ... 29
**2.5** Die nuwe ekonomiese paradigma ... 32
**2.6** Kenmerke wat in die vooruitskatting van sakesiklusse gebruik word ... 32

**Onderwerp 3: Die rol van die openbare sektor** ... **37**
**3.1** Sleutelbegrippe ... 40
**3.2** Samestelling en noodsaaklikheid. ... 41
**3.3** Probleme van openbaresektor-voorsiening ... 42
**3.4** Doelwitte van die openbare sektor en sy begrotings ... 43
**3.5** Fiskale beleid ... 45
**3.6** Openbaresektor-mislukking ... 48

**Onderwerp 4: Die buitelandse valutamark en die betalingsbalans** ... **51**
**4.1** Sleutelbegrippe ... 54
**4.2** Die redes vir internasionale handel ... 55
**4.3** Die betalingsbalansrekeninge ... 56
**4.4** Buitelandse valutamarkte ... 59
**4.5** Bepaling van buitelandse wisselkoerse ... 61
**4.6** Regstellings in die betalingsbalans ... 63

**Onderwerp 5: Proteksionisme en vryhandel** ... **67**
**5.1** Sleutelbegrippe ... 70
**5.2** Uitvoerbevordering ... 71
**5.3** Invoervervanging ... 72
**5.4** Beskerming ... 73
**5.5** Vryhandel ... 74
**5.6** ’n Gewenste mengsel van beskerming en vryhandel ... 75
**5.7** Evaluering van Suid- Afrika se handelsbeleide ... 76

**Onderwerp 6: Dinamika van volmaakte markte** ... **78**
**6.1** Sleutelbegrippe ... 81
**6.2** Oorsig van produksie, koste en inkomste ... 82
**6.3** Volmaakte mededinging ... 83
**6.4** Die individuele onderneming en die industrie ... 85
**6.5** Markstrukture ... 89
**6.6** Uitset, wins, verliese en aanbod ... 90
**6.7** Hoe om grafieke te teken om die verskeie ekwilibriumposisies te wys ... 95
**6.8** Mededingingsbeleide ... 96

**Onderwerp 7: Dinamika van onvolmaakte markte** ... **99**
**7.1** Sleutelbegrippe ... 101
**7.2** Monopolië ... 102
**7.3** Uitsetwins en –verlies ... 104
**7.4** Oligopolië ... 107

© Departement van Basiese Onderwys 2014


**7.5** Monopolistiese mededinging ........ 110
**7.6** Opsomming van markstrukture ........ 111

**Onderwerp 8: Die redes vir en gevolge van markmislukkings ........ 115**
**8.1** Sleutelbegrippe ........ 118
**8.2** Die redes vir markmislukking ........ 119
**8.3** Gevolge/resultate van markmislukkings ........ 122
**8.4** Koste-voordeelana;lise (KVA) ........ 129

**Onderwerp 9: Ekonomiese groei en ontwikkeling ........ 133**
**9.1** Sleutelbegrippe ........ 135
**9.2** Ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling ........ 136
**9.3** Vraagkantbenadering ........ 136
**9.4** Aanbodkantbenadering ........ 138
**9.5** Evaluering van die Suid-Afrikaanse benaderings soos in Suid-Afrika toegepas ........ 139
**9.6** Die Noord-Suid-verdeling ........ 141

**Onderwerp 10: Suid-Afrika se nywerheidsontwikkelingsbeleide en hulle toepaslikheid in terme van internasionale beste praktyk ........ 145**
**10.1** Sleutelbegrippe ........ 147
**10.2** Nywerheidsontwikkelingsbeleide in Suid-Afrika ........ 148
**10.3** Streeksontwikkeling ........ 149
**10.4** Suid-Afrika se pogings ........ 150
**10.5** Aansporings om nywerheidsontwikkeling aan te moedig ........ 152
**10.6** Toepaslikheid van Suid-Afrika se nywerheidsbeleide ........ 155
**10.7** Toepaslikheid van Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide ........ 156
**10.8** Kleinsakeontwikkelingsbeleide ........ 156
**10.9** Die toepaslikheid van swart ekonomiese bemagtiging in die Suid-Afrikaanse ekonomie ........ 156

**Onderwerp 11: Suid-Afrikaanse ekonomiese en maatskaplike aanwysers ........ 159**
**11.1** Sleitelbegrippe ........ 161
**11.2** Die prestasie van ’n ekonomie ........ 162
**11.3** Ekonomiese aanwysers ........ 162
**11.4** Maatskaplike aanwysers ........ 164
**11.5** Internasionale vergelykings ........ 166

**Onderwerp 12: Inflasie ........ 170**
**12.1** Sleutelbegrippe ........ 172
**12.2** Inflasiemeting (omskryf, verduidelik, ondersoek) ........ 173
**12.3** Inflasietipes en -kenmerke ........ 173
**12.4** Oorsake van inflasie ........ 174
**12.5** Gevolge van inflasie ........ 176
**12.6** Maatreëls om inflasie te beveg ........ 176

**Onderwerp 13: Toerisme ........ 180**
**13.1** Sleutelbegrippe . ........ 182
**13.2** Definisie van toerisme ........ 183
**13.3** Die doel (tipes) van toerisme ........ 183
**13.4** Meting van toerisme ........ 183
**13.5** Redes vir groei ........ 183
**13.6** Effekte van toerisme ........ 184
**13.7** Die voordele van toerisme ........ 186
**13.8** ’n Suid-Afrikaanse toerismeprofiel ........ 187
**13.9** Toerismebeleid ........ 187

**Onderwerp 14: Omgewingsvolhoubaarheid ........ 191**
**14.1** Sleutelbegrippe ........ 193
**14.2** Die stand van die omgewing ........ 194
**14.3** Maatreëls om volhoubaarheid te verseker ........ 196

**Bylae: Voorbeeldeksamenvraestel ........ 201**



© Departement van Basiese Onderwys 2014

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Beste Graad 12-leerder

*Geleerdheid is die paspoort tot die toekoms, omdat die toekoms aan diegene behoort wat vandag daarvoor voorberei.*

Hierdie *Mind the Gap*-studiegids is ontwerp om jou met jou voorbereiding vir die eindeksamen in KABV Ekonomie te help.

Hierdie studiegids dek NIE die totale KABV-kurrikulum nie, maar fokus op die kernbegrippe van elk van die kennisareas en **wys jou in watter areas jy maklik punte kan verdien**.

Jy moet deur die studiegids werk om jou kennis te verbeter, jou swakpunte te identifiseer en jou eie foute te korrigeer. Om 'n goeie slaagsyfer te verseker, beveel ons aan dat jy jou handboek en klasnotas gebruik om self deur die ander aspekte van die kurrikulum te werk. Ons is oortuig dat hierdie studiegids jou sal help om goed voor te berei sodat jy die einde van die jaar sal slaag.

Die belangrikheid van jou sukses kan nie genoeg beklemtoon word nie. Jy is deel van die nuwe generasie, en ons hoop almal vir 'n beter toekoms waar alle jong Suid-Afrikaners 'n hoë lewenstandaard sal kan geniet.

## Oorsig van die KABV Graad 12-eksamen

Die Ekonomie-eksamen bestaan uit TWEE 1½-uur vraestelle wat elk 150 punte tel. Die vraestel bevat SES vrae wat in drie afdelings ingedeel is. Vraag EEN is VERPLIGTEND. Daar is VYF ander vrae waarvan DRIE beantwoord moet word. Die vereistes vir elke afdeling word hieronder uiteengesit:

## FORMAAT VAN DIE GRAAD 12 EKONOMIE-VRAESTELLE

**1.** KLASSIFIKASIE VAN ONDERWERPE VIR GRAAD 12 EKONOMIE EKSAMENS

HALFJAAREKSAMEN

Die twee vraestelle is soos volg gestruktureer:

| EKONOMIE GRAAD 12 | |
|---|---|
| **VRAESTEL 1**<br>**150 PUNTE – 1½ UUR** | **VRAESTEL 2**<br>**150 PUNTE – 1½ UUR** |
| **HOOFHOOFSTUK:**<br>**MAKRO-EKONOMIE** | **HOOFHOOFSTUK:**<br>**MIKRO-EKONOMIE** |
| HOOFSTUKE:<br>• Kringloopmodel<br>• Sakesiklusse<br>• Openbare sektor<br>• Buitelandse valutamarkte<br>• Beskerming en Vryhandel | HOOFSTUKE:<br>• Volmaakte markte<br>• Onvolmaakte markte<br>• Markmislukkings |




© Departement van Basiese Onderwys 2014

VOORBEREIDENDE EN FINALE EKSAMENVRAESTELLE

| EKONOMIE GRAAD 12 | | |
|---|---|---|
| **VRAESTEL 1**<br>**150 PUNTE – 1½ UUR** | | **VRAESTEL 2**<br>**150 PUNTE – 1½ UUR** |
| **HOOFHOOFSTUK:**<br>**MAKRO-EKONOMIE** | | **HOOFHOOFSTUK:**<br>**MIKRO-EKONOMIE** |
| HOOFSTUKE:<br>• Kringloopmodel<br>• Sakesiklusse<br>• Openbare sektor<br>• Buitelandse valutamarkte<br>• Beskerming en Vryhandel | | HOOFSTUKE:<br>• Volmaakte markte<br>• Onvolmaakte markte<br>• Markmislukkings |
| **HOOFHOOFSTUK:**<br>**EKONOMIESE STREWES** | | **HOOFHOOFSTUK:**<br>**EKONOMIESE KWESSIES** |
| • Groei en Ontwikkeling<br>• Industriële ontwikkelingsbeleide<br>• Ekonomiese en maatskaplike prestasie-aanwysers | | • Inflasie<br>• Toerisme<br>• Omgewingsvolhoubaarheid |

wenk

- ELKE VRAESTEL TEL 150 punte
- Die tydsuur van elke vraestel is 1½ uur.
- Elke vraestel bevat SES VRAE ingedeel in drie afdelings:
- Slegs VIER van die ses vrae moet beantwoord word, soos volg:
  - AFDELING A: Vraag 1 is VERPLIGTEND.
  - AFDELING B: Bevat DRIE vrae: Vraag 2–4 waarvan die kandidaat slegs TWEE moet kies.
  - AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae: Vraag 5–6 waarvan die kandidaat slegs EEN moet kies.
- Vraestel 1 en 2 mag nie op dieselfde dag geskryf word nie.
- Die vereistes vir elke afdeling word op die volgende bladsy aangedui.

**2.** BESONDERHEDE VAN DIE GRAAD 12 EKONOMIE-VRAESTELLE

## AFDELING A (VERPLIGTEND) TOTAAL: 30

**VRAAG 1 (BEANTWOORD IN DIE ANTWOORDEBOEK – GEEN LOS BLAAIE WORD TOEGELAAT NIE)**

**1.1** Meervoudigekeuse-items (laer orde)
VIER items per hoofonderwerp = 8 items (2 punte per item) (8 × 2) (16)

**1.2** Pas Kolom A by Kolom B (laer orde)
VIER items per hoofonderwerp = 8 items (1 punt per item) (8 × 1) (8)

**1.3** Identifiseer die begrip (middel-/laer orde)
DRIE items per hoofonderwerp (1 punt per item) (6 × 1) (6)

## AFDELING B (BEANTWOORD TWEE VRAE UIT HIERDIE AFDELING) TOTAAL: 80

**VRAAG 2–4 (DRIE VRAE)**

EEN vraag per HOOFONDERWERP en EEN gekombineerde vraag (nie noodwendig gelyk versprei nie) oor die twee HOOFONERWERPE

**2.1** Kort items
**2.1.1** Noem TWEE (Laer orde) (2 × 1)(2)
**2.1.2** Wat, Waarom, Hoe (Middelorde) (1 × 2) (2)(4)

**2.2** Data respons (middelorde): Bestudeer die volgende grafiek/spotprent/tabel/teks, ens. en beantwoord die volgende vrae: (10)

**2.3** Data respons (middelorde): Bestudeer die volgende grafiek/spotprent/tabel/teks, ens. en beantwoord die volgende vrae: (10)

**2.4** EEN paragraafvraag (middelorde): (2 × 4) OF (4 × 2) (8)

**2.5** EEN paragraafvraag (hoër orde): (2 × 4) OF (4 × 2) (8)

**[40]**

## AFDELING C (BEANTWOORD EEN VRAAG UIT HIERDIE AFDELING) TOTAAL: 40

**VRAAG 5–6 (TWEE OPSTELVRAE) – EEN vraag per HOOFONDERWERP**

| OPSTELSTRUKTUUR | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>• **Hoof gedeelte:** Bespreek in besonderhede/ (In diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik/Assesseer<br>• **Addisionele gedeelte:** Gee eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Trek ’n grafiek en verduidelik/Verduidelik na aanleiding van die gegewe grafiek/Voltooi die grafiek/Bereken/Lei af/ Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**Opstelle** speel 'n baie belangrike rol in hoe suksesvol jy in die Ekonomie-eksamen gaan wees, omdat jy EEN opstelvraag moet kies in elke vraestel wat 40 punte van die vraestel se 150 puntetotaal uitmaak. Elke opstel tel 40 punte. Maak seker dat jy elke opstelonderwerp in detail bestudeer wanneer jy gereedmaak vir die voorbereidende en jaareindeksamen.

Moet nooit 'n vraag onbeantwoord laat wanneer jy gevra word om jou eie mening te gee nie. Onthou, elke afdeling sluit vrae in wat maklik is en vrae wat redelik maklik is – maak dus seker dat jy hierdie punte kry!

Baie sterkte vir jou NSS-eksamen – dit is jou sleutel tot 'n beter toekoms. Droom groot, stel jou doelwitte en doen jou bes!

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Hoe om hierdie studiegids te gebruik




- Die studiegids bevat ’n tabel met **sleutelbegrippe met definisies** wat jy uit die hoof moet ken. Jy kan maklike punte verdien deur die enkel punt vrae met die korrekte definisies te beantwoord.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| NB | Skenk spesiale aandag | hint | Wenke om jou te help om ’n begrip te onthou of om jou te lei om probleme op te los | e.g. | Uitgewerkte voorbeelde |
| | Stapsgewyse instruksies | exams | Verwys jou na vorige eksamen-vraestelle | | Aktiwiteite met vrae wat jy moet beantwoord |

- ’n **Kontrolelys gebaseer op die eksamenriglyne** vir Ekonomie word op bladsy xviii gegee om jou vordering te monitor. Wanneer jy die kernbegrippe bemeester het en die vrae met selfvertroue kan beantwoord, maak ’n regmerkie in die laaste kolom.

- Die **aktiwiteite is op tipiese eksamenvrae gebaseer**. Maak die antwoorde toe en doen die aktiwiteit eers op jou eie. Kontroleer dan jou antwoorde. Beloon jouself vir die dinge wat jy reg doen. As jy enige verkeerde antwoorde het, maak seker dat jy verstaan waarom dit verkeerd is voor jy met die volgende afdeling aangaan.

- Elke **onderwerp** word kortliks gedek volgens die eksamenriglyne. Waardevolle riglyne word voorsien om jou te help om grafiekvrae te beantwoord.

- **Voorbeeld-vraestelle** is in die studiegids ingesluit. Kontroleer jou antwoorde deur weer jou notas en die eksamenmemorandum te raadpleeg. Voorbeeld-vraestelle is baie nuttig om jou te help met jou voorbereiding en dit verminder angstigheid oor die eksamen.

- Besoek die webwerf **www.education.gov.za** om meer eksamenvraestelle af te laai.




> *Ware individuele vryheid kan nie sonder ekonomiese sekuriteit en onafhanklikheid bestaan nie.*
>
> **Franklin D. Roosevelt**

© Departement van Basiese Onderwys 2014




# Top 10 studiewenke

1. Hou al die skryfbehoeftes wat jy nodig het om te studeer, soos penne, potlode, glimpenne en papier, ensovoorts, byderhand.
2. Wees positief. Maak seker dat jou brein die inligting vaslê deur jouself voortdurend te herinner hoe belangrik dit is om die werk te onthou en die punte te kry.
3. Stap nou en dan buite rond. 'n Verandering van omgewing sal jou leervermoë stimuleer. Jy sal verbaas wees hoeveel meer jy inneem nadat jy 'n bietjie vars lug geskep het.
4. Deel jou leertyd in hanteerbare eenhede op. As jy probeer om alles op een slag te leer, sal dit net jou brein moeg, ongefokus en angstig maak.
5. Hou jou studietye kort maar effektief, en beloon jouself met kort, konstruktiewe rusposes.
6. Verduidelik aan enigeen wat bereid is om te luister, die begrippe wat jy geleer het. Dit kan dalk aan die begin vreemd voel, maar dit is beslis die moeite werd om jou hersieningsnotas hardop te lees.
7. Prente en verskillende kleure help jou brein om te leer. Gebruik dit oral waar jy kan.
8. Volstaan met die leerareas wat jy goed ken, en fokus jou breinkrag op die afdelings wat jy sukkel om te onthou.
9. Herhaling is die sleutel om die werk wat jy ken, te onthou. Hou die pas vol en moenie opgee nie.
10. Slaap elke nag ten minste 8 uur lank, eet gesond en drink baie water – dit is alles belangrike dinge wat jy kan doen om jou brein te ondersteun. Voorbereiding vir die eksamen is amper soos harde fisiese oefening, en daarom moet jy fisies voorbereid wees.



© Departement van Basiese Onderwys 2014

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Studietegnieke wat jou help om te leer

Hierdie studiegids maak gebruik van drie studietegnieke wat jy ook kan gebruik om die materiaal te bemeester:


1. Sakpas-notas
2. Geheuerympies
3. Breinkaarte




## Sakpas-notas

**Sakpas-notas** is 'n uitstekende manier om al die kernbegrippe in die studiegids te leer. Sakpas-notas is maklik om te maak en hulle pas in jou broek-, hemp- of baadjiesak sodat jy hulle orals saam met jou kan dra:

1. Vou 'n A4-papier in die helfte. Vou dit weer in die helfte, en weer.
2. Vou die papier oop. Dit is nou in agt dele verdeel.
3. Sny of skeur die stroke langs die gevoude lyne.
4. Skryf die naam van die begrip op die een kant.
5. Skryf die betekenis of verduideliking van die begrip op die ander kant.
6. Gebruik verskillende kleure en prente om jou te help onthou.
7. Neem jou sakpas-notas orals met jou saam en haal hulle uit wanneer jy ook al 'n kans kry.
8. Soos wat jy leer, plaas jy die notas in drie hopies:
   - Ek ken dit goed.
   - Amper daar.
   - Moet nog meer leer en oefen.
9. Hoe meer jy die notas uithaal en daarna kyk, hoe beter sal jy die begrippe onthou.



1. Vou 'n A4–papier in 8 vierkante.




2. Skryf die naam van die begrip op die een kant van 'n vierkant.




3. Skryf die definisie van die begrip op die agterkant van die vierkant.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Geheuerympies

'n **Geheuerympie** is 'n nuttige tegniek om inligting wat moeilik is om te onthou, in jou geheue vas te lê.

Hieronder is twee voorbeelde van geheuerympies.




Hier is 'n opgemaakte woord om jou te help om die ses redes vir markmislukking te onthou – EMOGOO – elke letter van die woord herinner jou aan 'n rede:

**M** – Markte wat gemis word

**E** – Eksternaliteite

**O** – Onvolmaakte mededinging

**G** – Gebrek aan inligting

**O** – Onbeweeglikheid van produksiefaktore

**O** – Oneweredige verspreiding van inkomste en welvaart

Hier is 'n sin wat jou kan help om die 5 vraagredes vir internasionale handel te onthou – elke woord in die sin begin met dieselfde letter as die rede:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **B**aie | **I**nligting | **W**ord | **V**reeslik | **V**ermors |
| **B**evolking | **I**nkomste | **W**elvaart | **V**oorkeure | **V**erbruik |

**Geheuerympies** kodeer inligting, wat dit makliker maak om te onthou.

Hoe meer kreatief jy is en hoe meer jou "kodes" jou aan bekende dinge herinner, hoe makliker gaan jy die werk onthou.

In hierdie gids is daar 'n paar voorbeelde van geheuerympies. Laat hulle jou inspireer om jou eie geheuerympies te skep.


© Departement van Basiese Onderwys 2014


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Breinkaarte

Hierdie studiegids bevat verskeie breinkaarte (ook genoem geheuekaarte) wat die werk in sommige afdelings opsom.

Kyk na die prent van 'n neuron ('n breinsel) en 'n breinkaart:

*Figuur 1: 'n Neuron of breinsel*




*Figuur 2: Reëls vir 'n breinkaart*

**Breinkaarte** werk omdat dit inligting op dieselfde wyse aanbied as waarop ons brein die inligting "sien".

Wanneer jy die breinkaarte in hierdie studiegids leer, kan jy prente vir elke vertakking byvoeg om jou te help om die inhoud te onthou.

Ontwikkel jou eie breinkaarte soos wat jy elke afdeling voltooi.

### Hoe om jou eie breinkaart te ontwikkel:

1. Draai jou papier dwars sodat jou breinkaart in alle rigtings kan uitsprei.
2. Besluit op 'n beskrywende naam vir die breinkaart wat die inligting wat jy daarop gaan plaas bondig saamvat.
3. Skryf die naam in die middel en teken 'n sirkel, borrel of prent rondom die naam.
4. Skryf net sleutelwoorde op die sytakke neer, nie volsinne nie. Hou dit kort en kragtig.
5. Elke tak moet 'n ander idee toon. Gebruik 'n ander kleur pen vir elke idee. Verbind die inligting wat saamhoort. Dit sal jou help om die begrippe in te skerp en te verstaan.
6. Voeg gerus prente by; dit maak nie saak as jy nie goed kan teken nie.



© Departement van Basiese Onderwys 2014




STERKTE!
Onthou, JY kan help bou aan ’n produktiewe en voorspoedige samelewing.




# Vir die eksamendag …

**1.** Sorg dat jy al die skryfbehoeftes vir jou eksamen byderhand het, byvoorbeeld pen, potlood, uitveër, liniaal, gradeboog, passer en sakrekenaar (met vars batterye). Bring ook jou ID-dokument en eksamentoelatingsbrief.

**2.** Wees betyds, arriveer ten minste ’n uur voordat die eksamen begin by die eksamenlokaal.

**3.** Gaan toilet toe voordat jy die eksamenlokaal binnegaan. Jy wil nie waardevolle tyd verloor deur gedurende die eksamen die lokaal te moet verlaat nie.

**4.** Gebruik die tien minute leestyd om die instruksies noukeurig deur te lees. Dit help jou om die inligting in jou brein te “ontsluit”. Begin met die maklikste vraag om jou denkprosesse aan die gang te sit.

**5.** Breek die vraag in kleiner dele op om seker te maak jy verstaan presies wat gevra word. As jy die vraag nie behoorlik beantwoord nie, sal jy nie punte daarvoor kry nie. Kyk na die sleutelwoorde in die vraag vir riglyne oor hoe jy dit moet beantwoord. Sien bladsy xvii van die studiegids vir ’n lys sleutelwoorde.

**6.** Probeer om al die vrae te beantwoord. Elke vraag het sekere maklike punte; maak dus seker jy doen ten minste ’n deel van elke vraag in die eksamen.

**7.** Moenie paniekerig raak nie, selfs al lyk die vraag aanvanklik moeilik. Dit sal wel verband hou met iets wat jy geleer het. Vind die verband.

**8.** Bestuur jou tyd versigtig. Moenie tyd mors met vrae waaroor jy onseker is nie. Beweeg aan en kom terug as die tyd dit toelaat.

**9.** Kyk na hoeveel punte aan elke antwoord toegeken word. Die regmerkies in hierdie studiegids se antwoorde gee jou ’n riglyn van hoe punte toegeken word. Moet nie meer of minder inligting gee as wat vereis word nie.

**10.** Skryf groot en duidelik. Jy sal meer punte kry as die nasiener jou antwoord maklik kan lees.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Sleutelwoorde wat jou help om vrae te beantwoord

Dit is belangrik om die aksiewoorde (die woorde wat jou sê wat om te doen) te identifiseer en te begryp sodat jy presies weet wat die eksaminator verwag. Gebruik die verduidelikings in die tabel as riglyn wanneer jy vrae beantwoord.

| Vraagwoord | Wat van jou verwag word |
|---|---|
| **Analiseer/ontleed** | Verdeel; ondersoek en interpreteer krities; positiewe en negatiewe; voordele en nadele |
| **Assesseer** | Skat die aard, kwaliteit of waarde van iets |
| **Beredeneer/ argumenteer** | Verskaf redes om 'n stelling te ondersteun of te verwerp |
| **Bereken** | Gebruik wiskundige berekeninge om die antwoord te bepaal |
| **Bespreek** | Gee redes vir jou bewering; gee beide kante van 'n saak en kom tot 'n gevolgtrekking |
| **Definieer** | Gee 'n kort en duidelike omskrywing |
| **Demonstreer** | Toon aan of maak duidelik; illustreer of verduidelik; bewys deur beredenering met bewyse (jy kan voorbeelde gee) |
| **Evalueer** | Gee jou mening, met bewyse, van hoe goed/sleg, negatief/positief, suksesvol/onsuksesvol iets is |
| **Gee** | Stel die feit sonder 'n omskrywing of verduideliking (Let wel: Jy mag gevra word om 'n rede te gee.) |
| **Gee rekenskap** | Verduidelik die oorsaak van; verduidelik hoekom; gee redes vir |
| **Identifiseer** | Lig 'n enkele aspek van die inligting uit |
| **Illustreer** | Verduidelik of maak iets duidelik deur die gee van voorbeelde, tabelle, grafieke, prente en diagramme |
| **Interpreteer** | Gee 'n verduideliking van; gee die betekenis van |
| **Klassifiseer** | Plaas items met soortgelyke kenmerke in dieselfde groep; sorteer volgens die tipe of soort |
| **Kontrasteer** | Beklemtoon die verskille tussen dinge, gebeure of probleme |
| **Krities** | Ontleed (analiseer) iets; sê of jy saamstem/nie saamstem nie |
| **Lys** | Skryf 'n bondige lys van feite neer |
| **Meld** | Skryf die inligting sonder 'n bespreking neer |
| **Omskryf** | Noem die vernaamste kenmerke van iets; lewer verslag van ('n diagram of grafiek kan deel vorm van die bespreking) |
| **Ondersoek** | Kyk versigtig en in besonderhede na iets. |
| **Som op/vat saam** | Verkort 'n groot hoeveelheid inligting tot die vernaamste punte |
| **Stel voor** | Gee moontlike redes of eie idees |
| **Verduidelik** | Maak duidelik, interpreteer, sit materiaal uiteen. Gee redes vir verskille van opinie of resultate |
| **Vergelyk** | Lys beide ooreenkomste en verskille |
| **Verklaar/lewer kommentaar** | Gee jou opinie, gebaseer op feite |

## v.b. Voorbeelde van aksiewoorde

Verwys na Tabel 1.2.2 (inkomemetode) en beantwoord die volgende vrae:

1. Watter finansiële instelling is verantwoordelik vir die rekordering en publikasie van BBP-syfers in Suid-Afrika? (2)
2. Verduidelik die begrip "subsidies op produkte". (3)
3. Gee TWEE voorbeelde van belasting op produkte. (4)
4. Bereken die vaste kapitaalverbruik in 2009 as 'n persentasie van BBP teen markprys. Toon alle berekeninge. (4)



© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Leerder se kontrolelys

Gebruik hierdie kontrolelys wanneer jy vir die eksamen voorberei. **Die regmerkies (✓) dui aan watter aspekte van die kurrikulum in die studiegids gedek word. Die sterretjies (*) dui aan dat jy jou handboek en klasnotas moet raadpleeg.**

| Onderwerp | Aspekte van die kurrikulum | Gedek in studiegids | Ek verstaan nie | Ek verstaan |
|---|---|---|---|---|
| Hoofonderwerp: Makro-ekonomie | | | | |
| **Onderwerp 1 Oop ekonomiese kringloop-model** | Begrippe | ✓ | | |
| | Vier-sektordiagram | ✓ | | |
| | Nasionale rekening-groottotale en -omskakelings | ✓ | | |
| | Vermenigvuldiger | ✓ | | |
| **Onderwerp 2 Sakesiklusse en vooruitskatting** | Begrippe | ✓ | | |
| | Samestelling en kenmerke van sakesiklusse | ✓ | | |
| | Oorsake van sakesiklusse | ✓ | | |
| | Soorte sakesiklusse | ✓ | | |
| | Owerheidsbeleid | ✓ | | |
| | Die nuwe ekonomiese paradigma (regstelling van siklusse) | ✓ | | |
| | Kenmerke onderliggend aan vooruitskatting met betrekking tot sakesiklusse | ✓ | | |
| **Onderwerp 3 Openbare sektor** | Samestelling en noodsaaklikheid van die openbare sektor | ✓ | | |
| | Probleme van openbaresektor-voorsiening | ✓ | | |
| | Openbare sektor se doelwitte en begrotings | ✓ | | |
| | Fiskale beleid (Laffer-kurwe ingesluit) | ✓ | | |
| | Redes vir openbaresektor-mislukkking | ✓ | | |
| **Onderwerp 4 Buitelandse valutamark** | Hoofredes vir buitelandse handel | ✓ | | |
| | Die betalingsbalans (BB) | ✓ | | |
| | Die totstandkoming van buitelandse wisselkoerse | ✓ | | |
| | Buitelandse wisselkoersmarkte | ✓ | | |
| | Regstellings van BB-surplus en -tekort (disekwilibriums) | ✓ | | |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| Onderwerp | Aspekte van die kurrikulum | Gedek in studiegids | Ek verstaan nie | Ek verstaan |
|---|---|---|---|---|
| **Hoofonderwerp: Makro-ekonomie** | | | | |
| **Onderwerp 5 Beskerming en vryhandel (Globalisering)** | Uitvoerbevordering | ✓ | | |
| | Invoervervanging | ✓ | | |
| | Beskerming (die argumente) | ✓ | | |
| | Vryhandel (die argumente) | ✓ | | |
| | ’n Gewenste mengsel | ✓ | | |
| | Evaluering van Suid-Afrika se handelsbeleide | ✓ | | |
| **Hoofonderwerp: Mikro-ekonomie** | | | | |
| **Onderwerp 6 Dinamika van volmaakte markte** | Volmaakte mededinging | ✓ | | |
| | Individuele produsent en nywerheid | ✓ | | |
| | Markstruktuur | ✓ | | |
| | Uitset, winste, verliese en aanbod | ✓ | | |
| | Mededingingsbeleid | ✓ | | |
| **Onderwerp 7 Dinamika van onvolmaakte markte** | Monopolie | ✓ | | |
| | Oligopolie | ✓ | | |
| | Monopolistiese mededinging | ✓ | | |
| **Onderwerp 8 Dinamika van markte: Mark-mislukkings** | Oorsake van markmislukkings | ✓ | | |
| | Gevolge van markmislukkings | ✓ | | |
| **Hoofonderwerp: Ekonomiese strewes** | | | | |
| **Onderwerp 9 Ekonomiese groei en ontwikkeling** | Agtergrond/vergelyking tussen | ✓ | | |
| | Vraagkantbenadering | ✓ | | |
| | Suid-Afrikaanse benadering | ✓ | | |
| | Aanbodkantbenadering | ✓ | | |
| | Evaluering van die Suid-Afrkaanse benaderings in Suid-Afrika | ✓ | | |
| | Die Noord/Suid-verdeling | ✓ | | |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

| Onderwerp | Aspekte van die kurrikulum | Gedek in studiegids | Ek verstaan nie | Ek verstaan |
|---|---|---|---|---|
| **Hoofonderwerp: Ekonomiese strewes** | | | | |
| Onderwerp 10 Ekonomiese groei en ontwikkeling: Suid-Afrika se nywerheids-ontwikkelings-beleide en hulle toepaslikheid in terme van internasionale beste praktyk | Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika | ✓ | | |
| | Streeksontwikkeling | ✓ | | |
| | Suid-Afrika se strewes | ✓ | | |
| | Aansporings om nywerheidsontwikkeling aan te moedig | ✓ | | |
| | Toepaslikheid van Suid-Afrika se nywerheidsbeleide | ✓ | | |
| | Toepaslikheid van Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide | ✓ | | |
| | Kleinondernemings-ontwikkelingbeleide | ✓ | | |
| | Toepaslikheid van Swart Ekonomiese Bemagtiging in die Suid-Afrikaanse ekonomie | ✓ | | |
| | Beste praktyk vir streeksontwikkeling | ✓ | | |
| **Hoofonderwerp: Ekonomiese aanwysers** | | | | |
| Onderwerp 11 Ekonomiese en maatskaplike aanwysers | Die prestasie van 'n ekonomie | ✓ | | |
| | Ekonomiese aanwysers | ✓ | | |
| | Maatskaplike aanwysers | ✓ | | |
| | Internasionale vergelykings | ✓ | | |
| **Hoofonderwerp: Huidige ekonomiese kwessies** | | | | |
| Onderwerp 12 Eietydse ekonomiese kwessies: Inflasie | Omskrywing/definisie | ✓ | | |
| | Inflasiemeting | ✓ | | |
| | Inflasietipes en -kenmerke | ✓ | | |
| | Oorsake van inflasie | ✓ | | |
| | Gevolge van inflasie op | | | |
| | Die inflasieprobleem in Suid-Afrika | ✓ | | |
| | Maatreëls vir bekamping van inflasie | ✓ | | |


© Departement van Basiese Onderwys 2014


| Onderwerp | Aspekte van die kurrikulum | Gedek in studiegids | Ek verstaan nie | Ek verstaan |
|---|---|---|---|---|
| Hoofonderwerp: Huidige ekonomiese kwessies | | | | |
| Onderwerp 13 Huidige ekonomiese kwessies: Toerisme | Omskrywing/definisie | ✓ | | |
| | Doeleindes/tipes toerisme | ✓ | | |
| | Meting van toerisme | ✓ | | |
| | Redes vir groei | ✓ | | |
| | Die effek van toerisme op | ✓ | | |
| | Die voordele van toerisme vir | ✓ | | |
| | Suid-Afrika se profiel (inheemse kennisstelsels) | ✓ | | |
| | Beleidsvoorstelle – Departement van Toerisme | ✓ | | |
| Onderwerp 14 Huidige ekonomiese kwessies: Omgewings-volhoubaarheid | Die stand van die omgewing | ✓ | | |
| | Maatreëls om volhoubaarheid te verseker | ✓ | | |
| | Belangrike internasionale ooreenkomste | ✓ | | |

© Departement van Basiese Onderwys 2014


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Onderwerp 1

# Die ekonomiese kringloopmodel, nasionale rekening-groottotale en die vermenigvuldiger




Die **ekonomiese kringloopmodel**, **nasionale rekening-groottotale** en die **vermenigvuldiger** is drie sleutelbegrippe in Ekonomie.

Volgens die **ekonomiese kringloopmodel**, werk die drie sleutelsektore van die ekonomie (**huishoudings**, **ondernemings** en die **staat**) almal saam om te verseker dat die gemeenskap se behoeftes bevredig word deur die skepping van goedere en dienste.

Die **nasionale rekening-groottotale** is 'n belangrike hulpmiddel om die **prestasie van 'n land te ontleed.** Die belangrikste groottotaal is die **Bruto Binnelandse Produk (BBP).**

Die marginale verbruiksgeneigdheid (MVG) toon aan hoeveel sent die verbruiker uit elke rand sal bestee binne die landsgrense oor 'n bepaalde tydperk.

Die formule kan ook soos soos volg geskryf word:

$$M = \frac{1}{(1 - mvg)} \text{ of } M = \frac{1}{msg}$$

Die **vermenigvuldiger** is afgelei van die **marginale verbruikersgeneigdheid** (die bedrag van elke rand wat mense sal gebruik in hul verbruiksbesteding) binne 'n land in 'n sekere tydperk te bepaal. → Formule: $M = \frac{1}{(1 - mvg)}$

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Oorsig

| HOOFHOOFSTUK: MAKRO-EKONOMIE | | |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK** | **INHOUD** | **BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES** |
| **1.**<br>**Ekonomiese Kringloop** | **Stel die kringloop as 'n makro-ekonomiese model voor**<br><br>• **Die oop ekonomiese kringloopmodel**<br>– **Begrippe**<br>– **Die volledige vier-sektor diagram**<br>– **Deelnemers**<br>– Huishoudings<br>– Sakesektor<br>– Staat/openbare sektor<br>– Buitelandse sektor<br>– **Reële en geldvloei**<br>– **Inspuitings (J = I + G + X)**<br>– **Lekkasies (L = S + T + M)**<br>– **Vergelykings bv. Y = C + I + G + (X – M)**<br>– **Markte**<br>– Faktormark<br>– Goederemark (Mark vir goedere en dienste/produkte)<br>– Finansiële marke – Geld en Kapitaal<br>– Buitelandse mark/buitelandse wisselmarkte<br>– Vloeie deur verskillende markte (produksie, inkome en besteding)<br><br>**Afleiding en ontleding van nasionale rekening-groottotale en omskakelings**<br><br>• Nasionale rekening-groottotale en omskakelings<br>Bepaling van Nasionale rekening-groottotale:<br>– Produksie BBP (P) – BBP<br>– Inkome BBP (I) – BBI<br>– Besteding BBP (B) – BBB<br>Nasionale Rekening-omskakelings:<br>– Sisteem van Nasionale Rekeninge (SNA)<br>– Nominale en Reële pryse, Basiese pryse, Faktorkoste, Markpryse, Netto Syfers, Binnelandse en Nasionale syfers, en besteebare nasionale inkome | • Definisies en verduidelikings<br>• Identifisering van deelnemers, vloeie, inspuitings en lekkasies op diagram<br>• Diepgaande bespreking oor die interverhoudings tussen deelnemers<br>• Teken en interpreteer 'n kringloopdiagram<br>• Bespreking van 'n ekonomie in ekwilibrium<br>• Regverdig die vergelyking: L = J en illustreer die elementkomponente<br><br>• Verduidelik die verband tussen markte in die VIER-SEKTOR model<br>• Verbind die werking van finansiële en buitelandse wisselkoersmark met die ander deelnemers aan die kringloop<br><br>(Fokus: Relevante begrippe, afleiding, interpretasie, ontleding van groottotale en omskakelings)<br><br>• Definisies en verduidelikings<br>• Identifiseer uit tabel<br>• Bespreek die DRIE metodes kortliks<br>• Verduidelik die begrippe wat in nasionale rekeninge gebruik word<br>• Ontleed, interpreteer en lei totale af<br>• Ontleed die nasionale rekening-omskakelings<br><br>**H.O.T VRAAG: Hoe word besteding verbind met inkome en produksie?** |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | **Afleiding en toepassing van die vermenigvuldiger**<br><br>• **Die vermenigvuldiger**<br>– Definisie van die vermenigvuldigereffek<br>– Verduideliking van die vermenigvuldigerproses<br>– Ondersteun deur 'n kringloopdiagram en voorbeelde (gebruik van 'n grafiek en illustrasie)<br>– Toepassing van die basiese formule | • Definieer die begrip<br><br>**H.O.T VRAAG: Verduidelik die vermenigvuldigerproses met behulp van die grafiek en die volgende formule: ΔY/ΔE**<br><br>**H.O.T VRAAG: Wat is die uitwerking van die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) en marginale spaargeneigdheid (msg) op die vermenigvuldiger (1/1-mvg of 1/msg)?**<br><br>• Verbind die vermenigvuldiger met die kringloopmodel<br><br>**H.O.T VRAAG: Hoekom is die vermenigvuldiger se waarde in werklikheid baie klein?** |

© Departement van Basiese Onderwys 2014




# 1.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te verstaan. Maak seker jy ken hierdie begrippe goed.

| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Basiese pryse (bp)** | Gebruik wanneer BBP bereken word volgens die produksiemetode en verteenwoordig die produksiekoste van ondernemings |
| **Basisjaar** | 'n Jaar met baie klein prysveranderinge of prysfluktuasies. Die huidige basisjaar soos gebruik deur die Reserwebank is 2005 |
| **Belasting (T)** | Verpligte betalings gemaak deur privaat individue of sakeondernemings aan die owerheidsektor sonder enige direkte voordeel |
| **Belasting op produksie** | Verwys na belasting op produksie sonder enige verbintenis met 'n spesifieke goed of diens (bv. belasting op grond en geboue) |
| **Belasting op produkte** | Belasting betaalbaar per eenheid van 'n sekere goed of diens (bv. BTW, invoerregte) |
| **Beleggings (I)** | Besteding deur besighede op kapitaalgoedere |
| **Besparings (S)** | Inkome wat nie verbruik word nie |
| **Bestedingsmetode** | Wanneer die nasionale rekenmeesters die besteding van die vier vernaamste sektore van die ekonomie bymekaar tel: **C + G + I + (X – M)** |
| **Binnelandse syfers (BBP)** | Waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die landsgrense vir 'n spesifieke tydperk |
| **Buitelandse wisselkoersmark** | Die mark waar een geldeenheid vir 'n ander verhandel word, bv. rand vir die dollar |
| **Ekonomiese ewewig** | Die ekonomie is in ewewig as lekkasies gelyk is aan inspuitings:<br>**L = J of S + T + M = I + G + X** |
| **Ekonomiese kringloop-model** | Onafgebroke vloei van besteding, produksie en inkome tussen verskillende sektore |
| **Faktorkoste/faktorprys** | Hierdie items kan afwisselend gebruik word en verwys na die koste van of die prys betaal vir die produksiefaktore (grond, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap) wat deur besighede gebruik word. [Neem kennis dat die term Faktorinkomste ook gebruik kan word.] |
| **Faktormark** | Die mark waar produksiefaktore verhandel word, bv. die arbeidsmark |
| **Finansiële mark** | Die mark waar beide kort- en langtermyn finansiële bates verhandel word |
| **Finansiële sektor** | Daardie finansiële instellings wat nie direk by die produksie van goedere en dienste betrokke is nie, bv. banke, versekeringsmaatskappye, pensioenfondse en die JSE |
| **Geldmark** | Die korttermyn en baie korttermynmark vir besparings en lenings |
| **Geldvloei** | Die vloei van inkomste en besteding tussen die deelnemers in die ekonomiese kringloop |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | |
|---|---|
| **Geslote ekonomie** | 'n Ekonomie sonder 'n buitelandse sektor as deelnemer |
| **Goederemark** | 'n Mark waar goedere en dienste verhandel word, bv. motors, melk |
| **Inkomemetode** | Bruto Binnelandse Inkome is afkomstig van alle inkomste verdien deur die produksiefaktore – BBP(I) |
| **Inspuitings (J)** | Die ingebruikneming van addisionele geld in die ekonomie deur investering (I), owerheid (G) en betalings vir uitvoere (X) |
| **Invoere (M)** | Goedere en dienste geproduseer in ander lande en aangekoop deur plaaslike ondernemings of huishoudings |
| **Kapitaalmark** | Waar verbruikers en produsente langtermyn deposito's maak en geld leen |
| **Lekkasies (L)** | Geld onttrek uit die ekonomiese kringloop, bv. deur besparings (S), belasting (T) en invoerbesteding (M) |
| **Marginale verbruikersgeneigdheid (mvg)** | Die marginale verbruikersgeneigdheid (mvg) dui op 'n toename in verbruikbare inkomste wat die persoonlike verbruiksbesteding laat toeneem. Byvoorbeeld, 'n marginale verbruiksgeneigdheid van 0.65 dui daarop dat vir elke ekstra rand wat verdien word, die huishouding 65 sent sal spandeer en 35 sent sal spaar |
| **Markprys (mp)** | Pryse wat werklik deur verbruikers vir goedere en dienste betaal word plus belasting minus subsidies; word bereken volgens die bestedingsmetode |
| **Nasionale syfers (BNP)** | Waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer deur die permanente inwoners van die land vir 'n spesifieke tydperk |
| **Netto syfers** | Netto dui op 'n sekere bedrag wat verwyder is, bv. netto uitvoere reflekteer die waarde van uitvoere minus invoere |
| **Oop ekonomie** | 'n Ekonomie wat handel dryf met die buitelandse sektor |
| **Produksiemetode** | Die byvoeging van finale waardes van alle goedere en dienste bereken teen bruto waarde toegevoeg – BBP(P) |
| **Reële vloei** | Die vloei van goedere en dienste tussen die deelnemers in die ekonomiese kringloop |
| **Staat (G)** | Die besteding van die staatsektor |
| **Subsidies op produksie** | Verwys na subsidies wat nie aan spesifieke goedere of dienste verbind word nie, bv. subsidies op indiensneming |
| **Subsidies op produkte** | Finansiële aansporings wat sukkelende nywerhede help met produksie, sowel as direkte subsidies betaalbaar per eenheid uitgevoer met die doel om uitvoere aan te moedig (bv. staatsubsidie op brood) |
| **Uitvoere (X)** | Goedere en dienste plaaslik geproduseer en dan verkoop vir verbruik buite die grense van die land |
| **Verbruiksbesteding (C)** | Verbruiksbesteding deur die bevolking |
| **Vermenigvuldiger** | 'n Klein aanvanklike toename in besteding lewer 'n proporsioneel groter toename in totale nasionale inkome |

© Departement van Basiese Onderwys 2014





# 1.2 Die oop ekonomiese kringloopmodel

## Beskrywing

- Die ekonomiese kringloopmodel is 'n vereenvoudiging van hoe die ekonomie werk, en die verband tussen inkomste, produksie en geldbesteding in die ekonomie as geheel.
- Die kringloopmodel in 'n oop ekonomie toon die werking van 'n ekonomie wat oop is vir buitelandse handel.
- Dit verskil van 'n geslote ekonomie omdat dit die buitelandse sektor insluit.

## 1.2.1 Vier-sektor diagram




*Figuur 1.1 'n Kringloopmodel in 'n oop ekonomie*




Jy moet in staat wees om 'n gedetailleerde diagram van die ekonomiese kringloopmodel te teken. Figuur 1.1 is 'n tipiese voorbeeld van 'n kringloopmodel vir 'n oop ekonomie.

## 1.2.2 Deelnemers

## Huishoudelike sektor

- Huishoudings is die **grootste verbruikers** van ekonomiese goedere en dienste – hulle gebruik hul inkomste om by ondernemings te koop.
- Huishoudings is die primêre ekonomiese deelnemers omdat hulle die vier produksiefaktore besit.
- Huishoudings verkoop die produksiefaktore op die faktormark aan ondernemings.
- Huishoudings ontvang 'n vergoeding van die ondernemings in die vorm van lone, huur, rente en wins.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

### Ondernemings/sakesektor

Huishoudings = verbruikers
Ondernemings = verskaffers

- Ondernemings koop die produksiefaktore van die huishoudings op die faktormark.
- Ondernemings gebruik die produksiefaktore om **goedere en dienste te produseer**.
- **Ondernemings verkoop goedere en dienste** aan huishoudings, die staat en buitelandse sektor.
- **Ondernemings ontvang 'n inkomste** van die ander drie deelnemers (huishoudings, die staat en die buitelandse sektor).

### Die staat/openbare sektor

- Dit verwys na **plaaslike**, **streeks**- en **nasionale owerhede**.
- Die staat voorsien huishoudings en ondernemings van openbare goedere en dienste.
- Die staat ontvang belasting van huishoudings, bv. **inkomstebelasting**.
- Die staat ontvang belasting van ondernemings, bv. **maatskappybelasting.**




### Buitelandse sektor

- Daar is 'n vloei van goedere of invoere vanaf die buitelandse sektor en waarvoor die individuele huishoudings, ondernemings en die openbare sektor betaal.
- Hierdie invoere kan gesien word as **besteding** van individuele huishoudings, ondernemings en openbare sektor. ('n Monetêre uitstroming)
- Daar is ook 'n vloei van goedere en dienste na die buitelandse sektor vanaf die sakesektor (uitvoere).
- Hierdie uitvoere sal 'n inkomste vir individuele huishoudings, ondernemings en die openbare sektor wees. ('n Monetêre instroming)

### Interaksie tussen deelnemers

- Huishoudings verskaf produksiefaktore aan ondernemings (besighede).
- Huishoudings ontvang daarvoor 'n inkomste (Y) – huur, lone, rente en wins.
- Huishoudings koop goedere en dienste by ondernemings.
- Ondernemings ontvang inkomste in die vorm van verkope.
- Huishoudings en ondernemings koop goedere en dienste van die buitelandse sektor, bekend as invoere (M).
- Die buitelandse ondernemings ontvang inkomste van huishoudings en ondernemings.
- Ondernemings verkoop goedere en dienste aan die buitelandse sektor en dit is bekend as uitvoere (X).
- Huishoudings en ondernemings betaal belasting aan die staat.
- Die staat voorsien openbare goedere en dienste aan huishoudings en ondernemings.
- Die surplus (Inkomste wat nie bestee is nie) van huishoudings en ondernemings se inkomste word in die finansiële sektor van die ekonomie belê.
- Dié inkomstedeel wat huishoudings in besighede terugploeg word investering genoem (I).
- Die beleggings wat die finansiële sektor ontvang, word aangewend deur huishoudings en ondernemings om infrastruktuur te bekom vir produksie van goedere en dienste.
- Die geldvloei van die finansiële sektor af, terug na die sakesektor, word investering (I) genoem.

## 1.2.3 Reële vloei en geldvloei

- **Reële vloei**: Produksiefaktore vloei van die eienaars (huishoudings) na die produsente via die faktormarkte. Goedere en dienste vloei van die produsente via die goederemarkte na huishoudings en ander gebruikers van goedere en dienste. Produksiefaktore en goedere en dienste vloei van die buiteland na Suid-Afrika (**invoere**). Produksiefaktore en goedere en dienste vloei van Suid-Afrika na die buiteland (**uitvoere**).
- **Geldvloei**: Faktorvergoeding verteenwoordig die besteding van produsente en inkomste van huishoudings (lone, huur, rente en wins). Verbruiksbesteding, aan die ander kant, verteenwoordig die besteding van huishoudings en die inkomste van produsente.

## 1.2.4 Lekkasies en inspuitings




**Lekkasies** verwys na die uitvloei van geld uit die ekonomie.
Die volgende is lekkasies of onttrekkings uit die ekonomiese kringloop:

- Besparings (S)
- Belasting (T)
- Betaling vir invoere (M)

**Met ander woorde:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **L** | **=** | **S** | **+** | **T** | **+** | **M** |
| Lekkasies | = | Besparings | + | Belastings | + | Invoerbesteding |

**Inspuitings** verwys na 'n invloei van geld in die ekonomie.
Die volgende is inspuitings (toevoegings) tot die ekonomiese kringloop:

- Beleggings (I)
- Staatsbesteding (G)
- Betaling ontvang vir uitvoere (X)

**Met ander woorde:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **L** | **=** | **I** | **+** | **G** | **+** | **X** |
| Inspuitings | = | Beleggings | + | Staatsbesteding | + | Uitvoerinkomste |

## 1.2.5 Vergelykings

## Ewewig (ekwilibrium)

- Die ekonomie is in ewewig wanneer die lekkasies gelyk is aan die inspuitings.
- Met ander woorde

L = J

S + T + M = G + I + X


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Onewewig (disekwilibrium)

Die ekonomie is in onewewig wanneer:

- Lekkasies meer is as inspuitings.
- Inspuitings meer is as lekkasies.

## Herstel van die ewewig veroorsaak veranderinge in nasionale inkome

### Nasionale inkome neem toe wanneer inspuitings meer is as lekkasies

$$J > L$$

$$G + I + X > S + T + M$$

- Wanneer inspuitings meer is as die lekkasies, veroorsaak dit 'n toename in vraag.
- Hierdie toename in vraag moet bevredig word.
- Dit veroorsaak 'n toename in produksie van goedere en dienste. Byvoorbeeld:

$$J > L$$

### Nasionale inkome verminder wanneer inspuitings minder is as lekkasies

$$J < L$$

$$I + G + X < S + T + M$$

- Wanneer lekkasies meer is as die inspuitings, veroorsaak dit 'n afname in vraag.

$$J < L$$

- Vraag na goedere en dienste neem af.
- Minder goedere en dienste word geproduseer.
- Minder inkomste.

### Wiskundige en grafiese voorstelling

- Inkomste (Y) is gelyk aan Besteding (E)

**Met ander woorde:**

$$Y = E$$

$$\mathbf{Y = C + G + I + (X - M) = E = C + G + I + (X - M)}$$

### Wiskundige berekening


| | |
|---|---|
| Invoere | R40 miljoen |
| Investering | R180 miljoen |
| Verbruiksbesteding | R110 miljoen |
| Uitvoere | R25 miljoen |
| Staatsbesteding | R110 miljoen |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

**Die formule om die totale inkome in die ekonomie te bereken:**
Y = C + I + G + (X-M)

**Berekening van die totale inkome in die ekonomie.**
Y = C + I + G + (X-M)
Y = R110 miljoen + R180 miljoen + R110 miljoen + (R25 miljoen – R40 miljoen)
Y = R385 miljoen

## Grafiese voorstelling




*Figuur 1.2: Besteding en inkomste*

- Besteding is (E) en word getoon op die vertikale as.
- Inkomste is (Y) en word getoon op die horisontale as.
- E = Y en word voorgestel deur die 45° lyn.
- Dit halveer die 90°-hoek in twee gelyke 45°-gedeeltes.

- Totale besteding (TB) = C + I + G + (X – M)
- Die kurwe illustreer die waarde wat die verbruikers, produsente, staat en buitelandse sektor begroot om op elke inkomstevlak te bestee.
- Dit is ook gelyk aan totale vraag.

- Die kurwe loop skuins na bo en na regs.
- By 'n inkomste van Y kruis die totale bestedinglyn die vertikale as by E.
- As dit so beplan is, neem totale besteding toe tot $E_1$. TB = Totale besteding.
- Dit beteken dat meer geld in die ekonomie ingespuit word as wat uitgaan.
- Dit veroorsaak 'n toename in totale inkome van Y tot $Y_1$.





© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 1.2.6 Markte

**MARKTE**

**Goedere/ Produkmark**
- Dit is markte vir verbruiksgoedere.
- Koop en verkoop van goedere wat in markte geproduseer word. Bv. Duursame verbruiksgoedere.
- Semi-duursame verbruiksgoedere.
- Nie-duursame verbruiksgoedere.
- Dienste.

**Faktormark**
- Die aanwending van produksiefaktore word op hierdie mark verhandel.
- Natuurlike hulpbronne, arbeid, kapitaal en ondernemerskap word op hierdie mark verhandel.


**Geldmark**
- Die mark waar geld op baie korttermyn gespaar, en op korttermyn geleen word deur verbruikers en ondernemings. Bv. banke en versekerings-maatskappye.
- Bankobligasies (skuldbriewe), skatwissels en staatseffekte word hier verhandel.

**Kapitaalmark**
- Die kapitaalmark is waar langtermyn-fondse gespaar en geleen word deur verbruikers en ondernemings. Bv. Verbande.
- Die JSE Sekuriteitsbeurs 'n sleutel-instansie in die kapitaalmark.
- Aandele word hier verhandel.

**Buitelandse wisselmark**
- Bv. wanneer 'n persoon reisigerstjeks koop vir sy oorsese reis.
- Ondernemings koop buitelandse valuta om vir ingevoerde goedere en dienste te betaal.
- In SA vind hierdie transaksies deur die banke plaas.
- Die belangrikste buitelandse wisselmarkte is in Londen, New York en Tokio.
- Die SA Rand word vryelik op hierdie markte verhandel en die SARB het geen beheer daaroor nie.

## Aktiwiteit 1

Bestudeer die vloeidiagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




**1.1** Gebruik die inligting hieronder en bereken die waardes van A–G: (7)

© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | | |
|---|---|---|---|
| Totale produksie | R25 000 | Inkomstebelasting | R5 000 |
| Besparings | R4 000 | Invoere | R3 700 |

**1.2** Verduidelik die impak van 'n toename in inkomstebelasting op die vlak van produksie. (3)

**1.3** Bereken die totale lekkasies (L) in die bostaande vloeidiagram. (4)

**1.4** Gee die identiteit (vergelyking wat BBP verteenwoordig in 'n oop ekonomie. (2)

**1.5** As 'n land 'n marginale spaargeneigdheid van 0.1 het, bereken die waarde van die vermenigvuldiger. (4)

**[20]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 1

**1.1** A – R20 000✓
B – R25 000✓
C – R5 000✓
D – R4 000✓
E – R16 000✓
F – R3 700✓
G – R12 300✓ (7)

**1.2** Lei tot 'n afname in produksie✓✓✓ (3)

**1.3** S + T + M✓
R4 000 + R5 000 + R3 700✓
R12 700✓✓ (4)

**1.4** C + G + I + (X – M)✓✓ (2)

**1.5** m = 1/(1 – mvg)✓
= 1/1 (1 – 0,1)✓
= 1/1.09✓
= 1.1✓ (4)

**[20]**


# 1.3 Nasionale rekening-groottotale

## 1.3.1 Afleiding van nasionale rekening-groottotale

Die nasionale rekening-groottotale word gebruik om die waarde van die ekonomie te bepaal. Die **produksiemetode**, **inkomemetode** en **bestedingsmetode** is drie verskillende maniere om die ekonomie te waardeer. Hierdie drie metodes word op verskillende tye en vir verskillende doeleindes gebruik. Maak seker jy weet hoe om hierdie metodes te gebruik.



© Departement van Basiese Onderwys 2014

| PRODUKSIEMETODE | INKOMEMETODE | BESTEDINGSMETODE |
|---|---|---|
|  |  |  |
| **BBP** | **BBP** | **BBP** |
| Finale waarde van alle goedere en dienste geproduseer, word bymekaar getel | Alle inkomste verdien deur die eienaars van die produksiefaktore word bymekaar getel | Besteding van die vier vernaamste ekonomiese sektore – verbruik, staat, beleggings en uitvoere (minus invoere) |

## Die produksie- (toegevoegde waarde) metode

Die produksiemetode is 'n metode waarmee ons die **Bruto Binnelandse Produk teen basiese pryse bepaal deur die finale waarde van alle goedere en dienste geproduseer in die primêre, sekondêre en tersiêre sektore bymekaar te tel.**

In die nasionale rekeninge word Bruto Binnelandse Produk na verwys as die Bruto Waarde Toegevoeg (BWT) teen basiese pryse.

Tabel 1.3.1 toon die BBP in die verskillende sektore van die ekonomie vir 2005–2012 (in R miljoene).

| Waarde toegevoeg | 2005 | 2007 | 2009 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Primêre sektor | 143 394 | 210 803 | 260 176 | 321 229 | 335 409 |
| 2. Sekondêre sektor | 330 669 | 403 129 | 478 627 | 508 953 | 542 821 |
| 3. Tersiêre sektor | 927 004 | 1 178 144 | 1 439 517 | 1 791 197 | 1 956 857 |
| **4. Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse** | 1 401 067 | 1 792 076 | 2 178 320 | 2 621 379 | 2 835 087 |
| 4.1 PLUS belasting op produkte | 175 667 | 230 000 | 237 117 | 311 033 | 338 792 |
| 4.2 MINUS subsidies op produkte | 5 652 | 5 891 | 9 036 | 14 873 | 18 684 |
| **5. Bruto binnelandse produk teen markpryse** | 1 571 082 | 2 016 185 | 2 406 401 | 2 917 539 | 3 155 195 |

*Tabel 1.3.1: BBP per ekonomiese sektor vir 2005-2012* *Bron: SARB Kwartaalblad (September 2013)*




As ons bloot die markwaarde van alle uitsette bymekaartel, sal ons 'n groottotaal verkry wat die waarde van die ekonomie buitensporig oorskry. So 'n berekening sal lei tot dubbeltelling. Om die probleem op te los, gebruik ons die waarde wat in elke stadum van produkse toegevoeg is.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 2

Bestudeer die volgende data en beantwoord die vraag wat volg:

> Vergoeding van werknemers R1 086 907; Finale verbruiksbesteding deur huishoudings R1 472 824; Netto bedryfsurplus R728 426; Finale verbruiksbesteding deur die staat R504 169; Belasting op produkte R245 198; Subsidies op produkte R3 113; Belasting op produksie R38 173; Subsidies op produksie R 5 092; Bruto kapitaalvorming R467 878; Uitvoere van goedere en dienste R657 113; Invoere van goedere en dienste R667 740; Vastekapitaalverbruik R332 824; Primêre sektor R278 518; Sekondêre sektor R466 749; Tersiêre sektor R1 435 971.

**1.** Gevra: Bepaal die bruto binnelandse produk teen markpryse volgens die produksiemetode. **[10]**

## Antwoord op Aktiwiteit 2

**1.**

| | |
|---|---|
| Primêre sektor | R278 518 ✓ |
| Sekondêre sektor | R466 749 ✓ |
| Tersiêre sektor | R1 435 971 ✓ |
| Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse | ✓ R2 181 238 ✓✓ |
| Plus belasting op produkte | R245 198 ✓ |
| Minus subsidies op produkte | R3 113 ✓ |
| Bruto binnelandse produk @ markprys | R2 423 323 ✓✓ |

**[10]**

### Die inkomemetode

Ons gebruik die **inkomemetode** om die bruto binnelandse produk – **BBP (I) – teen faktorpryse (faktorkoste) te bepaal deur die inkome verdien deur die eienaars van die produksiefaktore bymekaar te tel (bruto binnelandse inkome).**

In die nasionale rekeninge word hierna verwys as Bruto Waarde Toegevoeg teen faktorkoste.

Tabel 1.3.2 dui die bruto binnelandse inkome vir die Suid-Afrikaanse ekonomie vir 2005–2012 (in R miljoene) aan.

| Nasionale inkome of Bruto Waarde Toegevoeg teen faktorkoste (Rbn) | 2005 | 2007 | 2009 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Vergoeding van werknemers | 699 018 | 882 379 | 1 081 640 | 1 330 315 | 1 447 429 |
| 2. Netto bedryfsurplus | 485 761 | 629 116 | 736 427 | 874 877 | 942 903 |
| 3. Vastekapitaalverbruik | 187 790 | 252 595 | 332 333 | 375 982 | 404 947 |
| **4. Bruto waarde toegevoeg @ faktorkoste** | **1 372 569** | **1 764 090** | **2 150 400** | **2 581 174** | **2 795 279** |
| 5. Ander belasting op produksie | 32 927 | 35 374 | 40 898 | 51 525 | 54 166 |
| 6. MINUS ander subsidies op produksie | 4 421 | 7 388 | 12 978 | 11 320 | 14 358 |
| **7. Bruto waarde toegevoeg @ basiese pryse** | **1 401 067** | **1 792 076** | **2 178 320** | **2 621 379** | **2 835 087** |
| 8. Belasting op produkte | 175 667 | 230 000 | 237 117 | 311 033 | 338 792 |
| 9. MINUS subsidies op produkte | 5 652 | 5 891 | 9 036 | 14 873 | 18 684 |
| **10. Bruto binnelandse produk @ markpryse (BBI)** | **1 571 082** | **2 016 185** | **2 406 401** | **2 917 539** | **31 155 195** |

*Tabel 1.3.2 Suid-Afrikaanse BBP (I) vir 2005–2012* *Bron: SARB Kwartaalblad (September 2013)*


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 3

Verwys na Tabel 1.3.2 (inkomemetode) en beantwoord die volgende vrae:

**1.** Watter finansiële instelling is verantwoordelik vir die rekordering en publikasie van BBP-syfers in Suid-Afrika? (2)

**2.** Verduidelik die begrip "subsidies op produkte". (3)

**3.** Gee TWEE voorbeelde van belasting op produkte. (4)

**4.** Bereken die vaste kapitaalverbruik in 2009 as 'n persentasie van BBP teen markprys. Toon alle berekeninge. (4)

**5.** Wat is die verskil tussen 2007 en 2011 rakende die BWT @ faktorkoste? (2)

**[15]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 3

**1.** SARB✓✓

**2.** Direkte betalings deur die regering ✓ aan die vervaardiger ✓ om die prys van 'n produk te verlaag, bv. staatsubsidies op brood.✓

**3.** BTW✓✓ LBS✓✓

**4.** 332 584/2 398 152 × 100% ✓✓ = 13.9%✓✓

**5.** 2 631 227 – 1 764 090 = 1 258 658✓✓

**[15]**

### Die bestedingsmetode

Die bestedingsmetode is 'n metode waarmee ons die Bruto Binnelandse Produk – **BBP – teen markpryse bepaal deur die besteding van die vier hoofsektore in die ekonomie** – huishoudings (C), staat (G), ondernemings (I) en buitelandse sektor (X – M) – **bymekaar te tel.**

Onderskei tussen BBB en Besteding op BBP: BBB = C + I + G

Besteding op BBP = C + I + G + X – M

Tabel 1.3.3 toon totale besteding op BBP teen markpryse vir 2005–2012 (in R miljoene).

NB

Tabel 1.3.3 toon dat Suid-Afrika in 2005 meer goedere en dienste ingevoer het as wat dit uitgevoer het. Dit het 'n lekkasie van sowat – R7 390 miljard in 2005 uit die ekonomiese kringloopmodel teweeggebring.

| Bruto binnelandse besteding en BBP teen markpryse (Rbn) | 2005 | 2007 | 2009 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings | 990 773 | 1 264 726 | 1 460 764 | 1 743 989 | 1 907 247 |
| 2. Finale verbruiksbesteding deur die staat | 305 733 | 380 004 | 507 330 | 635 019 | 707 031 |
| 3. Bruto kapitaalvorming | 282 130 | 428 231 | 470 298 | 568 875 | 612 551 |
| 4. Residuele items | –164 | –1 618 | –10 857 | –12 329 | 24 585 |
| **5. Bruto binnelandse besteding** | **1 578 472** | **2 071 343** | **2 427 517** | **2 935 554** | **3 251 414** |
| 6. Uitvoere van goedere en dienste | 430 169 | 634 626 | 657 192 | 854 343 | 891 562 |
| 7. Invoer van goedere en dienste | 437 559 | 689 784 | 678 308 | 872 358 | 987 781 |
| **8. Besteding op BBP teen markpryse** | **1 571 082** | **2 016 185** | **2 406 401** | **2 917 539** | **3 155 195** |

*Tabel 1.3.3 Totale besteding op BBP teen markpryse vir 2005–2012*

*Bron: SARB Kwartaalblad (September 2013)*

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 1.3.2 Nasionale rekeninge-omskakelings

- Alle lande gebruik nasionale rekeningesyfers
- **Suid-Afrika gebruik die Nasionale Rekeningesisteem [SYSTEM OF NATIONAL ACCOUNTS (SNA)] soos deur die Verenigde Nasies voorgeskryf.**
- BBP, BBB en BBI het 'n groot invloed op die pryse wat ons gebruik, soos nominale en reële pryse – pryse voor of ná belastings.
- Indirekte belastings en subsidies is die belangrikste faktore wat die eindwaardes van die kringloop groottotale bepaal.

### Faktorkoste

- Faktorkoste word gebruik met die inkomemetode vir die meting van ekonomiese aktiwiteit.
- BBP teen faktorkoste – ander belastings op produksie – ander produksiesubsidies = BBP teen basiese pryse.

### Basiese Pryse

- Word gebruik met die produksiemetode.
- Belastings op produksie word ingesluit en produksiesubsidies word uitgesluit.
- Belastings op produksie is vergoedingbelasting (SIBW en LBS), lopende belasting op eiendom en geboue, besigheidlisensies.
- Subsidies op produksie sluit in indiensnemingsubsidies en subsidies vir voorkoming van besoedeling.

### Markpryse

- Word gebruik met die bestedingsmetode.
- Omskakeling van waardes van:
  - **Basiese pryse na markpryse:**
    BBP teen basiese pryse + belastings op produkte – produksubsidies = BBP teen markpryse.
  - **Faktorkoste na markpryse:**
    BBP teen faktorkoste + ander belastings op produksie – produksiesubsidies = BBP teen basiese pryse + belastings op produkte – produksubsidies = BBP teen markpryse.
- Belastings op produkte is betaalbaar per eenheid, bv. BTW.
- Produksiesubsidies sluit in direkte subsidies betaal per eenheid.

### Netto totale

Netto bedryfsurplus = surplus na belastings
Netto inkomste = inkomste na belastings
Netto vaste kapitaalvorming = na verbruik van vaste kapitaal (depresiasie)
Netto uitvoere = uitvoere - invoere

### Omskakeling van binnelandse na nasionale totale

Binnelandse totale (BBP) verwys na die inkomste en produksie wat binne die landsgrense plaasvind.

Nasionale totale (BNP) verwys na die inkomste of produksie deur die land se inwoners.

**BBP:** Binnelandse produksie sluit buitelanders wat in Suid-Afrika werk in.

**BNP:** Sluit slegs die produksie/ inkomste van Suid-Afrikaners in.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

**Voorbeeld:**

| | R Miljard |
|---|---|
| **BBP teen markpryse** | **1 523** |
| Plus: Faktorinkomste deur Suid-Afrikaners in die buiteland verdien | **29** |
| Minus: Faktorinkomste deur buitelanders in Suid-Afrika verdien | **60** |
| **BNI teen markpryse** | **1 492** |

## Nominale totale vs reële totale

**Nominale totale**

- Dit is ook bekend as markwaarde of geldwaarde.
- Dit is ook bekend as nasionale produk teen heersende pryse.
- Nominale waarde van produksie word bereken deur die volume van die finale goedere en dienste met hulle pryse te vermenigvuldig.
- Inflasie is nog nie in berekening gebring nie.

**Reële totale**

- Dit is ook bekend as nasionale produk teen konstante pryse.
- Die inflasiekoers in terme van die verbruikersprysindeks (CPI) is in berekening gebring.
- Reële produksiewaardes is die nominale nasionale produkwaardes aangepas vir prysstygings.
- Reële nasionale produk is die nasionale produk in terme van pryse geldig in ’n spesifieke basisjaar.



# Aktiwiteit 4

## Twee sleutel- nasionale rekeninge-omskakelings

**1. Hoe om binnelandse totale na nasionale totale om te skakel:**

| | 2005 | 2007 | 2009 | 2011 |
|---|---|---|---|---|
| **BBP @ MARKPRYSE** | **1 571 082** | **2 016 185** | **2 398 155** | **2 964 261** |
| PLUS: Primêre inkome van die res van die wêreld | 29 550 | 48 448 | 34 075 | 38 118 |
| MINUS: Primêre inkome aan die res van die wêreld | 60 975 | 117 266 | 87 593 | 104 689 |
| **BNP @ MARKPRYSE** | **1 539 657** | **1 947 367** | **2 344 637** | **2 897 690** |

*Bron: SARB Kwartaalblad (Desember 2011)*

*Tabel 1.3.4 Hoe om binnelandse totale na nasionale totale om te skakel*




**NEEM KENNIS**

Tabel 1.3.4 wys jou hoe om die binnelandse syfers na nasionale syfers om te skakel en omgekeerd. **Jy moet hierdie omskakelings leer.**

Bestudeer Tabel 1.3.5 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| Nasionale rekening-groottotale | R miljoene |
|---|---|
| Finale verbruiksbesteding deur huishoudings | 1 473 490 |
| Finale verbruiksbesteding deur die staat | 505 040 |
| Bruto kapitaalvorming | 467 878 |
| Residuele item | –18 092 |
| **Bruto Binnelandse Besteding (BBB)** | **2 428 316** |
| Uitvoer van goedere en dienste | 657 113 |
| Invoer van goedere en dienste | 677 740 |
| **Besteding op BBP teen markpryse** | **A** |

*Bron: Kwartaalblad, SARB (Junie 2010)*

*Tabel 1.3.5 Nasionale rekening-groottotale*

**1.** Verduidelik die begrip "bruto kapitaalvorming". (2)
**2.** Bereken die waarde van A. Toon al jou berekeninge. (4)
**3.** Onderskei tussen BWT teen basiese pryse en besteding op BBP teen markprys. (3)

**[9]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 4

**1.** Besteding op bates herhaaldelik in die produksieproses gebruik ✓/Toename in die voorraad kapitaal ✓ (2)

**2.** BBB = 2 428 316 ✓
+ Uitvoere = 657 113 ✓
– Invoere = 677 740 ✓
R2 407 689m ✓ (4)

**3.** BWT teen basiese pryse word bereken deur die produksiemetode te gebruik en is gewoonlik minder as Besteding op BBP teen markpryse.✓✓
Om BWT teen basiese pryse na besteding op BBP teen markprys om te skakel, trek produksiesubsidies af en tel indirekte belastings op produkte by. ✓✓ (3)

**[9]**

**2.** Hoe om die BBP teen faktorkoste na die BBP teen basiese pryse of markpryse om te skakel:

**BBP @ faktorkoste omgeskakel na BBP teen basiese pryse, of BBP teen markpryse:**

BBP teen **basiese prys** = BBP @ faktorkoste
+ belasting op produksie
– subsidies op produksie

BBP teen **markpryse** = BBP teen basiese pryse
+ belasting op produkte
– subsidies op produkte


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 1.4 Die vermenigvuldiger

- Die vermenigvuldiger is die proses wat daartoe lei dat 'n aanvanklike verandering in besteding die uitset- en inkomstevlak proporsioneel meer beïnvloed as die grootte van die aanvanklike verandering in besteding.
- Die formules om die waarde van die vermenigvuldiger (M) te bereken, is:

  $M = \frac{1}{1 - mvg}$ OF $\frac{1}{1 - msg}$

## Die vermenigvuldiger in 'n twee-sektormodel

### Die vermenigvuldiger word afgelei van die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg)

- Die omvang van die vermenigvuldiger word bepaal deur die gedeelte van 'n toename in inkomste wat bestee word.
- Hoe groter die mvg, hoe groter die vermenigvuldiger, en hoe kleiner die mvg, hoe kleiner die vermenigvuldiger.
- Dit is die geld wat in die ekonomie bly.
  Bv.
  I = R100 000
  S = R40 000 = 40% 0,4
  B = R60 000 = 60% 0,6
- **Marginale verbruiksgeneigdheid = 0,6 (mvg)**
- **Marginale spaargeneigdheid = 0,4 (msg)**

**Die totaal van die mvg + msg is altyd = 1 (een)**

**FORMULE om die Vermenigvuldiger te bereken:**

$$\alpha = \frac{1}{1 - mvg}$$


$$\alpha = \frac{1}{1 - mvg} = \frac{1}{1 - 0,6} = \frac{1}{0,4}$$

**= 2½ (Vermenigvuldiger)**

## Die vermenigvuldiger in 'n vier-sektorkringloopmodel

- Die volgende lekkasies kom voor:
  - msg = marginale spaargeneigdheid
  - mbk = marginale belastingkoers
  - mig = marginale invoergeneigdheid.

## Die vermenigvuldiger grafies voorgestel




*Figuur 1.4.1: 'n Toename in totale besteding (TB)*

### Gebruik die volgende formule om die vermenigvuldiger te bereken

$$M = \frac{\Delta Y}{\Delta I}$$

- I = R40 000 m en dit neem toe tot R50 000 m
- Δ I = R10 000 m: dit is belegging in infrastruktuur, en ontwikkeling en bou van huise
- Y = R100 000 m en dit neem toe tot R125 000 m
- **ΔY = R25 000 m**

$$M = \frac{\Delta Y}{\Delta I}$$

$$\frac{R25\ 000}{R1\ 000} = 2{,}5 = 2\frac{1}{2}$$

- In die grafiek:
  - E = Oorspronklike ewewig.
  - Y = Oorspronklike inkomste.
  - Investering word toegevoeg.
  - Die TB-kurwe verskuif opwaarts na $TB_1$.
  - Beplande besteding bepaal totale vraag.
  - Totale vraag neem toe na $TV_1$.
  - Die nuwe ewewig is nou by $E_1$.
  - Die vermenigvuldigereffek dui aan dat die toename in Y (ΔY) groter is as die verandering in inkome I (ΔI) .
- Nasionale inkomste verander wanneer:
  - Totale besteding ≠ produksie
  - Totale vraag ≠ totale aanbod
  - Beplande lekkasies ≠ beplande inspuitings


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Verduidelik die vermenigvuldigereffek

- Die vermenigvuldiger dui aan in watter mate nasionale inkomste verander as gevolg van 'n inspuiting, of 'n onttrekking soos investering.
- 'n Aanvanklike toename van inspuitings in die ekonomie (investering, staatsbesteding of uitvoere) sal lei tot 'n proporsionele toename in nasionale inkomste.
- Die bykomende besteding sal 'n domino-effek hê en selfs nog meer besteding meebring.
- Die omvang van die vermenigvuldiger sal afhang van die lekkasievlakke.
- Bv. neem aan ondernemings verhoog investering met R1 000 deur kapitale goedere van binnelandse vervaardigers te bestel.
- Totale besteding het met R1 000 toegeneem. Totale produksie het met R1 000 toegeneem wat lei tot 'n toename in inkomste van R1 000. Die toename in besteding = die toename in produksie wat = die toename in inkomste.
- As huishoudings inkomste (R1 000) verdien, kan lekkasies voorkom, soos inkomstebelasting, spaar en besteding op invoere.
- As dit R300 bedra, sal besteding op huishoudelike goedere met R700 toeneem. Die vermenigvuldiger skop nou in.

## Toepassing


### Keynesiaanse benadering

1. Keynes argumenteer dat as die staat die ekonomie wil laat groei, kan staatsbesteding (G) toegelaat word om toe te neem. Verhoog staatsbesteding (G) en finansier dit met lenings.
2. Verlaag die belastingkoers wat meer geld in die verbruiker se sak laat.
3. Die verbruiker sal die ekstra geld bestee, totale vraag sal styg, produksie sal verhoog en indiensneming sal toeneem.
4. Die staat kan maatskappybelasting verlaag en dit kan lei tot meer investering deur ondernemings (I).



## Aktiwiteit 5

Bestudeer die grafiek hieronder van die vermenigvuldiger in 'n tweesektor model, waar die verbruiksfunksie gegee is as C = $c_0$ + c(Y), en beantwoord die vrae wat volg.




**1.** Definieer die begrip vermenigvuldiger. (3)

**2.** Met verwysing na die grafiek, noem die TWEE sektore betrokke in die afleiding van die makro-ekonomiese vermenigvuldiger. (4)

**3.** Dui aan wat deur die gebroke lyn voorgestel word. (2)

**4.** Wat is die waarde van outonome verbruik vir die oorspronklike verbruiksfunksie? (2)

**5.** Veronderstel die marginale spaargeneigdheid (msg) = 0,4. Gebruik die vermenigvuldigerformule om die uiteindelike verandering in totale inkome te bereken as daar 'n inspuiting van R10 biljoen in die ekonomie was. Toon AL jou berekeninge. (6)

**6.** Beskryf die verwantskap tussen die mvg en die vermenigvuldiger. (3)

**[20]**

**wenk** Bepaal eers die grootte van die vermenigvuldiger.

## Antwoorde op Aktiwiteit 5

**1.** Die vermenigvuldiger toon hoe 'n toename in besteding (inspuiting) tot 'n groter as proporsionele toename in nasionale inkome lei. ✓✓✓ (3)

**2.** Huishoudings ✓✓ Ondernemings ✓✓ (4)

**3.** Dit dui alle punte aan waar inkome = besteding/45° lyn/ Keynesiaanse ewewig ✓✓ (2)

**4.** 20 bn ✓✓ (2)

**5.** $M = \frac{1 ✓}{msg} = \frac{1 ✓}{0,4} = 2.5$ ✓

2.5 x 10 bn P = 25 bn. ✓✓✓ (6)

**6.** Hoe groter die mvg, hoe groter die vermenigvuldiger en omgekeerd. ✓✓✓ (3)

**[20]**





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Onderwerp 1

# Sakesiklusse en vooruitskatting

**Sakesiklusse** verwys na skommelinge in ekonomiese aktiwiteit of produksie oor 'n hele aantal maande of jare. Hierdie siklusse blyk asof hulle 'n langtermynneiging aandui, en behels tipies verskuiwings oor tyd tussen periodes van vinnige ekonomiese groei (uitbreiding) en periodes van stagnasie of afname (inkrimping).

**Vooruitskatting** hou verband met die ekonomiese aanwysers wat in die vooruitskatting van tendense in die sakesiklus gebruik word.

# Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| 2.<br>Sakesiklusse | **Ontleed en verduidelik sakesiklusse, toon aan hoe dit aangewend word in vooruitskatting.** | |
| | • **Die samestelling en kenmerke van sakesiklusse**<br>• Definisie<br>• Die aard van sakesiklusse<br>• Uitbeelding/diagram<br>• Die reële (werklike) sakesiklus | • ’n Diepgaande bespreking word vereis<br>• Definieer die begrip<br>• Verduidelik die aard van sakesiklusse<br>• Teken/illustreer ’n tipiese sakesiklus<br>• Gebruik ’n diagram en bespreek die verskillende fases van ’n sakesiklus<br>• Slegs ’n breë oorsig van die reële sakesiklus is nodig |
| | • **Benaderings**<br>– **Eksogene benadering**<br>– **Endogene benadering**<br>– **Soorte sakesiklusse** | • Bespreek die Eksogene benadering<br>• Bespreek die Endogene benadering<br>• Slegs ’n breë oorsig van die soorte sakesiklusse is nodig<br><br>**H.O.T VRAAG: Vergelyk die eksogene en endogene sakesiklusbenaderings** |
| | • **Owerheidsbeleid**<br>– **Monetêre beleid (uitbreidende en inkrimpende beleide)**<br>– **Fiskale beleid (progressiewe en regressiewe beleide)**<br>– **Kombinasie van monetêre en fiskale beleid** | • Verduidelik die monetêre en fiskale beleide wat die staat kan gebruik om sakesiklusse glad te stryk<br><br>**H.O.T VRAAG: Verduidelik hoe monetêre en fiskale beleid gebruik kan word om ekonomiese aktiwiteit gedurende ’n resessie te stimuleer** |
| | • **Die nuwe ekonomiese paradigma (gladstryking/effening van)**<br>– **Definisie**<br>– **Vraagkantbeleid**<br>  – Inflasie en Werkloosheid<br>– **Aanbodkantbeleid**<br>  – Kostevermindering<br>  – Verbetering van inset-doeltreffendheid<br>  – Verbetering van mark-doeltreffendheid | • Definieer “Die nuwe ekonomiese paradigma”<br>• Verduidelik die betekenis van “Die gladstryking van siklusse”<br>• Bespreek vraagkant- en aanbodkantbeleide met behulp van grafieke<br><br>**H.O.T VRAAG: Verduidelik hoe vraagkant- en aanbodkantbeleide aangewend kan word om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer met gladstryking van siklusse** |
| | • **Kenmerke onderliggend aan vooruitskatting met betrekking tot sakesiklusse**<br>– **Ekonomiese aanwysers**<br>  – Leidende<br>  – Samevallende<br>  – Sloerende<br>  – Saamgestelde<br>– **Lengte van ’n siklus**<br>– **Amplitude**<br>– **Tendenslyn**<br>– **Ekstrapolasie**<br>– **Bewegende gemiddeldes** | • Verduidelik die relevante begrippe<br>• Bespreek in besonderhede die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting<br>• Gebruik ’n diagram en bespreek die sikluslengte, amplitude en tendenslyn as kenmerke onderliggend aan vooruitskatting<br><br>**H.O.T VRAAG: Gebruik ’n gegewe reële sakesiklusdiagram en verduidelik hoe dit kan dien as ’n vooruitskatting-model** |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 2.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die belangrike ekonomiese begrippe wat in hierdie studiegids gebruik word, te verstaan.

| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Depressie** | Ekonomiese aktiwiteit is op sy laagste; resessie vererger |
| **Ekonomiese aanwyser** | Gebruik om die tendense in die ekonomie te meet, bv. BBP |
| **Phillips-kurwe** | Illustreer die verwantskap tussen werkloosheid en inflasie |
| **Piek** | Punt waar die ekonomiese uitbreiding op sy hoogste is |
| **Resessie** | ’n Negatiewe ekonomiese groei vir ten minste twee opeenvolgende kwartale |
| **Sakesiklus** | Opeenvolgende periodes van groei en afname in ekonomiese aktiwiteite |
| **Trog** | Punt waar die ekonomiese inkrimping op sy laagste is |




# 2.2 Die samestelling en kenmerke van sakesiklusse


## 2.2.1 Aard van sakesiklusse

- Veranderinge in ekonomiese aktiwiteit is herhalend, maar nooit presies dieselfde of van dieselfde omvang nie.
- Verskillende omstandighede en verwagtings noop verbruikers en vervaardigers om verskillend te reageer op inwerkende kragte.
- Die duur en amplitude (reikwydte) van elke sakesiklus verskil.
- Sakesiklusse word gekenmerk deur die volgende:
  - Twee periodes, naamlik inkrimping en uitbreiding;
  - Twee draaipunte, naamlik ’n trog en ’n piek;
  - Vier fases, naamlik herstel, voorspoed, resessie en depressie.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 2.2.2 Demonstrasie/diagram van 'n sakesiklus

Figuur 2.1 hieronder toon ekonomiese aktiwiteit oor 'n verlengde tydperk soos die ekonomie beweeg tussen periodes van uitbreiding en periodes van inkrimping.




*Figuur 2.1 Sakesiklus*

Soos aangedui in Figuur 2.1, toon ekonomiese aktiwiteit duidelike periodes van inkrimping (**resessie**/**depressie**) en periodes van uitbreiding (**herstel**/ **voorspoed**) in die ekonomie.


- Ekonomiese aktiwiteit word aangedui deur die opwaartse en afwaartse bewegings van die kurwe.
- 'n Periode waar daar 'n algemene toename in ekonomiese aktiwiteit is, staan bekend as 'n **opswaai**.
- 'n Periode van algemene afname in ekonomiese aktiwiteit staan bekend as 'n **afswaai.**
- Die sakesiklus skommel tussen die hoogste (**piek**) en laagste (**trog**) draaipunte op die tendenslyn.
- Die lengte van die sakesiklus word gemeet van **piek tot piek** of van **trog tot trog**.
- Die totale periode van **piek tot trog** staan bekend as die **afswaai**.
- Die totale periode van **trog tot piek** staan bekend as die **opswaai.**
- Die periode onmiddellik voor en tydens die boonste draaipunt van die siklus staan bekend as die **oplewing**.
- Die periode onmiddellik voor en tydens die onderste **draaipunt** staan bekend as die **terugsakking**.
- Die **tendenslyn** is die langtermyn gemiddelde posisie of patroon.

## 2.2.3 Reële (werklike) sakesiklus

- 'n Werklike sakesiklus word verkry wanneer die uitwerking van ongereelde gebeure, seisoene en langtermyngroeitendense uit die tydreeksdata verwyder word.
- Figuur 2.2 toon die reële BBP van Suid-Afrika oor 'n 12-jaar tydperk uitgebeeld met 'n soogtand diagram.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

- Die **lengte** of duur van die siklus word gemeet van trog tot trog, of piek tot piek.
- Die afstand van die trôe en pieke vanaf die tendenslyn, word die **amplitude** genoem en dit dui die erns van sikliese fluktuasies aan.




*Figuur 2.2 Reële BBP van Suid-Afrika oor 'n 12-jaar tydperk*

- Die persentasie-puntverskil van opvolgende pieke en trôe kan bereken word, bv. a + b (3 + 5 = 8) in vergelyking met b + c (5 + 1.5 = 6.5).




# 2.3 Verduideliking

Daar is verskeie teorieë oor die oorsake van sakesiklusse. Twee daarvan is die **monetaristiese benadering** en die **Keynesiaanse benadering**. Die staat gebruik monetêre instrumente soos rentekoerse om hierdie sakesiklusse te bemiddel.


## 2.3.1 Die eksogene verduideliking

**Eksogene** veranderlikes is daardie onafhanklike faktore wat sakesiklusse kan beïnvloed en dit ontstaan buite die ekonomie. Sommige ekonome glo dat sakesiklusse veroorsaak word deur eksogene faktore soos dié wat hieronder bespreek word:

- Die monetariste glo markte is inherent stabiel en disekwilibrium word veroorsaak deur verkeerde beleidsgebruik, bv. monetêre beleid.
- Weertoestande en markskokke veroorsaak opswaaie en afswaaie.
- Regerings behoort nie in die mark in te meng nie.
- Sonvlekteorie wat gegrond is op die oortuiging dat verhoogde sonstraling veranderinge in weertoestande veroorsaak.
- Tegnologiese veranderings.



**Figuur 2.3** is gebaseer op die siening dat ekonomieë gewoonlik stabiel is. Dit word deur die dik tendenslyn geïllustreer wat die normale vooruitgang van 'n groeiende ekonomie verteenwoordig. Bewegings weg van die tendenslyn word deur monetaristiese faktore veroorsaak, bv. onvanpaste monetêre beleid.





*Figuur 2.3 Monetaristiese benadering*

## 2.3.2 Die endogene verduideliking

**Endogene** veranderlikes is afhanklike veranderlikes. Dit volg die oortuiging dat ekonomiese groei primêr die gevolg van endogene (interne) en nie eksterne kragte is nie.

- Dit word dikwels die Keynesiaanse siening genoem.
- Die Keynesiaanse benadering handhaaf die siening dat markte inherent onstabiel is en daarom word ingryping van die regering vereis.
- Die prysmeganisme ontbreek om vraag en aanbod in markte te koördineer en dit gee aanleiding tot opswaaie en afswaaie.
- Pryse is nie buigsaam genoeg nie (bv. lone).
- 'n Sakesiklus is 'n inherente kenmerk van 'n markekonomie.
- Indirekte verbintenisse of wanverhoudings tussen vraag en aanbod is normale kenmerke van die ekonomie.

**Figuur 2.4** help om die Keynesiaanse siening van die sakesiklus te illustreer. Die dik lyn dui die endogene aard van die sakesiklus aan, terwyl die dunner tendenslyn aantoon dat die ekonomie inherent onstabiel is. Die argument is dat sakesiklusse 'n natuurlike komponent van markekonomieë is en daarom belangrike uitwerkings op die algehele vertoning van 'n ekonomie kan hê.




*Figuur 2.4 Keynesiaanse benadering*


© Departement van Basiese Onderwys 2014

### 2.3.3 Soorte

Die sakesiklus is een soort siklus wat in markekonomieë voorkom. Ander, minder opmerklike, soorte kom minder dikwels voor:

- **Kitchen-siklusse:** duur van 3 tot 5 jaar en word veroorsaak deur aanpassing van voorraadvlakke in besighede.
- **Jugler-siklusse:** duur van 7 tot 11 jaar en word veroorsaak deur veranderinge in netto investerings deur die staat en besighede.
- **Kuznets-siklusse:** duur van 15 tot 20 jaar en word veroorsaak deur aktiwiteitveranderinge in die bou- en konstruksie nywerhede.
- **Kondratieff-siklusse:** duur langer as 50 jaar en word veroorsaak deur tegnologiese innoverings, oorloë en nuwe hulpbronontdekkings, bv. goud.

## 2.4 Owerheidsbeleid

Die staat beskik oor monetêre en fiskale instrumente om sakesiklusse te stabiliseer, ook genoem "fyn verstelling" van die ekonomie.

### 2.4.1 Beleidsinstrumente

**MONETÊRE BELEID** – kan omskryf word as beleide wat toegepas word deur die monetêre owerheid (SARB-MBK) om die geldvoorraad in sirkulasie sowel as die rentekoerse te beïnvloed met die doelwit om pryse te stabiliseer, en totale indiensneming en groter ekonomiese groei te bewerkstellig.

Die omvang van die M3-geldvoorraad is 'n belangrike bepaler van die koopkrag/geldwaarde. Die volgende TWEE teorieë verduidelik veranderinge in die hoeveelheid geld en die impak daarvan op die ekonomie:

- Die **kwantiteitsteorie van geld** toon hoe 'n toename in die geldvoorraad kan lei tot 'n toename in die inflasiekoers en 'n afname in geld se koopkrag. Kwantiteitsteorie-vergelyking:

  $$MV = PT$$

  Waar: M = Totale geldvoorraad

  V = Beweeglikheid van geld

  P = Pryse van goedere en dienste

  T = Hoeveelheid goedere en dienste

  Wanneer die geldvoorraad (M) toeneem, verhoog die pryse (P) en omdat produksie (T) nie onmiddellik kan toeneem nie, lei dit tot INFLASIE, met die aanname dat beweeglikheid (V) konstant bly.
- Die tweede teorie verbind die verandering in deposito's met die kontantreserwevereiste. Indien die aantal nuwe deposito's toeneem, kom die kredietvermenigvuldiger in werking:

  $$Tm = \Delta D \times 1/rd$$

  Waar: Tm = Totale geldvoorraad aan die einde van die proses

  ΔD = Die aanvanklike invloei van nuwe geld/nuwe deposito's by banke

  Rd = Minimum kontantreserwe wat banke hou.


© Departement van Basiese Onderwys 2014




Dit is duidelik dat 'n relatiewe klein deposito van R1 000 en 'n relatiewe klein kontantreserwevereiste van 5% (0,05) kan lei tot 'n relatiewe groot toename in die totale geldvoorraad.

Tm = 1 000 × 1/0,05 = 1 000 × 20 = R20 000

- Met die TWEE teorieë in gedagte, kan die sentrale bank van die baie monetêre en verwante fiskale instrumente tot sy beskikking afsonderlik of gesamentlik gebruik op 'n selektiewe of diskresionêre wyse:

1. **Ope mark transaksies**
   Die SARB kan geldvoorsiening verminder/vermeerder deur staatseffekte op die ope mark te koop/verkoop.
2. **Rentekoerse**
   As banke 'n algemene tekort aan fondse in die geldmark ondervind, kan hulle deur die SARB geakkommodeer word waar hulle toegelaat word om geld van die Repo-sisteem (Repurchase tender system) te leen teen 'n koers wat as die Repo-koers bekend is. Deur hierdie koers te verhoog, word geld duurder vir die kommersiële banke, wat dit weer van hulle kliënte verhaal deur rentekoerse op lenings te verhoog. Lenings word duurder vir die verbruiker en dus sal die vraag na geld afneem.
3. **Kontantreserwevereistes**
   Die SARB word deur die Bankwet bemagtig om van tyd tot tyd die minimum kontantsaldo's wat die banke moet hou aan te pas ten einde die geldskeppingsaktiwiteite van die banke te manipuleer. Sien die geldvermenigvuldiger-vergelyking. Verander die 5% na 10% en die uitwerking daarvan op die skepping van krediet/geld in die ekonomie is duidelik.

**FISKALE BELEID** – Fiskale beleid is die proses waardeur belasting en owerheidsbesteding beïnvloed word ten einde die bewegings van die sakesiklus te effen/gladstryk/uitstryk. Fiskale beleid is 'n kragtige instrument van die regering om siklusse gelyk te maak/plat te stryk/te versag om te voorkom dat pieke eindig in hoë inflasie of trôe te hoë werkloosheidsvlakke meebring.

> Terwyl die monetêre beleid op bestuur van die totale geldvoorraad fokus, probeer die fiskale beleid om die ekonomie te stimuleer of in te krimp deur totale verbruiksbesteding te verhoog of te verlaag.
>
> Fiskale beleid is gebaseer op die vermenigvuldigereffek, waar 'n relatiewe klein verandering in besteding lei tot 'n groot verandering in inkome (BBP).

Die oorspronklike ewewigtoestand:
Aanvaar dat alle ekonomiese aktiwiteite stabiel is en alle markte in ewewig is. Neem aan dat die volgende ongewenste toestande/probleme kop uitsteek:

1. **Totale vraag is klein en werkloosheid is hoog.**
   Die staat kan totale vraag verhoog deur besteding te vermeerder. Die vermenigvuldiger tree in werking. Die staat het DRIE opsies:
   - **Verhoog staatsbesteding** (G) met geleende geld (Begrotingstekort). Die totale besteding verhoog en so ook vraag. Die ekonomie word gestimuleer en indiensneming sal waarskynlik verhoog.
   - **Verminder belastingkoerse.** Verbruikers en ondernemings het 'n groter gedeelte van hulle inkomste beskikbaar om aan goedere


© Departement van Basiese Onderwys 2014


en dienste te bestee. Die totale besteding verhoog. Die ekonomie word gestimuleer en indiensneming sal waarskynlik verhoog.

- **Verhoog staatsbesteding en verminder tegelykertyd belastingkoerse.** Dit sal 'n dubbel-sterkte uitwerking hê. Staatsbesteding verhoog en verbruikers en ondernemings het ook meer om te bestee. Vraag neem substansieel toe. Indiensneming verhoog.

**2. Totale vraag is te hoog en lei tot vraagtrekinflasie.**

Die staat kan besteding verminder, totale vraag verminder, die vermenigvuldiger tree negatief in werking en totale besteding neem af. Om dit te bereik, het die staat DRIE opsies:

- **Besnoei staatsbesteding (G).** Die onbestede geld word bewaar. Totale besteding is minder en vraag neem af. Inflasiekoers sal waarskynlik verlaag.
- **Verhoog belastingkoerse (T).** Werkers betaal meer belasting en dit sal daartoe lei dat verbruikers minder inkomste het om te bestee en die vraag sal daal. Inflasiekoers sal waarskynlik daal.
- **Verminder staatsbesteding (G) en verhoog tegelykertyd belastingkoerse (T).** Dit sal 'n dubbele uitwerking hê. Staatsbesteding neem af en verbruikers en ondernemings het ook minder besteebare inkomste. Vraag daal substansieel. Inflasiekoers neem af.




'N KOMBINASIE VAN MONETÊRE EN FISKALE BELEID:

Die kragtigste uitwerking word verkry wanneer die staat sy beleide in kombinasie met mekaar aanwend om totale vraag te manipuleer.

**1. Wanneer vraag te hoog is, kan beleide soos volg gekombineer word:**

**Monetêre beleid:**

SARB kan rentekoerse en die kontantreserwevereistes by banke verhoog.

**plus**

**Fiskale beleid:**

Verminder staatsbesteding en verhoog belasting – begroot vir 'n oorskot.

| |
|---|
| As dit gelyktydig gedoen word, tree 'n negatiewe geldvermenigvuldiger en 'n negatiewe inkomevermenigvuldiger in werking, wat die doeltreffendheid van die maatreëls verdubbel. |

**2. As die totale vraag te laag is, kan die beleide soos volg gekombineer word:**

**Monetêre beleid:**

SARB verlaag rentekoerse sowel as die kontantreserwevereiste by banke.

**plus**

**Fiskale beleid:**

Die staat verlaag belastingkoerse en verhoog besteding deur vir 'n tekort te begroot.

| |
|---|
| 'n Kombinasie van die bogemelde beleide sal lei tot 'n positiewe geldvermenigvuldiger, en 'n positiewe inkomstevermenigvuldiger aktiveer wat die doeltreffendheid van die maatreëls verdubbel. |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | |
|---|---|
| • **R**entekoerse | **R**ats |
| • **K**ontantreserwevereistes | **K**an |
| • **O**pemarktransaksies | **O**lifante |
| • **M**orele oorreding | **M**eestal |
| • **W**isselkoersbeleid | **W**als |



# 2.5 Die nuwe ekonomiese paradigma

Die "nuwe ekonomiese paradigma" ontmoedig beleidvormers om monetêre en fiskale beleide te gebruik om fyn verstellings in die ekonomie aan te bring en moedig eerder bereiking van stabiliteit aan deur deurdagte, langtermyn beleidsbesluite wat met vraag en aanbod in die ekonomie verband hou.

## 2.5.1 Vraagkantbeleide

Vraagkantbeleide fokus op totale vraag in die ekonomie. Wanneer huishoudings, besighede en die regering meer bestee, verhoog die vraag in die ekonomie. Dit bring ekonomiese groei mee, maar dit kan tot inflasie lei.

- **Inflasie**:
  - Die totale vraag verhoog vinniger as die totale aanbod en dit veroorstaak dat pryse styg.
  - As die aanbod nie reageer op 'n toename in vraag nie, sal pryse styg.
  - Dit lei tot inflasie ('n volgehoue en aansienlike verhoging in die algemene prysvlak).
- **Werkloosheid**:
  - Vraagkantbeleide is effektief om ekonomiese groei te stimuleer.
  - Die vraag na arbeid sal styg danksy ekonomiese groei, en tot laer werkloosheid lei.
  - 'n Afname in werkloosheid lei tot 'n toename in inflasie. Hierdie verwantskap tussen werkloosheid en inflasie word deur die Phillips-kurwe geïllustreer.

## 2.5.2 Aanbodkantbeleide

Aanbodkantbeleide behels:

- **Vermindering van produksiekoste**
  - Infrastruktuurdienste
  - Administratiewe koste
  - Kontantaansporings
- **Verbetering van die doeltreffendheid van insette**
  - Belastingkoerse
  - Kapitaalverbruik
  - Mensehulpbronontwikkeling
  - Gratis adviesdienste
- **Verbetering van die doeltreffendheid van markte**
  - Deregulering
  - Kompetisie
  - Gelykmaak van die speelveld

# 2.6 Kenmerke wat in die vooruitskatting van sakesiklusse gebruik word

Daar is baie ekonomiese aanwysers wat gebruik kan word in die vooruitskatting van sakesiklusse. Kom ons kyk na 'n paar van hierdie aanwysers.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 2.6.1 Leidende aanwysers

- Leidende aanwysers gee verbruikers, ondernemings en die staat 'n vlugtige blik van die rigting waarin die ekonomie mag beweeg.
- Wanneer hierdie aanwysers verbeter, sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite 'n paar maande later ook verbeter.
- Voorbeelde van leidende aanwysers is advertensieruimte vir werksgeleenthede; voorraadhouding; en verkope.

## 2.6.2 Samevallende aanwysers

- Samevallende aanwysers beweeg saam met die ekonomie in tyd.
- Hulle dui die werklike toestand van die ekonomie aan.
- Voorbeelde van hierdie aanwysers is die waarde van kleinhandelverkope en die reële BBP.

## 2.6.3 Sloerende aanwysers

- Sloerende aanwysers sal nie van rigting verander tot nadat die sakesiklus van rigting verander het nie.
- Voorbeelde van hierdie aanwysers is ure gewerk in konstruksie en totale aantal kommersiële voertuie verkoop.

## 2.6.4 Saamgestelde aanwysers

- Dit is 'n groepering van verskeie aanwysers van dieselfde soort tot 'n enkele waarde.
- Die enkelsyfer verteenwoordig die norm van 'n land se ekonomiese prestasie.

## 2.6.5 Tendens

- Die tendens is die algemene rigting waarin die ekonomie beweeg.
- Die tendenslyn wat stelselmatig styg, toon 'n positiewe helling oor die langtermyn. Hierdie stygende lyn dui op 'n groeiende ekonomie.

## 2.6.6 Lengte

- Lengte word gemeet van piek tot piek of van trog tot trog.
- Langer siklusse toon krag en korter siklusse toon swakheid met betrekking tot ekonomiese aktiwiteite.

## 2.6.7 Amplitude

- Amplitude meet die afstand van ossillasie van 'n verandelike vanaf die tendenslyn.
- Hoe groter die amplitude, hoe meer drasties is die veranderinge wat voorkom.

## 2.6.8 Ekstrapolasie

- Ekstrapolasie beteken dat die onbekende uit bekende feite beraam word. Byvoorbeeld, ekstrapolasie van bekende feite word gebruik om toekomstige aandelepryse te voorspel.

## 2.6.9 Bewegende gemiddeldes

- Bewegende gemiddeldes word gebruik om die veranderinge in 'n data-reeks oor 'n tydperk te ontleed.

© Departement van Basiese Onderwys 2014





Leidende aanwysers wys ons waarheen ons gaan
Sloerende aanwysers verander nie rigting nie
Samevallende aanwysers beweeg saam-saam

Wat is die tendens? Wys my die rigting
Wat is die lengte? Swak of sterk vandag

Draai die amplitude op om die verskil te sien
Ekstrapolasie is hoe ek my voorspellings maak

## Aktiwiteit 1

Bestudeer Figuur 2.5 hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




*Figuur 2.5 Sakesiklusse*

1. Omskryf die term "sakesiklus". (3)
2. Dui aan watter aanwyser voorgestel word deur T. (2)
3. Wat word gemeet deur die horisontale as? (2)
4. By watter punt het die ekonomie 'n piek en 'n trog bereik? (4)
5. Identifiseer die vier fases waarin die sakesiklus in die figuur hierbo verdeel is. (8)
6. Hoe word die lengte in die bostaande sakesiklus gemeet? (2)
7. Verduidelik hoe sloerende en samevallende aanwysers in die vooruitskatting van sakesiklusse gebruik word. (2 × 4) (8)

**[29]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 1

1. Opeenvolgende periodes van groei en afname in ekonomiese aktiwiteite ✓✓✓ (3)
2. Tendenslyn ✓✓ (2)
3. Tyd ✓✓ (2)
4. Piek – C ✓✓
   Trog – E ✓✓ (4)


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Antwoorde op Aktiwiteit 1 (vervolg)

**5.** BC – Voorspoed ✓✓
CD – Resessie ✓✓
DE – Depressie ✓✓
EF – Herstel ✓✓ (8)

**6.** Van C tot G ✓✓ of E tot I ✓✓ (2)

**7.** **Sloerende aanwysers**:
Hulle verander nie van rigting tot nadat die sakesiklus van rigting verander het nie. ✓✓
Bv. ure gewerk in konstruksie; totale aantal kommersiële voertuie verkoop ✓✓
**Samevallende aanwysers:**
Hulle beweeg tegelykertyd soos die ekonomie beweeg ✓✓
Hulle dui die werklike toestand van die ekonomie aan ✓✓
Bv. die waarde van kleinhandelverkope; reële BBP (8)

**[29]**

## Aktiwiteit 2

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




*Bron: Mail & Guardian, 2010*

**1.** Wat is die onderliggende boodskap van die spotprent? (2)
**2.** Waarom, dink jy, sal werkloosheid nie tot 'n ekonomiese herlewing lei nie? (2)
**3.** Na watter vooruitskatting verwys werkloosheid? (2)
**4.** Hoe sal jy die herstelfase van 'n tipiese sakesiklus beskryf? (2)

**[8]**

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Antwoorde op Aktiwiteit 2

1. Dit illustreer die sakesiklus wat sukkel om te herstel as gevolg van die las van werkloosheid. ✓✓ (2)
2. As gevolg van die hoë persentasie werklose mense in Suid-Afrika ✓✓ (2)
3. Samevallend ✓✓ (2)
4. Ekonomiese aktiwiteite begin toeneem ✓✓ OF
   Uitvoere sal begin toeneem, wat lei tot ’n styging in produksie ✓✓ (2)

**[8]**

## Aktiwiteit 3

Bespreek die monetaristiese benadering as ’n oorsaak van sakesiklusse. **[8]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 3

- Eksogene benadering. ✓✓
- Glo markte is inherent stabiel. ✓✓
- Afwykings vanaf die ewewigs-toestand word veroorsaak deur faktore buite die markstelsel. ✓
- Markkragte (vraag en aanbod) skop in en bring die ekonomie terug na sy natuurlike ewewigstand. ✓✓
- Hierdie ingryping vorm nie deel van die normale kragte wat in die mark funksioneer nie. ✓✓
- Regerings behoort nie in die markte in te meng nie. ✓✓
- ’n Belangrike oorsaak van ekonomiese skommelinge is onvanpaste regeringsbeleide, ✓ ongewenste toename en afname in die geldaanbod. ✓

(maks. 4 punte vir voorbeelde) **[8]**

## Aktiwiteit 4

Bespreek die tendenslyn in die vooruitskatting van sakesiklusse. **[8]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 4

- Die tendenslyn verteenwoordig die gemiddelde posisie van ’n siklus. ✓✓
- Dit dui die algemene rigting aan waarin die ekonomie beweeg. ✓✓
- ’n Opwaartse neiging dui daarop dat die ekonomie groei. ✓✓
- Die tendenslyn het gewoonlik ’n positiewe helling omdat die produksiekapasiteit oor tyd styg. ✓✓
- Die tendenslyn kan diagrammaties voorgestel word (sien Figuur 2.1 op bladsy 26 as ’n voorbeeld). ✓✓
- Aanvaar enige ander relevante feite. ✓✓ (Enige 4 × 2)

**[8]**





© Departement van Basiese Onderwys 2014

Onderwerp 3

# Die rol van die openbare sektor

Die **openbare sektor**, ook bekend as die **staat** of **regering**, is verantwoordelik vir die voorsiening van sekere goedere en dienste aan landsburgers.Dit bepaal ook die beleid rakende hierdie goedere en dienste op nasionale, streeks- en plaaslike vlakke. Die openbare sektor is ook betrokke by die lewering van maatskaplike sekuriteit, openbare fasiliteite en polisiëring.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| **3.**<br>**Openbare sektor** | **Evalueer die openbare sektor se rol in die ekonomie met spesiale verwysing na sosio-ekonomiese verantwoordelikheid in die Suid-Afrikaanse konteks.**<br><br>• **Die samestelling en noodsaaklikheid van die openbare sektor**<br>– **Samestelling**<br>– **Noodsaaklikheid**<br>– Voorsiening van openbare goedere<br>– Bewaring van hulpbronne<br>– Bestuur van die ekonomie<br><br>• **Probleme van openbare sektor-voorsiening**<br>– **Aanspreeklikheid**<br>– **Doeltreffendheid**<br>– **Assessering van behoeftes**<br>– **Prysbeleid**<br>– **Parastatale**<br>– **Privatisering/Nasionalisering**<br><br>• **Openbare sektor se doelwitte en begrotings**<br>– **Doelwitte**<br>– Ekonomiese groei<br>– Volle indiensneming<br>– Wisselkoersstabiliteit<br>– Prysstabiliteit<br>– Ekonomiese gelykheid<br>– **Begrotings**<br>– Mediumtermyn Bestedingsraamwerk (MTBR en MTBBV)<br>– Die nasionale (hoof), provinsiale en munisipale begrotings<br><br>• **Fiskale beleid (Laffer-kurwe ingesluit)**<br>– **Kenmerke van fiskale beleid**<br>– Doelwitgebonde<br>– Vraaggebaseer<br>– Siklies<br>– **Samestelling van fiskale beleid**<br>– Staatsbesteding<br>– Belasting<br>– Lenings (Staatskuld) | • Besktyf kortliks die samestelling van die openbare sektor<br><br>**H.O.T VRAAG: Illustreer die samestelling van die openbare sektor met 'n diagram**<br><br>• Bespreek kortliks die noodsaaklikheid van die openbare sektor<br><br>**H.O.T VRAAG: Assesseer die doeltreffendheid van die openbare sektor ten opsigte van voorsiening van openbare goedere**<br><br>• Bespreek in besonderhede die probleme van die openbaresektor-voorsiening (dui duidelik aan waarom elke faktor bydra tot swak openbaresektorvoorsiening)<br>• Bespreek in besonderhede die hoofdoelwitte van die openbare sektor in die ekonomie<br>• Verskaf 'n breë oorsig van die onderskeie begrotings<br>• Evalueer elke begroting binne die Suid-Afrikaanse konteks<br>• Ontleed begrotingsdata<br><br>**H.O.T VRAAG: Identifiseer en verduidelik hoe maatskaplike regte in die begrotings van die Suid-Afrikaanse regering vasgelê is**<br><br>• Bespreek kortliks die eienskappe van fiskale beleid<br>• Stel vyf hoofdoelwitte van fiskale beleid voor<br>• Bespreek kortliks die samestelling van fiskale beleid |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | – **Uitwerkings van fiskale beleid**<br>– Inkomeverdeling<br>– Verbruik<br>– Prysvlak<br>– Aansporings/Ontmoedigings:<br>– Die Laffer-kurwe<br>– Diskresie | • Bespreek in besonderhede die uitwerkings van fiskale beleid<br>• Ontleed/evalueer die uitwerkings binne 'n Suid-Afrikaanse konteks<br>• Teken en interpreteer die Laffer-kurwe |
| | • **Redes vir openbaresektor-mislukking**<br>– **Kenmerke/eienskappe**<br>– Ondoeltreffend<br>– Onbekwaamheid | • Bespreek kortliks die eienskappe van openbaresektor-mislukking |
| | – **Redes vir openbaresektor-mislukking**<br>– **Bestuursmislukking**<br>– Onverskilligheid<br>– Gebrek aan motivering<br>– Burokrasie<br>– Politici<br>– Strukturele swakhede<br>– Spesiale belangegroepe | • Bespreek die redes vir openbaresektor-mislukking in besonderhede<br>• Skryf 'n voorstel oor hoe die Suid-Afrikaanse regering openbaresektor-mislukking kan vermy |
| | – **Uitwerkings van openbaresektor-mislukking**<br>– Toewysing van hulpbronne<br>– Ekonomiese onstabiliteit<br>– Verdeling van inkome<br>– Maatskaplike onstabiliteit<br><br>Voeg in waar toepaslik: nasionale makro-ekonomiese beleid en dienslewering met betrekking tot sosio-ekonomiese regte, onderwys, gesondheid, die omgewing, bestaansekerheid, kinderregte, belasting en vergoeding vir menseregte vergrype. | • Gee 'n breë oorsig van die uitwerkings van openbaresektor-mislukking |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 3.1 Sleutelbegrippe




Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te verstaan.

| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **(Die) begroting** | 'n Dokument wat verwagte inkomste en beraamde besteding uiteensit |
| **Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)** | Indirekte belasting op goedere en dienste wat in die ekonomie verbruik word |
| **Burokraat** | 'n Amptenaar werksaam in 'n staatsdepartement |
| **Deregulering** | Opheffing van onnodige wetlike beperkinge |
| **Direkte belasting** | Belasting wat nie na die eindgebruiker afgeskuif word nie, bv. LBS |
| **Gemeenskapsgoedere** | Bv. polisiestasies. Almal kan dit gebruik, of hulle bereid is om daarvoor te betaal of nie |
| **Indirekte belasting** | Belastings gehef op die verkope van goedere en dienste |
| **Kollektiewe goedere** | Goedere wat aan die hele gemeenskap verskaf word Bv. parke en openbare geriewe. Mense wat nie wil betaal nie, kan uitgesluit word deur die heffing van fooie |
| **Mediumtermyn begrotingsbeleid-raamwerk (MTBBR)** | Die regering se beleidsverklaring opgestel vir 'n drie-jaar begroting |
| **Mediumtermyn bestedingsraamwerk (MTBR)** | Beraamde inkomste en besteding vir 'n drie-jaar tydperk |
| **Meriete goedere** | Goedere en dienste wat meer maatskaplike voordeel as privaat voordeel het, bv. gesondheidsdienste |
| **Monetêre beleidskomitee (van die Reserwebank) (MBK)** | Besluit oor die land se monetêre beleid |
| **Nasionalisering** | Oordrag van funksies en eienaarskap van die privaat sektor na die openbare sektor |
| **Nie-meriete goedere** | Skadelike goedere, bv. sigarette |
| **Openbare goedere en dienste** | Verskaf deur die staat vir gebruik deur al die landsburgers, bv. openbare biblioteke |
| **Plaaslike regering** | Hanteer plaaslike kwessies binne 'n dorp of munisipale gebied |
| **Regulering** | Plaas wette in plek om aktiwiteite te orden |
| **Sentrale nasionale regering** | Betrokke by nasionale kwessies, bv. veiligheid en sekuriteit |
| **Staatsbeheerde ondernemings** | Besighede wat in geheel of gedeeltelik deur die staat besit word, en wat deur 'n openbare owerheid bestuur word, bv. Eskom en SAA |
| **Streeksowerheid** | Hanteer ekonomiese en ander kwessies wat spesifiek in 'n streek/provinsie voorkom |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 3.2 Samestelling en noodsaaklikheid

## 3.2.1 Samestelling

- **Nasionale/sentrale regering**
  Betrokke by nasionale aangeleenthede, bv. gesondheid, verdediging, onderwys, en veiligheid en sekuriteit.
  Dit sluit ook nie-winsgewende organisasies in, bv SABS en WNNR.
- **Provinsiale/streeksowerheid**
  Betrokke by die administrasie van die nege provinsies en die ekonomiese kwessies wat eie is aan elke provinsie.
- **Plaaslike regering**
  Betrokke by plaaslike aangeleenthede van 'n dorp of munisipale gebied, bv, elektrisiteitsvoorsiening, biblioteke, verkeersbeheer en afvalverwydering.
- **Openbare korporasies**
  Staatsbeheerde ondernemings (SBO's) wat openbare goedere en dienste lewer, bv. Eskom, Transnet en SABS.

## 3.2.2 Noodsaaklikheid van die openbare sektor

- **Voorsien publieke goedere**
  Goedere en dienste wat deur die staat voorsien word vir gebruik deur al die gemeenskapslede. Drie groepe kan onderskei word:
  - *Gemeenskapsgoedere*
    Goedere wat in geheel verskaf word, of glad nie, bv. verdediging, polisiëring.
  - *Kollektiewe goedere*
    Verskil van gemeenskapsgoedere, omdat fooie, koste en belastings gehef kan word om parasiete uit te sluit, bv. strande, dreinering, parke.
  - *Meriete goedere*
    Goedere wat deur die staat voorsien word, omdat aanvaar word dat dit ondervoorsien sal word as voorsiening oorgelaat word aan markkragte.
  - Bv. onderwys, gesondheidsorg, navorsing.

- **Hulpbronbewaring**
  - Die staat moet ingryp om die omgewing te beskerm. As die omgewing blootgestel word aan onsensitiewe en selfs onverskillige benutting, kan dit beskadig word.
  - Bv. die see vir visvang, die lug wat ons inasem, natuurtonele.

- **Bestuur van die ekonomie**
  - Verseker eerstens 'n maatskaplike en wetlike omgewing.
  - Toepaslike en geloofbare ekonomiese en ander beleide word aangewend.
  - Bevorder beleide wat gelyke geleenthede vir alle gemeenskapslede verseker.
  - Beperk anti-mededingende gedrag.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 3.3 Probleme van openbaresektor-voorsiening

Leer hierdie ses probleme van **openbaresektor-voorsiening**:




| | |
|---|---|
| **A**anspreeklikheid | **A**rrie |
| **D**oeltreffendheid | **D**ie |
| **A**ssesseer behoeftes | **A**pie |
| **P**rysbeleid | **P**luk |
| **P**arastatale | **P**ragtige |
| **P**rivatisering | **P**iesangs |

## 3.3.1 Aanspreeklikheid

- Daar word van die **regering** verwag om beleid daar te stel en te implementeer. Aanspreeklikheid word gesteun deur ministeriële verantwoordelikhede, parlementêre vraagstelling, skatkisbeheer en die ouditeur-generaal.
- **Staatsamptenare** moet rekenskap kan gee van hul besluite en optrede.
- Die **publiek** hou die regering aanspreeklik vir die doeltreffende lewering van dienste en die implementering van beleide.

## 3.3.2 Doeltreffendheid

- **Doeltreffende voorsiening**: Staatsamptenare verskaf goedere en dienste stiptelik en in die regte hoeveelheid en kwaliteit aan die publiek.
- **Ondoeltreffende voorsiening**: Staatsamptenare misluk in die lewering van dienste aan die publiek, as gevolg van burokrasie, onbevoegdheid en korrupsie.

## 3.3.3 Assesseer behoeftes

- Die **regering verskaf** goedere en dienste volgens die behoeftes van die mense. Dit is moeilik om hierdie behoeftes te assesseer.
- **Markkragte** bepaal die prys van goedere en dienste in die privaatsektor.
- **Staatsondernemings** is nie onderworpe aan die kragte van vraag en aanbod nie.

## 3.3.4 Prysbeleid

- **Gratis dienste**: Sekere dienste word vrygestel van belasting, bv. openbare gesondheidsdienste. (Belastinginkomste word gebruik om hierdie koste te dek.)
- **Gebruikerstariewe**: Dit is vir die regering moeilik om die korrekte pryse vas te stel.
- **Betaalde dienste**: Mense betaal vir dienste, bv. TV-lisensies.
- **Gesubsidieerde produkte**: Die publiek betaal minder vir goedere wat deur die regering gesubsidieer (betaal gedeeltelik vir die koste) word, bv. die prys van brood word deur die staat gesubsidieer.

## 3.3.5 Parastatale

- **Staatsbeheerde ondernemings** (SBOs) word geskep as gevolg van nasionalisering.
- **Dienslewering**: SBOs ondersteun dienslewering, bv. Eskom, SABC en Transnet. Kan lei tot monopolieë, hoë pryse en ondeltreffendheid.
- **Infrastruktuurverskaffing**: SBO's verskaf noodsaaklike infrastruktuur, veral waar daar onvoldoende fondse in die privaatsektor bestaan, bv. vir die paaienetwerk.
- **Beperkte aanspreeklikheid**: SBO's het beperkte aanspreeklikheid in Suid-Afrika omdat hulle finansieel deur die regering ondersteun word.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

### 3.3.6 Privatisering/Nasionalisering

- **Privatisering** verwys na die **oordrag van funksies en eienaarskap** van die openbare na die privaatsektor.
- Die doel van privatisering is om die relatiewe grootte van die openbare sektor te verklein.
- **Voordele van privatisering**:
  - Privatisering stimuleer groei en verbeter die totale doeltreffendheid en prestasie van die ekonomie.
  - Privatisering verskaf addisionele fondse aan die regering.
  - Privatisering lok buitelandse beleggings.
- **Nasionalisering is die teenoorgestelde van privatisering.**
  - Dit is die proses waardeur die staat beheer en eienaarskap oorneem van bates en ondernemings in privaatbesit.
  - Argumente word aangevoer dat staatsbeheerde ondernemings, bv. Eskom, geprivatiseer moet word.

## 3.4 Doelwitte van die openbare sektor en sy begrotings

### 3.4.1 Doelwitte

#### Ekonomiese groei

- Verwys na ’n toename in produksie van goedere en dienste.
- Gemeet in terme van Reële BBP.
- Ekonomiese groei vind plaas wanneer die ekonomiese groeikoers hoër is as die bevolkingsgroei.
- ’n Land se inwoners baat by groei en ontwikkeling omdat dit meermale tot ’n hoër lewenstandaard lei.

#### Volle indiensneming

- Dit is wanneer almal wat wil werk en werk soek, die geleentheid moet hê om te kan werk.
- Hoë indiensnemingvlakke is die belangrikste ekonomiese doelwit van die staat.
- Die werkloosheidkoers het oor die afgelope paar jaar gestyg.
- Informele sektor-aktiwiteite moet aangemoedig word omdat dit ’n sektor is waar indiensneming toeneem.
- Die GEAR-strategie is geïmplementeer om ’n positiewe klimaat te skep wat bevorderlik is vir werkskepping deur die privaatsektor.

#### Wisselkoersstabiliteit

- Doeltreffende Monetêre en Fiskale beleide moet in werking wees om die wisselkoers relatief stabiel te hou .
- Daling en styging in die waarde van die geldeenheid lei tot onsekerheid vir vervaardigers en handelaars, en moet beperk word.
- Die SARB het die wisselkoers van ’n beheerde swewing na ’n Vryswewing-wisselkoers omgeskakel.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

### Prysstabiliteit

- Stabiele pryse bring beter resultate in terme van werkskepping en ekonomiese groei mee.
- Die staat se inflasieteiken is 3%–6% en die SARB slaag daarin om dit binne die mikpunt te hou.
- Rentekoerse, gebaseer op die Repo-koers, is die hoofinstrumente wat in die stabilisasiebeleid gebruik word.
- Die stabiele begrotingstekort het ook 'n stabiliserende uitwerking op die inflasiekoers.

### Ekonomiese regverdigheid

- Herverdeling van inkome en welvaart is essensieel.
- Suid-Afrika het 'n progressiewe inkomste belastingstelsel – winsbelasting, welvaartbelasting, belasting op kapitaalwins en belasting op besteding word gebruik om gratis dienste mee te finansier.
- Gratis maatskaplike dienste is basiese onderwys; primêre gesondheidsorg en finansiering van basiese ekonomiese dienste bv. kontantskenking aan die armes, bv. kindertoelae en kontantskenking aan mense wat kwesbaar is, bv. ongeskiktheidstoelae.
- Progressiewe belasting beteken dat die hoër inkomstegroepe 'n groter persentasie van hul inkomste as belasting betaal en die laer inkomstegroepe minder.

## 3.4.2. Begrotings

### Definisie

- Dit is 'n dokument wat verwagte inkomste en geprojekteerde besteding weerspieël.
- Die begroting is die belangrikste item op die ekonomiese kalender.
- Die Minister van Finansies lê die hoofbegroting in Februarie aan die parlement voor.
- Dit word deur die parlement goedgekeur, deur die President onderteken en word wetgewing.
- Die staat se finansiële jaar strek van 1 April tot 31 Maart.
- Inkomstebelasting is die staat se hoofinkomstebron.

### Verskillende tipes begrotings

- Mediumtermyn Bestedingsraamwerk (MTBR)
- Die Minister van Finansies voorsien dit in die laaste week van Oktober.
- Die Mediumtermyn Begroting Beleidsverklaring (MTBBV) – die Minister van Finansies lig die parlement in oor veranderinge wat sedert Februarie voorgekom het.
- Die Mediumtermyn Bestedingsraamwerk (MTBR) vereis dat die staat begrotings oor 'n **drie jaar termyn** opstel, wat lopende besteding en inkomstevooruitskattings bevat.
- Dit word opgestel met inagneming van ekonomiese en fiskale doelwitte, en vooruitsigte vir die ekonomie.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

### Die hoof- (nasionale) begroting

- Dit is die verklaring van die staat se beplande besteding en verwagte inkomste gedurende die fiskale jaar.
- Die Minister van Finansies finaliseer die begroting.
- Drie aspekte word in ag geneem met die opstel van die begroting:
  - Finansieel – die kabinet besluit of belastings verhoog of verlaag moet word.
  - Ekonomies – die kabinet moet weet watter behoeftes of vereistes in die ekonomie bestaan.
  - Polities – politieke partye gebruik die begroting om hulle beleid te implementeer.

### Die provinsiale begroting

- Provinsies is die hoofbegunstigdes van die belastinginkomste wat deur die staat geïn word.
- Geld wat aan die provinsies oorbetaal word, word baseer op **billike aandeel** en **voorwaardelike toekennings**.
- Elke provinsie stel 'n eie begroting op en lê dit voor aan die provinsiale wetgewer.
- Provinsies se finansiële jaar strek van 1 April tot 31 Maart.
- Billike aandeel verdeel inkomste in:
  - Onderwys (51%) – gebaseer op skoolgrootte en die gemiddelde aantal inskrywings oor die laaste drie jaar.
  - Gesondheid (19%) – gebaseer op die deel van die bevolking wat nie toegang het tot basiese mediese dienste nie.
  - Basiese aandeel (15%) – provinsies se deel van die land se totale bevolking.
  - Institusionele komponent (5%) – gelyke verdeling tussen provinsies.
  - Armoede-komponent (3%) – gebaseer op die aantal arm mense in die provinsie.
  - Ekonomiese komponent (1%) – bepaal deur die provinsie se bydrae tot die land se BBP.
- Provinsies mag belastings, aksyns, bydraes, boetes en bybelastings hef.
- Voorwaardelike toelaes: dit word aan provinsies gegee om nasionale prioriteitspandering te bevorder en om die provinsies te help om aan die nasionale norme en standaarde te voldoen.

# 3.5 Fiskale beleid

Fiskale beleid kan gedefinieer word as die regering se aksie ten opsigte van belasting, regeringsbesteding en lenings ten einde ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed.

## 3.5.1 Kenmerke

- **Doelwitgebonde**
  - Die sentrale regering bepaal ekonomiese en maatskaplike doelwitte gedurende die begrotingsproses.
  - Die begroting word gebruik om hierdie ekonomiese en maatskaplike doelwitte te bereik.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

- **Vraagsydig**
  - Fiskale beleid is die belangrikste vraagkantbeleid.
  - Die regering verbeter die infrastruktuur om die fiskale beleid te ondersteun.
- **Siklies**
  - Ondernemings het 'n direkte effek op die fiskale beleid.
  - Gedurende 'n opswaai verhoog winste, en gevolglik verhoog die regering se inkomste.

## 3.5.2 Samestelling

- Fiskale beleidsinstrumente is belasting en staatsbesteding.
- 'n Begroting is gebalanseerd wanneer inkome en besteding gelyk is.
- Wanneer inkome meer is as besteding, ontstaan 'n begrotingsurplus.
- Wanneer besteding meer is as inkome, ontstaan 'n begrotingtekort.

### Besteding

Staatsbesteding word op twee maniere geklassifiseer:
- **Funksionele klassifikasie** – verdediging, ekonomiese dienste, rente, algemeen.
- **Ekonomiese klassifikasie** – lopende betalings, oordragbetalings en subsidies, betaling vir kapitale bates.

Die staat bestee geld om openbare en meriete goedere en dienste gratis of teen 'n gesubsidieerde prys te voorsien.
- Betaal rente op staatskuld.
- Herverdeel inkome.
- Beïnvloed totale vraag en aanbod.

### Belasting

Die regering hef belastings om die volgende redes:
- Invordering van inkome om besteding te dek.
- Gebruik van nie-meriete goedere te ontmoedig.
- Eksterne koste na privaatkoste om te skakel.
- Invoere te ontmoedig.
- Inkome te herversprei.
- Die totale vraag en totale aanbod te beïnvloed.

### Lenings (Staatskuld)

- Die hoofbegroting moet altyd balanseer. As 'n tekort voorkom, moet lenings aangegaan word om dit te balanseer.
- As 'n surplus voorkom, word dit gebruik om staatskuld te betaal.
- Lenings vergroot die leningskuld, ook genoem openbare skuld.

## 3.5.3 Effekte


- **Inkomsteverdeling**
  - Progressiewe belastingstelsel: Fiskale beleid beoog 'n meer gelyke verdeling van inkomste.
  - **Regressiewe belastingstelsel**: Fiskale beleid veroorsaak 'n ongelyke verspreiding van inkomste.
  - **Proporsionele belastingstelsel**: Fiskale beleid gebruik dit wanneer die bestaande inkomsteverspreiding nie versteur moet word nie.
- **Verbruik**
  - Direkte en indirekte belasting beïnvloed mense se besteebare inkomste- en bestedingspatrone.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

- 'n Verhoging in belasting veroorsaak dat besteding daal veral wanneer besparings laag is.
- **Prysvlak**
  - Direkte belasting verminder die inflasiedruk.
  - 'n Styging in indirekte belasting sal die algemene prysvlak verhoog.
- **Nie-aansporings/aansporings**
  - Hoë en progressiewe inkomstebelastingkoerse ontmoedig mense om tot die arbeidsmark toe te tree, of om bevorderings te aanvaar, of om langer ure te werk.

## Die Laffer-kurwe

Figuur 3.1 toon die verwantskap tussen belastingkoerse en inkomstebelasting. Dit staan bekend as die **Laffer-kurwe**.




*Figuur 3.1 Die Laffer-kurwe*

Die Laffer-kurwe toon die verwantskap tussen (inkomste) belastingkoerse en belastinginkomste.

- By punt 0, is die gemiddelde belastingkoers 0 en belastinginkome is 0.
- Namate die belastingkoers styg, sal belastinginkomste tot 'n sekere punt styg. Die kurwe sal opwaarts neig tot dit by T 'n piek bereik.
- Maksimum belastinginkomste is by punt R (die piek) en die beste belastingkoers is by punt T.
- Die staat verdien 'n maksimum inkomste by punt B.
- As die belastingkoers van T tot $T_1$ styg, sal die belastinginkomste van R na $R_1$ daal.
- Minder mense werk as gevolg van hoër belasting.
- As belasting tot $T_2$ daal, sal die staat minder inkomste ontvang, maar mense sal meer geld hê om te spaar en te spandeer.

## Diskresie

Die Minister van Finansies gebruik sy diskresie oor fiskale besluite, bv. met hoeveel kan inkomstebelasting verlaag word. Die reëls is:

- tekortreël: nie meer as 3% van nominale BBP oorskrei nie
- leenreël: slegs vir kapitale besteding
- skuldreël: nie meer as 60% van nominale BBP oorskrei nie.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 3.6 Openbaresektor-mislukking

## 3.6.1 Kenmerke/eienskappe

### Ondoeltreffendheid

- Die openbare sektor misluk wanneer die volgende voorkom:
  - Behaal nie doelwitte nie, byvoorbeeld met betrekking tot inflasie, groei en indiensneming.
  - Onbevoegdheid om monetêre en fiskale beleide aan te wend en te harmonieer.

### Onbekwaamheid

- Vermorsing van hulpbronne soos belastingbetalers se geld.
- Dit kan gebeur ten opsigte van beskerming en maatskaaplike, ekonomiese en administratiewe dienste waarvoor geld in die begroting voorsien word.

## 3.6.2 Redes

Mislukkings in die openbare sektor kom voor as die openbare sektor nie in staat is om goedere en dienste aan mense te verskaf nie. Daar is baie redes vir mislukking in die openbare sektor. Sommige hiervan is:

### Bestuursmislukking

Onkunde, bv. gebrek aan leierskap, ervaring en opleiding, kan lei tot die verbetering van die welvaart van een persoon ten koste van 'n ander persoon.

### Onverskilligheid

Regeringsamptenare toon min of geen belangstelling in doeltreffende dienslewering aan die publiek nie. Daar is geen aanvaarding van aanspreeklikheid nie. Korrupsie en swak dienslewering is sommige van die simptome.

### Gebrek aan motivering

Werkers ontvang selde aansporings vir suksesvolle dienslewering, maar word slegs gemonitor op hul insette en korrekte volg van prosedure en prosesse. Dit kan lei tot beperkte dienste, hoë koste en lae kwaliteit.

### Burokrasie

Burokrate is geneig om reëls en regulasies sonder oordeel te volg. Hulle is geneig om meer belang te stel om die reëls te volg as om doeltreffende dienslewering of goedere aan mense te verskaf.

### Strukturele swakhede

Mikpunte word nie behaal nie. Sekere mikpunte werk teen mekaar in, bv. wanneer die staat inkomste en welvaart te aggressief herverdeel.

### Spesiale belangegroepe

Pogings van belangegroepe soos boere of georganiseerde arbeid om die regering tot hul eie voordeel te beïnvloed.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 3.6.3 Effekte

### Toewys van hulpbronne

Die regering moet verseker dat die land se hulpbronne optimaal toegewys word. Indien hul hiermee misluk, sal hulpbronne vermors word.

### Ekonomiese onstabiliteit

Regeringmislukking kan lei tot makro-ekonomiese onstabiliteit. Die regering is nie in staat om fiskale beleid doeltreffend te gebruik nie.

### Verdeling van inkome

Indien die regering nie die belastingstelsel doeltreffend gebruik nie, sal daar 'n onregverdige verdeling van inkomste in die ekonomie wees.


### Maatskaplike stabiliteit

Indien die openbare sektor sou faal om die vereiste maatskaplike dienste aan armes te verskaf, kan die ekonomie onstabiel raak.

## Aktiwiteit 1

Figuur 3.2 hieronder is 'n nuusartikel oor die *Nasionale Begroting 2012*. Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**HOEVEEL GAAN SPANDEER WORD?**




**'N BETER LEWENSKWALITEIT VIR ALLE SUID-AFRIKANERS**

Oor die langtermyn voorsien die regering dat die ekonomie so sal groei dat alle Suid-Afrikaners wat wil werk, sal kan werk. Maar gegewe die land se geskiedenis, sal dit redelik lank duur voordat ons hierdie doel kan bereik. Intussen moet die staat miljoene Suid-Afrikaners wat nie 'n inkomste verdien nie en kwesbaar is, toegang tot 'n inkomste bied.

Armoedeverligting is die hart van die staat se agenda. Die maatskaplike bystandsprogram is Suid-Afrika se mees direkte metode om armoede te beveg. In 2012/13, is R104.9 miljard toegewys vir maatskaplike bystand, wat tot R122.0 miljard in 2014/15 sal styg.

Die aantal ontvangers van toelaes sal styg van ongeveer 15.6 miljoen in 2011/12 tot 16.1 miljoen in 2012/13 en sal na verwagting toeneem tot 16.8 miljoen in 2014/15.

Die Isibindi-projek sal 858 000 kinders en tieners bevoordeel, met die fokus op landelike gemeenskappe, weeskinders en huishoudings met 'n kind aan die hoof. Sowat 10 000 jeugwerkers sal deur hierdie program in diens geneem word.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling ontvang 'n ekstra R1.4 miljard oor die volgende drie jaar, hoofsaaklik om toegang tot vroeë kind-ontwikkeling van 50 000 kinders tot 580 000 kinders te verhoog en om 'n tuis- en gemeenskapsgebaseerde kindersorg- en beskermingsprogram (Isibindi) van stapel te stuur.

*Figuur 3.2: 'n Nuusartikel oor die Nasionale Begroting 2012*

© Departement van Basiese Onderwys 2014

1. Na watter ekonomiese begrip verwys "**... beter lewenskwaliteit ...**"? (2)
2. Uit die uittreksel, noem **TWEE** makro-ekonomiese doelwitte (mikpunte) gereflekteer in die 2011/12 Begroting (2 × 2) (4)
3. Watter **DRIE** departemente het die grootste toewysing volgens die grafiek ontvang? (3 × 2) (6)
4. Gee **TWEE** redes hoekom die regering in 2012 meer op onderwys spandeer as in 2011. (4)
5. Noem **TWEE** prioriteite wat ingesluit word in die geld toegewys vir maatskaplike beskerming. (2 × 2) (4)

**[20]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 1

1. Ekonomiese ontwikkeling ✓✓
2. Werkskepping ✓✓ en ekonomiese groei ✓✓
3. Onderwys, ✓✓ Maatskaplike beskerming, ✓✓ Administrasie ✓✓
4. Infrastruktuurontwikkeling ✓✓ en 'n toename in onderwysers se salarisse ✓✓
5. Armoedeverligting ✓✓ en vaardigheidsontwikkeling vir weeskinders ✓✓

**[20]**

## Aktiwiteit 2

Klassifiseer elk van die volgende aktiwiteite volgens: SENTRALE/NASIONALE; PROVINSIALE; PLAASLIKE REGERING; en OPENBARE KORPORASIES.

1. Verkeerbeheer (1)
2. Denel (1)
3. SABS (1)
4. Inflasieteiken (1)
5. Telkom (1)
6. HOP-huise (1)
7. Onderwys (1)

**[7]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 2

1. Verkeersbeheer – Plaaslike regering ✓
2. Denel – Openbare korporasie ✓
3. SABS – Openbare korporasie ✓
4. Inflasieteiken – Sentrale/Nasionale regering ✓
5. Telkom – Openbare korporasie ✓
6. HOP-huise – Provinsiale regering ✓
7. Onderwys – Sentrale/Nasionale regering ✓✓

**[7]**





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Die buitelandse valutamark en die betalingsbalans

Die **buitelandse valutamark** (geldeenheidmark) is 'n wisselkoersmark wat die relatiewe waardes van verskillende geldeenhede bepaal, en die omskakeling van verskillende geldeenhede fasiliteer om internasionale handel te vergemaklik.

Die **betalingsbalans- (BB) rekeninge** teken alle finansiële transaksies tussen 'n land en die res van die wêreld oor 'n periode van een jaar op. Dit sluit uitvoer- en invoertransaksies, finansiële oordragte en finansiële kapitale transaksies in.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| **4.**<br>**Ekonomiese groei en ontwikkeling Buitelandse valutamark (Globali-sering)** | **Ondersoek die buitelandse valutamark, die totstandkoming van wisselkoerse en dui aan hoe die betalingsbalansrekening geaffekteer word.**<br><br>• Die hoofredes vir buitelandse handel<br>  – **Vraagredes**<br>    – Bevolkingsgrootte<br>    – Inkomevlakke<br>    – Verandering in welvaart van bevolking<br>    – Voorkeure en persoonlike smaak<br>    – Die verskil in verbruikspatrone<br>  – **Aanbodredes**<br>    – Natuurlike hulpbronne<br>    – Klimaatstoestande<br>    – Arbeidsbronne<br>    – Tegnologiese hulpbronne<br>    – Spesialisasie<br>    – Kapitaal<br>  – **Die effekte van internasionale handel**<br>    – Spesialisasie<br>    – Massaproduksie<br>    – Doeltreffendheid<br>    – Globalisering<br><br>• **Die betalingsbalans (BB)**<br>  – **Omskrywing/definisie**<br>  – **Die doel van die BB**<br>  – **Samestelling van die BB**<br>    – Die lopende rekening<br>    – Die kapitale oordragrekening<br>    – Die finansiële rekening<br>    – Die reserwerekening<br><br>• **Buitelandse valutamarkte**<br>  – **Omskrywing/definisie**<br>  – **Aanbod en vraag/Prysbepaling**<br>  – **Appresiasie en depresiasie**<br>  – **Revaluasie en devaluasie**<br>  – **Inmenging in die markte** | • Bespreek kortliks die hoofredes vir internasionale handel<br>• Onderskei tussen die vraag- en aanbodredes<br><br>• Bespreek kortliks die effekte van internasionale handel<br>• Gee jou opinie oor die effekte van internasionale handel<br><br>• Omskryf die BB<br>• Verduidelik die doel/waarde van die BB<br>• Analiseer en interpreteer die BB<br>• Gee kortliks ’n oorsig van die BB se verskillende rekenings<br><br>**H.O.T VRAAG: “Dit word dikwels gesê dat die BB ’n aanduiding is of ’n land binne sy vermoë bestaan.” Evalueer dié stelling met betrekking tot elke afdeling in die BB.**<br><br>• Omskryf/verduidelik/vergelyk die relevante begrippe<br>• Skep/interpreteer grafieke<br>• Bespreek kortliks die vraag- en aanbodfaktore<br>• Bespreek kortliks markintervensie<br><br>**H.O.T VRAAG: Trek ’n grafiek wat ekwilibrium in die buitelandse wisselkoersmark voorstel en voorspel die effekte wat veranderinge in die onderliggende aanbod- en vraagkragte op die waarde van die geldeenheid sal hê.** |



© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | • **Die totstandkoming van buitelandse wisselkoerse**<br>– **Wisselkoersstelsels**<br>– Vryswewende wisselkoersstelsel (disekwilibria)<br>– Beheerde swewende wisselkoersstelsel<br>– Vaste wisselkoersstelsel<br>– **Ruilvoet**<br>– **Vryhandel en beskerming**<br>– **Suid-Afrika se buitelandse handel**<br><br>• **Regstellings van BB-surplus en -tekort (disekwilibria)**<br>– **Omskrywing/definisie**<br>– **Rentekoerse**<br>– **Invoerbeheer**<br>– **Uitleen en leen**<br>– **Vraagverandering**<br>– **Uitvoerbevordering**<br>– **Invoervervanging**<br>– **Wisselkoersveranderinge** | • Omskryf en verduidelik die relevante begrippe<br>• Bespreek kortliks elke wisselkoersstelsel<br>• Bespreek kortliks die ruilvoetbegrip<br>• Gee ’n breë oorsig van die vryhandel- en beskerming- (proteksionisme) begrippe<br>• Beskryf breedweg, ontleed en interpreteer inligting oor die samestelling van Suid-Afrikaanse handel en handelsvennote<br>• Evalueer Suid-Afrika se wisselkoersstelsel<br>• Beoordeel Suid-Afrika se buitelandse handel in verhouding tot sy ruilvoet, vryhandel en beskerming<br>• Verduidelik die begrippe: regstellings en tekort/disekwilibriums<br>• Bespreek kortliks die verskillende maatreëls<br><br>**H.O.T VRAAG: “Suid-Afrika se BB toon ’n algehele tekort van R10 miljard oor drie agtereenvolgende kwartale van hierdie jaar.” Neem aan dat die lopende rekening die grootste probleem is. Hoe sal jy die president van die Reserwebank adviseer om die tekort op die BB te verminder?** |




## 4.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.

| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Absolute voordeel** | Waar een land goedere of dienste goedkoper as 'n ander land kan produseer |
| **Betalingsbalans** | 'n Sistematiese rekord van alle transaksies tussen een land en ander lande, bv. tussen Suid-Afrika en alle ander lande van die wêreld |
| **Direkte beleggings** | Dit sluit transaksies verwant aan beleggings in, bv. beleggings in ondernemings |
| **Handelsbalans** | Die waarde van uitvoere minus invoere |
| **Internasionale handel** | Die ruil van goedere of dienste oor internasionale grense |
| **Internasionale Monetêre Fonds (IMF)** | 'n Internasionale organisasie wat geld leen aan lande met voortslepende betalingsbalansprobleme |
| **Komparatiewe voordeel** | 'n Situasie waar een land 'n relatiewe voordeel het in die produksie van goedere en dienste |
| **Netto balans** | Geld wat die land binnekom opgeweeg teen geld wat die land verlaat |
| **Oordragbetalings** | Geld ontvang sonder dat enige produktiewe dienste gelewer is, bv. geskenke |
| **Portefeuljebelegging** | Koop en verkoop ekwiteite en skuldsekuriteite, bv. aandele en verbande |
| **Ruilvoet** | Vergelyk 'n land se uitvoerpryse met sy invoerpryse deur middel van indekse. Die formule gebruik om die ruilvoet te bereken is: $\frac{\text{Indeks van uitvoerpryse}}{\text{Indeks van invoerpryse}} \times 100$ Die ruilvoet sal verbeter as die uitvoerpryse styg of invoerpryse daal. |
| **Spesiale trekkingsregte (STR)** | 'n Finansieringsinstrument verdeel tussen lidlande van die IMF |
| **Vryhandel** | As verbruikers en produsente vry is om goedere en dienste enige plek ter wêreld te koop sonder enige beperkinge |
| **Wisselkoers** | Die koers waarteen een geldeenheid verruil word vir 'n ander; dit word ook beskou as die waarde van een land se geldeenheid in terme van 'n ander land se geldeenheid |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 4.2 Die redes vir internasionale handel

Daar is baie redes vir **internasionale handel**. Lande kan 'n surplus van sekere goedere en 'n tekort aan ander goedere hê, en sal dus wil handeldryf om hierdie wanbalans te herstel. Byvoorbeeld, Suid-Afrika het meer minerale as wat ons kan gebruik, maar minder olie as wat die land benodig. Sekere goedere kan slegs in spesifieke lande geproduseer word (bv. Franse sjampanje) terwyl burgers van ander lande daardie produkte mag begeer. Droogtes kan ernstige skade aan die produksie van stapeloeste in 'n land berokken, wat daartoe kan lei dat gewasse ingevoer moet word om die bevolking te voed.




Leer hierdie vyf vraagredes vir internasionale handel.

Gebruik die volgende geheuerympie om jou die 5 vraagredes te help onthou:

| | |
|---|---|
| **B** = **B**evolking | → **B**ietjie |
| **I** = **I**nkome | → **I**nkomste |
| **W** = **W**elvaart | → **W**il |
| **V** = **V**oorkeure | → **V**ele |
| **V** = **V**erbruik | → **V**oed |

## 4.2.1 Vraagredes

- **Die grootte van die bevolking het 'n groot impak op vraag.** As daar 'n toename in bevolkingsgroei is, veroorsaak dit 'n toename in vraag, omdat meer mense se behoeftes bevredig moet word. Plaaslike verskaffers is dalk nie in staat om in hierdie vraag te voorsien nie.
- **Die bevolking se inkomstevlakke beïnvloed vraag.** Veranderinge in inkomste veroorsaak 'n verandering in die vraag na goedere en dienste. 'n Toename in die per capita inkomste van mense lei tot hoër verbruikbare inkomste wat aan goedere en dienste bestee kan word, waarvan sommige ingevoer sal moet word.
- **'n Styging in die welvaart** van die bevolking lei tot 'n groter vraag na goedere. Mense het toegang tot lenings en kan meer op luukse goedere bestee, waarvan baie in ander lande geproduseer word.
- **Persoonlike smaak en voorkeure** speel 'n rol in die bepaling van pryse, bv. verbruikers in Australië het 'n voorkeur vir 'n spesifieke produk wat hulle nie plaaslik kan produseer nie en dus moet invoer. Dit sal dus 'n hoër waarde in Australië hê as in ander lande.
- **Die verskil in verbruikspatrone** word bepaal deur die vlak van ekonomiese ontwikkeling in 'n land, bv. swak ontwikkelde lande het 'n hoë vraag na basiese goedere en dienste, maar 'n kleiner vraag na luukse goedere.




Leer hierdie ses aanbodredes vir internasionale handel.

Gebruik hierdie geheuerympie om jou te help om die 6 aanbodredes te onthou:

| | |
|---|---|
| **H** = Hulpbronne | → **H**ansie |
| **K** = Klimaat | → **K**oop |
| **A** = Arbeid | → **A**ltyd |
| **T** = Tegnologie | → **T**wee |
| **S** = Spesialisering | → **S**tukke |
| **K** = Kapitaal | → **K**aas |

## 4.2.2 Aanbodredes

- **Natuurlike hulpbronne** is nie eweredig tussen alle lande versprei nie. Dit verskil van land tot land en kan slegs ontgin word in plekke waar hierdie hulpbronne voorkom.
- **Klimaatstoestande** maak dit moontlik vir sommige lande om sekere goedere teen 'n laer koste as ander lande te produseer, bv. Brasilië is die wêreld se grootste produsent van koffie.
- **Arbeidsbronne** verskil in kwaliteit, hoeveelheid en koste tussen lande. Sommige lande het hoogs geskoolde, goedbetaalde werkers met hoë produktiwiteitsvlakke, bv. Switserland.
- **Tegnologiese hulpbronne** is in sekere lande beskikbaar wat hulle in staat stel om sekere goedere en dienste teen 'n lae eenheidskoste te produseer, bv. Japan.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

- **Spesialisasie** in die produksie van sekere goedere en dienste veroorloof sekere lande om teen 'n laer koste as ander lande te produseer, bv. Japan produseer elektroniese goedere en verkoop dit teen 'n laer prys.
- **Kapitaal** gee ontwikkelde lande 'n voordeel bo ontwikkelende lande. As gevolg van die gebrek aan kapitaal kan sekere lande nie self al die goedere wat hulle benodig, produseer nie.




Leer hierdie vier effekte van internasionale handel.

Gebruik hierdie geheuerympie om jou te help om die 4 effekte van internasionale handel te help onthou:

**S** = Spesialisering → **S**oet
**M** = Massaproduksie → **M**eisies
**D** = Doeltreffendheid → **D**room
**G** = Globalisering → **G**raag

## 4.2.3 Die effek van internasionale handel

- **Spesialisering** verhoog die lewenstandaard, veral wanneer die spesialiseringsgebied hoog in aanvraag is en 'n tekort in aanbod ervaar word, bv. Angola beskik oor oliehulpbronne en kan dus in olieprodukte spesialiseer. Mosambiek het geen oliehulpbronne nie en kan dus nie in hierdie hulpbron spesialiseer nie.
- **Massaproduksie** is moontlik as die binnelandse en buitelandse vraag na 'n produk saamgevoeg word, bv. vervaardiging van selfone.
- **Doeltreffendheid** verbeter as daar mededinging is. Laer pryse impliseer dat dieselfde inkomste meer goedere en dienste kan koop.
- **Globalisering** word gedryf deur internasionale handel, bv. handel in IT produkte en voertuie (motors en vragmotors).

# 4.3 Die betalingsbalans-rekeninge

## 4.3.1 Definisie

'n Sistematiese rekord van alle transaksies van 'n land met ander lande, bv. Suid-Afrika met al die wêreldlande.

## 4.3.2 Die waarde van betalingsbalans

Elke land hou boek van al die internasionale transaksies met die res van die wêreld. Dit word gesê dat 'n land 'n BB-surplus het wanneer invloei groter is as uitvloei. 'n Voorbeeld van 'n BB-surplus op die lopende rekening kan wees wanneer uitvoere meer is as invoere. 'n BB-tekort is wanneer uitvloei meer is as invloei (invoere is meer as uitvoere).

## 4.3.3 Samestelling

### Die lopende rekening

Die lopende rekening is die BB-rekening wat van internasionale transaksies in verband met produksie, inkome en besteding boekhou.




Leer hierdie vier betalingsbalansrekeninge.

Wanneer die saldo van die lopende rekening bereken word, word 5 groepe items in berekening gebring.

Dit is handelsware (goedere), goud, dienste, inkome en lopende oordragbetalings.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Die kapitale oordragrekening

Die saldo reflekteer die netto waarde van die kapitale oordrag, hetsy negatief of positief. Die saldo is die netto bedrag en sluit eerstens in transaksies en toelaes in verband met die eienaarskap van vaste bates, bv. ’n toelaag van ’n buitelandse nie-regeringsorganisasie vir ’n behuisingsprojek in Suid-Afrika; tweedens skuldvergewing; en derdens die waarde van huishoudings en privaat besit, en finansiële eise en verpligtinge van migrante.

## Die finansiële rekening

Die finansiële rekening is die rekord van beleggings deur Suid-Afrikaners in ander lande en deur buitelanders in Suid-Afrika.

Dié beleggings sluit in:

- **Direkte beleggings:**
  Buitelandse direkte beleggings (BDB) verwys na belegging in eiendom (vaste eiendom) en verkryging van ’n beduidende aandeel (10%+) of beheer van ’n onderneming.
  Bv. VSA Walmart se oorname van die plaaslike Massmart-winkelgroep was ’n buitelandse direkte belegging ter waarde van $2.2 miljard.
- **Portefeuljebeleggings:**
  Dit verwys na koop van finansiële bates, soos aandele in maatskappye op die aandelebeurs van ’n ander land. Dié beleggings is hoogs likied en vloei daarvan kan te eniger tyd omgekeer word. Portefeuljebeleggings is bekend as “warm geld”.
- **Ander beleggings:**
  Ander beleggings val in ’n residuele kategorie. Transaksies wat nie onder direkte beleggings, portefeulje beleggings of reserwe bates en laste geklassifiseer kan word nie, word geklassifiseer as ander beleggings.
  Verwys na ander finansiële transaksies wat nie onder BDB gedek is nie. Korttermynbelegging wat in en uit ’n land vloei, handelskrediete en korttermynlenings.

## Die reserwerekening

Die reserwerekening hou rekord van die veranderinge in die waarde van goud- en buitelandse valutareserwes (dollars, ponde, euros) wat deur die land gehou word. Die veranderinge reflekteer die internasionale transaksies waarvan boekgehou is in al die ander rekeninge van die BB.

Suid-Afrika se totale goud- en buitelandse valutareserwes is ’n voorraaditem en word nie in die reserwerekening getoon nie. Slegs die veranderinge in goud- en buitelandse valutareserwes word getoon.

**Tabel 4.1** toon die nuutste beskikbare betalingsbalans uit die *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.* Jy behoort sekere afleidings uit die gegewe data te kan maak, bv.:

- Bepaal of daar ’n surplus of tekort in enige van die rekeninge was.
- Identifiseer moontlike redes vir fondse wat die land uit- of invloei.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

| Suid-Afrikaanse Reserwebank: Betalingsbalans, jaarlikse syfers in R miljoene | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
| **Lopende rekening** | | | | | | | | | |
| Goedere uitvoere, vry aan boord[2] ... (5000J) | 281 827 | 331 338 | 412 220 | 497 618 | 655 759 | 503 656 | 565 860 | 671 220 | 696 180 |
| Netto gouduitvoere[3] ... (5001J) | 28 698 | 27 023 | 35 470 | 39 898 | 48 534 | 52 776 | 59 499 | 75 298 | 71 050 |
| Dienste ontvangste ... (5002J) | 63 425 | 71 808 | 82 643 | 97 110 | 105 351 | 100 760 | 102 362 | 107 825 | 124 332 |
| Inkomste ontvangste ... (5680J) | 20 973 | 29 550 | 41 207 | 48 448 | 48 254 | 34 075 | 34 099 | 38 118 | 48 501 |
| Min: Goedere-invoere, vry aan boord[2] ... (5003J) | 311 759 | 360 362 | 476 966 | 573 850 | 739 852 | 554 161 | 598 151 | 730 128 | 842 775 |
| Min: Betaling vir dienste ... (5004J) | 66 420 | 77 197 | 96 623 | 115 934 | 138 885 | 124 147 | 134 843 | 142 230 | 145 006 |
| Min: Inkomstebetalings ... (5681J) | 48 823 | 60 975 | 75 982 | 117 266 | 122 129 | 87 593 | 87 022 | 104 689 | 118 508 |
| Lopende oordragte (netto ontvangste +) ... (5006J) | −10 869 | −15 680 | −15 768 | −16 575 | −18 906 | −22 428 | −16 762 | −14 199 | −31 369 |
| Saldo op die lopende rekening ... (5007J) | −42 948 | −54 495 | −93 799 | −140 551 | −161 874 | −97 062 | −74 958 | −98 785 | −197 595 |
| Kapitale oordragrekening (netto ontvangste +). (5682J) | 338 | 193 | 205 | 197 | 208 | 216 | 225 | 241 | 239 |
| **Finansiële rekening[4]** | | | | | | | | | |
| Direkte beleggings | | | | | | | | | |
| Laste[5] ... (5640J) | 5 155 | 42 270 | −3 567 | 40 120 | 74 403 | 45 465 | 8 993 | 42 168 | 37 540 |
| Bates[6] ... (5656J) | −8 721 | −5 916 | −41 058 | −20 896 | 25 888 | −9 757 | 554 | 4 610 | −35 867 |
| Netto direkte belegging ... (5683J) | −3 566 | 36 354 | −44 625 | 19 224 | 100 291 | 35 708 | 9 547 | 46 778 | 1 673 |
| Portefeuljebeleggings | | | | | | | | | |
| Laste ... (5644J) | 46 262 | 36 188 | 144 501 | 97 485 | −71 540 | 107 234 | 107 876 | 46 976 | 94 655 |
| Bates ... (5660J) | −5 946 | −6 123 | −15 044 | −24 026 | −63 325 | −13 470 | −33 374 | −44 474 | −40 002 |
| Netto portefeuljebeleggings ... (5684J) | 40 316 | 30 065 | 129 457 | 73 459 | −134 865 | 93 764 | 74 502 | 2 502 | 54 653 |
| Ander beleggings | | | | | | | | | |
| Laste ... (5650J) | 10 944 | 32 735 | 60 750 | 58 711 | 47 730 | −39 956 | 7 899 | 31 696 | 65 736 |
| Bates ... (5666J) | −3 555 | −22 895 | −38 823 | 2 119 | 82 983 | 23 703 | −22 138 | −3 611 | 40 368 |
| Netto ander beleggings ... (5685J) | 7 389 | 9 840 | 21 927 | 60 830 | 130 713 | −16 253 | −14 239 | 28 085 | 106 104 |
| Saldo op die finansiële rekening ... (5688J) | 44 139 | 76 259 | 106 759 | 153 513 | 96 139 | 113 219 | 69 810 | 77 365 | 162 430 |
| Onaangetekende transaksies[7] ... (5686J) | 35 999 | 12 306 | 16 627 | 34 657 | 91 593 | 664 | 36 229 | 53 883 | 43 881 |
| Verandering in goud en ander buitelandse reserwes ten gevolge van totale betalingsbalans rekening ... (5020J) | 37 528 | 34 263 | 29 792 | 47 816 | 26 066 | 17 037 | 31 306 | 32 704 | 8 955 |
| Verandering in laste verwant aan reserwes[8] ... (5021J) | 2 949 | 2 577 | −5 453 | −7 631 | −7 761 | −2 724 | −2 683 | 7 | 16 |
| STR-allokasies en waardasie-aansuiwerings ... (5022J) | −10 617 | 11 003 | 23 350 | 5 642 | 74 214 | −38 647 | −30 712 | 74 441 | 24141 |
| Netto monetisering (+)/demonetisering (−) van goud ... (5283J) | 84 | −226 | 163 | 169 | 158 | 45 | 13 | 42 | |
| Verandering in bruto goud e.a. buitelandse reserwes ... (5023J) | 29 944 | 47 617 | 47 852 | 45 996 | 92 677 | −24 289 | −2 076 | 107 194 | 11<br>33 123 |
| Memo-item: Verandering in kapitale oordrag en finansiële rekeninge insluitend onaangetekende transaksies ... (5687J) | 80 476 | 88 758 | 123 591 | 188 367 | 187 940 | 114 099 | 106 264 | 131 489 | 206 550 |

*Tabel 4.1 Betalingsbalans* *Kwartaalblad September 2013*


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 4.4 Buitelandse valutamarkte


’n Buitelandse wisselkoers is die prys van ’n land se geldeenheid in verhouding tot dié van ’n ander land. Dit word uitgedruk (gekwoteer) as die binnelandse prys van ’n buitelandse geldeenheid, byvoorbeeld $1=R10,00.

In Suid-Afrika is die forex-mark bekend as die interbank buitelandse wisselkoersmark. Dit het nie ’n fisiese adres of korporatiewe vorm, soos die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika, nie. Dit word wêreldwyd gebruik en transaksies word elektronies per rekenaar, e-posse, fakse of telefonies gedoen.

## 4.4.1 Definisie: buitelandse valutamarkte

’n Buitelandse valutamark is ’n mark waar buitelandse valuta gekoop en verkoop word. Die belangrikste markte is in Londen, New York en Tokio.

## 4.4.2 Aanbod en vraag





*Figuur 4.1: Die interaksie tussen vraag en aanbod in die bepaling van ’n wisselkoers*

’n Vraag na dollars bestaan wanneer, bv. Suid-Afrikaanse invoerders rande vir dollars wil wissel om te betaal vir goedere/dienste wat van die Verenigde State van Amerika ingevoer word. Aan die anderkant wil die houers van dollars dit wissel vir rande, bv. as Amerikaanse invoerders wil betaal vir goedere/dienste wat vanaf Suid-Afrika ingevoer gaan word. Daar kan ’n oorskotvraag of oorskotaanbod wees as die prys hoër styg of laer daal as die markprys by QP (sien Figuur 4.1).

| Faktore wat vraag en aanbod van buitelandse valuta beïnvloed | |
|---|---|
| **Vraagfaktore na buitelandse valuta** | **Aanbodfaktore van buitelandse valuta** |
| • Goedere-invoere<br>• Betaling vir dienste van ander lande<br>• Koop aandele in ander lande<br>• Toeriste spandeer geld oorsee<br>• Terugbetaling van lenings gemaak in ander lande | • Goedere-uitvoere<br>• Verskaf dienste aan ander lande<br>• Ontvang dividende op aandele belê in die buiteland<br>• Invloei van buitelandse kapitaal<br>• Besteding van geld deur buitelandse toeriste<br>• Aangaan van nuwe lenings in die buiteland |

*Tabel 4.2 Faktore wat vraag en aanbod van buitelandse valuta beïnvloed*

## 4.4.3 Appresiasie en depresiasie




**Appresiasie** van 'n geldeenheid is 'n styging in die prys van 'n geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid as gevolg van markkragte. Byvoorbeeld wanneer die dollar van \$1 = R9 na \$1 = R10 gaan, het die dollar geappressieer.

**Depresiasie** van 'n geldeenheid is 'n daling in die prys van die geldeenheid in terme van 'n ander land se geldeenheid as gevolg van markkragte. Byvoorbeeld wanneer die dollar van \$1 = R9 na \$1 = R8 gaan, het die dollar gedepressier teenoor die rand.

## 4.4.4 Revaluasie en devaluasie

Revaluasie van 'n geldeenheid verwys na die doelbewuste verhoging van die geldeenheid se waarde in terme van 'n ander geldeenheid. (As gevolg van die sentrale bank se intervensie.) Dit vind plaas ander 'n vaste ruilstelsel.

Devaluasie van 'n geldeenheid verwys na die doelbewuste verlaging van die geldeenheid se waarde in terme van 'n ander geldeenheid. (As gevolg van die sentrale bank se intervensie.)

## 4.4.5 Inmenging in die mark

'n Simbiotiese (wedersyds afhanklike) verwantskap bestaan tussen 'n land se wisselkoers en die betalingsbalans. Die verwantskap vereis voortdurende aandag van die sentrale bank. Sentrale banke gryp dikwels in wanneer die geldeeenheid oor- of onderwaardeer word.

**Oorwaardeer:** Wanneer 'n land se geldeenheid te hoog gewaardeer is, bv. die Suid-Afrikaanse rand is R7 eerder as R8 tot die Amerikaanse dollar. Dit kan aanleiding gee tot deurlopende tekorte op die lopende rekening van die betalingsbalans.

**Onderwaardeer:** Wanneer 'n land se geldeenheid nie hoog genoeg gewaardeer is nie, bv. die Suid-Afrikaanse rand is R9 eerder as R8 tot die Amerikaanse dollar. So 'n onderwaardering word getoon deur deurlopende surplusse op die lopende rekening van die betalingsbalans.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

**Twee intervensiemetodes wat tradisioneel gebruik word:**
**Direkte inmenging:** Die sentrale bank koop buitelandse valuta wanneer die geldeenheid oorwaardeer is, en verkoop wanneer die geldeenheid onderwaardeer is.

**Indirekte inmenging:** Die belangrikste instrument wat die sentrale bank vir indirekte intervensie gebruik, is rentekoersaanpassings. Wanneer 'n geldeenheid oorwaardeer is, lok 'n rentekoersverhoging invloei van beleggings. 'n Surplus word op die finansiële rekening geskep wat die tekort op die lopende rekening uitbalanseer. Wanneer die geldeenheid onderwaardeer is, kan rentekoerse verlaag word om 'n uitvloei van buitelandse valuta te veroorsaak, en sodoende oorskot likiditeit uit die ekonomie te dreineer en inflasiedruk te verminder. Die oorskot op die lopende rekening sal dan verminder.

# 4.5 Bepaling van buitelandse wisselkoerse

## 4.5.1 Wisselkoersstelsels

Elke land beheer die waarde van sy eie geldeenheid deur die wisselkoersstelsel te bepaal wat op sy geldeenheid van toepassing is. Daar is verskeie wisselkoersstelsels. Sommige daarvan is:

### Vryswewende wisselkoerse

Die waarde van die geldeenheid word suiwer deur markkragte bepaal, m.a.w. vraag en aanbod van die rand.

### Beheerde wisselkoerse

Hierdie is wisselkoerse wat toegelaat word om binne sekere perke op markkragte te reageer.

### Vaste wisselkoerse

Geldeenhede word gedevalueer en gerevalueer. Die goudstandaard het die waarde van die geldeenheid tot 'n sekere hoeveelheid goud ondersteun. Suid-Afrika het in 1932 van die goudstandaard afstand gedoen.

## 4.5.2 Die ruilvoet

- Die handelsvoorwaardes vergelyk 'n land se uitvoerpryse met sy invoerpryse deur middel van indekse. Die formule is:

**Indeks van uitvoerpryse/Indeks van invoerpryse × 100**

| Item | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Indeks** | 105,3 | 113,7 | 122,0 | 124,7 | 123 | 121,4 |
| **% verandering** | 0,0 | 8,0 | 7,3 | 2,2 | –1,7 | –1,6 |

*Tabel 4.3 Suid-Afrika se handelsvoorwaardes (goud uitgesluit)*
*(SARB Kwartaalblad)*

© Departement van Basiese Onderwys 2014

- Suid-Afrika se handelsvoorwaarde-indeks het teen ’n hoë koers in 2009 en 2010 toegeneem. As die numeriese waarde-indekse verhoog het, word gesê dat die handelsvoorwaardes verbeter het. As die numeriese waarde-indeks verlaag, word gesê dat die handelsvoorwaardes verswak het.
- **’n Verbetering in die handelsvoorwaardes kan die gevolg van die volgende wees:**
  - ’n Styging in uitvoerpryse
  - ’n Daling in invoerpryse
- **’n Verswakking van die handelsvoorwaardes kan die gevolg wees van die volgende:**
  - ’n Daling in uitvoerpryse
  - ’n Styging in invoerpryse

## 4.5.3 Vryhandel en beskerming

- **Vryhandel** – vind plaas wanneer produsente en verbruikers vry is om goedere en dienste enige plek ter wêreld te koop sonder inmenging van ’n owerheid.
- **Beskerming** – beperk die handelsomvang, spesifiek invoere. Byvoorbeeld beperking van invoere.

## 4.5.4 Suid-Afrika se buitelandse handel

- Suid-Afrika het ’n relatiewe oop ekonomie. Buitelandse handel maak ongeveer 30% van die BBP uit, wat beteken dat die ekonomie oor die algemeen sensitief is vir veranderinge in handelsvoorwaardes.
- Die samestelling van ons uitvoere en invoere in Tabel 4.4 toon dat mynbou en vervaardiging in terme van handel meer sensitief is as byvoorbeeld landbou.

| Handel | Landbou | Vervaardiging | Mynbou |
|---|---|---|---|
| **Uitvoere** | 4,02% | 50,29% | 45,69% |
| **Invoere** | 1,54% | 82,53% | 15,92% |

*Tabel 4.4 Samestelling van Suid-Afrika se buitelandse handel (2010)* *(SAIRR SAS)*

- Tabel 4.5 toon dat Suid-Afrika se handel feitlik eweredig verdeel is tussen Oosterse en Westerse lande in die noorde en suide.

| | Afrika | Europa | NAVHO | Asië | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| **Invoere %** | 7,9 | 33,9 | 8,5 | 44,2 | 6,5 |
| **Uitvoere %** | 14,7 | 27,4 | 9,7 | 45,3 | 2,9 |
| **Totaal R miljard** | 130,8 | 352,7 | 104,6 | 448,4 | 113,7 |

*Tabel 4.5 Suid-Afrika se wêreldhandel (2010)* *(SAIRR SAS)*


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 4.6 Regstellings in die betalingsbalans

Disekwilibria (onewewigtigheid) in die betalingsbalans kom voor wanneer uitvloei van buitelandse valuta deurentyd meer of minder is as die invloei van buitelandse valuta. Onthou dat 'n tekort op die betalingsbalans beteken dat die uitvloei van buitelandse valuta meer is as die invloei van buitelandse valuta, terwyl 'n surplus voorkom wanneer die uitvloei minder is as die invloei.

Die oplossing om disekwilibrium in die betalingsbalans reg te stel, is om meer buitelandse valuta deur uitvoere te verdien en invoere te verminder.

Die volgende metodes kan aangewend word om die tekorte of surplusse op die betalingsbalans reg te stel:

## 4.6.1 Uitleen en Leen

Lande met surplusse leen dikwels geld uit aan lande wat tekorte ondervind. Lande met tekorte leen dikwels. Dit is waarom sommige ontwikkelende lande soveel buitelandse skuld het.

In die geval van fundametele disekwilibrium, kan lidlande by die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) geld leen.

Lenings is egter nie 'n langtermyn oplossing vir fundamentele betalings-balans-disekwilibrium nie.

## 4.6.2 Verandering in wisselkoers

Geldeenheiddepresiasie of –devaluasie maak invoere duurder vir binnelandse verbruikers en uitvoere goedkoper vir buitelandse kopers. Byvoorbeeld, wanneer die rand depresieer, word Suid-Afrikaanse goedere (uitvoere) goedkoper vir buitelandse kopers. Invoere raak duurder vir Suid-Afrikaners.

## 4.6.3 Verandering in vraag

Die volgende vier instrumente word deur verskeie lande gebruik om die ekwilibrium te herstel:

**Langtermynbeleide** – Uitvoerbevordering, soos staatsaansporings, word toegepas om produksie van uitvoergoedere aan te moedig, byvoorbeeld Europese lande wat boere susidieer. Invoervervanging, byvoorbeeld staatsaansporings om goedere plaaslik te produseer in stede daarvan om dit in te voer. Die Suid-Afrikaanse regering verkies uitvoerbevordering.

**Rentekoerse** – Binnelandse vraag kan verander word deur rentekoerse te verander. As rentekoerse styg, daal besteding, ook op invoere. Buitelandse handelaars sal 'n voordeel probeer verkry deur hulle beleggings in die land met die hoër rentekoerse te verhoog. Die teenoorgestelde gebeur wanneer rentekoerse verlaag word.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

**Invoerbeheer** – Dit sluit invoertariewe, ander heffings en kwotas in. Die WHO probeer dit uitfasseer ter wille van vryhandel.

**Valutabeheer** – Dit is binnelandse maatreëls wat sentrale banke in staat stel om buitelandse valuta te rantsoeneer. Verdieners van buitelandse valuta word deur wetgewing verplig om dit aan die sentrale bank te oorhandig. Dié wat buitelandse valuta benodig, moet daarvoor aansoek doen by die sentrale bank.

## Aktiwiteit 1

Bestudeer Figuur 4.2 wat internasionale handel illustreer en beantwoord die vrae wat volg.




*Figuur 4.2: Internasionale handel*

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | Wat word deur grafiek 1 aangedui? Gee 'n rede vir jou antwoord. | (2) |
| **2.** | Omskryf die term "handelsbalans". | (3) |
| **3.** | Het die handelsbalans in 2008 'n positiewe of negatiewe balans aangedui? | (2) |
| **4.** | Skat die handelsbalans vir 2008. | (4) |
| **5.** | Watter effek sal die sluiting van tekstielfabrieke in Suid-Afrika op die handelsbalans hê? | (3) |
| **6.** | Watter ekonomiese tendens in 2009 het bygedra tot die afname in invoere en uitvoere? | (2) |
| | | **[16]** |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Antwoorde op Aktiwiteit 1

1. Dit toon die verskil tussen invoere en uitvoere. ✓✓ (2)
2. Dit is die waarde van uitvoere minus die waarde van invoere. ✓✓✓ (3)
3. Negatiewe balans ✓✓ (2)
4. Ongeveer 600 000 – 700 000 ✓✓ = –100 000 ✓✓ (2)
5. 'n Negatiewe effek ✓ omdat daar 'n toename in invoere was ✓✓ (3)
6. Wêreldwye resessie ✓✓ (2)

**[16]**

## Aktiwiteit 2

Tabel 4.2 is 'n uittreksel van die betalingsbalans. Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg:

| BETALINGSBALANS – JAARLIKSE SYFERS – R miljoene | 2009 | 2011 |
|---|---|---|
| Balans op die lopende rekening | –97 062 | –98 785 |
| Kapitale oordragrekening (netto ontvangste) | 216 | 241 |
| **Finansiële rekening:** | | |
| Direkte beleggings (netto) | 35 708 | **B** |
| Portefeuljebeleggings (netto) | 93 764 | 2 502 |
| Ander beleggings (netto) | –16 253 | 28 085 |
| Balans op die finansiële rekening | **A** | 77 365 |
| Onaangetekende transaksies | 664 | 53 883 |
| Verandering in bruto goud en ander buitelandse reserwes | –24 289 | 107 194 |

*Bron: Kwartaalblad, SARB. Maart 2012.*

*Tabel 4.2 Betalingsbalans vir 2009–2011*

1. Omskryf die begrip "betalingsbalans". (2)
2. Bereken die ontbrekende syfers by A en B. (4)
3. Waarop dui "netto syfers" in die finansiële rekening? (2)
4. Gee TWEE voorbeelde van inkomste-ontvangste wat Suid-Afrikaanse burgers verdien. (4)
5. Verduidelik kortliks hoe 'n disekwilibrium in die betalingsbalans reggestel kan word. (6)

**[18]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 2

**1.** Dis 'n sistematiese rekord van alle transaksies tussen een land, bv. Suid-Afrika, en alle ander lande in die wêreld. ✓✓ (2)

**2.** A = R113 219 miljoen ✓✓ B = R46 778 miljoen ✓✓ (4)

**3.** Geld wat die land binnekom, word opgeweeg teen geld wat die land verlaat. ✓✓ (2)

**4.** Inkomste wat Suid-Afrikaners wat in ander lande werk, verdien, bv. 'n Suid-Afrikaner wat onderrig gee in Dubai.✓✓

Wanneer Suid-Afrikaners dividende ontvang op die aandele wat hulle in buitelandse maatskappye besit.✓✓ (4)

**5.**
- Geld geleen van die IMF ✓✓
- Beleide van uitvoerbevordering en invoervervanging ✓✓
- 'n Styging in totale markvraag sal pryse verlaag. Uitvoere sal aangemoedig word deur goedkoper pryse. ✓✓
- Hoër rentekoerse help om besteding aan invoere te verlaag. ✓✓ (Enige 3) (6)

**[18]**





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Onderwerp 5

# Beskerming en vryhandel

Beskerming verwys na regeringsbeleide en -regulasies (soos beperkende kwotas en tariewe op ingevoerde goedere), wat ingestel word om plaaslike vervaardigers van goedere en dienste te bevoordeel in hulle mededinging met ingevoerde goedere, ten einde hulle te help oorleef.

Vryhandel kom voor waar regerings baie min verhinderings teen internasionale handel skep. Dit laat vryvloei toe van goedere en dienste in die land in van enige ander land wat die goedere goedkoper, beter en in die verlangde hoeveelhede kan produseer.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| 5.<br>Ekonomiese stelsels: Beskerming en vryhandel (Globalisering) | **Bespreek beskerming en vryhandel en evalueer Suid-Afrika se internasionale handelsbeleide en hoofprotokolle in terme van:**<br><br>• **Uitvoerbevordering**<br>– **Definisie**<br>– **Redes**<br>– **Metodes**<br>– **Voordele**<br>– **Nadele** | • Definieer/verduidelik die begrip<br>• Bespreek uitvoerbevordering in besonderhede |
| | • **Invoervervanging**<br>– **Definisie**<br>– **Redes**<br>– **Metodes**<br>– **Voordele**<br>– **Nadele** | • Definieer/verduidelik die begrip<br>• Bespreek invoervervanging in besonderhede<br><br>**H.O.T VRAAG: Evalueer die doeltreffendheid van die toepassing van die uitvoerbevorderings- en invoervervangingsbeleide** |
| | • **Beskerming (die argumente)**<br>– **Definisie**<br>– **Argumente ten gunste van beskerming**<br>  – Nywerheidsontwikkeling<br>  – Jong nywerhede<br>  – Stabiele loonvlakke en hoë lewenstandaard<br>  – Toename in indiensneming<br>  – Selfstandige en strategiese nywerhede<br>  – Stortingvoorkoming<br>  – Stabiele wisselkoerse en BB<br>  – Beskerming van natuurlike hulpbronne | • Definieer/verduidelik die begrip<br>• Bespreek in besonderhede die argument ten gunste van beskerming<br>• Gee 'n breë oorsig van die begrippe vryhandel en beskerming |
| | • **Vryhandel (die argumente)**<br>– **Argumente ten gunste van vryhandel**<br>  – Spesialisasie<br>  – Skaalbesparing<br>  – Keuses/toename in welvaart<br>  – Innoverings/beste praktyk<br>  – Verbeterde internasionale betrekkinge | • Definieer/verduidelik die begrip<br>• Bespreek vryhandel in besonderhede<br><br>**H.O.T VRAAG: Beredeneer 'n saak ten gunste van beskerming en teen vryhandel, OF ten gunste van vryhandel en teen beskerming** |
| | • **'n Gewenste mengsel**<br>– **Invoervervanging en uitvoerbevordering**<br>– **Beskerming van vryhandel**<br>– **Globalisering**<br>– **Ekonomiese integrasie** | • Verduidelik in jou eie woorde die betekenis van 'n gewenste mengsel<br>• Gee kortliks 'n oorsig van ekonomiese integrasie as deel van handelprotokolle<br><br>**H.O.T VRAAG: Wat is die uitwerking van globalisering op die gewenste mengsel in Suid-Afrika?** |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | • **Evaluering van Suid-Afrika se handelsbeleide**<br>– **Invoervervanging en uitvoerbevordering**<br>– **Beskerming en vryhandel**<br>– Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU)<br>– Multilaterale Monetêre Gebied (MMG)<br>– Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)<br>– Afrika-unie (AU)<br>– Europese Unie ( EU)<br>– MERCUSOR<br>– AGOA<br>– Die vennootskap tussen Suid-Afrika en China<br>– Brasilië, Rusland, Indië, China en SA (BRICS)<br>– **Handelsbevryding**<br>– Wêreldhandelsorganisasie (WHO) | • Verduidelik die betekenis van die protokolbegrip<br>• Evalueer kortliks die Suid-Afrikaanse beleide in terme van beskerming en vryhandel<br>• Evalueer kortliks Suid-Afrika se handelsprotokolle in terme van die voordele<br>• Verduidelik die begrip<br>• Gee 'n breë oorsig van die Wêreldhandelsorganisasie se rol in handelsbevryding |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 5.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp.

| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Beskerming** | 'n Handelsbeleid waarvolgens die regering die invoer van sekere goedere en dienste ontmoedig met die doel om plaaslike nywerhede teen ongelyke oorsese mededinging te beskerm |
| **BRICS** | 'n Assosiasie van opkomende ekonomieë bestaande uit Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika, ingestel om samewerking, beleidskoördinering en politieke dialoog rakende internasionale, ekonomiese en finansiële sake te bevorder |
| **Disinvestering** | Die onttrekking van kapitale investering uit 'n onderneming of land |
| **Embargo** | 'n Amptelike verbod op handel of enige ander samewerking met 'n spesifieke land |
| **Handelsbevryding** | Die afskaf van staatsinmenging op handelsvloei aan beide die invoer- en uitvoerkant |
| **Invoervervanging** | Goedere wat voorheen ingevoer is, word vervang met plaaslik vervaardigde goedere; dit vorm deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid |
| **MERCOSUR** | 'n Organisasie wat vryhandel tussen Argentinië, Brasilië, Paraguay en Uruguay bevorder |
| **NEPAD – Nuwe Vennootskap vir Afrika Ontwikkeling (New Partnership for African Development)** | Maak voorsiening vir samewerking op 'n streeksbasis en integrasie tussen Afrikastate |
| **Protokol** | Die gevestigde prosedurekode of optrede in enige groep of organisasie. Die amptelike prosedure wat staatsbetrekkinge rig, bv. kulturele aktiwiteite en internasionale betrekkinge. |
| **Sanksies** | 'n Boete deur een of meer lande op 'n ander land opgelê |
| **Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)** | 'n Ekonomiese en monetêre unie bestaande uit Angola, Botswana, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Lesotho, Malawi, Mauritius, Mosambiek, Namibië, die Seychelle, Suid-Afrika, Swaziland, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe, wat invoere vanaf lidlande toelaat om te kwalifiseer vir belastingvrye toegang tot ander lidlande |
| **Uitvoerbevordering** | Aansporings om die produksie van uitvoergoedere aan te moedig; dit vorm deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid |
| **Vryhandel** | As produsente en verbruikers vry is om goedere en dienste van enige plek ter wêreld aan te koop sonder enige inmenging van die regering |
| **Wêreld Handelsorganisasie (WHO)** | Die internasionale organisasie wat ingestel is om internasionale handel te monitor en te bevry |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 5.2 Uitvoerbevordering

## 5.2.1 Definisie

Uitvoerbevordering sluit in voorsiening van aansporings om plaaslike besighede aan te moedig om goedere vir uitvoer te produseer.

## 5.2.2 Redes vir uitvoerbevordering

Sommige van die redes vir uitvoerbevordering is:

- Die land behaal aansienlike uitvoergeleide ekonomiese groei.
- Uitvoerbevordering vergroot die land se produksiekapasiteit.
- Uitvoermarkte is baie groter as plaaslike markte.
- Meer werkers word in diens geneem.
- Dit lei tot 'n verlaging in pryse.

## 5.2.3 Metodes van uitvoerbevordering

Metodes om uitvoerbevordering te ondersteun, sluit in:

- **Aansporings**: Die regering verskaf inligting oor uitvoermarkte, navorsing oor nuwe markte, konsessies op vervoerkoste, uitvoerkrediet, ens. om uitvoere te stimuleer.
- **Subsidies**: Dit sluit direkte en indirekte subsidies in:
  - Direkte subsidies: Dit is kontantbetalings aan uitvoerders.
  - Indirekte subsidies: Dit behels terugbetaling van invoertariewe en algemene belastingkortings.
- **Handelsneutraliteit**: Subsidies wat gelyk is aan die waarde van invoertariewe word betaal. Neutraliteit kan deur handelsbevryding bereik word.

## 5.2.4 Voordele van uitvoerbevordering

Die voordele van uitvoerbevordering sluit in:

- Daar is geen beperkings op die grootte en skaal van die mark nie.
- Produksie word gebaseer op koste en doeltreffendheid.
- Daar is 'n toename in plaaslike produksie.
- Wisselkoerse is meer realisties.

## 5.2.5 Nadele van uitvoerbevordering

Die nadele van uitvoerbevordering sluit in:

- Die werklike produksiekoste word verlaag deur subsidies en aansporings.
- Die gebrek aan mededinging as gevolg van aansporings en subsidies verlaag pryse en dwing mededingers uit die mark uit.
- Uitvoerbevordering lei tot verhoogde tariewe en kwotas deur magtige oorsese mededingers.
- Dit lei tot die beskerming van arbeidsintensiewe nywerhede deur ontwikkelde lande.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 5.3 Invoervervanging

## 5.3.1 Definisie

Invoervervanging maak deel uit van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid. Dit vind plaas wanneer ingevoerde goedere met plaaslik vervaardigde goedere vervang word. Dit het 'n positiewe impak op die handelsbalans.

## 5.3.2 Redes vir invoervervanging

Redes vir invoervervanging sluit die volgende in:

- **Diversifikasie**: wanneer goedere wat voorheen ingevoer is, nou plaaslik vervaardig word, brei binnelandse vervaardiging uit en 'n ekonomie raak minder afhanklik van ander lande.
- **Nywerheidsontwikkeling word aangemoedig**: die ontwikkeling van nuwe nywerhede om goedere te produseer wat voorheen ingevoer is, kan belastinginkomste verhoog en werk skep.
- **Betalingsbalansprobleme**: as die tekort op die BB te hoog is, kan 'n vermindering in invoere help om dit reg te stel.
- **Handel**: Ontwikkelende lande se steun op natuurlike hulpbronne as 'n basis vir groei en ontwikkeling beperk hul vermoë om te groei. Indien hierdie hulpbronne gebruik word om goedere en dienste te produseer wat plaaslik gebruik of uitgevoer kan word, kan ekonomiese groei verhoog word.




## 5.3.3 Metodes van invoervervanging

Die regering skryf sekere maatreëls voor om die hoeveelheid invoere na 'n land te beperk en plaaslike nywerhede te ondersteun. Die volgende beperkende maatreëls word toegepas om die mark vir plaaslike vervaardigers te reserveer:

- **Tariewe**: Doeaneregte of invoerregte is belastings wat op ingevoerde goedere gehef word. Dit kan ad valorem (gegrond op waarde) of spesifiek tot sekere goedere wees. Pryse van ingevoerde goedere styg vir plaaslike verbruikers en hulle is geneig om die vraag na invoere te verskuif na plaaslik geproduseerde produkte (goedere).
- **Kwotas**: Beperkings word geplaas op die lewering van goedere en dienste. Aanbod verlaag en pryse styg. Buitelandse ondernemings word bevoordeel as die vraag na hul produkte hoog bly.
- **Subsidies**: Dit stel relatiewe hoë-koste plaaslike ondernemings in staat om meer doeltreffende buitelandse ondernemings in die plaaslike mark uit te sny.
- **Wisselkoersbeheer**: Die regering verminder invoere deur die hoeveelheid buitelandse valuta wat beskikbaar gestel word vir invoere, te verminder.
- **Fisiese beheer**: 'n Totale verbod of embargo word op die invoer van sekere goedere uit 'n bepaalde land geplaas.
- **Wegkeer van handel**: Monetêre deposito's, tydrowende doeaneprosedure en streng gehaltebeheer word ingestel om die invoer van goedere te bemoeilik.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

### 5.3.4 Voordele van invoervervanging

'n Paar voordele van invoervervanging is soos volg:

- **Stygende indiensneming**: Meer plaaslike werkers word in diens geneem. Dit stimuleer die ekonomie en die BBP styg.
- **Wyer keuse**: Beskikbare buitelandse valuta kan vir ander invoere gebruik word, wat verbruikers 'n wyer keuse bied.
- **Diversifikasie**: Deur meer goedere plaaslik te produseer, sal die verskeidenheid beskikbare goedere toeneem, en die land minder kwesbaar maak vir buitelandse optredes en toestande.

### 5.3.5 Nadele van invoervervanging

Nadele van invoervervanging vir die plaaslike ekonomie sluit die volgende in:

- **Kapitaal en entrepreneursvaardighede:** Dit word weggetrek van vergelykende voordeel af.
- **Tegnologie ontleen uit die buiteland:** Dit is nie noodwendig geskik vir plaaslike produksie nie.
- **Mededinging van sekere sektore daal:** Waar vergelykende voordeel bestaan.
- **Invoervervanging lei tot die vraag na beskerming**: Hierdie vraag kom van nywerhede wat die insette aan plaaslike nywerhede verskaf.

## 5.4 Beskerming

Baie ekonome staan beskerming voor, veral vir ontwikkelende lande. Baie ander ekonome dring daarop aan dat vryhandel die beste metode is om markte te reguleer. Regerings kies gewoonlik 'n mengsel van beskermings- en vryhandelbeleide wat geskik is vir die spesifieke toestande in hulle lande.

### 5.4.1 Definisie van beskerming

'n Handelsbeleid waardeur die staat die invoer van sekere goedere en dienste ontmoedig om plaaslike nywerhede teen ongelyke mededinging vanuit die buiteland te beskerm.

### 5.4.2 Argumente ten gunste van beskerming

- **Nywerheidsontwikkeling**: Sommige ontwikkelende lande is in 'n goeie posisie om sekere soorte nywerhede te ontwikkel. Vryhandel maak dit moeilik vir hierdie lande om met lande met gevestigde nywerhede mee te ding.
- **Jong nywerhede**: Nuutgestigte nywerhede, sukkel om te oorleef omdat hul gemiddelde produksiekoste aansienlik hoër is as dié van reeds gevestigde buitelandse mededingers.
- **Stabiele loonvlakke en hoër lewenstandaard**: 'n Land met 'n hoë loonstruktuur huldig die siening dat die lewenstandaard ondermyn sal word as goedkoop goedere vanaf lande met 'n lae loonstruktuur ingevoer word.
- **Die beskerming van werksgeleenthede**: As plaaslike nywerhede nie winsgewende markte kan vind nie weens goedkoper invoere, kan produksie daal wat weer tot groter werkloosheid sal lei.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

- **Ekonomiese selfonderhouding en strategiese sleutelnywerhede**: In tye van konflik is daar wrywing of isolasie tussen lande. Beskerming moet toegepas word, veral wat betref sleutelnywerhede, om die beskikbaarheid van hierdie sleutelprodukte te verseker.
- **Gevaar van storting**: Sekere lande verkoop hul surplus goedere in die buiteland goedkoper as wat dit hulle kos om die goedere te produseer. Plaaslike produsente kan nie meeding nie en kan genoodsaak word om hul fabrieke te sluit.
- **Stabiele wisselkoerse en betalingsbalans**: Handelaars koop op die goedkoopste markte en verkoop op die duurste markte. Lande voer primêre produkte uit en voer vervaardigde goedere in, wat 'n ontwrigte betalingsbalans en wisselkoers veroorsaak.
- **Beskerming van natuurlike hulpbronne.** Vryhandel kan natuurlike hulpbronne maklik uitput. Dit is daarom nodig om plaaslike nywerhede en inheemse kennisstelsels te beskerm sodat dit kan voortbestaan. Die Suid-Afrikaanse regering het stappe geneem om Rooibostee as natuurlike hulpbron te beskerm en inheemse kennis te bewaar wat toelaat dat die hoodia-plant vir medisinale doeleindes gebruik kan word.

# 5.5 Vryhandel

## 5.5.1 Definisie van vryhandel

Wanneer vervaardigers en verbruikers goedere en dienste enige plek ter wêreld kan koop sonder inmenging van die regering.

## 5.5.2 Argumente ten gunste van vryhandel

- **Spesialisasie:** Die vergelykende voordeelteorie toon dat wêrelduitset kan toeneem as lande spesialiseer in dit wat hulle die beste kan produseer. As elke land dit doen wat hy die beste doen, sal elkeen laer pryse en hoër produksievlakke geniet.
- **Skaalbesparings:** Vryhandel laat toe dat skaalbesparings vergroot word en derhalwe word eenheidskoste verlaag. Skaalbesparing is 'n bron van vergelykende voordeel.
- **Keuse:** Vryhandel bied verbruikers die keuse om enigiets ter wêreld te kan koop, nie slegs dit wat plaaslik geproduseer word nie. Die welvaart van verbruikers word sodoende verhoog aangesien minstens sommige verbruikers sal verkies om ingevoerde eerder as plaaslike goedere te koop.
- **Innoverings:** Vryhandel bevorder kompetisie en dit moedig innovering in goedere en prosesse aan.
- **Verbeter globale doeltreffendheid:** Met vryhandel word hulpbronne meer doeltreffend aangewend namate markte uitbrei omdat elke land in sy mees effektiewe produksie spesialiseer.
- Vryhandel lei tot **groter wêreldproduksie** van verhandelde goedere wat lei tot 'n styging in ekonomiese welsyn.
- Vryhandel lei tot **wedersydse voordeel** uit internasionale handel vir alle lande.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 5.6 'n Gewenste mengsel van beskerming en vryhandel

## 5.6.1 Invoervervanging en uitvoerbevordering

Die strategieë van invoervervanging en uitvoerbevordering moet nie as onafwendbare teenoorgesteldes beskou word nie. Baie lande het begin om hulle binnelandse nywerhede te beskerm en na aansienlike verloop van tyd uitvoergeoriënteerde beleide toe te pas. Invoervervanging lei bykans onvermydelik tot uitvoerbevordering.

## 5.6.2 Beskerming en vryhandel

Streeksvorming, in die vorm van handelsblokke, maak gebruik van vryhandel en beskerming. Lidlande streef vryhandel met mekaar na, maar pas handelsbeperkings buite hulle blok toe. (vryhandelgebied, bv. NAVHO en doeane-unies, bv. MERCOSUR)

## 5.6.3 Globalisering

Beperkende praktyke, of hulle verband hou met invoere of uitvoere, het dieselfde effek – hulle verlaag die potensiële volume van wêreldproduksie wat moontlik sou kon wees as volkome vryhandel bestaan het, en lande slegs die goedere waar hulle 'n vergelykende voordeel het, sou produseer. Om die vryhandeldoelwit na te streef, was 'n onafhanklike fasiliteerder nodig. Die WHO is so 'n fasiliteerder.

## 5.6.4 Ekonomiese integrasie

Sommige van die handelsprotokolle wat fokus op ekonomiese integrasie is:

- **Vryhandelgebiede (VHG's)** – Lidlande kom ooreen om alle tariewe af te skaf. Elke lidland mag steeds sy eie vlak van handelsbeskerming bepaal en handhaaf wat nie-lidlande betref.
- **Doeane-unies** – Lidlande kom ooreen om alle tariewe af te skaf. Maar al die lidlande van 'n doeane-unie bepaal en handhaaf dieselfde eksterne beperkings ten opsigte van nie-lidlande.
- **Gemeenskapsmarkte** – Dit is 'n vorm van ekonomiese integrasie wat aan al die vereistes van 'n doeane-unie voldoen, maar ook ruimte skep vir die vrye beweging van produksiefaktore tussen lidlande.
- **Ekonomiese unies** – Dit voldoen aan al die vereistes van 'n gemeenskapsmark, maar voer dit verder. Die gevolg is lidlande met een gesagsliggaam wat verantwoordelik is vir gesamentlike ekonomiese beleidvorming, een monetêre stelsel, een sentrale bank, 'n verenigde fiskale stelsel en 'n gemeenskaplike buitelandse ekonomiese beleid.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 5.7 Evaluering van Suid-Afrika se handelsbeleide

## 5.7.1 Uitvoerbevordering en invoervervanging

Suid-Afrika se uitvoerbevordering het so verloop:

### Uitvoerbevordering

- **1970's** – maatreëls soos kontantsubsidies, belastingkonsessies op uitvoeromset en wins, en spoorvragkonsessies is ingestel om koste vir vervaardigers van goedere met uitvoerpotensiaal te verlaag.
- **1980's** – sommige kwotas is afgeskaf en vervang met tariewe. Uitvoersubsidies is ingestel. 'n Lys van invoerders wat goedgekeur moes word, het die lys van invoere vervang wat nie goedkeuring nodig gehad het nie.
- **1985** – Toe die Amerikaanse banke nie invoerwaarborge wou verleng nie, het Suid-Afrika 'n skuldstilstand verklaar en eensydig betaling van buitelandse lenings herstruktureer. Die rand het substansieel gedepresieer en 'n bobelasting van 10% op invoere is ingestel. Dit het daartoe gelei dat die effektiewe beskermingskoers van 30% na 70% gestyg het.
- **1990's** – die Algemene Uitvoeraansporingskema (AUAS) is ingestel met die doel om produksie van waardetoegevoegde uitvoere aan te moedig. Vir die eerste keer was die amptelike beleidstandpunt een van uitvoer-georiënteerde industrialisasie.

Suid-Afrika se invoervervangingbeleid het so verloop:

### Invoervervanging

- **Tariefbeskerming** – in 1910 is die Cullinan-kommissie aangestel om die werkbaarheid van 'n binnelandse vervaardigingsnywerheid in Suid-Afrika te ondersoek. Tariewe is ingestel met die Doeanetariewewet van 1914 wat beskerming aan plaaslike vervaardigingsnywerhede gebied het. In 1925 is 'n nuwe wet gepromulgeer en die 'Suid-Afrika eerste'-veldtog is begin. Suid-Afrika het daarmee 'n amptelike eiewaarde-beleid tot stand gebring.
- **Die Tweede Wêreldoorlog** – Yskor (tans Arcelor Mittal) is in 1928 gevestig as 'n strategiese nywerheid, betyds om voordeel te trek uit die geleenthede wat die Tweede Wêreldoorlog gebied het. Die TWO het vervaardiging en nywerheidsontwikkeling oor die algemeen gestimuleer. Suid-Afrika was geïsoleer van baie invoermoontlikhede en moes dus baie produkte self produseer.
- **Uitvoergereed** – Ná die TWO is dit aanvaar dat invoervervanging die beste beleid is om ekonomiese groei te bevorder. Sasol het in 1955 tot stand gekom om olie uit steenkool te produseer. Van die middel- 1960's af het invoervervanging 'n gevorderde stadium bereik toe vervaardiging toenemend gefokus het op intermediêre en kapitale produksie. Binnelandse vraag was die hoofstimulus. Groot markte was egter 'n vereiste vir die goedere en uitvoere was


© Departement van Basiese Onderwys 2014

noodsaaklik. Suid-Afrika was gereed vir 'n uitvoerbevorderingsbeleid. Die nywerheidsektor se bydrae tot Suid-Afrika se BBP het van 5,8% in 1912 tot 31,1% in 1981 toegeneem. Invoervervanging was inderdaad suksesvol.

## 5.7.2 Beskerming en vryhandel

Die Doeane-unie-ooreenkomss van 1910 was die begin van die Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU). Dit is een van die wêreld se oudste doeane-unies. Die lede van SADU is: Suid-Afrika, Lesotho, Namibië, Botswana en Swaziland. Die Gemeenskaplike Monetêre Gebied (GMG) – wat bestaan uit Suid-Afrika, Lesotho en Swaziland – is in 1992 vervang deur die Multilaterale Monetêre Gebied (MMG) waarby Namibië ook aangesluit het. Verskeie protokolle is onderteken met die **Afrika-unie (AU)** en Suider-Afrikaanse lande, insluitend die **Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)** en die **Afrika Vryhandelsone (AVHS)**. Suid-Afrika het sedert 1944 ook beduidende vordering gemaak met versterking van bilaterale bande met sy hoofhandelsvennote en vryhandelgebiede (VHG's). Dit sluit in die EU, Asiatiese Vryhandelsgebied (AFTA), Asiatiese lande – in verskeie kombinasies – en BRICS.

## 5.7.3 Handelsliberalisering (bevryding)

Suid-Afrika se ekonomiese beleid met voorkeur vir uitvoere as 'n belangrike stimulant van ekonomiese groei is ná 1944 nog meer vasgelê. 'n Ooreenkoms is gefinaliseer met AOTH (WHO) in terme van watter handelsbevryding vanaf Januarie 1955 moet plaasvind. Suid-Afrika se voorstel aan die WHO het 'n vyfjaar-tariefverminderingsperiode ingesluit. Meer as 100 tariefkategorieë is verminder tot ses.

Suid-Afrika se gemiddelde tarief het van 11,7% in 1994 afgeneem na 5% in 2011.



# 6 Onderwerp

# Dinamika van volmaakte markte

'n **Volmaakte mark** word gekenmerk deur volmaakte mededinging. Die toestande wat lei tot volmaakte mededinging sluit in:

- Gelyke toegang tot die tegnologie nodig vir produksie
- Geen versperrings op toe- en uittrede tot die mark nie
- Akkurate en beskikbare markinligting
- Geen deelnemer het die mag om die markprys te beïnvloed (bepaal) nie
- Volgens die ewewigsteorie, sal 'n volmaakte mark ewewig bereik waar die aanbod na elke produk of diens gelyk is aan die vraag teen die huidige prys


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| **6.**<br>**Dinamika van markte: Volmaakte markte** | **Ondersoek die dinamika van volmaakte markte met behulp van koste- en inkomstekurwes.**<br><br>wenk<br>1. Hersien koste- en inkomstetabelle en -kurwes bestudeer in Graad 11.<br>2. Onderskei tussen korttermyn en langtermynverloop.<br><br>• **Volmaakte mededinging**<br>– **Omskrywing**<br>– **Kenmerke/toestande**<br><br>• **Individuele produsent en nywerheid**<br>– **Die vraagkurwe vir:**<br>  – Individuele onderneming<br>  – Die nywerheid<br>– **Winsmaksimering**<br>– **Afleiding van aanbodkurwe van kostekurwes**<br><br>• **Markstruktuur**<br>– **Definisie**<br>– **Kenmerke**<br>  – Aantal ondernemings<br>  – Aard van die produk<br>  – Marktoetrede<br>  – Beheer oor pryse<br>  – Inligting<br>  – Voorbeelde<br>  – Vraagkurwe<br>  – Ekonomiese wins<br>  – Samespanning<br>  – Toedelingsdoeltreffendheid<br>  – Tegniese doeltreffendheid<br><br>• **Uitset, wins, verliese en aanbod**<br>– **Individuele onderneming**<br>  – Korttermyn (ekonomiese wins, ekonomiese verlies, normale wins)<br>  – Langtermyn (normale wins)<br>  – Sluitingspunt<br>• **Die nywerheid**<br>– Korttermyn (ekonomiese wins, ekonomiese verlies, normale wins)<br>– Langtermyn (normale wins) | **H.O.T VRAAG: Bespreek in besonderhede hoe koste- en inkomstekurwes gebruik kan word om die dinamika (werking) van markte te illustreer en te verduidelik**<br><br>• Verduidelik die begrip<br>• Bespreek in besonderhede die kenmerke van 'n volmaakte mark<br>• Vergelyk in besonderhede die individuele onderneming met die nywerheid<br>• Die bespreking van 'n individuele onderneming en 'n nywerheid moet gepaard gaan met 'n ontleiding van tabelle en grafieke<br><br>**H.O.T VRAAG: Verduidelik hoekom die individuele mielie-, koring- of melkboer nie 'n invloed op die prys van hulle produkte in die mark het nie**<br><br>• Omskryf die begrip<br>• Vergelyk en kontrasteer die VIER breë tipes markstrukture<br><br>wenk<br>Namate die verskillende markstrukture in besonderhede bespreek word, sal al die kenmerke deurkom.<br><br>• Bespreek in besonderhede met behulp van grafieke die DRIE ekwilibriumposisies<br>• Verduidelik die sluitingspunt met behulp van 'n grafiek<br><br>wenk<br>Wanneer die verskillende ekwilibriumposisies geleer word, moet 'n skakeling tussen die individuele onderneming en die nywerheid gemaak word. |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | • **Mededingingsbeleid**<br>– **Omskrywing**<br>– **Doelwitte van die mededingingsbeleid**<br>– **Anti-monopoliebeleid**<br>– **Mededingingsbeleid, Wet 89 van 1998**<br>  – Mededingingskommissie<br>  – Mededingingstribunaal<br>  – Mededings-Appèlhof | **H.O.T VRAAG: Trek drie ten volle benoemde grafieke wat die moontlike ekwilibriumposisies van 'n onderneming in volmaakte marktoestande toon**<br><br>• Omskryf/verduidelik die beleid<br>• Bespreek kortliks/ontleed die doelwitte van die SA mededingsbeleid<br>• Ontleed kortliks die SA Anti-monopolie beleid<br>• Bespreek kortliks die Mededingingsbeleid-wet en die implikasies, vestig die aandag op die rolle van die sleutelinstellings<br>• Gee jou opinie van die suksesse/ mislukkings van die Mededingingsbeleid-wet<br><br>**H.O.T VRAAG: Na jou mening, vernietig of red die mededingingsbeleid ondernemings in Suid-Afrika?** |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 6.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.




| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Die Mededingings-Appèlhof** | 'n Instelling met die hooffunksies om bevele uitgereik deur die Mededingingstribunaal te hersien of te bekragtig. |
| **Die Mededingings-kommissie** | 'n Instelling wat ondersoek instel na beperkende besigheidspraktyke, misbruik van dominante posisies en samesmeltings om aandele in die Suid-Afrikaanse ekonomie te bekom. |
| **Die Mededingings-tribunaal** | 'n Instelling met die hooffunksie om groot samesmeltings goed te keur, wanoptredegevalle te bereg, en bevele uit te reik oor aanmeldings wat deur die Mededingingskommissie voorgelê word. |
| **Ekonomiese verlies** | Totale koste is meer as totale inkomste. Wanneer gemiddelde inkomste meer is as gemiddelde koste, maak die onderneming 'n ekonomiese verlies. |
| **Ekonomiese wins** | Wins wat addisioneel tot normale wins gemaak word. Wanneer gemiddelde inkomste hoër is as die gemiddelde koste, maak die onderneming ekonomiese wins. |
| **Eksplisiete koste** | Werklike besteding van 'n onderneming, bv. lone en rente |
| **Implisiete koste** | Waarde van insette besit deur die entrepreneur en gebruik in die produksieproses (huur, rente en salarisse prysgegee) |
| **Korttermyn** | Die produksietydperk waartydens slegs die veranderlike faktore kan verander terwyl minstens een vaste faktor in dié tydperk vas bly. |
| **Langtermyn** | Die produksietydperk waartydens alle faktore kan verander. Die tydperk is lank genoeg vir alle faktore om te kan verander. |
| **Mark** | 'n Instelling of meganisme wat kopers en verkopers van goedere en dienste byeenbring |
| **Markstruktuur** | Hoe 'n mark georganiseer is |
| **Monopolie** | Eksklusiewe beheer van 'n goed of diens in 'n sekere mark |
| **Monopolistiese mededinging** | 'n Markstruktuur waar ondernemings baie mededingers het, maar elkeen 'n effens verskillende produk verkoop (bv. CD's en boeke) |
| **Normale wins** | Die minimum verdienste benodig om te voorkom dat 'n entrepreneur die nywerheid verlaat. Wanneer gemiddelde inkomste gelyk is aan gemiddelde koste, maak die onderneming normale wins. |
| **Oligopolie** | 'n Markstruktuur beheer deur 'n klein groep ondernemings |
| **Prysnemer** | Het geen invloed op die prys nie. Aanvaar die prys wat deur die mark bepaal word. |
| **Sluitingspunt** | Die onderneming sal sluit wanneer MK= GVK |
| **Volmaakte mededinging** | 'n Markstruktuur met 'n groot aantal kopers en verkopers |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

> **NB**
>
> Dit is belangrik om hersiening te doen van produksie, koste en inkomste wat in Graad 11 bestudeer is. Dit is baie belangrik om die koste- en inkomstekurwes vir die verskillende markstrukture te kan verstaan wat jy in hierdie afdeling gaan bestudeer.

# 6.2 Oorsig van produksie, koste en inkomste

### Produksie vind oor die kort- en langtermyn plaas

- **Korttermyn**
  Die korttermyn is die produksietydperk waartydens slegs die veranderlike produksiefaktore kan verander. Die tydperk is te kort om 'n aanpassing van die aantal ondernemings in die nywerheid moontlik te maak.

- **Langtermyn**
  Die langtermyn is die produksietydperk waartydens al die faktore kan verander. Die tydperk is lank genoeg vir veranderlike en vaste faktore om te kan verander. Dit laat genoeg tyd toe vir nuwe ondernemings om by die nywerheid aan te sluit. en/of vir bestaande ondernemings om te onttrek.

| | | |
|---|---|---|
| **Totale produk/uitset** | Totale produk is die maksimum uitset wat die onderneming kan produseer met die gegewe veranderlike en vaste insette tot sy beskikking. | |
| **Marginale produk/uitset** | Marginale produk is die addisionele uitseteenheid wat geproduseer is as een meer eenheid van die veranderlike inset (arbeid) gekombineer word met die vaste inset. | **$MP = \frac{\Delta TP}{\Delta Q}$** |
| **Gemiddelde produk/uitset** | Gemiddelde produk van 'n veranderlike inset toon die bydrae wat elke arbeider tot produksie lewer. | **$AP = \frac{P}{Q}$** |
| **Konstante koste (indirete koste/oorhoofse koste)** | Koste wat dieselfde bly al verander die uitset. Voorbeelde is rente, waardevermindering, versekering. | |
| **Veranderlike koste (direkte koste/primêre koste)** | Koste wat verander na gelang van uitsetverandering. bv. lone, roumateriaalkoste, elektrisiteit, ens. | |
| **Totale koste** | Die koste/vergoeding vir al die produksiefaktore gebruik in die produksieproses. | **TK = VK + KK** |
| **Marginale koste** | Marginale koste is die waarde waarmee totale koste toeneem wanneer een eenheid meer geproduseer word. | **$MK = \frac{\Delta TK}{\Delta Q}$** |
| **Gemiddelde koste** | Gemiddelde koste is die koste per eenheid geproduseer. | **GK = GKK + GVK of $\frac{TK}{Q}$** |
| **Gemiddelde konstante koste** | Om gemiddelde konstante koste te bereken, word die vaste koste gedeel deur die hoeveelheid goedere geproduseer. | **$GKK = \frac{KK}{Q}$** |
| **Gemiddelde veranderlike koste** | Om gemiddelde veranderlike koste te bereken, word die veranderlike koste gedeel deur die hoeveelheid goedere geproduseer. | **$GVK = \frac{VeK}{Q}$** |
| **Totale inkomste** | Totale inkomste is die totale inkome ontvang van verkope van goedere en dienste. | **TI = P × Q** |
| **Marginale inkomste** | Marginale inkomste verwys na die bykomende inkomste wat die verkoop van een ekstra eenheid geproduseer oplewer. | **$MI = \frac{\Delta TI}{\Delta Q}$** |
| **Gemiddelde inkomste** | Gemiddelde inkomste verwys na die inkome wat 'n onderneming verdien op elke verkoopte eenheid. | **$GI = \frac{TI}{Q}$** |

*Tabel 6.1: Oorsig van produksie, koste en inkomste*



© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Koste-opsomming


| Kosteskedule van Kael se Pasteiwinkel | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| H | TKK | TVK | TOTALE KOSTE | GKK = $\frac{TKK}{Q}$ | GVK = $\frac{TVK}{Q}$ | (GTK = TKK + TVK) of $\frac{TK}{Q}$) | MK = $\frac{\Delta TK}{\Delta Q}$ |
| 0 | 120 | 0 | 120 | – | – | – | |
| 10 | 120 | 100 | 220 | 12 | 10 | 22 | 10 |
| 20 | 120 | 160 | 280 | 6 | 8 | 14 | 8 |
| 30 | 120 | 210 | 330 | 4 | 7 | 11 | 5 |
| 40 | 120 | 280 | 400 | 3 | 7 | 10 | 7 |
| 50 | 120 | 400 | 520 | 2,4 | 8 | 10,4 | 12 |
| 60 | 120 | 600 | 720 | 2 | 10 | 12 | 20 |
| 70 | 120 | 910 | 1030 | 1,7 | 13 | 14,7 | 29 |

*Tabel 6.2: Koste-opsomming*

Die volgende sketse behoort die vorm van die kostekurwes van hierbo te verbeeld.




*Figuur 6.1 a): Totale koste en veranderlike koste*




*Figuur 6.1 b): Marginale en gemiddelde veranderlike koste*

## Belangrike waarnemings

- Die verskil tussen die totale koste en veranderlike koste is die konstante koste.
- TVK-kurwe begin by 0 en TK begin by die konstante koste-kurwe op die Y-as.
- Die gaping tussen die GK-kurwe en die GVK-kurwe word kleiner namate uitset toeneem.
- Die MK-kurwe sal altyd die GK- en GVK-kurwes by die minimumpunte kruis.

# 6.3 Volmaakte mededinging

Volmaakte mededinging kom voor in 'n markstruktuur met 'n groot aantal deelnemers wat toegang het tot al die nodige inligting oor die mark, en almal is prysnemers. Pryse word deur vraag en aanbod bepaal. Voorbeelde van markstrukture wat meeste toestande van volmaakte mededinging toon, is die aandelebeurs, buitelandse valutamark, sentrale graanbeurs en landbouproduktemarkte.

'n Volmaakte mark is 'n mark waar 'n enkele koper of verkoper geen waarneembare invloed op die prys uitoefen nie. Dit is 'n ware uitbeelding van die skaarsheidwaarde van goedere en dienste.

## 6.3.1 Kenmerke/voorwaardes van 'n volmaakte mark

### Produkte moet homogeen (identies) wees

- Produkte moet identies wees. Daar moenie 'n verskil in styl, ontwerp en kwaliteit wees nie.
- Produkte ding dus suiwer op grond van prys mee en kan enige plek gekoop word.

### Daar moet 'n groot aantal kopers en verkopers wees

- Dit behoort nie moontlik te wees vir 'n enkele koper of verkoper om die prys te beïnvloed nie.
- As daar baie verkopers is, is die markaandeel van elke verkoper so klein dat die verkoper nie die prys kan beïnvloed nie.
- Verkopers is prysnemers, Hulle aanvaar die heersende markprys. As hulle pryse hoër as die markprys vra, sal hulle klandisie verloor.

### Geen voorkeurbehandeling of diskriminasie nie

- Samespanning kom voor wanneer kopers en verkopers ooreenkom om mededinging te beperk. Geen samespanning vind in 'n volmaakte mark plaas nie.
- Kopers en verkopers baseer hulle aktiwiteite suiwer op prys. Homogene produkte behaal dieselfde prys en daarom speel voorkeur geen rol om aan 'n spesifieke persoon te verkoop, of van 'n spesifieke persoon te koop nie.

### Vrye mededinging

- Kopers moet vry wees om wat hulle wil en soveel hulle wil van enige onderneming te koop.
- Verkopers moet vry wees om wat hulle aanbied, hoeveel en waar hulle wil te verkoop.
- Daar moet geen staatsinmenging en prysbeheer wees nie.
- Kopers moenie groepe vorm om laer pryse te beding nie, en verkopers moenie saamspan om hoër pryse af te dwing nie.

### Doeltreffende vervoer en kommunikasie

- Doeltreffende vervoer verseker dat produkte oral beskikbaar is.
- Sodoende sal vraag- en aanbodveranderinge in een markdeel die prys in die totale mark beïnvloed.
- Doeltreffende kommunikasie hou kopers en verkopers ingelig oor


© Departement van Basiese Onderwys 2014

marktoestande.

**Alle deelnemers moet absolute kennis van marktoestande hê**

- Alle kopers en verkopers moet ten volle bewus wees van wat in enige markdeel gebeur.
- Tegnologie het mededinging verskerp omdat inligting maklik via die internet bekom kan word.

**Vrye toegang tot en uittrede van markte**

- Produsente kan toetree tot of uit markte tree sonder veel inmenging.
- Toetreding tot en uittrede van ’n volmaakte mark is maklik omdat minder kapitaal nodig is en minder wetlike beperkings bestaan.

**Die produksiefaktore is volkome beweeglik**

- Hulle kan vryelik tussen markte beweeg.

In werklikheid is daar maar enkele volmaakte markte, hoewel in sommige sektore, soos mynbou (bv. goud) en landbou (bv. mielies) aan die voorwaardes voldoen word. Hierdie sektore illustreer die wyse waarop die markmeganisme werk.

# 6.4 Die individuele onderneming en die nywerheid





## 6.4.1 Bepaal die markprys

Om die markprys vir ’n onderneming onder volmaakte mededinging te bepaal, moet jy twee grafieke langs mekaar trek. Aan die linkerkant is die grafiek van die nywerheid en aan die regterkant die grafiek van die onderneming (individuele produsent).

- Figuur 6.2 a) (die onderneming) wys die interaksie van vraag en aanbod (markkragte)
- Die twee markkragte is in ewewig by die snypunt van die vraag en aanbodkurwes by “e”.
- Kyk na Figuur 6.2 b) (onderneming of individuele produsent). Een produsent sal dus nie die markprys beïnvloed nie en hy moet die markprys ($P_1$) aanvaar, hy is die prysnemer.
- Omdat dit die enigste prys is wat die produsent kan vra, is die vraagkurwe vir die produsent ’n reguit lyn wat by prys $P_1$ getrek word.
- Hierdie horisontale lyn by die markprys ($P_1$) is die vraagkurwe (VK), die gemiddelde inkomste (GI) en die marginale inkomste (MI) kurwes.

© Departement van Basiese Onderwys 2014




*Figuur 6.2 a): Nywerheid*

*Figuur 6.2 b): Individuele produsent*

## 6.4.2 Vraagkurwe vir 'n individuele produsent





Die indivudele produsent is 'n prysnemer en verkoop goedere teen die markprys. Teen dié prys bly die vraag konstant. 'n Hoër prys soos by $P_2$ kan nie gevra word nie omdat alle klante die produk elders sal kry. 'n Laer prys, soos by $P_3$, sal nie gevra word nie, want hy kan sy totale produksie teen makprys verkoop.

| Hoeveelheid | Prys (P) | Totale inkomste | Marginale Inkomste $MI = \frac{\Delta TI}{\Delta Q}$ | Gemiddelde Inkomste $GI = \frac{TI}{Q}$ |
|---|---|---|---|---|
| 0 | 5 | 0 | 5 | 5 |
| 1 | 5 | 5 | 5 | 5 |
| 2 | 5 | 10 | 5 | 5 |
| 3 | 5 | 15 | 5 | 5 |
| 4 | 5 | 20 | 5 | 5 |
| 5 | 5 | 25 | 5 | 5 |
| 6 | 5 | 30 | 5 | 5 |

*Tabel 6.3: Die VRAAG, MARGINALE INKOMSTE en GEMIDDELDE INKOMSTE vir 'n individuele produsent in 'n volmaakte mark*


© Departement van Basiese Onderwys 2014




*Figuur 6.3: Die vraagkurwe van die individuele produsent*


## 6.4.3 Winsmaksimering

### Kom voor op 2 maniere:

**1.**

| Hoeveelheid | Prys | Marginale Inkomste | Marginale Koste | Bydrae tot wins |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 5 | 5 | 2 | 3 |
| 2 | 5 | 5 | 3 | 2 |
| 3 | 5 | 5 | 4 | 1 |
| 4 | 5 | 5 | 5 | 0 |
| 5 | 5 | 5 | 6 | –1 |
| 6 | 5 | 5 | 7 | –2 |

*Tabel 6.4: Stel winsmaksimering voor*




*Figuur 6.4: Die marginale kostekurwe vir die individuele produsent*






© Departement van Basiese Onderwys 2014

- Die onderneming realiseer 'n wins by al die punte waar MI bo MK is. Van eenheid 1–3 realiseer die onderneming 'n wins.
- Die onderneming se wins neem af by al die punte waar MK bo MI is. Van eenheid 5–6 sal die onderneming se wins afneem.
- Die onderneming maksimeer wins waar MI = MK. Die onderneming maksimeer sy wins by eenheid 4.

**2.**





| Hoeveelheid | Prys | Totale Inkomste | Totale Koste | Wins (Verskil tussen inkomste en koste) |
|---|---|---|---|---|
| 0 | 5 | 0 | 1 | –1 |
| 1 | 5 | 5 | 3 | 2 |
| 2 | 5 | 10 | 6 | 4 |
| 3 | 5 | 15 | 10 | 5 |
| 4 | 5 | 20 | 15 | 5 |
| 5 | 5 | 25 | 21 | 4 |
| 6 | 5 | 30 | 28 | 2 |

*Tabel 6.5: Stel winsmaksimering voor*




- As TK > TI lei die onderneming 'n verlies. As TI > TK is, word wins gerealiseer.
- Maksimum wins word gerealiseer by eenheid 3 en 4.
- Wanneer die maksimum wins bereik is, begin die wins daal met uitset van elke opvolgende eenheid.
- Daarom sal die onderneming nie meer as 4 eenhede produseer nie.




*Figuur 6.5: Winsmaksimering*


© Departement van Basiese Onderwys 2014

**Interpretasie van grafiek:**
- By al die punte waar TI bo TK is, realiseer die onderneming 'n wins.
- By al die punte waar TK bo TI is, lei die onderneming 'n verlies.
- Die gaping tussen TI en TK verteenwoordig 'n wins.
- Maksimum wins is waar die gaping tussen TI en TK die grootste is. Dit is tussen 3 en 4 eenhede.

# 6.5 Markstrukture

Daar is VIER verskillende **markstrukture**:
- Volmaakte mededinging
- Monopolistiese mededinging
- Oligopolie
- Monopolie

Tabel 6.6 toon die 5 breë kenmerke wat die vier markstrukture onderskei:

Met bestudering van elke markstruktuur in detail, sal jy in staat wees om meer onderskeidende kenmerke te identifiseer.


| Kenmerk | Volmaakte mededinging | Monopolistiese mededinging | Oligopolie | Monopolie |
|---|---|---|---|---|
| **Aantal ondernemigs** | Genoeg sodat 'n enkel onderneming nie die markprys kan beïnvloed nie | 'n Baie groot aantal | So min dat elke onderneming die aksies van die ander in ag moet neem | Een onderneming |
| **Aard van produk** | Homogeen (dieselfde soort) | Gedifferensieerd, bv. koeldranke | Homogeen of gedifferensieerd | Unieke produk sonder enige soortgelyke plaasvervangers |
| **Marktoetrede** | Volkome vry | Vry | Van vry tot beperk | Geblokkeer |
| **Beheer oor prys** | Geen | Tot 'n mate | Aansienlik, maar minder as by die monopolie | Aansienlik |
| **Inligting** | Volledig | Onvolledig | Onvolledig | Volledig |
| **Voorbeelde** | Internasionale kommoditeitmarkte, bv. goud en olie | Kitskoswinkels | Petrol- en oliemarkte | Eskom |

*Tabel 6.6: Die kenmerke van verskillende markstrukture*

Die illustrasie hieronder toon die vier verskillende markstrukture:



*Volmaakte mededinging*



*Monopolistiese mededinging*



*Oligopolie*



*Monopolie*

*Figuur 6.6: Die vier verskillende markstrukture*

# 6.6 Uitset, wins, verliese en aanbod


## 6.6.1 Die individuele onderneming

## Korttermyn-ewewigsposisie

### 1. Ekonomiese wins




Wanneer Gemiddelde Inkomste meer is as Gemiddelde Koste realiseer die onderneming EKONOMIESE WINS.





*Figuur 6.7: Ekonomiese wins*

- Gegewe 'n markprys van $P_3$, word wins gemaksimeer waar MI = MK = $P_3$.
- Dit gebeur by 'n hoeveelheid van $Q_3$.
- By $P_3$ is die onderneming se gemiddelde inkomste (GI) per produksie-eenheid by $P_3$.
- Die gemiddelde eenheidskoste is $K_1$ wat laer is as die prys van $P_3$.
- Die onderneming realiseer 'n ekonomiese wins per produksie-eenheid van $P_3 – K_1$.

'n Ander verduideliking:
- Totale inkomste is gelyk aan $P_3 \times Q_3$, daarom word totale inkomste voorgestel deur die deel $0P_3E_3Q_3$.
- Totale koste is gelyk aan $K_1 \times Q_3$, voorgestel deur die deel $0K_1MQ_3$.
- Die verskil tussen die twee dele is die ekonomiese wins wat voorgestel word as die ligte grys getinte deel $K_1P_3E_3M$.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 2. Ekonomiese verliese




*Figuur 6.8: Ekonomiese verlies*




Wanneer Gemiddelde Inkomste minder is as Gemiddelde Koste lei die onderneming 'n EKONOMIESE VERLIES.

- Gegewe 'n markprys van $P_3$, word maksimum wins behaal waar MI = MK by punt $E_3$.
- Dit gebeur by 'n hoeveelheid $Q_3$.
- By $Q_3$ is die onderneming se gemiddelde inkomste (GI) per produksie-eenheid by $P_3$.
- Die gemiddelde koste per eenheid is $K_3$ wat meer is as die prys van $P_3$.
- Die onderneming lei 'n ekonomiese verlies per produksie-eenheid wat gelyk is aan die verskil tussen $K_3$ en $P_3$.

'n Ander verduideliking:
- Totale inkomste is gelyk aan $P_3 \times Q_3$, daarom word die totale inkomste voorgestel deur die deel $0P_3E_3Q_3$.
- Totale koste is gelyk aan $K_3 \times Q_3$, en word voorgestel deur die deel $0K_3MQ_3$.
- Die verskil tussen die twee dele is die ekonomiese verlies voorgestel deur die ligte grys getinte deel $K_3P_3E_3M$.
- Of die onderneming moet voortgaan met produksie, sal afhang van die GI-vlak (dit is $P_3$) relatief tot die onderneming se gemiddelde veranderlike koste.


## 3. Normale wins




Wanneer Gemiddelde Inkomste gelyk is aan Gemiddelde Koste realiseer 'n onderneming NORMALE WINS.

- 'n Firma realiseer normale wins wanneer die totale inkomste (TI) gelyk is aan totale koste of wanneer gemiddelde inkomste (GI) gelyk is aan gemiddelde koste (GK).
- Normale wins is die maksimum opbrengs wat die eienaar van die onderneming verwag om te kry om in staat te wees om voort te gaan met die onderneming.

© Departement van Basiese Onderwys 2014




*Figuur 6.9: Normale wins*

- Gegewe 'n markprys van $P_2$, word wins gemaksimeer waar MI = MK = $P_2$.
- Dit gebeur by 'n hoeveelheid van $Q_2$.
- By $Q_2$ is die onderneming se gemiddelde inkomste (GI) per produksie-eenheid $P_2$, wat ook gelyk is aan die gemiddelde koste per eenheid $K_2$ (GK).
- Omdat GI = GK, realiseer die onderneming 'n normale wins want al die koste word ten volle gedek.
- Punt $E_2$ word gewoonlik die gelykbreekpunt genoem.

**'n Ander verduideliking:**

- Totale inkomste is gelyk aan $P_2 \times Q_2$, soos voorgetel deur die deel $0P_2E_2Q_2$.
- Totale koste is gelyk aan $K_2 \times Q_2$, soos voorgestel deur die deel $0P_2E_2Q_2$.
- Omdat totale inkomste gelyk is aan totale koste realiseer die onderneming 'n normale wins.

NB

Die individuele onderneming kan ekonomiese wins, ekonomiese verlies of normale wins oor die korttermyn realiseer. Daar word gepraat van korttermyn-ewewigsposisies.

Die individuele onderneming sal altyd normale wins oor die langtermyn realiseer.

## 6.6.2 Die nywerheid


## Die langtermyn-ewewig vir die nywerheid en die individuele onderneming

### Die uitwerking van toetrede en uittrede op die ewewig van die onderneming en nywerheid


- Wins is die aansporing vir toetrede van nuwe ondernemings.
- Verliese is 'n teken dat besighede die mark moet verlaat.
- Die langtermyn-ewewig in die volmaakte mark sal beïnvloed word deur toetrede of uittrede van individuele ondernemings.

a) Toetrede tot die appelmark


© Departement van Basiese Onderwys 2014





Figuur 6.10a: Die nywerheid





Figuur 6.10b: Die onderneming

- Gestel individuele boere verdien 'n ekonomiese wins by $P_1$.
- Wanneer nuwe boere tot die mark toetree, sal meer appels aangebied word.
- Die markaanbodkurwe sal na regs skuif van $A_1A_1$ na $A_2A_2$.
- Die ewewigsprys sal daal van $P_1$ na $P_2$.
- Individuele boere sal dan normale wins realiseer. Daar is geen rede waarom nuwe boere tot die mark sal toetree nie. Die nywerheid is in ekwilibrium.




Figuur 6.11 a): Die nywerheid





Figuur 6.11 b): Die onderneming


- As individuele boere ekonomiese verliese lei, kan van die boere die nywerheid verlaat.
- As 'n paar boere uit die mark tree, sal minder appels aangebied word. Die markaanbodkurwe sal na links skuif van $A_1A_1$ tot $A_2A_2$.
- Die ewewigsprys sal toeneem van $P_1$ na $P_2$. Individuele boere sal dan 'n normale wins realiseer. Daar sal geen rede wees vir individuele boere om uit die mark te tree nie.
- Dus, in 'n volmaakte mark word langtermyn-ewewig bereik wanneer individuele ondernemings 'n normale wins realiseer.

**c)** Langtermyn ewewig – normale wins


© Departement van Basiese Onderwys 2014





Figuur 6.12 a): Die nywerheid




Figuur 6.12 b): Die onderneming

## 6.6.3 Die aanbodkurwe van 'n individuele onderneming

Die korttermyn-aanbodkurwe van 'n individuele produsent is dié deel van die marginale kostekurwe wat bo die minimum marginale veranderlike koste is. Dit begin vanaf die sluitingspunt opwaarts. Onder die sluitingspunt sal die onderneming nie enige goedere verkoop nie. 'n Onderneming sal goedere verkoop as die prys bo die sluitingsvlak is. Dit word in Figuur 6.13 hieronder geïllustreer.




Figuur 6.13: Die aanbodkurwe van 'n individuele onderneming


## 6.6.4 Sluitingspunt

'n Onderneming sal sluit as dit nie sy gemiddelde of totale veranderlike koste kan dek nie.

Die slotsom is dus:

| |
|---|
| **WERKLIKE SLUITING** moet slegs plaasvind as<br>• TI < TVK<br>• GI < GVK |


© Departement van Basiese Onderwys 2014




*Figuur 6.14: Die sluitingspunt*




- **Punt a:** 'n ondeneming sal nie hier produseer nie omdat GI < GVK
- **Punt b:** dit is die laagste prys wat die onderneming kan vra (sluitingspunt). Dit verteenwoordig die begin van die aanbodkurwe.
- **Punt c:** die onderneming lei 'n ekonomiese verlies omdat GI < GK. Die verlies is tot 'n minimum teruggebring want die onderneming produseer waar MI = MK.
- **Punt d:** die onderneming realiseer 'n normale wins (gelykbreek) omdat GI = GK.
- **Punt e:** die onderneming realiseer ekonomiese (super normale) wins omdat GI > GK.

# 6.7 Hoe om grafieke te teken om die verskeie ekwilibriumposisies te wys

Trek eers jou TWEE asse: **Prys** (**P**) op die vertikale as en **Hoeveelheid** (**Q**) op die horisontale as. Onthou, hulle ontmoet by die **oorsprong** (**0**). Neem kennis dat die benoeming van die asse nie dieselfde is vir alle grafieke nie.




Alles is belangrik – moet niks uitlaat nie! Elke stap tel punte. Benoem al die asse, kurwes en grafieke.

Om die verskillende ekwilibriumposisies te toon, moet die volgende volgorde nagekom word.

1. Trek die aanbodkurwe gevolg deur die marginale inkomstekurwe (In 'n volmaakte mark: A = MI = GI).
2. Trek dan die GK-kurwe.
3. Trek dan die MK-kurwe wat die GK-kurwe by die minimumpunt moet kruis.
4. Identifiseer die winsmaksimeringspunt. MK = MI.
5. Bepaal hoeveelheid (trek 'n lyn afwaarts van die winsmaksimeringspunt na die X-as)
6. Bepaal prys (verleng die lyn van die winsmaksimeringspunt opwaarts na die vraagkurwe) en verleng die lyn horisontaal tot die Y-as.
7. Vergelyk GI/prys na GK om wins of verlies te bepaal.

# 6.8 Mededingingsbeleide

## 6.8.1 Omskrywing

Mededinging verwys na vrye toetrede tot en uittrede van markte. Dit verseker dat markte nie deur sekere ondernemings oorheers word nie.

## 6.8.2 Doelwitte van mededingingsbeleid

- Om te voorkom dat monopolieë en ander sterk ondernemings hulle mag misbruik.
- Om die vorming van amalgamerings en ander oornames wat ekonomiese krag wil uitoefen, te reguleer.
- Om ondernemings te verhoed om beperkende praktyke te bedryf, soos prysvasstelling, markverdeling, ens.

## 6.8.3 Die Mededingingswet in Suid-Afrika

Die regering het die Mededingingswet in 1998 ingestel om mededinging in Suid-Afrika te bevorder ten einde die volgende doelwitte te behaal:

- bevorder die doeltreffendheid van die ekonomie (die primêre doelwit)
- voorsien verbruikers van mededingende pryse en 'n verskeidenheid produkte
- bevorder indiensneming
- moedig Suid-Afrika aan om in wêreldmarkte deel te neem en om buitelandse mededinging in Suid-Afrika te aanvaar
- maak dit vir KMMO's moontlik om aan die ekonomie deel te neem
- maak dit vir voorheen benadeeldes moontlik om eienaarskap van ondernemings te vergroot

## 6.8.4 Instellings

### Die Mededingingskommissie

Dit ondersoek beperkende besigheidspraktyke, misbruik van dominante posisies, en amalgamerings wat ten doel het om aandeelhouding in die Suid-Afrikaanse ekonomie te bekom.

### Die Mededingingstribunaal

Dit het jurisdiksie in die hele Suid-Afrika. Dit is 'n notulerende tribunaal en onafhanklik van ander mededingingsinstellings.

Die tribunaal se hooffunksies is om: uitsonderings toe te staan, groot amalgamasies te magtig of te verbied, enige wangedrag te beregtig, 'n kostebevel uit te reik op sake wat deur die Mededingingskommissie na die tribunaal verwys is.

### Die Mededinging-appèlhof

Dit het soortgelyke status as die Hooggeregshof. Dit het jurisdiksie in die


© Departement van Basiese Onderwys 2014


hele Suid-Afrika en is 'n notulerende hof.

Die hooffunksies is om bevindinge van die Mededingingstribunaal te hersien en dit te wysig of te bekragtig.



## Aktiwiteit 1

Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1. Omskryf die begrip "markstruktuur". (2)
2. Hoeveel verkopers sal jy in 'n monopoliemark aantref? (2)
3. In watter mark is alle deelnemers prysnemers? Motiveer jou antwoord. (4)
4. Verduidelik die vorm van die individuele vraag-kurwe onder volmaakte mededinging. (4)
5. Onder watter markstruktuur sal jy die volgende ondernemings plaas?
   - KFC
   - Eskom
   - Vodacom (6)
6. Verduidelik in jou eie woorde die boodskap onderliggend aan die sirkelgrafieke hierbo. (4)

**[22]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 1

**1.** Markstrukture verwys na hoe 'n mark georganiseer is. ✓✓ (2)

**2.** Een ✓✓ (2)

**3.** Volmaakte markte ✓✓ daar is te veel produsente en verbruikers dat een produsent die prys kan beïnvloed ✓✓ (4)

**4.** Horisontaal tot die hoeveelheid-as/volmaak elasties ✓✓✓✓ (4)

**5.** KFC: monopolistiese mededinging ✓✓ Eskom: monopolie ✓✓ Vodacom: oligopolie ✓✓ (6)

**6.** Onder volmaakte mededinging is daar baie verkopers en kopers. ✓ Onder monopolistiese mededinging is daar baie verkopers en 'n paar kopers. ✓ By 'n oligopolie is daar baie kopers, maar net 'n paar verkopers. ✓ Onder 'n monopolie is daar slegs een verkoper, maar baie kopers. ✓ (4)

**[22]**





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Onderwerp 7

# Dinamika van onvolmaakte markte

Daar is 'n aantal verskillende tipes **onvolmaakte markte**, bv. monopolieë, oligopolieë en monopolistiese mededinging. 'n **Onvolmaakte mark** word gekenmerk deur **onvolmaakte mededinging.** Sommige deelnemers geniet vroeë of eksklusiewe toegang tot inligting wat hulle in die mark bevoordeel ten koste van hul mededingers. Sekere deelnemers sal in staat wees om makliker toegang tot die mark te verkry as ander deelnemers, met ander woorde die vraag na en aanbod van produkte sal nie gelyk wees nie, en die byeenbring van kopers en verkopers sal nie onmiddellik geskied nie.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| **7.**<br>**Dinamika van markte: Onvolmaakte markte** | **Ondersoek die dinamika van onvolmaakte markte met behulp van die koste- en inkomstekurwes**<br><br>• **Die dinamika van onvolmaakte markte met behulp van koste- en inkomstekurwes**<br>  – **Inkomste**<br>    – Inkomsteskedule<br>    – Gemiddelde en marginale inkomstekurwes<br>  – **Koste**<br>    – Kosteskedule<br>    – Gemiddelde en Marginale kostekurwes<br><br>• **Monopolieë**<br>  – **Omskrywing/Definisie**<br>  – **Kenmerke**<br>  – **Inkomste**<br>    – Gemiddelde en Marginale inkomstekurwes<br>    – Wins en verlies oor die korttermyn<br>    – Langtermynekwilibrium<br>    – Vergelyking tussen ’n monopolie en ’n volmaakte mededinger (kurwes, hoër pryse, laer produksie, ekonomiese wins)<br><br>• **Oligopolieë**<br>  – **Omskrywing/Definisie**<br>  – **Kenmerke**<br>  – **Nie-prys mededinging**<br>  – **Samespanning**<br>    – Kartelle<br>    – Prysleierskap<br>  – **Pryse en produksievlakke**<br>  – **Geknikte vraagkurwe**<br><br>• **Monopolistiese mededinging**<br>  – **Omskrywing/Definisie**<br>  – **Algemene kenmerke**<br>  – **Nie-prys mededinging**<br>  – **Samespanning**<br>  – **Pryse en produksievlakke**<br>  – **’n Vergelyking met volmaakte mededinging** | • Bespreek kortliks die koste- en inkomstekurwes en grafieke<br>• Trek en interpreter grafieke<br>• Omskryf/verduidelik die begrip monopolie<br>• Ondersoek die kenmerke in besonderhede<br>• Onderskei tussen natuurlike en kunsmatige monopolieë<br>• Beklemtoon goeie praktiese voorbeelde van besighede in hierdie mark<br>• Verduidelik die afwaartse helling van die monopolis se vraagkurwe met behulp van ’n tabel/grafiek<br>• Bespreek kortliks met behulp van grafieke die kort- en langtermynposisies<br><br>**H.O.T VRAAG: Vergelyk ’n monopolie met ’n volmaakte mededinger in terme van prys, uitset en wins**<br><br>• Omskryf/verduidelik die begrip<br>• Ondersoek die kenmerke in besonderhede<br>• Beklemtoon goeie praktiese voorbeelde van besighede in hierdie mark<br>• Bespreek nie-prys mededinging kortliks<br>• Bespreek samespanning kortliks<br>• Onderskei tussen prysleierskap en kartelle as vorme van samespanning<br>• Gee ’n breë oorsig van pryse en produksievlakke<br>• Gee ’n breë oorsig van die rasionaal van die geknikte vraagkurwe<br>• Gebruik die grafiek en verduidelik kortliks die buig in die geknikte vraagkurwe<br><br>**H.O.T VRAAG: “Samespanning is ’n strafbare oortreding in Suid-Afrika”. Ontleed hierdie fenomeen**<br><br>• Omskryf/verduidelik die begrip<br>• Ondersoek die kenmerke in besonderhede<br>• Beklemtoon goeie praktiese voorbeelde van besighede in hierdie mark<br>• Vergelyk ’n monopolie met monopolistiese mededinging<br>• Vergelyk kortliks monopolistiese mededinging met oligopolistiese mededinging<br>• Bespreek kortliks produkdifferensiasie in hierdie mark<br>• Bespreek kortliks nie-prys mededinging in hierdie mark<br><br>**H.O.T VRAAG: Vergelyk monopolistiese mededinging met volmaakte mededinging** |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 7.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.




| Term | Omskrywing |
|---|---|
| **Kartel** | ’n Groep produsente wie se doelwit is om ’n kollektiewe monopolie te vorm ten einde pryse vas te stel, en aanbod en mededinging te beperk |
| **Kunsmatige monopolie** | Die verhinderings om toe te tree, is nie ekonomies van aard nie, maar spruit uit ander faktore. Byvoorbeeld, ’n patent – dit is die wettige reg van ’n patenthouer om die produk eksklusief te produseer |
| **Monopolie** | ’n Markstruktuur waar slegs een verkoper (produsent) sake doen. Toegang is geblokkeer en die produk het nie soortgelyke plaasvervangers nie |
| **Monopolistiese mededinging** | ’n Markstruktuur met baie kopers en verkopers en waartoe toetrede redelik maklik is, maar die produk is gedifferensieerd, bv. tandepasta |
| **Natuurlike monopolie** | Hoë ontwikkelingskoste verhinder ander toegang tot die mark. ’n Enkel onderneming kan die hele mark teen ’n laer prys diens weens skaalbesparing wat groot is, bv. water en elektrisiteit |
| **Nie-homogenies** | Vervaardig verskillende weergawes van hulle produkte ten einde dit vir ander ondernemings moeilik te maak om die spesifieke produk na te maak |
| **Oligopolie** | ’n Markstruktuur waar slegs ’n paar verkopers sake doen. Toetrede is moeilik en produkte kan gedifferesieerd of gestandardiseer wees |
| **Onvolmaakte mark** | Wanneer die markprys nie die skaarsheid (gebrek) van die produk suiwer weerspieël nie |
| **Prysleierskap** | ’n Situasie waar een onderneming die prys vasstel en die ander dit as die markprys aanvaar |
| **Samespanning** | ’n Ooreenkoms tussen ondernemings met die doel om mededinging tussen hulle te beperk deur pryse vas te stel |
| **Wettige monopolie** | Monopolie wat deur wetgewing ander ondernemings verhoed om mee te ding |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 7.2 Monopolieë

’n Monopolie bestaan wanneer slegs een verkoper die mark oorheers en daar nie ’n soortgelyke plaasvervanger bestaan nie.

## 7.2.1 Kenmerke van monopolieë

- Daar is slegs **een verkoper**.
- **Toegang word versper.** Dit is as gevolg van patente en ander vorms van intellektuele eiendom, beheer oor hulpbronne, regeringsregulasies en afnemende koste.
- Die monopolis word beskou as ’n **prysmaker** omdat dit in staat is om die markprys te beïnvloed deur die hoeveelheid bekikbaar aan die mark te verander.
- Daar is **nie soortgelyke plaasvervangers nie**. Die produk kan nie maklik vervang word nie. Verbruikers het geen keuse oor die prys en kwaliteit van die produk nie.
- **Daar is nie mededinging nie.** Een onderneming in die mark kontroleer die aanbod van goedere en dienste.
- **Produkte is gedifferensieerd en uniek.** Monopolieë vervaardig verskeie produkte wat nie maklik deur ander ondernemings nagemaak kan word nie.
- **Groot bedrae aanvangskapitaal word benodig.** Groot nywerhede, soos Eskom en SASOL, benodig miljoene aan aanvangskapitaal.
- **Monopolieë het wetlike oorwegings.** Nuwe uitvindings word deur patentregte beskerm. Dienste, soos die Poskantoor, word deur wetgewing beskerm en ander ondernemings word verbied om tot die mark toe te tree.
- Dit is ook vir die monopolis moontlik om oor die langtermyn ’n **ekonomiese wins** te realiseer. Dit is omdat daar nie mededinging van nuwe toetreders is nie weens die versperrings wat toetrede verhoed.

### Monopolieë kan geklassifiseer word as twee hoofgroepe weens die bestaande versperrings

**Natuurlike monopolieë:** Hoë ontwikkelingskoste verhoed ander om tot die mark toe te tree en daarom voorsien die regering die produk. Elektrisiteit, byvoorbeeld, word in Suid-Afrika voorsien deur die regeringsonderneming Eskom. Dit kos miljarde rande om kragstasies te bou en te onderhou en daarom is daar nie ander voorsieners nie.

**Kunsmatige monopolieë:** Die versperrings wat toetrede verhoed, is nie ekonomies van aard nie. ’n Voorbeeld van ’n versperring is ’n patent. ’n Patent bied ’n wettige en eksklusiewe reg om ’n produk te vervaardig, bv. Denel-landstelsels vervaardig Casspirs.

## 7.2.2 Die vraagkurwe van die monopolis

- In volmaakte mededinging ervaar die individuele onderneming ’n horisontale vraagkurwe, waar V = MI = GI, omdat dit ’n prysnemer is.
- In teenstelling ervaar die monopolis ’n **normale markvraagkurwe** wat **afwaarts neig van links na regs**. Hier is **V = GI.**
- Dit is ook die mark (of nywerheid) se vraagkurwe omdat die monopolis verantwoordelik is vir die algehele uitset in die nywerheid.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 7.2.3 Die marginale inkomste-kurwe van die monopolis


- Aangesien 'n monopolis se kurwe afwaarts neig, is die **marginale inkomstekurwe en die vraagkurwe nie dieselfde**, soos in die geval van 'n individuele onderneming in volmaakte mededinging nie.
- In volmaakte mededinging is die individuele onderneming 'n prysnemer en kan enige hoeveelheid teen die markprys verkoop, en het daarom 'n horisontale vraagkurwe, wat ook die marginale inkomstekurwe is.
- Die vraagkurwe vir 'n monopolis, wat afwaarts neig, impliseer dat as hy sy verkope met een addisionele eenheid wil verhoog, hy die produkprys moet verlaag.
- Die laer prys is van toepassing op al sy kopers. Sy marginale inkomste – die waarde waarmee totale inkomste verhoog as een addisionele eenheid verkoop word – sal daarom minder wees as die prys.
- Dus is die marginale inkomstekurwe en die vraagkurwe nie dieselfde kurwe nie. Die marginale inkomstekurwe sal laer wees as die vraagkurwe.

## Aktiwiteit 1

Gebruik die onderstaande tabel van 'n tipiese monopolis en trek die inkomstekurwes op dieselfde assestelsel. Neem kennis van die posisie van die marginale inkomstekurwe ten opsigte van die vraagkurwe.

| Prys | Hoeveelheid | Totale inkomste | Gemiddelde inkomste | Marginale inkomste |
|---|---|---|---|---|
| – | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 100 | 1 | 100 | 100 | 100 |
| 90 | 2 | 180 | 90 | 80 |
| 80 | 3 | 240 | 80 | 60 |
| 70 | 4 | 280 | 70 | 40 |
| 60 | 5 | 300 | 60 | 20 |
| 50 | 6 | 300 | 50 | 0 |
| 40 | 7 | 280 | 40 | –20 |
| 30 | 8 | 240 | 30 | –40 |

## Antwoord op Aktiwiteit 1






© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 7.3 Uitsetwins en -verlies

## 7.3.1 Inkomste




*Figuur 7.1 Marginale inkomste-kurwes van die monopolis*


- Die **vraagkurwe** van 'n monopolis is die markvraagkurwe en dit neig afwaarts van links na regs (VV/GI). Sien die boonste grafiek in **Figuur 7.1.**
- Enige punt op die kurwe dui op die **hoeveelheid** van die produk wat verkoop gaan word en die **prys** waarteen die transaksie sal plaasvind.
- Enige prys-hoeveelheid kombinasie op die vraagkurwe is ook die gemiddelde inkomste-kurwe (GI).
- Die gemiddelde inkomste vir elke produk word bereken deur die totale inkomste deur die hoeveelheid te deel = die prys. Sien die onderste grafiek in **Figuur 7.1** (links).
- Die **marginale inkomste- (MI)** kurwe loop onder die **vraagkurwe** (GI) – dit sny altyd die horisontale as op 'n punt halfpad tussen die oorsprong en die snypunt van die vraagkurwe (GI).
- Die monopolis sal poog om **die prys bo die middelpunt van die vraagkurwe vas te stel** omdat sy totale inkomste slegs dan sal styg. Sien **Figuur 7.1**. Let op dat die totale inkomste by $Q_1$ 'n hoogtepunt bereik. $Q_1$ sny die vraagkurwe van die boonste grafiek bo die middelpunt van die kurwe.

## 7.3.2 Ekonomiese wins oor die korttermyn



### Stap 1: Trek die twee asse

Trek eerstens die TWEE asse: Prys (vertikaal) en Hoeveelheid (horisontaal) – onthou, hulle ontmoet by die oorsprong (0). Alle stappe tel punte – moet dus niks uitlaat nie. Gaan nou na stap 2.





*Figuur 7.2*



### Stap 2:

Die twee inkomste-kurwes begin op die prys-as en beweeg afwaarts om die **hoeveelheid**-as te ontmoet. Trek nou hierdie asse. Beweeg aan na stap 3.




*Figuur 7.3*


**wenk** Dit is maklik om 'n grafiek te trek – JY MOET NET WEET HOE. Al doende leer 'n mens.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Stap 3:

Die MK-kurwe sny die GK-kurwe by die **minimumpunt van die GK**-kurwe.




*Figuur 7.4*


## Stap 4:

Die belangrikste punt op die grafiek is waar **MK = MI** (kyk waar die kolletjie ● is). By hierdie punt: ewewig/maksimum wins/optimum produksiepunt bereik (alles dieselfde punt).

## Stap 5:

Hierdie **kolletjie** word opwaarts en afwaarts verleng. Die **koste** kom voor waar dit die GK-kurwe sny, en die markprys kom voor waar dit die GI-kurwe (vraagkurwe) sny. Onthou, 'n monopolie bepaal die prys.





*Figuur 7.5*


© Departement van Basiese Onderwys 2014

Die grafiek hieronder toon die ekonomiese wins gemaak deur 'n monopolie:




*Figuur 7.6: Die ekonomiese wins gemaak deur 'n monopolie*





- Die kostestruktuur van die monopolie is dieselfde as dié van mededingende ondernemings.
- Bepaal die punt waar MK = MI, die punt waar die produksiekoste van die laaste eenheid geproduseer gelyk is aan die inkomste wat daarmee verdien word (punt e) – winsmaksimerende produksiehoeveelheid van $Q_1$ op die horisontale as.
- Om die verkoopprys van $Q_1$ te bereken, beweeg vertikaal opwaarts van e na L op die vraagkurwe. Die markprys word dus vasgestel by P.
- Totale inkomste is groter as die korttermyn totale koste. Die monopolis maak 'n wins (toegeskryf aan die vraag en die koste van produksie).

## 7.3.3 Ekonomiese verlies oor die korttermyn

Wanneer ons die grafiek vir ekonomiese verlies trek, bly die grafiek dieselfde, BEHALWE dat die GK-kurwe na regs bo beweeg en die GI-(vraag-) kurwe totaal mis (sien **Figuur 7.7**).

> **Onthou:** Om die grafiek vir ekonomiese verlies te trek, vind jy die markprys (OP) waar die gebroke lyn GI sny. Verleng hierdie lyn verder om die GK-kurwe te sny. Hierdie punt dui jou koste (OC) aan.

Die **totale inkome** = Prys (OP) × Hoeveelheid (OQ) = die area OPNQ
Die **totale koste** = Koste (OC) × Hoeveelheid (OQ) = die area OCLQ.
**Ekonomiese verlies = inkome – koste**




*Figuur 7.7: Die ekonomiese verlies van die monopolie*





© Departement van Basiese Onderwys 2014

Leer die volgende DRIE punte as 'n beskrywing van die ekonomiese verlies van 'n monopolie:

- Die monopolie ly korttermyn verliese as die GK-kurwe bo die vraagkurwe (VV) lê.
- Ewewig word bereik waar MI = MK ('n verlies-minimaliseringsituasie).
- Die monopolie sal 'n hoeveelheid Q produseer en teen prys P verkoop. Die totale koste is die area OCLQ; die totale inkomste is die area OPNQ. Die verlies sal die gearseerde area wees (die area PCLN).




## 7.3.4 Vergelyking van 'n monopolie en 'n volmaakte mark

| Monopolie | Volmaakte mark |
|---|---|
| 1. Afwaartsneigende VV-kurwe MI-kurwe lê onder die vraagkurwe | Horisontale VV-kurwe MI-kurwe dieselfde as die VV-kurwe |
| 2. Prysmaker | Prysnemer |
| 3. Individuele onderneming is die nywerheid | Individuele ondernemings saam is die nywerheid |
| 4. Verbruiker koop minder as verkoopprys hoog is (en omgekeerd) | Onderneming kan nie prys kies nie, en verloor as dit teen 'n ander prys verkoop |
| 5. Monopolis produseer 'n laer uitset teen hoër pryse en produseer sodoende onvoldoende hoeveelhede. Produseer nie by die minimumpunt op die LGK-kurwe nie | Groter uitset en laer pryse. Produseer ekonomies genoegsame hoeveelhede. Produseer by die laagste punt op die GK-kurwe |
| 6. Produsent- en verbruikersurplusse is kleiner | Surplusse groter |
| 7. Produkte gedifferensieerd – uniek – geen soortgelyke plaasvervangers | Produkte is homogeen |
| 8. Langtermyn: kan ekonomiese wins realiseer | Slegs normale wins oor die langtermyn |

# 7.4 Oligopolieë

'n Oligopolie bestaan wanneer 'n klein aantal groot ondernemings in staat is om die aanbod van 'n produk of diens aan die mark te beïnvloed. 'n Oligopolie se doelwit is om hoë pryse en winste te handhaaf deur die aanbod van goedere en dienste op die mark te kontroleer. Oliemaatskappye is een van die beste voorbeelde van 'n oligopolie. 'n Besondere tipe van dié markvorm is 'n duopolie – 'n nywerheid met slegs twee produsente.


## 7.4.1 Kenmerke van oligopolieë

- **Beperkte mededinging**. Slegs 'n paar produsente vervaardig dieselfde produk.

- Produkte kan **homogeen** of **gedifferensieerd** wees.
- Die mark word gekenmerk deur **wedersydse afhanklikheid.** 'n Besluit van een maatskappy sal die ander beïnvloed, en kan self beïnvloed word deur ander maatskappye se besluite.
- Oligopolieë kan **hulle pryse dikwels verander** ten einde hulle markaandeel te vergroot. Dit kan egter in 'n prysoorlog ontaard.
- Oligopolieë maak op groot skaal gebruik van **nie-prys maatreëls** om markaandeel te vergroot, bv. advertensies, doeltreffende diens, of produkdifferensiasie.
- Produsente **beheer in 'n groot mate die prys** van hulle produkte, hoewel nie tot so 'n mate soos in 'n monopolie nie.
- As oligopolieë soos kartelle optree, het ondernemings 'n absolute kostevoordeel oor die res van die mededingers in die nywerheid. **Abnormale hoë wins** kan die gevolg wees van gesamentlike besluitneming in 'n oligopolie.
- **Toetrede** tot 'n oligopolistiese mark is nie maklik nie weens handelsmerklojaliteit en groot kapitale investering wat nodig is.

## 7.4.2 Geknikte vraagkurwe vir die oligopolis

- 'n Teorie wat deur 'n Amerikaanse ekonoom, Paul Sweezy, ontwikkel is, kan gebruik word om 'n oligopolie se vraagkurwe te bepaal.
- 'n Oligopolis kom te staan teen 'n geknikte vraagkurwe. Die vraagkurwe bestaan uit twee dele.
- Die boonste deel, die deel wat verband hou met hoë pryse, is 'n baie elastiese helling (vraag is baie sensitief vir prysveranderinge).
- Die onderste deel, die deel wat verband hou met laer pryse, is baie onelasties (vraag is nie sensitief vir prysveranderinge nie).
- Beskou die grafiek hieronder om die vraagkurwe te verstaan.




*Figuur 7.8: Die geknikte vraagkurwe vir die oligopolis*

- Veronderstel die oligopolis verkoop teen die oorspronklike/huidige prys van R10 en 9 uitseteenhede word verkoop. Die totale inkomste is R10 × 9 = R90.
- As die onderneming wins probeer verhoog deur die prys met R2 te verhoog na R12, verlaag die hoeveelheid gevra na 2 eenhede en die totale inkomste is R24 (R12 × 2).
- As die onderneming wins probeer verhoog deur die prys te verlaag


© Departement van Basiese Onderwys 2014

met R2 van R10 na R8 om sodoende verkope te verhoog, sal die totale inkomste R80 wees.
- Die oligopolis is in ’n moeilike besluitnemingsituasie omdat daar nie voordeel in enige van die twee voorgaande situasies is nie.
- Verhoging van goedere se pryse, of ’n prysverlaging sal nie lei tot ’n toename in wins nie.

## 7.4.3 Nie-prys mededinging

- Ondernemings in ’n oligopolie is huiwerig om pryse te verander omdat ’n prysoorlog prysverlaging tot gevolg sal hê en wins uitgewis sal word.
- Hulle gebruik nie-prys maatreëls om klandisie te lok en hulle markaandeel te vergroot.
- ’n Belangrike aspek van nie-prys mededinging is **om handelsmerklojaliteit, produkherkenning en produkdifferensiasie te bevorder**.
- Dit word deur middel van advertensies en bemarking gedoen. Oligopolieë bestee gevolglik ’n aansienlike bedrag daaraan.

Ander vorme van nie-prys mededinging sluit in:
- verlengde inkopie- en handelsure
- dryf handel per internet
- na-ure dienste
- bied bykomende dienste aan
- lojaliteitbeloning vir klandisie
- deur-tot-deur aflewering

Voorbeelde van ondernemings wat gebruik maak van tipes nie-prys strategieë is dié in die brandstofbedryf, soos Shell, BP en Caltex en in die bankwese, soos ABSA, FNB, ens.

## 7.4.4 Samespanning

Samespanning vind plaas wanneer mededingende ondernemings saamwerk deur pryse te verhoog en produksie te verminder ten einde wins te maksimeer. Wanneer mededingende ondernemings formeel ooreenkom om saam te span, word dit ’n **kartel** genoem. ’n Kartel is ’n groep produsente wat ’n kollektiewe monopolie vorm met die doelwit om pryse vas te stel en aanbod en mededingende te beperk.

Oor die algemeen is kartelle ekonomies onstabiel omdat dit aanloklik is vir lede om nie by die ooreenkoms te hou nie deur pryse in stryd met die ooreenkoms te verlaag, en meer as die kwota bepaal deur die kartel te verkoop. Hoewel daar ’n aansporing is om saam te span, is daar ook ’n aansporing om mee te ding. Dit het daartoe gelei dat baie kartelle oor die langtermyn onsuksesvol was. Sommige welbekende kartelle is die Organisasie van Petroleumuitvoerlande (OPUL) en De Beers Diamante in Suid-Afrika.

**Waarneembare/formele samespanning**, bv. kartelle, is gewoonlik per wetgewing verbode in meeste lande. Hulle bly nogtans nasionaal en internasionaal voortbestaan.

’n Dominante onderneming in ’n oligopolie sal soms die prys van ’n produk verhoog in die hoop dat sy mededingers dit sal sien as ’n teken om dieselfde te doen. Dit staan bekend as **prysleierskap** en dit is ’n voorbeeld van **stilswyende samespanning**.

© Departement van Basiese Onderwys 2014




# 7.5 Monopolistiese mededinging

## 7.5.1 Kenmerke van monopolistiese mededinging

- Die **produkte is gedifferensieerd**. Produkte lyk dieselfde, maar is nie identies nie. Hulle is soortgelyk daarin dat hulle dieselfde behoefte van die verbruiker bevredig. Die verpakking kan verskil, maar die produk is dieselfde, bv. suiker en sout.
- Gedifferensieerde produkte skep moontlikhede vir **nie-prys mededinging**, bv. advertensies.
- Monopolistiese mededinging toon 'n **hibriede struktuur**. Dit is 'n kombinasie van mededinging en 'n monopolie.
- Daar is **baie verkopers.** Dit dui 'n element van mededinging aan.
- **Toetrede** tot die mark is **maklik.**
- Ondernemings het **min beheer oor die prys van 'n produk**. Elke onderneming verkoop teen sy eie prys, aangesien 'n vaste prys vir die gedifferensieerde produk nie bepaal kan word nie. 'n Reeks pryse kan van toepassing wees.
- **Inligting** vir kopers en verkopers is **onvolledig**.
- **Samespanning** in monopolistiese mededinging is **nie moontlik nie**.
- Restaurante, loodgieters, prokureurs, versekeringsmakelaars, haarkappers, begrafnisondernemers en eiendomsagente is almal voorbeelde van monopolistiese mededingers.

## 7.5.2 Nie-prys mededinging

- Gedifferensieerde produkte skep geleenthede vir **nie-prys mededinging**, omdat mededinging nie op prys gebaseer is nie, maar op faktore wat verband hou met die uniekheid van die produk.
- Advertensieveldtogte en verdere produkdifferensiasie is kragtige vorms van nie-prys mededinging.
- Hoe groter die produkdifferensiasie is, hoe minder prys elasties is die vraag vir die produk.
- Groot bedrae geld word bestee aan navorsing, ontwikkeling en reklame om 'n lojale ondersteunersgroep te bou.
- **Handelsmerke** speel dus 'n belangrike rol in klandisie-lojaliteit as 'n verbruiker een produsent bo 'n ander kan verkies. Groot kettingwinkels, soos Checkers, Spar, ens. het hulle eie handelsmerke vir sommige produkte. Meeste van die produkte is presies dieselfde as dié van bekende handelsmerke.

# 7.5.3 Pryse en produksievlakke oor die kort- en langtermyn

- Die vraagkurwe van 'n monopolistiese mededinger is dieselfde as dié van 'n monopolis.
- Korttermyn ewewig (ekonomiese wins en verlies) kom ooreen met 'n monopolie, maar die vraagkurwe is meer prys elasties (vlakker) weens goeie plaasvervangers.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

- Langtermyn ewewig word gekenmerk deur normale wins, weens die maklike toetrede tot en uittrede van die mark (soortgelyk aan 'n volmaakte mark). Ekonomiese wins gerealiseer oor die korttermyn lok meer ondernemings om tot die mark toe te tree.

### 7.5.4 Vergelyking van monopolistiese mededinging met volmaakte mededinging

- Albei ondernemings realiseer normale wins oor die lang termyn. Daarom is daar nie 'n verskil oor die lang termyn tussen die volmaakte mark en die monopolistiese mark wat wins betref nie.
- Prysekwilibrium is hoër as in die volmaakte mark. Die verbruiker betaal dus minder in die volmaakte mark en meer in die monopolistiese mark.
- Die monopolistiese mededinger produseer nie by die minimum van die LGK nie, terwyl die volmaakte mark mededinger dit wel doen. Hy is minder doeltreffend.
- Die volmaakte mark mededinger produseer meer teen 'n laer prys, terwyl die monopolistiese mededinger minder produseer teen 'n hoër prys.

## 7.6 Opsomming van markstrukture

| | Onderneming | Volmaakte mededinging | Monopolistiese mededinging | Oligopolie | Monopolie |
|---|---|---|---|---|---|
| A | Aantal ondernemings | Baie | Groot aantal | Baie min | Een |
| B | Marktoetrede | Volkome vry/ onbeperk | Vry/onbeperk | Vry, maar nie maklik nie. Wissel van vry tot beperk. | Beperk of heeltemal geblokkeer |
| C | Aard van die produk | Homogeen/identies | Gedifferensieerd | Homogeen/ gedifferensieerd | Uniek (met geen plaasvervanger) |
| D | Vraagkurwe | Horisontaal – onderneming prysnemer | Afwaartse helling, maar relatief elasties | Afwaartse helling<br>Geknikte<br>(relatief onelasties en elasties) | Afwaartse helling<br>(ONELASTIES).<br>Gelyk aan die markvraagkurwe |
| E | Markinligting (kennis van marktoestande) | Volmaakte kennis d.w.s. volledig | Onvolledig | Onvolledig | Volmaakte kennis d.w.s. volledig |
| F | Beheer oor markprys | Geen beheer. Prysnemer | Beperk/mate van beheer | Taamlike beheer, maar nie prysbepalers | Volledige beheer, prysbepaler |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| G | Wins/verlies | Kort termyn = ekonomiese wins/ verlies<br>Lang termyn = Normale wins | Korttermyn = ekonomiese wins/ verlies<br>Lang termyn = Normale wins | Ekonomiese wins oor langtermyn | Ekonomiese wins oor kort- en langtermyn |
| H | Besluitneming | Besluit het geen invloed op ander | Beïnvloed deur ander mededingers | Beïnvloed deur ander mededingers | Onafhanklik |
| G | Voorbeelde | Varsprodukte | Restaurante | Petrol, olie | Water & elektrisiteit-voorsiening (Eskom) |
| | Samespanning | Nie moontlik nie | Nie moontlik nie | Moontlik | Nie relevant nie |
| J | Tegniese doeltreffendheid | Ja | Naby | Moontlik | Moontlik |
| K | Toedelings-doeltreffendheid | Ja | Naby | Nee | Nee |

## Aktiwiteit 2

Voltooi die volgende tabel deur die ontbrekende inligting in te vul:

| Kenmerke | Volmaakte mark | Monopolistiese mededinging | Oligopolie | Monopolie |
|---|---|---|---|---|
| | So baie mededingers dat 'n enkele onderneming nie die markprys kan beïnvloed nie | | So min mededingers dat elke onderneming die optrede van die ander in ag neem | |
| **Marktoetrede** | Volkome vry | Vry | | |
| | | | Neig afwaarts | |
| **Langtermyn ekonomiese wins** | | | Positief | |
| **Verkoper se markkrag** | | | | |
| **Beheer oor die prys** | | 'n Mate van beheer | | Aansienlik meer as die oligopolie |
| **Voorbeelde** | | Kitskoswinkels | | Eskom |

**[20]**


© Departement van Basiese Onderwys 2014


## Antwoorde op Aktiwiteit 2

| Kenmerke | Volmaakte mark | Monopolistiese mededinging | Oligopolie | Monopolie |
|---|---|---|---|---|
| **Aantal ondernemings✓** | So baie mededingers dat 'n enkele onderneming nie die markprys kan beïnvloed nie | **'n Baie groot aantal** | So min mededingers dat elke onderneming die optrede van die ander in ag moet neem | **Een onderneming✓** |
| **Marktoetrede** | Volkome vry | Vry | **Vry tot geblokkeer✓** | **Geblokkeer✓** |
| **Vraagkurwe✓** | **Neig afwaarts van links na regs✓** | **Neig afwaarts✓** | Neig afwaarts | **Neig afwaarts = markvraag-kurwe✓** |
| **Langtermyn ekonomiese wins** | **Normale wins✓** | **Normale wins✓** | Positief | **Positief✓** |
| **Verkoper se markkrag** | **Geen (prysnemer)✓** | **'n Mate van✓** | **Aansienlik✓** | **Groot (prysbepaler)✓** |
| **Beheer oor die prys** | Geen✓ | 'n Mate van beheer | **Aansienlik✓** | Aansienlik meer as die oligopolie |
| **Voorbeelde** | Goud en ru-olie✓ | Kitskoswinkels | **Petrol en ru-olie✓** | Eskom |

**[20]**

## Aktiwiteit 3

Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg:




1. Omskryf die term "onvolmaakte mark". (2)
2. Motiveer hoekom die bostaande grafiek 'n korttermynewewig aandui. (4)
3. Watter punt op die grafiek dui winsmaksimering aan? (2)
4. Bereken die ekonomiese wins. (6)

**[14]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 3

**1.** 'n Onvolmaakte mark kom voor waar die markprys nie 'n ware weerspieëling van die skaarsheid van die produk is nie.✓✓ (2)

**2.** Die onderneming produseer waar KMK = MI en is dus in ekwilibrium op die kort termyn.✓✓✓✓ (4)

Die helling van die kurwes dui op die korttermyn.✓✓

**3.** d waar MI = MK✓✓ (2)

**4.**

| | | |
|---|---|---|
| Inkome | = Prys (15) × Hoeveelheid (100)✓ | |
| | = R1 500✓✓ | |
| Koste | = Koste (10) × Hoeveelheid (100)✓✓ | |
| | = R1 000✓ | |
| Ekonomiese wins | = Inkome (R1 500) – Koste (R1 000) | |
| | = R500✓✓ | (6) |

**[14]**





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Onderwerp 8

# Die redes vir en gevolge van markmislukkings

Markte kan om verskeie reders misluk. Die redes vir, en gevolge van **markmislukking** word in hierdie onderwerp verduidelik.

# Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| **8.**<br>**Dinamika van markte: Markmislukkings** | **Verduidelik die redes vir en gevolge van markmislukkings met betrekking tot die koste-voordeelanalise** | |
| | • **Die oorsake van markmislukkings**<br>– **Eksternaliteite**<br>  – Privaat koste<br>  – Privaat voordele<br>  – Maatskaplike koste<br>  – Maatskaplike voordele<br>– **Markte wat gemis word**<br>  – Gemeenskaplike goedere<br>  – Kollektiewe goedere<br>  – Openbare goedere<br>  – Meriete en nie-meriete goedere<br>– **Onvolmaakte mededinging**<br>– **Gebrek aan inligting**<br>  – Verbruikers<br>  – Werkers<br>  – Entrepreneurs<br>– **Onbeweeglikheid van produksiefaktore**<br>  – Arbeid<br>  – Fisiese kapitaal<br>  – Tegnologiese verandering<br>– **Onvolmaakte verspreiding van inkomste en welvaart** | • Bespreek die oorsake van markmislukkings in besonderhede<br><br>**H.O.T VRAAG: Trek 'n volledig benoemde grafiek om die basiese elemente van die begrip "eksternaliteite" te illustreer**<br><br>**H.O.T VRAAG: Hoekom produseer owerhede self goedere en dienste?**<br><br>wenk: Dit is belangrik om te verduidelik hoe die oorsake verband hou met markmislukking. |
| | • **Gevolge van markmislukkings**<br>– **(Verwys na die "Pareto"-doeltreffendheid)**<br>  – Produktiewe ondoeltreffendheid<br>  – Toewysingsondoeltreffendheid<br>– **Eksternaliteite**<br>  – Negatiewe eksternaliteite<br>  – Positiewe eksternaliteite | • Bespreek die gevolge van markmislukking in besonderhede<br>• Illustreer produktiewe en toedelingsondoeltreffendheid met behulp van 'n produksiemoontlikheidskurwe (verwys na die "Pareto"-doeltreffendheid)<br><br>**H.O.T VRAAG: Trek twee grafieke om negatiewe en positiewe elemente van die begrip "eksternaliteite" te demonstreer** |
| | – **Regeringsinmenging**<br>– **Reëls en regulasies**<br>  – Direkte beheer<br>  – Onvolmaakte markte<br>  – Minimum lone<br>  – Maksimum pryse<br>  – Minimum pryse | • Illustreer met behulp van grafieke |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | – **Belastings en Subsidies**<br>– Die prysmeganisme<br>– Subsidies vir goedere en dienste<br>– Herverdeling van welvaart<br>– **Owerheidsbetrokkenheid by produksie**<br><br>• **Koste-voordeelanalise**<br>– **Omskrywing/Definisie**<br>– **Redes vir 'n KVO**<br>– **Toepassings/voorbeelde in Suid-Afrika** | • Omskryf/verduidelik die begrip<br>• Bespreek die rasionaal/redes kortliks<br>• Beklemtoon goeie praktiese voorbeelde<br>• Pas dit toe met grafiese of numeriese illustrasie<br><br>**H.O.T VRAAG: Bied 'n praktiese voorbeeld aan vir die gebruik van 'n KVO** |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 8.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.

| BEGRIP | OMSKRYWING |
|---|---|
| **Eksternaliteite** | Koste of voordele vir derde partye wat nie in die markprys van goedere ingesluit is nie. |
| **Koste-voordeelanalise** | ’n Regeringsanalise van ’n projek wat die koste en voordele van ’n projek oorweeg om te bepaal of dit uitgevoer moet word. |
| **Maatskaplike koste** | Die koste van ’n goed of diens wat deur die gemeenskap betaal word. Dit word bereken deur die privaat koste en die eksterne koste bymekaar te tel, bv. die lugbesoedeling wat motors veroorsaak, sal mense se gesondheidskoste affekteer. |
| **Maatskaplike voordeel** | Die voordeel wat die gemeenskap verkry van die gebruik van ’n goed of diens, bv. belastingbetalers betaal vir padinstandhouding en die gemeenskap baat by minder ongelukke. Dit word bereken deur die eksterne voordeel by die privaat voordeel te tel. |
| **Maksimum prys/ Prysplafon** | ’n Prys vasgestel onder die ekwilibriumprys/markprys sodat goedere bekostigbaar kan wees. |
| **Markmislukking** | Wanneer die vraag- en aanbodkragte nie daarin slaag om hulpbronne doeltreffend toe te deel nie. |
| **Meriete goedere** | Goedere wat so voordelig is vir die samelewing dat elke individu dit kan verbruik ongeaginkomste, bv. gesondheidsorg, onderwys. |
| **Minimum loon** | ’n Minimum loon vasgestel deur die regering. Geen werkgewer mag sy werknemers minder as dit betaal nie. Dit is vasgestel bokant die ekwilibrium loonkoers. |
| **Minimum prys/ Vloerprys** | ’n Prys vasgestel bo die ekwilibriumprys/markprys sodat produsente ’n regverdige wins kan realiseer. |
| **Negatiewe eksternaliteite** | Die koste van ’n derde party wat nie by die markprys ingesluit is nie. Dit is ’n verskil tussen maatskaplike en privaat koste, bv. die skadelike effek van ’n produk, soos besoedeling. |
| **Nie-mededingende goedere** | Goedere wat deur een persoon verbruik word, sal nie die verbruik van ’n ander persoon verminder nie, bv. straatligte. |
| **Nie-meriete goedere** | Goedere wat sosiaal gesien skadelik is, bv. sigarette, dobbel. |
| **Nie-uitsluitbare goedere** | Goedere waarby individue kan baat selfs al betaal hulle nie daarvoor nie, bv. televisie of polisiemag. |
| **Openbare werke program** | ’n Regeringsinisiatief gemik op verligting van armoede deur tydelike werkskepping in infrastruktuur en ander areas. |
| **Positiewe eksternaliteite** | Die voordeel verkry deur ’n derde party wat nie in die markprys ingesluit is nie. |
| **Privaat koste** | Die werklike prys wat die verbruiker betaal wanneer ’n produk gekoop word, bv. R150 000 vir ’n motor. |
| **Privaat voordeel** | Die voordeel wat ’n verbruiker ontvang van die gebruik van die goed, of die voordeel wat ’n produsent ontvang met die verkoop van die goed, bv. die verbruiker ervaar die genot om die motor te bestuur. |
| **Produktiewe/tegniese ondoeltreffendheid** | Wanneer hulpbronne nie behoorlik gebruik word om die optimale aantal goedere teen die laagste pryse en beste kwaliteit te produseer nie. |
| **Produsentsubsidies** | ’n Kontanttoelaag wat ’n produsent ontvang om produksiekoste te verlaag en sodoende meer goedere teen ’n laer prys te produseer. |
| **SABS – Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde** | ’n Instelling wat die kwaliteit van goedere in Suid-Afrika monitor. |
| **Swartmark** | ’n Onwettige mark waar onwettige goedere gekoop en verkoop word, of onwettige pryse gevra word. |
| **“Pareto” doeltreffendheid** | Kom voor wanneer hulpbronne nie heraangepas kan word om een verbruiker te bevoordeel sonder om ’n ander te benadeel nie. Daar is geen geleentheidskoste nie. |
| **Verdelingsondoel-treffendheid** | Wanneer hulpbronne nie in die regte mate en die produkmengsel nie na die smaak van verbruikers is nie. Dit is moontlik om hulpbronne so te herverdeel dat een persoon beter daaraan toe is, terwyl ’n ander nie slegter daaraan toe is nie. |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 8.2 Die redes vir markmislukking

Daar is baie redes vir **markmislukking**. Dit sluit in:

## 8.2.1 Eksternaliteite




**Eksternaliteite** is kostes wat nie by die prys van goedere/dienste ingesluit is nie en gevolglik is daar 'n verskil tussen maatskaplike koste/voordele, en privaat koste/voordele.

- **Privaat koste**: die koste om goed of diens te produseer wat omsit in die prys wat verbruikers betaal. Ook interne koste genoem.
- **Privaat voordele**: Interne voordele vir diegene wat goedere produseer en koop, bv. produksie van 'n fiets (vir die produsent) en gebruik van die fiets (vir die verbruiker).
- **Maatskaplike koste**: Dit is koste vir dié wat die produk skep en vir die gemeenskap in sy totaliteit. Byvoorbeeld, die maatskaplike koste van elektrisiteit sluit die koste van kapitaal, arbeid en insette, die koste van die eksternaliteite soos vuil water en lug in. Maatskaplike koste = privaat koste + eksterne koste.
- **Maatskaplike voordele** is voordele vir dié wat die produk skep en die gemeenskap in sy totaliteit. Byvoorbeeld, munisipaliteite verskaf skoon water aan die gemeenskap. Dit lei weer tot minder siektes. Maatskaplike voordele = Privaat voordele + eksterne voordele.

Negatiewe eksternaliteite is dinge soos besoedeling, tabakrook en alkoholmisbruik. Die koste van negatiewe eksternaliteite word deur die gemeenskap betaal, nie deur die produsente nie. Bv. Stuyvesant produseer sigarette en baie siektes word met rook verbind. Die behandeling van hierdie siektes word deur die gemeenskap betaal.




Positiewe eksternaliteite is die positiewe effekte van produkte vir derde partye waarvoor nie betaal word nie.

Negatiewe eksternaliteite word dikwels oorgeproduseer terwyl positiewe eksternaliteite ondergeproduseer is. Dit lei tot markmislukking.

## 8.2.2 Markte wat gemis word

Markte is onvolledig omdat hulle nie aan die vraag vir sekere goedere kan voldoen nie.

Openbare goedere (gemeenskap en kollektiewe goedere) is hoog in aanvraag, maar nie voorsien deur die mark nie omdat die wins daarop te laag en die hoë kapitaalkoste om dit te produseer, te hoog is. Omdat privaat produsente nie die goedere kan terughou weens wanbetaling nie, is hulle onwillig om die goedere te voorsien. Die openbare sektor (staat) voorsien dus hierdie goedere en dienste.

### Openbare goedere

Dit sluit gemeenskaplike en kollektiewe goedere in en het twee eienskappe:

- **Nie-mededingend**: Verbruik deur een persoon verminder nie die verbruik deur 'n ander individu nie, bv. 'n ligtoring.
- **Nie-uitsluitbaarheid**: Verbruik kan nie beperk word tot diegene wat daarvoor betaal het nie (parasiete kan dit ook gebruik), bv. radio en televisie.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

Daarby

- **Maatskaplike voordele oorskry privaat voordele**: bv. gesondheidsorg en onderwys.
- **Nie-weiering**: Individue kan hulle nie weerhou van verbruik nie, bv. straatbeligting.
- **Oneindige verbruik**: Bv. verkeersligte.

### Gemeenskaplike goedere

Dit is goedere soos verdediging, polisiedienste, gevangenisdienste, straatbeligting, vloedwaterbeheer, stormwaterdreinering en ligtorings.

### Kollektiewe goedere

Dit is goedere soos parke, strandfasiliteite en strate. Markte is onvolledig en kan nie die vraag na alle goedere bevredig nie. Die openbare sektor (staat) voorsien gemeenskaplike goedere, wat bestaan uit:

### Meriete en nie-meriete goedere




- **Meriete goedere**: Dit is hoog in aanvraag vir die algemene welvaart, maar nie hoog gewaardeer deur die mark nie, bv. gesondheidsorg, onderwys en veiligheid. As mense die markprys daarvoor moes betaal, sou weinig verbruik word. Die mark misluk omdat die mark minder as die vraag produseer.
- **Nie-meriete goedere**: Hierdie is goedere wat oorverbruik word, bv. sigarette, alkohol en dwelms. Dus word meer geproduseer as wat sosiaal aanvaarbaar is. Die regering verbied of verminder verbruik van hierdie produkte deur belasting, en verskaf inligting aan die bevolking oor die nadelige effekte daarvan.

## 8.2.3 Onvolmaakte mededinging

- Mededinging in mark-ekonomieë word beperk deur die mag van sekere produsente met hoofsaaklik onvolmaakte mededinging, om te **voorkom** dat nuwe ondernemings tot die mark toetree.
- Toetrede word versper deur advertensies, tekort aan kapitaal en beheer van hulpbronne.
- Die **onvolmaakte mark** laat nie prysonderhandelinge toe nie.
- Advertensies word gebruik om produsente se soewereiniteit (dominansie) te bevorder, wat verbruikers aanmoedig om bestaande produkte te koop. Dit stel produsente in staat om die bekendstelling van nuwe produkte aan die mark uit te stel in hul eie belang (bv. ondernemings het jare gelede al die tegnologie gehad om lang-lewe gloeilampe te produseer, maar het verkies om dit nie op die mark beskikbaar te stel nie).

## 8.2.4 Gebrek aan inligting

Verbruikers, werkers en entrepreneurs beskik nie oor die nodige inligting om rasionele besluite te neem nie. Die gevolg is dat hulpbronne nie doeltreffend aangewend word nie.

- **Verbruikers**: Om hul voordele te maksimeer, het verbruikers


© Departement van Basiese Onderwys 2014

inligting oor goedere en dienste nodig. Hoewel tegnologie dit aan die verbruiker bied, het tegnologie vanselfsprekend nie volmaakte inligting nie.

- **Werkers**: Is dikwels onbewus van werksgeleenthede.
- **Entrepreneurs**: 'n Gebrek aan inligting rakende koste, beskikbaarheid en produktiwiteit van produksiefaktore beïnvloed hul doeltreffendheid.

## 8.2.5 Onbeweeglikheid van produksiefaktore

- Arbeid neem tyd om van een area na 'n ander te beweeg.
- Die aanbod van geskoolde arbeid kan nie verhoog word nie weens die tyd benodig om geleer of opgelei te word.
- Fisiese kapitaal, soos fabrieksgeboue, of infrastruktuur, soos telefoonlyne, kan nie maklik verplaas word nie.
- Strukturele veranderinge, soos om van produksie van plastieksakke na papiersakke, of om van arbeidsintensiewe produksie na gerekenariseerde produksie om te skakel, vereis 'n aanpassing in werknemervaardighede, indiensneming en werkpatrone. Dit neem tyd om te verander.

## 8.2.6 Onvolmaakte verspreiding van inkomste en welvaart

- **Inkomsteverspreiding**: Die markstelsel staan neutraal tot kwessies van inkomsteverspreiding.
- **Diskriminasie**: Verwring die inkomste van vroue en minderheidsgroepe, gestremdes en mense wat gebuk gaan onder siekte en onbevoegdheid.
- Die mark produseer goedere en dienste slegs vir diegene wat dit kan bekostig.
- Dit lei daartoe dat sommige mense te veel goedere het en ander te min goedere het.
- Die verskil in inkomste ontstaan omdat daar 'n verskil in markkrag, ongelyke onderwysgeleenthede, diskriminasie en oorerwing is.



# 8.3 Gevolge/resultate van markmislukkings

NB

Leer hierdie vier gevolge van markmislukking.


## 8.2.1 Ondoeltreffendhede

Twee tipes ondoeltreffendhede is moontlik:

**1.** Produktiewe ondoeltreffendheid/Tegniese ondoeltreffendheid
Wanneer hulpbronne nie behoorlik aangewend word om die maksimum aantal produkte teen die laagste koste en beste kwaliteit te produseer nie.

**2.** Toewysingsondoeltreffendheid
Toewysondoeltreffendheid beteken dat die hoeveelheid en tipe goedere en dienste nie die verbruiker se behoefte bevredig nie.




*Figuur 8.1 Ondoeltreffendhede kan geïllustreer word met 'n produksie-moontlikheidskurwe*

- Die produksie-moontlikheidskurwe (AA) hierbo toon 'n kombinasie van goedere wat geproduseer kan word met gebruik van al die beskikbare hulpbronne.
- Enige punt op die kurwe toon 'n kombinasie van goedere waar hulpbronne doeltreffend aangewend sal word.
- Dus dui elke punt op die kurwe produktiewe/tegniese doeltreffendheid aan.
- Die Afsydigheidskurwe ($I_1$) toon 'n kombinasie van twee goedere wat die verbruiker dieselfde bevredigingsvlak gee. As produksie egter plaasvind by punt B op die kurwe, maar die vraag na die produk lê by punt C, kom ondoeltreffende toewysing voor waar die behoefte van die verbruiker nie bevredig word nie.
- Verder, enige punt op die kurwe na links soos by D, dui aan dat sommige hulpbronne nie gebruik word nie. As dit voorkom, beteken dit dat sommige verbruikers van goedere ontneem word. Dit illustreer produktiewe en ondoeltreffende toewysing.



© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 8.3.2 Eksternaliteite (oorspoel-effekte)

### Negatiewe eksternaliteite

Negatiewe eksternaliteite dra 'n privaat koste (die koste om die werklike produk te produseer) en 'n maatskaplike koste (koste vir die gemeenskap).

As die maatskaplike koste vir 'n goed by die privaat koste van die goed getel word, sal die finale prys verhoog en minder goedere sal geproduseer word. Dit word in Figuur 8.2 hieronder uitgebeeld.




*Figuur 8.2 Negatiewe eksternaliteite*

Uit die grafiek blyk dit dat:


- Die vraag na die sigarette word verteenwoordig deur VV.
- Die aanbod van die produk, wat ook die marginale privaat koste (MPK) van die nywerheid is, word verteenwoordig deur AA.
- As gevolg van die besoedeling is die marginale maatskaplike koste (MMK) groter as MPK.
- As die mark sy eie gang gaan, sal 'n hoeveelheid Q by prys P geproduseer word.
- Dit is 'n maatskaplike ondoeltreffende oplossing.
- Maatskaplike doeltreffendheid vereis dat MMK gelyk moet wees aan die produkprys.
- Dit gebeur by $P_1$ en hoeveelheid $Q_1$.
- Dus word minder goedere geproduseer teen 'n hoër prys.
- Die geskakeerde deel verteenwoordig die negatiewe eksternaliteit (welvaartsverlies) vir die gemeenskap.

Die staat gebruik drie metodes om negatiewe eksternaliteite te verminder:

- Die staat voer **veldtogte** om mense te oorreed om nie negatiewe eksternaliteite te veroorsaak nie.
- **Belastingheffings** op goedere wat negatiewe eksternaliteite veroorsaak, bv. belastings op sigarette en alkohol.
- **Invoer van wette en regulasies** om aktiwiteite te voorkom wat negatiewe eksternaliteite kan veroorsaak, bv. tabakmaatskappy word nie toegelaat om te adverteer nie. Wette reguleer besoedelingsvlakke en afval.

## Positiewe eksternaliteite

As mense die maatskaplike voordeel van 'n goed besef, sal hulle meer daarvan wil hê. Die prys van die goed sal daarom verhoog. Dit word in Figuur 8.3 hieronder geïllustreer.




*Figuur 8.3 Positiewe eksternaliteite*

Uit die grafiek blyk dat:

- Die aanbod van onderwys, wat ook die marginale maatskaplike koste is, word verteenwoordig deur AA.
- Die vraag na skoolonderwys, wat ook die marginale privaat voordeel (MPV) van die nywerheid is, word verteenwoordig deur VV. Die skoolgeldkoste is P en die hoeveelheid gevra en voorsien is Q.
- As die skoolgeld P is, sal meeste leerders dit nie kan bekostig nie.
- Die vraagkurwe $V_1V_1$ verteenwoordig ook die marginale maatskaplike voordeel (MMV), dit is, die vlak van onderwys wat vereis moet word.
- As gevolg van die voordeel van onderwys, is (MMV) groter as (MPV).
- As die mark sy eie gang gaan, sal hoeveelheid Q geproduseer word by prys P.
- Daar sal maatskaplike ondoeltreffendheid in die mark wees omdat nie genoeg onderwys voorsien word nie.
- As die maatskaplike voordele besef word, sal hoeveelheid $Q_1$ teen die prys $P_1$ geproduseer word.
- Meer onderwys sal voorsien word en dit sal lei tot maatskaplike doeltreffendheid.
- Die geskakeerde deel toon die positiwe eksternaliteit (welvaartvoordeel) vir die gemeenskap.

Die staat moedig positiewe eksternaliteite aan:

- Adverteer oor die radio en op televisie.
- Voorsien onderwys, gesondheidsorg en ander dienste gratis of teen 'n lae koste.
- Voorsien verbruikersubsidies.
- Verbruikersubsidies verlaag die koste van 'n produk en moedig gebruik daarvan aan.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 8.3.3 Staatsinmenging

## Reëls en regulasies

### a) Direkte beheer

Die staat kan wette instel of die bestaande wetlike raamwerk gebruik om ondernemings te beheer wat negatiewe eksternaliteite genereer.


### b) Onvolmaakte markte

Ondernemings in 'n onvolmaakte mark voorsien 'n beperkte hoeveelheid goedere en dienste teen baie hoë pryse.

Die staat voorkom buitensporige hoë pryse wat ondernemings vra deur mededingingswetgewing, verseker vrye toegang tot die mark, voorkom skadelike samespanning en moedig buitelandse mededinging aan. Dit help om goedere se pryse laag te hou.

### c) Vasstelling van minimum lone

- Wanneer die staat 'n minimum loon afdwing, beteken dit dat werkers 'n sekere loonbedrag betaal moet word en niks minder as dit nie.
- Figuur 8.4 hieronder toon dat as die loonkoers vasgestel is by L, sal die ooreenstemmende vraag na en aanbod van arbeid Q wees.
- As 'n minimum loonkoers van $L_1$ vasgestel word, sal die vraag na arbeid daal van Q na $Q_1$. Instelling van minimum lone kan werkloosheid vir sommige mense tot gevolg hê.
- Die hoeveelheid arbeid verskaf sal egter styg van Q na $Q_2$.
- Meer mense sal hul arbeid aanbied as gevolg van die meer regverdige inkomsteverdeling.





*Figuur 8.4 Vasstelling van minimum lone*

### d) Vasstelling van maksimum pryse/plafonpryse

- Die staat stel 'n **maksimum plafonprys onder die markprys vas** om goedere meer bekostigbaar te maak.
- Maksimum pryse laat die **armes meer toegang tot sekere goedere en dienste toe.**

© Departement van Basiese Onderwys 2014

- 'n Maksimum prys word vasgestel vir goedere soos basiese voedsel, behuising en vervoer.
- In Suid-Afrika word die prys van petrol, diesel en parafien teen hulle maksimum prys beheer.





*Figuur 8.5 Vasstelling van maksimum pryse*

- Aanvanklik is die markewewigsprys P en die ewewigshoeveelheid Q.
- Die staat gryp in met wetgewing wat bepaal dat melk nie vir meer as $P_1$ verkoop mag word nie.
- Die effek van die maksimum prys is dat die hoeveelheid aangebied daal na $Q_1$ en die hoeveelheid gevra styg na $Q_2$.
- 'n Melktekort gelykstaande aan die verskil tussen $Q_1$ en $Q_2$ kom voor.
- 'n Tekort skep die probleem van verdeling van melk aan verbruikers.
- Swartmarkte ontstaan waar mense melk kan koop. 'n Swartmark is 'n onwettige mark waar óf goedere onwettig gekoop en verkoop word, óf waar onwettige pryse gevra word.
- Maksimum prys kan 'n tekort aan goedere meebring, maar dit verhoog die welvaart van verbruikers omdat goedere teen laer pryse gekoop kan word.

## e) Vasstelling van minimum pryse/vloerpryse

- Die staat stel 'n **minimum prys bo die markprys** vas.
- Dit word gedoen om **produsente in staat te stel om 'n redelike wins te realiseer** as aanmoediging om **belangrike noodsaaklike goedere te produseer.**


© Departement van Basiese Onderwys 2014




*Figuur 8.6 Vasstelling van minimum pryse*

- Beskou die koringmark.
- Die markekwilibriumprys is P en die ekwilibrium hoeveelheid is Q.
- As die staat die minimumprys vasstel by $P_1$ sal boere meer wins realiseer en meer koring produseer. Die hoeveelheid aangebied sal dus toeneem tot $Q_2$.
- Die hoeveelheid gevra sal egter daal tot $Q_1$.
- Daar sal 'n koringsurplus wees gelyk aan die verskil tussen $Q_2$ en $Q_1$.
- 'n Surplus beteken dat die staat die surplus moet koop en dit óf plaaslik, óf oorsee moet verkoop.
- Hoewel minimum pryse 'n surplus kan veroorsaak, bevorder dit die aanbod van belangrike voedselitems.

## f) Belastings en subsidies


**Belastingheffings:**

Die staat gryp by die mark in deur belastingheffings om eksterne koste te verhaal. Hierdie belastings sal die prys verhoog en tot 'n afname van produksie lei. Dit kan help om 'n negatiewe eksternaliteit, soos besoedeling, te verminder.

**Voorsiening van produsentsubsidies**

- Die staat subsidieer produsente ten einde hulle aan te moedig om produksie van goedere te verhoog. Aanbod verhoog.
- Produsentsubsidies word dikwels vir leweransiers van landbouprodukte soos melk, koring en mielies gegee.
- Subsidies verlaag die produksiekoste van die goedere en gevolglik daal die markprys van die goedere.

© Departement van Basiese Onderwys 2014




*Figuur 8.7 Belastings en subsiies*

Byvoorbeeld, as ons kyk na Figuur 8.7:

- Die markprys van rys is P en die ooreenstemmende hoeveelheid is Q.
- As die staat rysproduksie subsidieer, sal die markprys daal na $P_1$ met die ooreenstemmende hoeveelheid $Q_1$.
- Die laer $P_1$-prys sal die armes in staat stel om meer rys te koop.

## g) Herverdeling van welvaart/rykdom

- Tradisionele metodes, bv. heffing van verskeie belastings en voorsiening van gratis dienste, goedere en kontant het die armes bevoordeel.
- Implementering van regstellende maatreëls, bv. gebruik van wette om herverdeling af te dwing. Dit sluit SEB, regstellende aksie, bemagtiging, grondherverdeling en eiendomsubsidies (vir HOP-huise) in.

**Die staat kan ander maniere gebruik om inkomsteverspreiding te verbeter en markmislukking te oorkom:**

- Dra inkomste direk aan die armes oor, bv. toelaes vir kinderondersteuning, werkloosheidsvoordele, ens.
- Voorsien gratis goedere en dienste, bv. gemeenskapsgoedere, onderwys, ens.
- Implementeer programme om indiensneming te skep, bv. openbare werke programme.
- Subsidieer meriete goedere, bv. Sudsidieer kuns- en kultuurgeleenthede
- Hef belastings op en stel wetgewing in teen nie-meriete goedere om verbruik te ontmoedig.
- Gebruik fiskale en monetêre beleid om makro-ekonomiese stabiliteit te bereik.
- Verseker dat verbruikers deur wetgewing ingelig word oor produkte. Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) toets verbruiksgoedere in Suid-Afrika.
- Probeer misleidende advertensies voorkom (Gesagsvereniging vir Reklame Standaarde, GRS).


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 8.4 Koste-voordeelanalise (KVA)

## 8.4.1 Omskrywing

Projekevaluasie word in die privaat en openbare sektor gedoen in terme van koste en voordele. In die **privaat sektor** word 'n uitvoerbaarheidstudie gedoen wat voorsiening maak vir wetlike aspekte met betrekking tot eksternaliteite. Verwagte privaat koste en voordele word in berekening gebring.

'n Koste-voordeelanalise word in die **openbare sektor** gedoen wat die verwagte maatskaplike koste en maatskaplike voordele wat betref voorsiening van sodanige goedere en dienste in ag neem.




Leer hierdie drie punte oor koste-voordeelanalise.

## 8.4.2 Redes vir koste-voordeelanalise

- Markseine, bv. prys, is van hulp om hulpbronne toe te deel deur vraag en aanbod.
- Goedere word gratis deur die staat voorsien, soos paaie, brûe, ens.
- In die afwesigheid van markseine, kan besluitneming oor die wenslikheid van 'n projek subjektief wees.
- Objektiewe kriteria mag nodig wees om ekonomiese doeltreffendheid ten opsigte van hulpbrontoedeling te verseker.
- KVA verleen meer objektiwiteit aan besluitneming.
- Dit word gedoen deur al die relevante voordele en koste van 'n projek te identifiseer om 'n ingeligte besluit te neem.

## 8.4.3 Toepassing van die KVA ('n voorbeeld)

KVA word gewoonlik toegepas op projekte waar verwag word dat daar 'n beduidende verskil in privaat en maatskaplike koste sal wees.

Stel jouself die Gautrein-projek voor, 'n treindiens wat Hatfield in Tshwane verbind met Johannesburg en die OR Tambo Internasionale Lughawe


| **Privaat koste sal insluit:** | **Privaat voordele sal insluit:** |
|---|---|
| • Grondkoste.<br>• Boumateriaal- en toerustingkoste.<br>• Vervoerkoste.<br>• Arbeidkoste.<br>• Oorhoofse koste, ens. | • Reisgeld.<br>• Regeringsubsidies.<br>• Inkomste uit ondernemings-advertensies |
| **Eksterne koste sal insluit:** | **Eksterne voordele sal insluit:** |
| • Besoedeling<br>• Uitwissing van plante, diere en insekte.<br>• Hervestiging van mense omdat hul huise onteien is.<br>• Verkeerstoename in sekere gebiede en versperrings van sekere vervoerroetes. | • Indiensname en inkomste.<br>• Nuwe besigheidsgeleenthede.<br>• Tydbesparing weens die hoë spoed van die trein.<br>• Minder verkeer en ongelukke.<br>• Minder druk op mediese fasiliteite. |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

Na al die voordele en koste bepaal is, is besluit dat die Gautrein projek die samelewing meer sal baat as skade berokken. Beplanning van die Gautrein-projek het in 2000 'n aanvang geneem, maar die werksaamhede het eers in 2006 begin.

## Aktiwiteit 1

Bestudeer Figuur 8.8 en beantwoord die vrae wat volg.




*Figuur 8.8*

1. Watter ekonomiese tegniek vir opsomming en evaluering word in die illustrasie uitgebeeld? (2)
2. Gee TWEE onlangse voorbeelde van potensiële projekte in Suid-Afrika wat die illustrasie pas. (2)
3. Noem EEN maatskaplike voordeel van elk van die bogenoemde projekte. (4)

**[8]**

### Antwoorde op Aktiwiteit 1

1. Koste–voordeelanalise ✓✓ (2)
2. Gautrein ✓ Coega ✓ (2)
   Enige ander relevante projek.
3. Gautrein: Beter infrastruktuur ✓✓ Meer effektiewe openbare vervoer ✓✓
   Coega: Werkskepping ✓✓/hoër lewenstandaard ✓✓
   Enige ander relevante feit. (Enige 2) (4)

**[8]**


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 2

Onderskei tussen meriete en nie-meriete goedere. [8]

### Antwoord op Aktiwiteit 2

- Belasting, subsidies en wetgewing word gebruik om meriete en nie-meriete goedere te reguleer. ✓✓
- **Meriete goedere**: hoër verbruik van goedere word beskou as voordelig vir die gemeenskap ✓✓ die regering gebruik subsidies ✓✓ (bv. versprei kondome). ✓✓
- **Nie-meriete goedere**: die regering hef belasting om verbruik te ontmoedig ✓✓ (bv. sigarette). ✓✓

[8]

## Aktiwiteit 3

Bespreek die kenmerke van kollektiewe goedere. [8]

### Antwoord op Aktiwiteit 3

- **Nie-mededingend**: ✓✓ Verbruik deur een persoon verminder nie die verbruik deur enige ander individu nie ✓✓ bv. 'n ligtoring ✓✓
- **Nie-uitsluitbaarheid**: ✓✓ Verbruik kan nie beperk word tot diegene wat daarvoor betaal nie (parasiete kan dit ook gebruik) ✓✓ bv. radio en televisie ✓✓

[8]

## Aktiwiteit 4

Bespreek die verspreiding van inkomste en welvaart as 'n gevolg van markmislukking. [8]

### Antwoord op Aktiwiteit 4

- Deur die nasionale begroting en belasting ✓✓
- Wysig die verspreiding van inkomste deur: ✓✓ Subsidies, oordragbetalings aan arm huishoudings, verskaffing van gratis goedere en dienste, implementering van werkskeppingsprogramme ✓✓
- Regulerende maatreëls: ✓✓ Grondhervorming, arbeidswetgewing, voorkeurtoegang tot verkryging van regeringskontrakte; swart ekonomiese bemagtigingsbeleide ✓✓

[8]

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 5

Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg:




1. Identifiseer die negatiewe eksternaliteit wat deur die spotprent uitgebeeld word. (2)
2. Noem TWEE maatreëls wat die regering kan aanwend om hierdie eksternaliteit te bekamp. (2)
3. Wat is die las van die fabriek in hierdie verband? (2)
4. Watter effek sal dit hê op verbruikerspryse? (2)

**[8]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 5

1. Besoedeling ✓✓
2. Regsaksies ✓✓ en subsidies ✓✓ (enige 1)
3. Om die besoedeling te verminder ✓✓
4. Verbruikerspryse sal styg ✓✓ **[8]**





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Ekonomiese groei en ontwikkeling

## Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| **9.**<br>**Ekonomiese groei en ontwikkeling** | **Vergelyk Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingsbeleide in terme van internasionale maatstawwe, lig ook die Noord/ Suid-verdeling uit**<br>• **Agtergrond**<br>– Ekonomiese groei<br>– Ekonomiese ontwikkeling<br>• **Die vraagkantbenadering**<br>– **Groei en ontwikkeling**<br>– Monetêre beleid<br>– Fiskale beleid<br>– **Suid-Afrikaanse benadering**<br>– **Monetêre beleid**<br>Rentekoersveranderinge<br>Opemarktransaksies<br>Morele oorreding<br>– **Fiskale beleid**<br>Progressiewe persoonlike belasting<br>Welvaartsbelasting<br>Kontantvoordele<br>Natura-voordele<br>Ander herverspreiding<br>Grondrestitusie en -herverdeling<br>Eiendomsubsidies<br>• **Die aanbodkantbenadering**<br>– **Groeiskepping**<br>– Totale aanbod en vraag | • Onderskei tussen groei en ontwikkeling<br>• Onderskei tussen owerheidsbeleide, -strategieë en -inisiatiewe<br>• Bespreek die vraagkantbenadering in besonderhede<br>• Fokus op diskresionêre veranderinge in monetêre en fiskale beleide met die doel om totale vraagvlak en dus uitset (Reële BBP) te verander<br>• Analiseer Suid-Afrika se benadering in terme van sy monetêre en fiskale beleide<br>• Fokus op: die SARB wat verantwoordelik is vir die implementering van die beleid. Die primêre doelwit is om die waarde van ons geldeenheid te beskerm<br>• Analiseer Suid-Afrika se benadering in terme van die fiskale beleid<br>• Fokus op: die begrotingsproses, die doelwit van die fiskale beleid om makro-ekonomiese groei en werkskepping te stimuleer en om die gewenste herverdeling van inkomste te verseker<br>• Bespreek die aanbodkantbenadering in besonderhede |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

<table>
<tr>
<td></td>
<td>
– Suid-Afrikaanse benadering<br>
– Doeltreffendheid en effektiwiteit van markte<br>
– Sakedoeltreffendheid<br>
– Koste van sake doen<br>
<br>
• Evalueer die groei- en ontwikkelingsbeleide wat Suid-Afrika toepas<br>
– Groei- en ontwikkelingsbeleide<br>
– Heropbou en Ontwikkelingsbeleid (HOP)<br>
– Groei, Werkverskaffing en Herverdeling (GEAR)<br>
– Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NVOS)<br>
– Versnelde en Gedeelde Groei Inisiatief vir Suid-Afrika (Asgi-SA)<br>
– Gesamentlike Inisiatief vir die Verwerwing van Voorkeurvaardighede (JIPSA)<br>
– Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP)<br>
– Die Nuwe Groeipad (NGP)<br>
– Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)<br>
– Kleinsake Ontwikkelingsbevorderingsprogram (KBOBP)<br>
– Swart Ekonomiese Bemagtigingprogramme (SEB)<br>
<br>
• Die Noord/Suid-verdeling<br>
– Ongelyke lewenstandaarde<br>
– Per capita-inkomste<br>
– Lewensverwagting<br>
– Onderwys<br>
– Globaliseringsongelykhede<br>
– Armoede<br>
– Groei<br>
– Handel<br>
– Omgewing<br>
– Lande in die Noorde<br>
– Lande in die Suide
</td>
<td>
H.O.T VRAAG: Analiseer die gebruik van vraag- en aanbodkantbeleide in Suid-Afrika krities<br>
<br>
• Bespreek Suid-Afrika se groei- en ontwikkelingsbeleide in besonderhede<br>
• Beoordeel Suid-Afrika se groei- en ontwikkelingsbeleide<br>
• Evalueer (stel maatstawwe) elemente van Suid-Afrika se groei- en ontwikkelingsbeleide volgens die gegewe data<br>
<br>
H.O.T VRAAG: Analiseer Suid-Afrika se Groei en Ontwikkelingsplan (GOP) in terme van groei- en ontwikkelingsdoelwitte<br>
<br>
• Vergelyk die lewenstandaard tussen lande in die Noorde en lande in die Suide<br>
• Verduidelik die positiewe/negatiewe uitwerking van globalisering op ontwikkelende lande<br>
• Verduidelik die negatiewe omgewingsuitwerkings as gevolg van die ekonomiese aktiwiteite in die Noorde en die Suide
</td>
</tr>
</table>


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 9.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.




| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Aanbodkantbenadering** | Beleide gemik op 'n toename in totale markaanbod |
| **Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB)** | Het 'n doelwit van volhoubare (in staat om voort te gaan) verspreiding van rykdom oor die breë spektrum van die Suid-Afrikaanse gemeenskap sover as wat dit moontlik is, veral die mees kwesbare lede soos vroue, hoofsaaklik deur eienaarskap en bestuur van sakeondernemings |
| **Ekonomiese groei** | 'n Toename in die produktiewe kapasiteit van 'n ekonomie oor tyd. Dit is 'n verandering in die reële BBP |
| **Ekonomiese groeibeleid** | 'n Beleid wat help om die jaarlikse totale produksie of inkome in die ekonomie te verhoog |
| **Ekonomiese ontwikkeling** | Die proses waardeur lewenstandaard verbeter |
| **Ekonomiese ontwikkelingsbeleid** | 'n Beleid wat die interaksie van ekonomiese, maatskaplike en menslike ontwikkeling omvat |
| **Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (GVS)** | 'n Strategie wat die institusionele kapasiteit vir dienslewering versterk, wat ontwikkeling sal bevorder |
| **Gesamentlike Inisiatief vir die Verwerwing van Voorkeurvaardighede (Joint Initiative on Priority Skills Acquisition) (JIPSA)** | 'n Inisiatief wat help met die ontwikkeling van vaardighede waaraan 'n dringende behoefte is om werkskepping te bevorder |
| **Globalisering** | Die wêreldwye interaksie van ekonomieë, met handel as 'n belangrike element |
| **Groei, Werkverskaffing en Herverdeling (Growth, Employment and Redistribution) (GEAR)** | 'n Strategie wat ekonomiese groei aanmoedig, indiensneming verhoog en inkomste herverdeel |
| **Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP)** | 'n Ontwikkelingsbeleid wat dienslewering aan armes wil verbeter en 'n omgewing vir menslike ontwikkeling skep |
| **Klein, Medium en Mikro ondernemings (KMMO's)** | 'n Klein onderneming met 'n klein aandeel in die markplek; funksioneer onafhanklik van groter ondernemings; neem 'n paar mense in diens; direk bestuur deur die eienaars |
| **Lewensverwagting** | Uitgedruk in die aantal jare wat 'n kind wat nou gebore word, kan verwag word om te leef |
| **Nasionale groeipad (NGP)** | Inisiatiewe om ekonomiese groei te stimuleer |
| **Noord-Suid-verdeling** | Verwys na die ontwikkelde lande in die Noordelike Halfrond en die ontwikkelende lande in die Suidelike Halfrond |
| **Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA)** | Bevorder ontwikkeling in Suider-Afrika deur finansiering van belangrike ontwikkelingsprojekte |

| | |
|---|---|
| **Openbare en Privaat Sektor Vennootskappe (OPV)** | Dis kontrakte tussen 'n openbare sektor instelling of munisipaliteit en 'n privaat onderneming, waar die ontwerp, finansiering, oprigting en funksionering van openbare sektor projekte deur privaat ondernemings bestuur word |
| **Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)** | Die sentrale bank van Suid-Afrika met die hoofdoel om prysstabiliteit te handhaaf en sodoende gebalanseerde en volhoubare groei aan te moedig |
| **Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB)** | 'n Vroeëre beleid soortgelyk aan BBSEB, met die doelwit om rykdom te versprei en vaardighede by swart landsburgers in die postapartheid Suid-Afrika te ontwikkel |
| **Versnelde en Gedeelde Groei Inisiatief vir Suid-Afrika (Asgi-SA)** | 'n Inisiatief om ontwikkelingstrategieë te bevorder, bv. infrastruktuur en vaardigheidsontwikkeling |
| **Vraagkantbenadering** | Die fokus is op pogings om totale vraag in 'n ekonomie te verhoog. Monetêre en fiskale beleide kan gebruik word |




# 9.2 Ekonomise groei en ekonomiese ontwikkeling

Die verskil tussen ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling

| Ekonomiese groei | Ekonomiese ontwikkeling |
|---|---|
| • Toename in 'n land se reële bruto binnelandse produk<br>• Dit word gemeet aan die toename in produksie van goedere en dienste oor tyd | • Toename in 'n land se reële bruto binnelandse produk per capita oor tyd<br>• 'n Proses wat konsentreer op mense se lewenstandaard, selfrespek en vryheid van keuse<br>• Groei moet lei tot ontwikkeling |

# 9.3 Vraagkantbenadering

## 9.3.1 Groei en ontwikkeling

'n **Vraagkantbenadering** behels diskresionêre veranderinge in monetêre en fiskale beleide met die doel om die vlak van *totale markvraag* te verander.

**Monetêre beleid** word gedryf deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB). Dit streef na stabiele pryse deur die beheer van inflasie.

**Fiskale beleid** word gedryf deur die Departement van Finansies. Dit streef daarna om die staat se politiese en ekonomiese doelwitte te fasiliteer.

'n **Vraagkantbenadering** tot ekonomiese groei en ontwikkeling hang nie net af van fiskale en monetêre beleide nie. Dit is afhanklik van die komponente van totale vraag, dit is C, I, X en G.

**wenk** Wanneer jy vir die eksamen voorberei, memoriseer die BEGRIPPE EERSTE!


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 9.3.2 Suid-Afrikaanse benadering

Die Suid-Afrikaanse benadering gebruik monetêre sowel as fiskale maatreëls om die vraag na geld in die ekonomie te beïnvloed.

### Monetêre beleid

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) is Suid-Afrika se sentrale bank en formuleer monetêre beleid. Die volgende instrumente word gebruik:

- **Rentekoersveranderinge**
  Dit word gebruik om kredietskepping te beïnvloed deur krediet duurder of goedkoper te maak. Die wisselkoers word gestabiliseer deur aanmoediging van invloeie en uitvloeie.
- **Opemarktransaksies**
  Om krediet te beperk, verkoop die SARB sekuriteite. Wanneer banke die sekuriteite koop, vloei geld na die SARB. Die banke beskik dan oor minder kontant om uit te leen en kan nie soveel krediet toestaan soos voorheen nie. Om kredietverlening aan te moedig, koop die SARB sekuriteite. Geld vloei in die bankstelsel in.
- **Morele oorreding**
  Die SARB konsulteer met banke om verantwoordelik op te tree in die lig van die heersende ekonomiese toestande.
- **Kontantreserwe vereistes**
  Banke word verplig om 'n vasgestelde minimum kontantreserwe by die SARB te hou. Banke het 'n beperkte hoeveelheid geld beskikbaar vir kredietverlening.

### Fiskale beleid

Suid-Afrika se fiskale beleid kom in werking deur die begrotingsproses. Die hoofdoelwit van die fiskale beleid is om makro-ekonomiese groei en ontwikkeling te stimuleer, en om herverdeling van welvaart te verseker.

Die volgende instrumente word gebruik:

- **Progressiewe persoonlike inkomstebelasting**
  Hoër inkomsteverdieners word met hoër belastingkoerse belas. Hierdie belastings word aangewend om maatskaplike ontwikkelings te finansier. Die armes verkry meer voordeel as diegene met hoër inkomste.
- **Welvaartsbelastings**
  Heffings (belastings) word op eiendomme geplaas na gelang van hulle markwaardes. Hereregte word betaal wanneer eiendom gekoop word. Sekuriteite (aandele en effekte) word met verkoop belas. Kapitaalwinsbelasting word gehef op wins uit verkoop van kapitale goedere (bv. eiendomme, aandele). Boedelbelasting word gehef op afgestorwenes se boedels. Hierdie belastings word aangewend om finansiële ontwikkelingsbesteding te finansier wat die armes meer dikwels bevoordeel.
- **Kontantvoordele**
  Ouderdomspensioene, ongeskiktheidstoelaes, kinderondersteuning en werkloosheidsversekering is kontanttoelaes. Dit is ook bekend as bestaansorgbetalings.
- **Goederevoordele (natura-voordele)**
  Dit sluit in voorsiening van gesondheidsorg, onderwys, skooletes, sekuriteit, ens. Wanneer gebruiksfooie gehef word, betaal die armes

© Departement van Basiese Onderwys 2014

of lae inkomsteverdieners minder of niks. Beperkte hoeveelhede gratis elektrisiteit en water word voorsien.

- **Ander herverspreiding**
  Openbare werke programme, d.w.s. Strategiese Geïntegreerde Projekte (SGP) voorsien werkverskaffingsubsidies en ander kontant en finansiële voordele, soos opleiding, finansiering en uitvoeraansporings.
- **Grondrestitusie en grondherverdeling**
  Grondrestitusie is die teruggee van grond aan diegene wat dit verloor het weens eertydse diskriminerende wette. Grondherverdeling fokus op grond vir woongebiede (dorp) en produktiewe grond (plaas) vir voorheen benadeelde groepe. Die fondse vir hierdie projekte word voorsien in die begroting.
- **Eiendomsubsidies**
  Dit help mense om eienaarskap te bekom van vaste residensiële eiendom, d.w.s die staat se behuisingsubsidieskema voorsien befondsing aan alle mense wat minder as R3 500 per maand verdien.

# 9.4 Aanbodkant-benadering

## 9.4.1 Groeiskepping

’n Aanbodkantbenadering sluit alles in wat die totale aanbod van goedere en dienste kan beïnvloed, met die fokus op mikro-ekonomiese komponente, bv. mededinging en potensiële uitset.

Regeringsintervensie (-ingryping) het ten doel om gladde werking van markte te fasiliteer ten einde groei en ontwikkeling te stimuleer.

## 9.4.2 Suid-Afrikaanse benadering

In Suid-Afrika, word die volgende instrumente gebruik om die **monetêre beleid** te **ondersteun**. Dit vereis:

- Markte moet meer regverdig en omvattend funksioneer: Meer swart mense moet in die hoofstroom ekonomie geakkommodeer word om dit doeltreffend te laat werk.
- Sake**doeltreffendheid**: Belasting moet doeltreffend ingesamel word, kapitaalskepping moet styg, menslike hulpbronne moet ondersteun word om te kan verbeter, en gratis adviesdienste moet beskikbaar gestel word sodat sakedoeltreffendheid verbeter.
- **Die koste om sake te doen moet verlaag**: vervoer, kommunikasie en energiekoste moet verlaag.



© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 9.5 Evaluering van die Suid-Afrikaanse benaderings soos in Suid-Afrika toegepas

## 9.5.1 Groei- en ontwikkelingsbeleide

| Groei | Ontwikkeling |
|---|---|
| **Makro-ekonomiese beleide**<br>Dit sluit maatreëls in om die volgende makro-ekonomiese doelwitte te bereik:<br>1. Hoë ekonomiese groei<br>2. Hoë indiensnemingsvlakke<br>3. Prysstabiliteit<br>4. Wisselkoersstabiliteit<br>5. Ekonomiese regverdigheid<br><br>Vergrote ekonomiese groei veroorsaak meer belastinginkomste om vir meer maatskaplike dienste te voorsien, met die doel om ekonomiese ontwikkeling te bereik.<br><br>Al die bogenoemde maatreëls moet geëvalueer word in terme van internasionale standaarde. | **Ontwikkelingsbeleide**<br>Dit sluit in maatreëls gemik op bereiking van nywerheids-, landbou- en menslike ontwikkeling:<br>1. Mikro-ekonomiese inisiatiewe<br>• Fasilitering van verhoogde mededinging, beskikbaarstelling van hulpbronne, in werking stelling van grondgebruik- en omgewingsbeleid<br>2. Maatskaplike sorg<br>• Maatskaplike welvaart, sekuriteit en armoedeverligting<br>• Beleide om ongelykhede van die verlede reg te stel, ingesluit gelyke indiensneming en SEB/BBSEB<br>• Regstellende aksie<br>• Grondrestitusie en grondherverdeling<br>3. Makro-ekonomiese kenmerke en verlangde uitkomste:<br>• Lae lewenstandaard – verhoog die per capita inkomste.<br>• Hoë werkloosheid – skep indiensneming, d.w.s. openbare sektor werkprogram.<br>• Lae produktiwiteit – verbeter die kennisvlak, vaardighede en motivering, d.w.s. JIPSA. |

In sekere tye het die Suid-Afrikaanse regering sy inisiatiewe op ekonomiese groei gefokus, terwyl die beleid se klem in ander tye verskuif het na ekonomiese ontwikkeling (sien **Figuur 9.1** hieronder).




*Figuur 9.1 Groei- en ontwikkelingsbeleide*

## Die hoof groei- en ontwikkelingsbeleide is:

### 1. Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP)

Die hoofdoelwit was om armoede te verlig en die ongelykhede en tekortkominge in maatskaplike dienste reg te stel deur te fokus op werkskepping, welvaart, behuising, vervoer, grondhervorming, gesondheidsorg, onderwys, opleiding, water en sanitasie.

Evaluering tot dusver:

- Basiese behoeftebevrediging: Die regering het 'n toename in vraag vir goedere en dienste geskep. Die uitgebreide openbare werke programme was meestal abeidsintensief. Dit het effens gehelp om werkloosheid en armoede te verlig.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

- ’n Paar maatskaplike suksesse: Bou van huise, voorsiening van vars water, elektrifisering, grondhervorming en gesondheidsorg.
- Reële BBP-groei onreëlmatig sedert 1994, werkloosheid in die formele sektor het toegeneem.
- Sleuteldoelwitte van armoedeverligting en verbeterde dienslewering was nie juis suksesvol nie.

### 2. Groei, Werkverskaffing en Herverdeling (GEAR)

Die hoofdoelwit was verstewiging van ekonomiese ontwikkeling, herverdeling van inkomste en skepping van sosio-ekonomiese geleenthede vir die armes.

Evaluering tot dusver:
- Gemengde resultate.
- Het groter finansiële dissipline en makro-ekonomiese stabiliteit teweeggebring.
- Reële vermindering van fiskale tekort (minder as 3% volgens internasionale maatstawwe).
- Inflasie het verlaag, meestal binne die inflasiedoelwitte.
- Buitelandse valutareserwes het in meeste opsigte toegeneem.
- Mislukking om volhoubare werksgeleenthede te skep.
- Mislukking om welvaart meer gelyk te herverdeel.

### 3. Versnelde en Gedeelde Groei Inisiatief vir Suid-Afrika (Asgi-SA)

Die doelwit is om regeringsinisiatief met ekonomiese ontwikkeling te koördineer. Die sleutelelemente is:
- Halveer werkloosheid en armoede teen 2014.
- Versnel ekonomiese groei na ’n gemiddelde 6% tussen 2010 en 2014.

Evaluering tot dusver:
- Groei in infrastruktuurinvestering, veral in die openbare sektor.
- Indiensneminggroei het uitgesak teenoor ekonomiese groei – die rede is dat reële loonverhoging hoër is as produktiwiteit.
- Die tweede ekonomiese strategie het effens gehelp om werkloosheid te verminder deur die Uitgebreide Openbare Werke Programme.
- Swak ekonomiese groei en hoë werkloosheid onder die jeug.

### 4. Gesamentlike Inisiatief vir die Verwerwing van Voorkeurvaardighede (JIPSA)

Dit is die vaardighede-ontwikkelingsafdeling van Asgi-SA. Fokus op vaardighede-ontwikkeling, veral deur die SOOO’s (SETA’s).

### 5. Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP)

Dit is ’n landswye regeringsingryping om werk te skep deur arbeidsintensiewe metodes te gebruik, en om mense vaardighede aan te leer wat gebruik kan word om werk te vind wanneer hulle werk in die UOWP klaar is.

### 6. Die Nuwe Groeipad (NGP)

Die doelwit is om groei te verhoog, indiensneming te skep en groter gelykheid te bewerkstellig.

Die strategie is om sleutelsektore te identifiseer as “werkdrywers” en nywerhede en sektore wat werkskepping kan aanvoer te bevorder en te ondersteun.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

Fokus is om:

- 5 miljoen werksgeleenthede teen 2020 te skep, wat werkloosheid van 25% tot 15% kan verminder.

### 7. Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)

Die doelwit is om ekonomiese geleenthede te vergroot deur investering in infrastruktuur, meer innovasie, privaat investering en entrepreneurskap.

### 8. Klein Besigheid Ontwikkelingsbevorderingsprogram (KBOBP)

Dit is ontwikkel om ondersteuning en dienste aan klein, medium en mikro-ondernemings te lewer.

- Departement van Handel en Nywerheid (DHN), Industriële Ontwikkelingskorporasie (IOK) en die Nasionale Kleinbesigheid Wet bied dié dienste.
- Wette word hersien om die magsongelykhede te verander.

### 9. Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogramme (SEB)

Die Swart Bemagtigingswet en Gelyke Indiensnemingswet is ingestel om met transformasie en herstel van voorheen benadeelde groepe te help. Maatreëls word geïmplementeer om herstel en regstellende aksie in die werkplek en besigheidsomgewing te verseker.

## 9.6 Die Noord-Suid-verdeling


Die tabel hieronder toon verskillende maniere om tussen ontwikkelde lande (in die Noorde) en ontwikkelende lande (in die Suide) te onderskei.

| | Noord (ontwikkeld) | Suid (ontwikkelend) |
|---|---|---|
| **Lewenstandaard:**<br>• Reële BBP per capita<br>• Lewensverwagting<br>• Onderwys: Geletterdheidsvlak | • Hoog<br>• 75 jaar<br>• Hoog | • Laag<br>• 48 jaar<br>• Laag |
| **Globaliseringsongelykhede:**<br>• Vlak van armoede<br>• Ekonomiese groei<br>• Produksie en handel | • Laag<br>• Hoog<br>• Vervaardigde goedere<br>• Ontvang subsidies | • Hoog<br>• Laag<br>• Roumateriaal<br>• Landbou/mynbou sonder subsidies |
| **Omgewing:**<br>• Massaproduksie en verbruik wat veroorsaak word deur besoedeling en giftige afval beskadig die osoonlaag | • Hoofsaaklik verantwoordelik vir beskadiging van die osoonlaag | • Beïnvloed ontwikkelende lande meer negatief |
| **Volhoubare ontwikkeling:**<br>• Die patroon van ontwikkeling wat toekomstige generasies toelaat om dieselfde voordele te geniet as die huidige generasie | • Produksiepraktyke is meer ten gunste van volhoubare ontwikkeling | • Produksiepraktyke bevorder nie volhoubare ontwikkeling nie |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 1

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




1. Wat is die boodskap onderliggend aan die spotprent? (2)
2. Noem enige TWEE lande betrokke by hierdie verskynsel. (2)
3. Noem enige TWEE produkte wat deur die spotprent uitgebeeld word. (4)

**[8]**

### Antwoorde op Aktiwiteit 1

1. Globalisering✓✓ (2)
2. VSA✓ en Japan✓ (2)
3. Motorvoertuie✓✓ en brandstof✓✓ (4)

**[8]**


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 2

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




**1.** Wat is die boodskap onderliggend aan die spotprent? (2)

**2.** Wat is die vernaamste mikpunt van Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging? (2)

**[4]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 2

**1.** Die mense is ontevrede met die manier waarop die regering swart ekonomiese bemagtiging hanteer (korrupsie en nepotisme).✓✓ (2)

**2.** Om die voorheen benadeelde deel van die bevolking te bevoordeel✓✓ (2)

**[4]**

## Aktiwiteit 3

Onderskei tussen ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling. [8]

### Antwoorde op Aktiwiteit 3

| Ekonomiese groei | Ekonomiese ontwikkeling |
|---|---|
| • ’n Proses waardeur die produktiewe kapasiteit van die ekonomie oor tyd toeneem✓✓<br>• Lei tot stygende vlakke van nasionale uitset en inkome✓✓<br>• Is ’n toename in reële bruto binnelandse produk (BBP)✓✓ | • ’n Proses wat konsentreer op mense se lewenstandaard, selfrespek en vryheid van keuse✓✓<br>• Groei behoort tot ontwikkeling te lei ✓✓<br>• Die uiteindelike doelwit van die ekonomiese beleid is ’n verbeterde lewenstandaard van die bevolking per capita deur middel van ekonomiese groei en ontwikkeling✓✓ |

(enige 2 × 2) × 2 [8]

## Aktiwiteit 4

Verduidelik ongelyke lewenstandaarde as ’n kenmerk van die Noord-Suid-verdeling. [6]

### Antwoorde op Aktiwiteit 4

- Die reële per capita inkome in ontwikkelende lande is laag in vergelyking met ontwikkelde lande✓, bv. 87% van die wêreld se totale inkomste word geproduseer deur 15% van die wêreld se bevolking.✓
- Lewensverwagting in ontwikkelende lande is laag✓, 47 jaar vergeleke met +80 jaar in ’n land soos Swede.✓
- Lae vlakke van onderwys✓, die volwasse geletterdheidskoers bepaal die doeltreffendheid van onderwys.✓

[6]





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Onderwerp 10

# Suid-Afrika se nywerheids-ontwikkelingsbeleide en hulle toepaslikheid in terme van internasionale beste praktyk

## Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | OMVANG EN DIEPTE VAN EKSAMINEERBARE INHOUD |
|---|---|---|
| 10.<br>Ekonomiese groei en ontwikkeling: Nywerheidsont-wikkelingsbeleide | • **Regverdig Suid-Afrika se nywerheidsontwikkelingsbeleide en hulle toepaslikheid in terme van internasionale beste praktyk** | |
| | • **Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika**<br>– **Nywerheidsontwikkelingsbeleide**<br>– Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk (NNBr)<br>– Nywerheidsbeleid Aksieplanne (NBAP)<br>– **Nywerheidsontwikkelingstrategieë**<br>– Nasionale Navorsings- en Ontwikkelingstrategie (NNOS)<br>– Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (GVS)<br>– **Fokus van hierdie Beleide en Aksies**<br>– Geteikende nywerhede, sektore en streke<br>– Sektore met potensiaal<br>– Spesiale Ekonomiese Sones (SESe)<br>– Suidelike Afrika | • Definieer/verduidelik die begrip<br>• Bespreek kortliks die redes vir nywerheidsontwikkeling<br>• Verdedig Suid-Afrika se Nywerheidsontwikkelingsbeleide<br>• Verduidelik kortliks Suid-Afrika se Nywerheidsontwikkelingstrategieë |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | • **Streeksontwikkeling**<br>– **Doelwitte**<br>– **Streeksontwikkeling in Suid-Afrika**<br>– **Internasionale beste praktyk vir streeksontwikkeling** | • Definieer/verduidelik die begrip<br>• Bespreek streeksontwikkeling kortliks |
| | • **Suid-Afrika se pogings**<br>– **Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e)**<br>– **Nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e)**<br>– **Spesiale Ekonomiese Sones (SES's)**<br>– **Korridors**<br>– **Strategiese Geïntegreerde Projekte (SGP's)**<br>– **Infrastruktuurplan**<br><br>• **Aansporings tot nywerheidsontwikkeling**<br>– **Kleinsake-ondersteuningsprogram**<br>– **SEDA Tegnologie Program (STP)**<br>– **Vaardigheidondersteuningsprogram (VOP)**<br>– **Kritiese Infrastruktuurfasiliteite**<br>– **Doeanevry aansporings**<br>– **Buitelandse Beleggingsinisiatiewe**<br>– **Strategiese Beleggingsprogram**<br>– **Dienste aan sakeprosesse** | • Bespreek kortliks Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e) in in Suid-Afrika<br>• Bespreek kortliks Nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e) in Suid-Afrika<br>• Bespreek kortliks Spesiale Ekonomiese Sones (SES'e) in Suid-Afrika<br>• Bespreek kortliks Korridors in Suid-Afrika<br>• Bespreek krities die inisiatiewe wat die SA-regering aanwend om nywerheidsontwikkeling te verbeter |
| | • **Toepaslikheid van Suid-Afrika se nywerheidsbeleide/strategieë**<br>– **Suksesfaktore**<br>– **Eksterne beperkings**<br>– **Interne beperkings**<br>• **Toepaslikheid van Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide**<br>• **Kleinsake-ontwikkeling**<br>• **Die toepaslikheid van Swart Ekonomiese Bemagtiging in die SA-ekonomie**<br>– **Beste praktyk vir streeksontwikkeling**<br>– **Standaardkriteria:**<br>  – Vrye mark oriëntering<br>  – Mededingendheid<br>  – Volhoubaarheid<br>  – Goeie owerheidsbestuur<br>  – Verskaffing van hulpbronne<br>  – Belegging van maatskaplike kapitaal<br>  – Integrasie<br>  – Vennootskappe | • Bespreek kortliks die toepaslikheid van Suid-Afrika se pogings<br>• Evalueer die toepaslikheid van die Suid-Afrikaanse nywerheidsontwikkelingstrategieë in terme van internasionale standaarde kriteria |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 10.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.




| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Algemene Ooreenkoms insake Tariewe en Handel (General Agreement on Tariffs and Trade) (GATT)** | 'n Multilaterale ooreenkoms wat internasionale handel reguleer met die doel om tariewe en ander handelsversperrings te verminder |
| **Buitelandse Investerings-toekenning (BIT)** | Bied kontant-toelaes aan buitelandse beleggers wat in nuwe vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika belê |
| **Departement van Handel en Nywerheid (DHN)** | Verskaf 'n mededingende, maatskaplik verantwoordelike omgewing vir belegging, handel en sake-ontwikkeling. Dit help om deelname in die ekonomie te verbreed en so ekonomiese ontwikkeling te versterk; dit bevorder strukturele transformasie van die ekonomie |
| **Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (GVS)** | 'n Strategie om institusionele kapasiteit vir dienslewering te versterk, wat sal bydra tot ontwikkeling |
| **Klein- en medium ondernemings-ontwikkelingsprogram (KMOOP)** | 'n Program wat toelaes aan plaaslike en buitelandse vervaardigers betaal by die oprigting van nuwe besighede |
| **Kritieke infrastruktuur program (KIP)** | Bied kontant-toelaes vir projekte wat 'n nuwe, uitgebreide of verbeterde infrastruktuur vereis |
| **Nywerheids-ontwikkelingsone (NOS)** | Spesiaal geboude nywerheidslandgoed wat fisies omhein is en met 'n internasionale hawe of lughawe verbind is, bv. Coega. Beter belastingkoerse of aansporings word aangebied om ondernemings aan te moedig om in 'n NOS te vestig |
| **Nywerheidsontwikkeling** | Verwys na beleide wat gemik is op die aanmoediging van belegging in nywerhede en groter nywerheidsdoeltreffendheid |
| **Nywerheids-ontwikkelingskorporasie (NOK)** | In die lewe geroep deur die regering om ekonomiese groei en nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika en Afrika te bevorder. Dit bevorder entrepreneurskap deur die oprigting van mededingende nywerhede en ondernemings gebaseer op gesonde sakebeginsels |
| **Ruimtelike Ontwikkelings-inisiatiewe (ROI)** | Onderneem om infrastruktuur en sakebeleggings na agtergeblewe en onderontwikkelde gebiede te lok, bv. Maputo-korridor |
| **Streeksnywerheids-ontwikkeling** | Verwys na beleide wat gemik is op 'n toename in die ekonomiese voortbestaan van spesifieke gebiede of geografiese streke |
| **Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)** | 'n Tussenstaatsorganisasie wat dit ten doel het om sosio-ekonomiese samewerking en integrasie, asook politieke en veiligheid-samewerking tussen 15 state in Suider-Afrika te bevorder |
| **Vaardigheids-ondersteuningsprogram (VOP)** | 'n Kontantaansporing wat vir vaardigheidsontwikkeling toegestaan word |
| **Voorsieningsprogram vir swart sake (Black Business Supplier Development Programme) (BBSDP)** | 'n Aansporing aan swart besighede wat 'n 80% kontant-toelaag beskikbaar stel om te help om die aantal kontantverskaffers te vermeerder |

# 10.2 Nywerheidsontwikkelings-beleide in Suid-Afrika

## 10.2.1 Nywerheidsontwikkeling-beleide

### Redes vir nywerheidsontwikkeling

- Benut die wêreldekonomie vir handel en opdoen van kennis.
- Hou makro-ekonomiese stabiliteit in stand.
- Behaal hoë spaar- en investeringskoerse.
- Vestig grootskaalse vervaardigings-, landbou-, mynbou- en diensteproduksie.
- Diversifikasie van die ekonomie.
- Ontwikkel binnelandse vervaardigingskapasiteit vir toename in uitvoere.
- Skep werksgeleenthede.
- Ontwikkel en handhaaf toepaslike aansporings om beleggers te lok.
- Dra by tot die nywerheidsontwikkeling in die Afrika-kontinent.

### Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk (NNBR)

- Dit is die Department van Handel en Nywerheid (DHN) se industrialisiebeleid.
- Doelwitte:
  1. Om die ekonomie meer te diversifiseer sodat uitvoere kan toeneem.
  2. 'n Meer intensiewe industrialisasie oor die langtermyn.
  3. Om ontwikkeling van arbeidsintensiewe nywerhede te bevorder.
  4. Groter deelname deur benadeelde groepe en ontwikkeling van gemarginaliseerde gebiede.
  5. Verhoog die potensiaal van grootskaalse produksie.

### Nywerheidsbeleid Aksieplanne (NBAP)

- Die DHN, as deel van die NNBR, het elke jaar 'n hersiene drie-jaar uitgebreide aksieplan met 'n tien-jaar uitkyk ontwikkel.

| Eerste Nywerheidsbeleid Aksieplan (NBAP-1), 2007 | Tweede Nywerheidsbeleid Aksieplan (NBAP-2) 2011 | Derde Nywerheidsbeleid Aksieplan (NBAP-3), 2012 |
|---|---|---|
| Vestig 'n nuwe ondersteunings-program vir die klere- en tekstielnywerheid | Verhoog beskikbare finansiering vir nywerheids-ontwikkeling | Loots Vervaardigings-mededingings-verbeterings programme |
| Voorsien 'n program om die motornywerheid by te staan | Verbeter die verkry-gingsbeleid in terme van BBSEB-beleid | Ontwikkel spesiale ekonomiese sones, insluitende NOS'e |
| Versterk die mededingingswet<br>Verhoog energiebesparing | Versterk die handelsbeleid | Voorsien staatsondersteuning vir streeksekonomiese ontwikkeling |
| Maak ondernemings-bestuur meer doeltreffend en verhoog werkskepping | Verminder anti-mededingings-praktyke | Bevorder integrasie van Suid-Afrika met die Suider-Afrikaanse streek |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

### 10.2.2 Nywerheidsontwikkeling-strategieë

- Nasionale Navorsings- en Ontwikkelingstrategie (NNOS)
- Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (GVS)
  - Die GVS fokus op mededingingsverbetering in vervaardiging deur 'n reeks faktore te oorweeg, soos insetpryse, verbetering van infrastruktuur, tegnologie en innovasie, vaardighede en doeltreffende regulering.

Die fokus van hierdie beleide en aksies:

- Geteikende nywerhede, sektore en streke
- Sektore met potensiaal
- Spesiale Ekonomiese Sone (SES)
- Suider-Afrika

## 10.3 Streeksontwikkeling

### 10.3.1 Doelwitte

- Verminder ongelyke ontwikkeling van ekonomiese aktiwiteite binne die land
- Stimuleer ontwikkeling in armer gebiede
- Implementeer en koördineer nasionale en streeksnywerheidsbeleide
- Verhoed dat nuwe wanbalanse ontwikkel

### 10.3.2 Streeksontwikkeling in Suid-Afrika

- 'n Geraamde 80% van die land se BBP word in vier industriële gebiede geproduseer, naamlik:
  - Johannesburg-Pretoria-Tshwane
  - Durban-Pinetown
  - Kaapstad-metropool
  - Port Elizabeth-Koega-Uitenhage
- Redes vir ongelyke geografiese en ekonomiese ontwikkeling
  - Ongelyke besteding op streeksontwikkeling
  - Ongelyke verspreiding van ekonomiese hulpbronne, soos natuurlike hulpbronne en geskoolde arbeid
- Die streeksontwikkelingsbeleid poog om 'n meer gelyke verspreiding van nywerhede te bevorder sodat kapitaal en arbeid na onderontwikkelde gebiede gebring kan word.
- Streeksontwikkeling is tans gebaseer op die Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI's) en Spesiale Ekonomiese Sones (ingesluit NOS'e en korridors)
- Die Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (GVS) is deur die DHN geïmplementeer om nywerhede van hulp te wees met groei deur sekere oorkruisende kwessies en mededingende insetsektore te identifiseer. Die oorkruisende kwessies is tegnologie, menslike hulpbronontwikkeling, toegang tot finansiering en infrastruktuur. Die mededingende insetsektore is vervoer, telekommunikasie en energie.
- Strategiese Geïntegreerde Projekte (SGP's) word geïmplementeer om ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur regoor die land op te hef. Daar is tans 17 geïdentifiseerde SGP's.

### 10.3.3 Internasionale beste praktyk vir streeksontwikkeling

Hierdie is die beste internasionale praktyke vir streeksontwikkelingsbeleide:

| Beste praktyk | Omskrywing |
|---|---|
| Goeie bestuur | Streeksontwikkelingstrategieë moet doeltreffend en korrupsievry bestuur word. Demokratiese besluitneming, deursigtigheid, finansiële bestuur en beheer. |
| Integrasie | 'n Integrasie-benadering om te verseker dat die voordele van een streek oorspoel na ander nywerhede en gebiede. |
| Vennootskappe | Vennootskappe tussen die sentrale regering, plaaslike owerhede, burgerlike samelewing, spesiale belangegroepe, NRO's en die privaat sektor. |
| Hulpbron-voorsiening | Voldoende hulpbronne moet aan hulpbron-arme gebiede voorsien word, bv. infrastruktuur, menslike hulpbronne. |
| Mededinging | Gevestigde nywerhede of ondernemings as gevolg van streeksbeleide, moet mededingend wees en nie steeds finansiële hulp van die regering nodig hê nie. |
| Ontwikkeling van mense, vir mense, deur mense | Streeksontwikkeling behels mense, met die doel om mense in die streek te dien. Opleiding, onderwys, beter produktiwiteit en verskaffing van noodsaaklike goedere en dienste sal die lewenstandaard in alle gebiede verhoog. Almal behoort betrek te word. |
| Ontwikkeling van onder | Konsentreer op kwessies op voetsoolvlak waar die dringendste menslike behoeftes bestaan. Dit begin met die hantering van die armoedeprobleem. |
| Totale ontwikkeling as 'n multi-dimensionele proses | Beskou ontwikkeling vanuit 'n globale perspektief deur alle dimensies van die mens se bestaan in ag te neem, insluitend die interaksie van maatskaplike kragte in 'n gemeenskap, bv, onderwys, gesondheid, voeding. |

## 10.4 Suid-Afrika se pogings

### 10.4.1 Ruimtelike Ontwikkelings-inisiatiewe (ROI's)

ROI's is beleide om volhoubare nywerheidsontwikkeling te bevorder in gebiede waar armoede en werkloosheid die hoogste is. Dit kan omskryf word as die skakel tussen ekonomiese kerngebiede en streke in 'n land. Die hoofdoelwit is om ekonomiese groei en indiensneming in daardie streke te stimuleer.

Die onderstaande is hoof-ROI's en hulle ekonomiese fokus:


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| ROI | Ekonomiese gebied |
|---|---|
| KwaZulu-Natal ROI | Nywerheid |
| Wildekus ROI | Agro-toerisme |
| Visrivier ROI | Nywerheid |
| Weskus Investeringsinisiatief | Mynbou en agro-prosessering |
| Kus-tot-kus Korridor | Vervoer en toerisme |
| Platinum ROI | Mynbou en agro-toerisme |
| Phalaborwa ROI | Nywerheid en agro-toerisme |
| Gauteng Spesiale Ekonomiese Sone | Inligtingstegnologie, telekommunikasies |
| Maputo-ontwikkelingskorridor | Nywerheid en agro-prosessering |
| Lubombo ROI | Agro-toerisme |
| Richardsbaai Inisiatief | Mynbou, nywerheid en agro-prosessering |

Finansiële aansporings vir ROI's

- Belastingvrye aansporings – belastingvrye invoer van roumateriale of intermediêre goedere.
- Klein en Medium Ondernemingsontwikkelingsprogram (ondersteun werksaamhede).
- Vaardigheidsondersteuningsprogram – belastingvrye toelae vir vaardigheidsontwikkeling.
- Kritiese infrastruktuurprogram – kontanttoelae om fisiese infrastruktuur te bou of uit te brei.
- Buitelandse investeringstoelae – kontanttoelae vir buitelandse ondernemings wat in nuwe vervaardigingsondernemings wil investeer.

## 10.4.2 Nywerheidsontwikkeling-sones (NOS)

'n Doelgerigte nywerheidsgebied wat verbind is met 'n internasionale lug- of seehawe en met uitvoer as hoofdoelwit (dit sal in die toekoms ingeskakel word by die Spesiale Ekonomiese Sones (SES'e)).

Die huidige NOS'e in SA is:

- Koega – staal en motorkomponente
- OR Tambo Internasionale Lughawe – hoë tegnologie nywerhede
- Oos-Londen – voertuie
- Richardsbaai – metale
- Saldanhabaai – staal

## 10.4.3 Spesiale ekonomiese sones (SES)

Geografiese afgebakende gebiede geïdentifiseer vir ontwikkeling van spesifieke ekonomiese aktiwiteite. Hierdie gebiede kan bevoordeel word met aansporings soos belastingverligting en ondersteuningstelsels om nywerheidsontwikkeling te bevorder.

Dit skep 'n basis vir 'n meer omvattende en doeltreffende groepering van 'n reeks nywerhede en voorsien ekonomiese infrastruktuur vir waardetoevoegende en werkskeppende vervaardigers.

### 10.4.4 Korridors

'n Korridor is 'n landstreek wat 'n deurgang vorm en toegang toelaat van een gebied na 'n ander, en is ontwikkel om deel te vorm van streeksontwikkeling (vorm ook deel van ROI).

### 10.4.5 Strategies Geïntegreerde Projekte (SGP's)

Integrering van ekonomiese en maatskaplike infrastruktuurprojekte in die land. 17 aangewese projekte word tans geïdentifiseer. Die Strategies Geïntegreerde Projekte se hoofdoelwit is om projekte te identifiseer en te implementeer om infrastruktuur te voorsien/verskaf.

### 10.4.6 Infrastruktuurplan

Die fokus is op infrastruktuurgapings en behoeftes in terme van bevolkingsgroei. Die hooffokus is op water, elektrisiteit, paaie, sanitasie en kommunikasie.

## 10.5 Aansporings om nywerheidsontwikkeling aan te moedig

### 10.5.1 Kleinsake-ondersteuningsprogram

- Die program is ontwikkel vir kleinondernemings met 'n batewaarde van R100 miljoen of minder.
- Hierdie aansporing behels 'n belastingvrye kontanttoelaag vir investering in nywerhede.
- Toelae was beskikbaar aan nuwe en uitbreidende ondernemings.
- Toelae word vir drie jaar toegestaan waarna die ondernemings selfversorgend moet wees.

### 10.5.2 SEDA/KOOA Tegnologie Program (STP/KTP)

- KTP is geskep as deel van die regering se nasionale strategie om kleinondernemings se ondersteuningsingrepe te konsolideer en te rasionaliseer oor die verskillende staatsdepartemente heen, binne die oorkoepelende doelwit om die lewering van ondersteuningsdienste aan kleinondernemings te verbeter.

### 10.5.3 Vaardigheidsontwikkelings-program (VOP)

- 'n Kontantaansporing wat vir meer vaardigheidsopleiding toegestaan word en om nuwe, gevorderde vaardighede tot die Suid-Afrikaanse werksmag toe te voeg.
- 'n Maksimum van 50% van 'n onderneming se handelskoste word gedek.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 10.5.4 Kritiese Infrastruktuurprogram (KIP)

- ’n Kostedelingstoelaag vir projekte wat ontwikkel is om infrastruktuur in Suid-Afrika te verbeter,
- Dit dek 10% tot 30% van die kwalifiserende ontwikkelingskoste as deel van die totale ontwikkelingskodte.
- Dit is beskikbaar by voltooiing van die projek.
- Dit geld vir die openbare sektor (bv, munisipaliteite) en die privaat sektor (ondenemings).
- Dit word as “krities” beskou as die investering nie plaasvind nie, of nie optimaal sou funksioneer sonder die infrastruktuur nie.

## 10.5.5 Doeanevry aansporings

- Hierdie aansporings is gemik op uitvoergeoriënteerde vervaardigingsondernemings wat in die NOS’e en SES’e funksioneer.
- Belastingvrye invoere van intermediêre produkte wat in die NOS gebruik sal word om ander finale goedere te vervaardig.


## 10.5.6 Buitelandse investeringsaansporings

- Dit is ’n kontantaansporing om buitelandse beleggers wat in nuwe vervaardigingsondernemings in Suid-Afrika wil investeer, van hulp te wees.
- Dit dek die koste om nuwe masjinerie en toerusting van oorsee te verplaas.
- Dit is beskikbaar vir enige geregistreerde onderneming wat in die vervaardigingsektor werksaam wil wees.
- Dit dek ook tot 15% van die koste van nuwe masjinerie en toerusting tot ’n sekere waarde.
- Strategiese Investeringsprogram.

## 10.5.7 Dienste aan Ondernemingsprosesse (DOP)

- Die DOP het ten doel om investering te lok en om werksgeleenthede in Suid-Afrika te skep deur aflandige aktiwiteite.
- ’n Basisaansporing as ’n belastingvrygestelde toelaag betaalbaar oor drie jaar vir elke nuwe volhoubare werksgeleentheid wat aflandig geskep word.
- ’n Gegradeerde bonusaansporing betaalbaar soos volg:
  - 20% bonus vir meer as 4 000 maar minder as 8 000 aflandige werksgeleenthede eenmalig betaalbaar in die jaar waarin die bonus verdien word;
  - 30% bonus vir meer as 8 000 aflandige werksgeleenthede eenmalig betaalbaar in die jaar waarin die bonusvlak bereik is.

© Departement van Basiese Onderwys 2014





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 10.6 Toepaslikheid van Suid-Afrika se nywerheidsbeleide/strategieë

## 10.6.1 Suksesfaktore

- **GEAR** het nie genoeg gedoen om ontwikkeling te bevorder nie en 'n toename in ekonomiese groei het nie gebeur nie.
- **Asgisa**-beleid was nie suksesvol wat betref die hoofdoelwit om werkloosheid te verminder en 'n toename in vaardighede te bereik nie.
- Die **Nuwe Groeipad** toon geen afname in werkloosheid nie.
- Die **Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk** is 'n toepaslike beleid binne beste praktyk, maar dit word belemmer deur 'n werkloosheidsprobleem.
- **ROI's** se groeikoers is laer as verwag ongeag groot besteding aan verbetering van die ROI's se infrastruktuur. Die hoofdoelwit van werkskepping is nog nie behaal nie.
- **NOS'e** – groei vind baie stadig plaas. Die aansporings wat aangebied is nie aanloklik genoeg nie. Beleggers is nie aangelok na Gauteng en Saldanhabaai soos verwag nie. Koega en Richardsbaai was meer suksesvol.
- **Streeksontwikkeling** is steeds ongelyk en hoofsaaklik gekonsentreerd in die vier metropole.
- **Arbeiders** moet steeds gaan na waar daar werk is.
- **Kleinsake-ontwikkeling** – spesifieke regeringsprogramme was suksesvol. Die bevordering van entrepreneurskap (onder vroue en die jeug) was redelik suksesvol. Verhoogde toegang tot finansies en kapitaal, inligting en advies was redelik suksesvol.

## 10.6.2 Eksterne beperkings

- **Globale resessie** het 'n ernstige negatiewe invloed op die vervaardigingsnywerheid gehad.
- **Onstabiele wisselkoers** het stadige ekonomiese groei en ontwikkeling tot gevolg gehad in die nywerheidsektors.

## 10.6.3 Interne beperkings

- **Groot styging in elektrisiteits- en logistieke koste** –die prysstygings het kleiner ondernemings benadeel en baie het bankrot gepeel.
- **Vaardigheidstekorte** – stadige vordering in hantering van hierdie behoefte.
- **Infrastruktuur** – agterstande in besteding op alle regeringsvlakke.
- **Herstruktureringskaal** – regering se sektorale program om die nywerheidsekonomie te herstruktureer, was nie van so 'n beduidende skaal om die verwagte strukturele verandering tot stand te bring nie.
- **Verwaarlosing van groter ondernemings** – baie klem is gelê op kleiner ondernemings en groter ondernemings is afgeskeep.
- **Nie-mededingende optrede van ondernemings** – mededingingsbeleid moet versterk word om die hoë vlakke van nywerheidskonsentrasie en anti-mededingende gedrag teen te werk.
- **Swak nywerheidsfinansiering** – onvoldoende finansiering om Suid-Afrika se investerings- en industrialisasie-uitdagings tegemoet te kom.

## 10.7 Toepaslikheid van Suid-Afrika se streeks-ontwikkelingsbeleide

Die **streeksbeleid** word onderskryf deur die meeste belangrike internasionale beste praktyk beginsels: werkskepping, menslike ontwikkeling en makro- en mikro-ekonomiese ontwikkeling. Dit fokus op:

- **Werkers-na-die-werk:** Werkskepping geniet voorrang. Werkers moet gaan waar die werksgeleenthede is.
- **Werk-na-die-werkers:** Dit word internasionaal beskou as die beleid wat heel moontlik die langtermynprobleem van strukturele werkloosheid die beste sal oplos (werkloosheid te wyte aan 'n wanverhouding tussen die vraag in die arbeidsmark en die vaardighede en plek waar die werkers hulleself bevind.

## 10.8 Kleinsake-ontwikkelingsbeleide

- Die Departement van Handel en Nywerheid beskik oor verskeie programme vir ondersteuning van KMMO's
- Werkskepping vir strukturele werklose mense.
- Fokus is op aansporings vir klein ondernemings.
- Voorsien makliker toegang tot kapitaal, inligting, besigheidsadvies.
- Bevordering van entrepreneuriese ontwikkeling onder vroue en die jeug.

## 10.9 Die toepaslikheid van swart ekonomiese bemagtiging in die Suid-Afrikaanse ekonomie

- Die strategie is in pas met die bemagtiging van inheemse mense in die ontwikkelende lande. Dit is in pas met die VN en Wêreldbank se ontwikkelingsinisiatief van inheemse mense in 'n land.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 1

Bestudeer die logo's in **Figuur 10.1** en beantwoord die vrae wat volg:

*Figuur 10.1: Logo's*

1. Watter staatsinstellings verteenwoording die akronome in die logo's? (2)
2. Definieer die begrip "nywerheidsontwikkeling". (2)
3. Beskryf in jou eie woorde die belangrike rol van hierdie instellings. (2)

**[6]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 1

1. DHN – Departement van Handel en Nywerheid✓
   NOK – Nywerheidsontwikkelingskorporasie✓ (2)
2. Verwys na beleide wat gemik is op die aanmoediging van investering in nywerhede en groter nywerheidsdoeltreffendheid✓✓ (2)
3. Hulle bevorder nywerheidsontwikkeling in onderontwikkelde gebiede.✓✓ (2)

**[6]**

## Aktiwiteit 2

Bespreek enige twee internasionale beste praktyke in terme van streeksontwikkeling. **[8]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 2

1. **Totale ontwikkeling as multidimensionele proses** ✓✓ Dit is vanuit 'n globale ontwikkelingsperspektief. Dit sluit alle dimensies van die menslike bestaan in, insluitend die interaksie van maatskaplike kragte in 'n gemeenskap, bv. onderwys, gesondheid, voeding. ✓✓
2. **Ontwikkeling van binne** ✓✓ Dit is 'n endogene of onafhanklike ontwikkeling. In die verlede is ontwikkelingsprogramme op streke afgedwing. Nou streef streke na onafhanklikheid met ontwikkelingsbystand van buite ingesluit in hul strategieë. Plaaslike fisiese hulpbronne, menslike hulpbronne en energie word aangewend ✓✓ **[8]**

## Aktiwiteit 3


Verduidelik die rasionaal van nywerheidsontwikkeling deur benaderings uit die verlede en hede te beklemtoon. [8]

## Antwoorde op Aktiwiteit 3

1. **Verlede**: **Vervaardigingsontwikkeling**✓✓ is 'n metode om ekonomiese ontwikkeling te bevorder. Dit word gefinansier deur buitelandse lenings, bystand en aansienlike finansiële en ander aansporings aan ondernemings.✓✓
2. **Hede**: **Klem het verskuif na nywerheidsontwikkeling**✓✓ – dienste en landbou-aktiwiteite; fokus op die rol van KMMO's; beleide bly voortbestaan; die doel is uitvoere, indiensneming en hoër lewenstandaard.✓✓ **[8]**

## Aktiwiteit 4

Bestudeer **Figuur 10.2** en beantwoord die vrae wat volg:




*Figuur 10.2: Werkskepping en nywerheidsontwikkelingsones*

1. Omskryf die begrip NOS. (2)
2. Noem enige TWEE NOS'e vanaf die kaart. (2)
3. Noem die nywerheid betrokke by die TWEE bogenoemde NOS'e. (2)
4. Bespreek 'n aansporing wat op ondernemings binne die NOS van toepassing is. (4)

**[10]**




## Antwoorde op Aktiwiteit 4

1. 'n Nywerheidsontwikkelingsone is 'n spesiaal geboude nywerheidslandgoed wat fisies omhein is en met 'n internasionale hawe of lughawe verbind is.✓✓ (2)
2. Johannesburg.✓ Richardsbaai,✓ Oos-Londen✓, Coega✓(enige 2) (2)
3. Coega = motorbedryf✓ en Richardsbaai = metaalbedryf✓ (2)
4. Geen belasting word op ingevoerde goedere betaal nie.✓✓ Ontwerp om plaaslike en buitelandse ondernemings aan te moedig om in 'n NOS te vestig en goedere en dienste vir uitvoer te produseer.✓✓ (4)

**[10]**


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Onderwerp 11

# Suid-Afrikaanse ekonomiese en maatskaplike aanwysers

**Ekonomiese en maatskaplike aanwysers** is nuttige hulpmiddels om 'n land se welsyn te bepaal. Daar is baie ekonomiese en maatskaplike aanwysers, insluitend produksie, indiensneming, onderwys en demografiese aanwysers.

## Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| **11.**<br>**Ekonomie: Basiese begrippe en Kwantitatiewe elemente: Ekonomiese en maatskaplike prestasie-aanwysers** | **Ontleed Suid-Afrika se ekonomiese en maatskaplike aanwysers en hulle gebruike**<br><br>• **Die prestasie van 'n ekonomie**<br>– Prestasie<br>– Vergelykings<br>– Spesifikasies<br>– Doeleindes<br><br>• **Ekonomiese aanwysers:**<br>– **Inflasiekoers**<br>  – Produksiepryse (PPI)<br>  – Verbruikerspryse (VPI)<br>– **Buitelandse handel**<br>  – Ruilvoet<br>  – Die wisselkoers<br>– **Indiensname**<br>  – Ekonomies aktiewe bevolking (EAB)<br>  – Indiensnemingskoers<br>  – Werkloosheidskoers<br>– **Produktiwiteit**<br>  – Arbeidsproduktiwiteit<br>  – Vergoeding per werker<br>– **Rentekoerse**<br>  – Repo-koers | • Omskryf/verduidelik die begrip<br>• Gee 'n breë oorsig van die prestasie van die ekonomie<br><br>**H.O.T VRAAG: Stel vyf oorwegings voor wanneer die prestasie van 'n ekonomie beoordeel word**<br><br>• Analiseer die ekonomiese aanwysers in besonderhede |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | – **Geldvoorraad**<br>– M1<br>– M2<br>– M3<br><br>• **Maatskaplike aanwysers:**<br>– **Demografie**<br>– Bevolkingsgroei<br>– Lewensverwagting<br>– **Voeding en gesondheid**<br>– **Voeding**<br>– Wanvoeding<br>– Oorgewig<br>– **Gesondheid**<br>– Kindermortaliteit<br>– Jonger as 5 mortaliteit<br>– Gesondheidsbesteding<br>– Toegang tot skoon water<br>– Toegang tot sanitasie<br>– **Onderwys**<br>– Persentasie openbare sektor besteding<br>– Persentasie inskrywings in sekondêre skole<br>– **Dienste**<br>– Elektrisiteit<br>– Afval-/vullisverwydering<br>– Watervoorsiening<br>– Sanitasie<br>– **Behuising en verstedeliking**<br>– **Behuising**<br>– Aantal huise voltooi<br>– **Verstedeliking**<br>– Natuurlike bevolkingsgroei<br>– Migrasie<br>– Vestiging van nuwe dorpe<br><br>• **Internasionale vergelykings**<br>– **Globalisering**<br>– **Internasionale standaardisering**<br>– **Hulp en ondersteuning**<br>– **Vergelykings en vooruitskattings** | • Ontleed die maatskaplike aanwysers in detail<br><br>**H.O.T VRAAG: Identifiseer vyf maatskaplike aanwysers wat gebruik word vir internasionale vergelykings van standaarde en gee 'n ontleding van hul belangrikheid.** |



© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 11.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.

| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Ekonomies aktiewe bevolking (EAB)** | Alle persone, manlik en vroulik, tussen 15 en 65 jaar wat hul arbeid vir produktiewe aktiwiteite aanbied |
| **Internasionale Monetêre Fonds (IMF)** | ’n Organisasie wat hom beywer om indiensneming, wisselkoersstabiliteit, internasionale handel en ekonomiese samewerking te bevorder deur finansiële hulpbronne aan lidlande beskikbaar te stel om in hul betalingsbalans behoeftes te voorsien |
| **Stelsel van Nasionale Rekeninge (SNR)** | Tegnieke wat dubbelinskrywings in rekeningkunde insluit, vir die meting van ’n land se ekonomiese aktiwiteite |
| **Verbruikersprysindeks (VPI)** | Meet die prysverandering oor tyd van ’n gemiddelde “mandjie” verbruikersgoedere en dienste aangekoop deur huishoudings |
| **Verenigde Nasies se Kinderfonds (Unicef)** | ’n Internasionale liggaam wat hom beywer vir die ontwikkeling van kinderregte en vir kinders se oorlewing en beskerming |
| **Wêreldbank** | Die internasionale bank wat daargestel is om ekonomiese herstel en ontwikkeling te bevorder |



# 11.2 Die prestasie van 'n ekonomie

Daar is 'n paar aspekte wat in ag geneem moet word wanneer ons die prestasie van 'n ekonomie assesseer:

- **Prestasie**
  Ekonomiese aanwysers word gebruik om die toestand van die ekonomie te bepaal. 'n Ekonomiese aanwyser is statistiek (data) wat die beweging van een of ander veranderlike aandui.
- **Vergelykings**
  Veranderende statistiese data lig ons in aangaande veranderinge in die ekonomie. Deur die veranderinge te vergelyk, kan ons bepaal of groei, of verlangsaming in die ekonomie plaasvind.
- **Spesifikasies**
  Om sinvol te wees moet aanwysers in terme van sekere reëls saamgestel word.
- **Doeleindes**
  Aanwysers word vir spesifieke doeleindes saamgestel. Byvoorbeeld, die VPI word bereken om toename in verbruikerspryse aan te dui en lewenskoste te weerspieël.

# 11.3 Ekonomiese aanwysers

## 11.3.1 Inflasiekoers-aanwysers

Prysveranderinge kom voor as gevolg van óf skaarsheid van 'n produk óf veranderinge in verbruikers se voorkeure. Prysstygings oor lang periodes staan bekend as inflasie.

Daar is twee sleutel prysverandering-aanwysers:


- **Produsenteprysindeks (PPI)**: Dit is die aanwyser wat gebruik word om 'n toename of afname oor tyd in die pryse van plaaslik vervaardigde goedere te meet sodra dit die fabrieksvloer verlaat; en 'n toename of afname in die prys van ingevoerde goedere.
- **Verbruikersprysindeks (VPI)**: Dit is 'n aanduiding van die besteding van huishoudings en toon veranderinge in die koopkrag van die rand. Dit is die amptelike indeks wat vir inflasieteikens gebruik word.

## 11.3.2 Buitelandse handel-aanwysers

Internasionale handel is belangrik in 'n wêreldekonomie. Uitvoere stimuleer indiensneming en invoere vergroot die keuse van verbruikers.

- **Ruilvoet**: Dit is die verhouding van uitvoerpryse teenoor invoerpryse. As die verhouding verswak, moet 'n groter volume uitvoere geproduseer word, wat weer 'n effek op die betalingsbalans het.
- **Wisselkoers**: Die waarde van een land se geldeenheid in verhouding tot 'n ander land se geldeenheid.


© Departement van Basiese Onderwys 2014




© Departement van Basiese Onderwys 2014

### 11.3.3 Indiensneming-aanwysers

- **Die ekonomies aktiewe bevolking** (EAB): Die arbeidsmag tussen 15 en 65 jaar.
- **Indiensneming**: Die aantal persone in diens as 'n persentasie van die ekonomies aktiewe bevolking (EAB), bv. 73,5% in Suid-Afrika.
- **Werkloosheid**: Die aantal werkloses (mense wat aktief werk soek) as 'n persentasie van die ekonomies aktiewe bevolking.

### 11.3.4 Produktiwiteits-aanwysers

Arbeidproduktiwiteit word baie fyn waargeneem, veral met betrekking tot reële loonverhogings.

- **Arbeidsproduktiwiteit:** Dit word gemeet deur die reële BBP deur die aantal werkers in diens te deel.
- **Vergoeding per werker:** As produktiwiteitverhogings laer is as die reële loonverhogings, sal inflasiedruk plaasvind.

### 11.3.5 Rentekoerse

Rente is die koste van geleende geld.

- Die repokoers is een van die belangrikste rentekoersaanwysers. Dit is die koers waarteen die SARB geld aan banke leen.

### 11.3.6 Geldvoorraad

Die geldvoorraad word deur die SARB beheer. Die geld word in drie kategorieë geklassifiseer:

- **M1**: Note en munte in omloop en die opvraagdeposito's van die privaatsektor by banke.
- **M2**: M1 plus ander korttermyn en mediumtermyn deposito's van die huishoudelike privaatsektor by banke
- **M3**: M2 plus langtermyn deposito's van die huishoudelike privaatsektor by banke.

## 11.4 Maatskaplike aanwysers

**Maatskaplike aanwysers** het betrekking op mense. Hulle moniteer identifiseerbare en omskryfbare kwessies wat verband hou met die mens se welsyn oor 'n tydperk.

### 11.4.1 Demografiese aanwysers

Die grootte van die bevolking is belangrik vir die infrastruktuur en maatskaplike programme.

- **Bevolkingsgroei**: Die bevolkingsgrootte van Suid-Afrika was 46,8 miljoen in 2005. Groei is besig om af te neem. Meting van die bevolkingsgroei is belangrik vir die lewering van maatskaplike dienste en vir identifisering van die grootte van die belastingbasis (die totale aantal mense wat belasting betaal).
- **Lewensverwagting**: Suid-Afrika se lewensverwagtingskoers het gedaal van 62,8 jaar na 47 jaar.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 11.4.2 Voeding en gesondheid

Die lewenstandaard van die bevolking is verwant aan die kwaliteit van voeding en gesondheid:

### Voeding

- **Wanvoeding van kinders:** Wanvoeding word deur twee maniere uitgewys – gewig vir ouderdom (ondergewig) en lengte vir ouderdom (dwerggroei). Die verhouding van ondervoede kinders is die belangrikste aanwyser van wanvoeding.
- **Oorgewig kinders:** Daar is 'n verband tussen oorgewig by kinders en ander siektes.

### Gesondheid

- **Infantiele mortaliteit:** die aantal kinders wat voor eenjarige ouderdom sterf, is een manier om die gesondheid van die bevolking te meet.
- **Jonger as vyf jaar sterftesyfer:** die aantal kinders wat voor vyfjarige ouderdom sterf.
- **Gesondheidsbesteding:** Die waarde van gesondheidsbesteding as 'n persentasie van BBP.
- **Toegang tot skoon drinkwater:** Die bevolkingspersentasie wat redelike toegang tot skoon drinkwater het.
- **Toegang tot sanitêre fasiliteite:** Die bevolkingspersentasie met minstens genoegsame sanitêre fasiliteite wat kontak met mense, diere en insekte kan verhoed.

## 11.4.3 Onderwys

Die lewenstandaard hou verband met die vlak van onderwys. Onderwys is 'n sleutel maatskaplike aanwyser:

- **Openbare besteding**: Die persentasie van die nasionale begroting wat aan onderwys toegeken is.
- **Sekondêre inskrywings:** Dit toon die persentasie van 'n ouderdomsgroep wat ingeskryf is in die hoërskool.
- **Primêre voltooiing:** Die persentasie van 'n ouderdomsgroep wat primêre onderwys voltooi het as 'n aanwyser van die doeltreffendheid van die onderwysstelsel.
- **Jeug-geletterdheid:** Die persentasie van die ouderdomsgroep 15–24 jaar wat geletterd is.

## 11.4.4 Dienste

'n Aantal dienste wat noodsaaklik is om mense se lewenstandaard, ekonomiese vlak en maatskaplike ontwikkeling te verhoog:

- Elektrisiteit
- Vullisverwydering
- Watervoorsiening
- Sanitasie.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

### 11.4.5 Behuising en verstedeliking

Die lewenstandaard van die bevolking is verwant aan die kwaliteit van behuising en dienste:

#### Behuising

- **Behuising:** Baie Suid-Afrikaanse burgers is arm en kan nie eiendom bekostig nie. Die regering verskaf behuisingsubsidies en die privaatsektor stel huislenings beskikbaar.

#### Verstedeliking

Die vlak van **verstedeliking** is een van die aanwysers van 'n land se maatskaplike ontwikkeling. Dit word gemeet aan:

- Natuurlike groei van die stedelike bevolking
- Migrasie
- Vestiging van nuwe dorpe

## 11.5 Internasionale vergelykings

Internasionale vergelykings is die vernaamste manier om 'n land se ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling te meet.




Leer hierdie vier maniere wat internasionale organisasies gebruik om 'n land se vlak van ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling te meet.

### 11.5.1 Globalisering

- **Internasionale handel:** Betalings word deur die wisselkoers beïnvloed.
- **Internasionalisering**: Takkantore in die buiteland moniteer aanwysers ten einde finansiële verslae in 'n enkele geldeenheid te publiseer, en betaal dividende in verskillende geldeenhede.

### 11.5.2 Internasionale standaardisering

- Ekonomiese en maatskaplike aanwysers is bruikbaar. Internasionale organisasies, soos die Wêreldbank en die IMF, is baie spesifiek in die bepaling, gebruik en toepassing van hierdie aanwysers.
- Voordele van organisasies kan nie gemeet word as aanwysers nie beskikbaar is nie, bv. oorbruggingsfinansiering vanaf die IMF, die Wêreldbank en die VN.


### 11.5.3 Hulp en bystand

- Ander lande, regerings, internasionale instellings en NRO's is wêreldwyd betrokke by die verskaffing van finansiële hulp.
- 'n Land benodig sekere aanwysers, insluitend binnelandse inkome, produksie en besteding, en data oor armoede, onderwys en gesondheid, om finansiële hulp te ontvang en om die impak van hierdie hulp te meet.
- Hulporganisasies mag ook vra vir menseregte- (bv. kinderregte), omgewings- (bv. besoedeling) en regerings- (bv. korrupsie) aanwysers.

### 11.5.4 Vergelykings en voorspellings

- Kapitaalmarkte word geliberaliseer (vrygemaak) deur globalisering.
- Kapitaal beweeg na waar dit die beste opbrengs ontvang.
- Publikasies vir wêreldrolspelers gee aanwyserwaardes vir die vorige 3 en toekomstige 3 jaar om onderliggende neigings uit te lig.


© Departement van Basiese Onderwys 2014


MAATSKAPLIKE AANWYSERS
ONDERWYS
Openbare besteding
Sekondêre inskrywings
Primêre voltooiing
Jeug-geletterdheidskoers
15 - 24
BEHUISING & DIENSTE
elektrisiteit
HOP-behuising
vullisverwydering
VERSTEDELIKING
natuurlike groei
migrasie
INKOMSTEVERSPREIDING
Gini-koëffisiënt
0 - 1
verspreiding van inkomste
Koptellingsindeks
$1
onder armoedevlak
DEMOGRAFIES
Bevolkingsgroei
Lewensverwagting
VOEDING & GESONDHEID
Voeding
gewig
lengte
Gesondheid
suigelingsterftesyfer
Drinkwater & sanitasie

## Aktiwiteit 1

Kies die korrekte woord tussen hakies:

1. Die sleutelrentekoers in Suid-Afrika is die (repo-/wissel-) koers. (2)
2. Die groeiprestasie van 'n land word gemeet in terme van die (per capita reële BBP/toename in die reële BBP). (2)
3. Die ekonomies aktiewe bevolking is die arbeidsmag tussen 15 en (55/65) jaar. (2)
4. Die indeks wat gebruik word om die pryse van insette te bepaal, word die (verbruikers-/produsente-) prysindeks genoem. (2)
5. Maatskaplike aanwysers het betrekking op mense, soos onderwys en (korrupsie/gesondheid). (2)

**[10]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 1

1. Repokoers✓✓ (2)
2. 'n Toename in die reële BBP✓✓ (2)
3. 65✓✓ (2)
4. Produsenteprysindeks✓✓ (2)
5. Gesondheid✓✓ (2)

**[10]**

## Aktiwiteit 2

Gee **EEN** antwoord vir elk van die volgende:

1. 'n Internasionale bank ingestel om ekonomiese herstel en ontwikkeling te bevorder. (2)
2. Gebruik om die prestasie van die ekonomie te bepaal in terme van basiese ekonomiese doelwitte van groei, prysstabiliteit, wisselkoersstabiliteit en volle indiensneming. (2)
3. Dit word voorgestel op die Lorenz-kurwe en toon die verspreiding van inkomste. (2)
4. Die prys van een land se geldeenheid in terme van 'n ander land se geldeenheid. (2)
5. Die verhouding tussen uitvoer- en invoerpryse. (2)

**[10]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 2

1. Wêreldbank✓✓ (2)
2. Ekonomiese aanwyser✓✓ (2)
3. Gini-koëffisiënt✓✓ (2)
4. Wisselkoers✓✓ (2)
5. Ruilvoet✓✓ (2)

**[10]**


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 3

Onderskei in tabelvorm tussen die verbruikersprysindeks en die produsente-prysindeks. (2 × 4) **[8]**

## Antwoord op Aktiwiteit 3

| PPI | VPI |
|---|---|
| **Produsenteprysindeks:** 'n indeks wat die impak van veranderinge✓ beraam in die relatiewe pryse van produksie-insette✓<br>• Hou verband met produksiekoste✓<br>• Die mandjie bestaan net uit goedere✓<br>• Kapitaal- en intermediêre goedere word ingesluit✓<br>• Pryse sluit BTW uit✓<br>• Rentekoerse word uitgesluit✓<br>• Pryse van ingevoerde goedere word eksplisiet getoon✓ | **Verbruikersprysindeks:** 'n indeks wat die pryse meet✓ van 'n vasgestelde mandjie verbruiksgoedere en dienste✓<br>• Hou verband met lewenskoste✓<br>• Die mandjie bestaan uit verbruiksgoedere en dienste✓<br>• Kapitaal en intermediêre goedere word uitgesluit✓<br>• Pryse sluit BTW in✓<br>• Rentekoerse word in berekening gebring✓<br>• Pryse van ingevoerde goedere word nie eksplisiet getoon nie✓ |

[8]



# 12 Onderwerp

# Inflasie

**Inflasie** kom voor wanneer daar 'n volgehoue en aansienlike styging in die algemene prysvlak oor 'n bepaalde tydperk is. Terselfdertyd is daar 'n daling in die koopkrag van geld. Met ander woorde, die algemene prysvlak styg meer as die algemene styging in lone of salarisse.

## Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| 12<br>**Ekonomiese kwessies van die dag: Inflasie** | **Ontleed en ondersoek inflasie en die beleide wat aangewend kan word om inflasie te bekamp**<br><br>• **Inflasie**<br>– **Omskrywing**<br>– **Inflasiemeting**<br>– Indekse (VPI/PPI)<br>– Weging (mandjie goedere en dienste)<br>– Inflasiekoers (Berekenings) | • Omskryf/verduidelik die begrip<br>• Ondersoek maniere om inflasie te meet |
| | • **Tipes en -kenmerke van inflasie**<br>– **Verbruikersinflasie**<br>– Hooflyninflasie<br>– Kerninflasie<br>– Geadministreerde prysinflasie<br>– **Produsente-inflasie**<br>– **Allesinsluitende inflasie**<br>– **Hiperinflasie**<br>– **Stagflasie**<br>– **Vergelyking van inflasiekoerse** | • Omskryf/verduidelik die verskillende tipes inflasie<br>• Onderskei tussen die verskillende tipes inflasie |
| | • **Oorsake en gevolge van inflasie**<br>– **Vraagtrekinflasie**<br>– Monetaristiese verduideliking<br>– Oorsake van vraaginflasie<br>– Toename in huishoudelike verbruik<br>– Spaarafname<br>– Belastingvermindering<br>– Toegang tot krediet<br>– Investeringsbesteding<br>– Openbare sektor besteding<br>– Uitvoerdienste | • Bespreek vraagtrekinflasie kortliks<br>• Ontleed die oorsake van vraagtrekinflasie |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | – **Kostedrukinflasie**<br>  – Oorsake van kostedrukinflasie<br>    – Lone<br>    – Sleutelinsette<br>    – Wisselkoersdepresiasie<br>    – Winsmarges<br>    – Produktiwiteit<br>    – Natuurrampe<br><br>– **Gevolge van inflasie op**<br>  – Debiteure/krediteure<br>  – Loon- en salaristrekkers<br>  – Beleggers en spaarders<br>  – Belastingbetalers<br>  – Nywerheidsvrede<br>– **Verwagting en inflasie**<br><br>• **Die inflasieprobleem in Suid-Afrika**<br><br>• **Maatreëls om inflasie te bekamp**<br>  – **Vraagtrekinflasie**<br>    – Monetêre beleid<br>    – Fiskale beleid<br>  – **Kostedrukinflsie**<br>    – Produktiwiteit<br>    – Mededinging | • Bespreek kostedrukinflasie kortliks<br>• Ontleed die oorsake van kostedrukinflasie<br><br>• Ondersoek in detail die gevolge van inflasie<br><br>• Gee 'n breë oorsig van Suid-Afrika se inflasieprobleem<br>• Ondersoek die maatreëls om inflasie te bekamp in besonderhede<br>• Gebruik die volgende inligting om die VPI vir September 20... te bereken<br><br>**H.O.T VRAAG: Wat is die uitwerking van inflasie op die lopende rekening van Suid-Afrika se BB?** |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 12.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.

| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Geadministreerde pryse** | Pryse wat deur die regering vasgestel of beheer word |
| **Hiperinflasie** | ’n Inflasiekoers bo 50%. Mense verloor vertroue in die waarde van geld en begin ruilhandel van goedere en dienste |
| **Hooflyn-inflasie** | Onaangepaste VPI syfers |
| **Inflasie** | ’n Volgehoue en aansienlike styging in die algemene prysvlak oor ’n bepaalde tydperk, en ’n gelyktydige daling in die koopkrag van geld |
| **Inflasieteikens** | Maak deel uit van die regering se monetêre beleid wat deur die Reserwebank bestuur word om inflasie binne die teiken gestel deur die Minister van Finansies te hou (tussen 3% en 6%) |
| **Kerninflasie** | Sluit items van die VPI-mandjie uit wat hoogs veranderlik is of deur regeringsbeleid beïnvloed word |
| **Kostedruk-inflasie** | Word aangetref wanneer daar ’n styging in die algemene prysvlak is as gevolg van ’n styging in produksiekoste |
| **Monetêre beleidskomitee (MBK)** | Bestaan uit die President van die Reserwebank, 3 adjunk-presidente en 3 ander lede. Hul hoofdoelwit is om ’n rentekoers vas te stel wat verenigbaar is met die bereiking van die inflasieteiken |
| **Produsenteprys-indeks (PPI)** | Meet die impak van veranderinge in die relatiewe verswaring van produksie-insette:<br>• Hou verband met die produksiekoste<br>• Die mandjie bestaan slegs uit goedere<br>• Kapitaal en intermediêre goedere word ingesluit<br>• Pryse sluit BTW uit<br>• Rentekoerse word uitgesluit<br>• Pryse van ingevoerde goedere word eksplisiet getoon |
| **Stagflasie** | Gelyktydige lae groei, hoë werkloosheid en inflasiekoerse |
| **Verbruikersprys-indeks (VPI)** | ’n Indeks wat die prys van ’n vaste mandjie verbruikersgoedere en dienste meet<br>• Hou verband met lewenskoste<br>• Die mandjie bestaan uit verbruiksgoedere en dienste<br>• Kapitaal- en intermediêre goedere word uitgesluit<br>• Pryse sluit BTW in<br>• Rentekoerse word in berekening gebring<br>• Pryse van ingevoerde goedere word nie aangetoon nie |
| **Vraagtrek-inflasie** | Word aangetref wanneer die totale vraag na goedere en dienste die totale aanbod van goedere en dienste oorskry |




## 12.2 Inflasiemeting (omskryf, verduidelik, ondersoek)

Prysindekse word gebruik om veranderinge van die algemene prysvlak te meet. Die volgende is belangrike begrippe verwant aan die meting van inflasie:

1. **Indekse:** ’n Prysindeks word saamgestel van die pryse van ’n verteenwoordigende mandjie goedere en dienste. Die pryse word op gereelde basis aangeteken.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

2. **Weging:** Die verskil in belangrikheid van items in 'n indeks word oorkom deur 'n geweegde indeks wat die relatiewe belangrikheid van elke item aantoon.
3. **Inflasiekoers:** Die inflasiekoers word bepaal deur die veranderinge in die VPI en/of PPI te gebruik. Die waardes van elke maand word vergelyk met die ooreenstemmende maand van die vorige jaar.
4. **Inflasie-teikens:** Dit vorm deel van die monetêre beleid en word deur die Reserwe Bank bestuur om inflasie binne die perke te hou wat deur die Minister van Finansies bepaal is (tussen 3% en 6%). Die doelwit van inflasie-teikens is om die inflasiekoers tot lae en meer stabiele vlakke te beperk.




# 12.3 Inflasietipes en -kenmerke

Daar is twee hooftipes inflasie – vraagtrekinflasie en kostedrukinflasie. Hulle kenmerke word hieronder beskryf:

## 12.3.1 Verbruikerinflasie

- **Hooflyninflasie:** Word gemeet deur VPI en word slegs in stedelike gebiede bereken. Dit verteenwoordig die koste van 'n inkopiemandjie van goedere en dienste van die tipiese Suid-Afrikaanse huishouding. Statistieke Suid-Afrika identifiseer 1 500 verskillende huishoudelike goedere/dienste, ken 'n gewig aan elkeen toe en besluit oor 'n basisjaar, 'n formule en prysversameling. Die onaangepaste VPI-koers is bekend as hooflyninflasie.
- **Kerninflasie:** Dit word deur Statistieke Suid-Afrika gepubliseer en sluit items in die VPI-mandjie met hoogs flukturerende pryse uit, en dié wat geraak word deur regeringsintervensie en -beleid, soos vars en bevrore vleis en vis, groente, rentekoerse op verbande, BTW en aanslagkoerse.
- **Geadministreerde pryse:** Die pryse word deur die regering vasgestel, of die regering beheer dit deur aangewese owerhede. Prysveranderinge moet binne die inflasiedoelwit bly soos deur die Minister van Finansies voorgeskryf.

## 12.3.2 Produsente-inflasie

Die PPI word gebruik om die pryse van plaaslik vervaardigde goedere te meet. Dit toon ook binnelandse uitset. As die rand depresieer, sal dit eerste in die PPI reflekteer.

Verskill tussen VPI en PPI:

**VPI:**
- Het betrekking op lewenskoste.
- Die mandjie bestaan uit verbruiksgoedere en dienste.
- Kapitaal en intermediêre goedere is uitgesluit.
- Pryse sluit BTW in.
- Rentekoerse word in ag geneem.
- Pryse van ingevoerde goedere word nie getoon nie.

**PPI:**
- Het betrekking op produksiekoste.
- Die mandjie bestaan slegs uit goedere.
- Kapitaal en intermediêre goedere is ingesluit.
- Pryse sluit nie BTW in nie.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

- Rentekoerse is uitgesluit.
- Pryse van ingevoerde goedere word duidelik getoon.

### 12.3.3 Allesinsluitende inflasie

- Ekonome stel vas wat gebeur het met pryse van alle finale goedere en dienste in 'n spesifieke jaar.
- Gebruik die berekende implisiete BBP-deflator.
- Gebruik BBP-syfers teen huidige en konstante pryse soos gepubliseer in die nasionale rekeninge.
- BBP teen konstante pryse meet ekonomiese groei en inflasie.
- Meet die inflasiekoers vir die ekonomie in geheel.
- Implisiete BBP-deflator is die verhouding van BBP teen huidige pryse tot BBP teen konstante pryse.
- Om inflasie te bepaal: $\frac{\text{BBP-deflator vir die volgende jaar}}{\text{BBP-deflator vir die vorige jaar}} \times 100$

### 12.3.4 Hiperinflasie

- Baie hoë inflasiekoers (meer as 50%).
- Prysvlakke styg so vinnig dat mense vertroue in die waarde van geld verloor.
- Word moeilik vir die ekonomie om te funksioneer.
- Mense neem toevlug tot goedere as ruilmiddels – ruilhandel.

### 12.3.5 Stagflasie

Hoë werkloosheid gekombineer met 'n hoë inflasiekoers.

### 12.3.6 Vergelyking van inflasiekoerse

- Jaarlikse inflasiekoerse van VPI, PPI en BBP deflasie word voorsien.
- Al hierdie indekse en ander implisiete deflators word oorweeg vir beleidsdoeleindes en vooruitskatting.
- Vir die verbruiker is die VPI by verre die belangrikste aanwyser omdat dit verband hou met hulle lewenskoste en die rentekoersbeleid van die Reserwe Bank.




## 12.4 Oorsake van inflasie

### 12.4.1 Vraagtrekinflasie

**Vraagtrekinflasie** kom voor wanneer die totale markvraag in 'n ekonomie die totale markaanbod oortref, selfs as die bruto binnelandse produk styg en werkloosheid daal. In effek word te veel geld op te min goedere gespandeer. Oor die algemeen sal 'n toename in die aanbod van goedere die inflasieneiging omkeer. Sommige van die kenmerke van vraagtrek-inflasie is:


- Totale markvraag styg meer as totale markaanbod, wat 'n styging in die algemene prysvlak veroorsaak.
- **Groepe wat hiervoor verantwoordelik is:** Verbruikers, ondernemings en die regering.
- **Die buiteland se bydrae:** Verhoog die vraag na ons goedere en dienste nog verder deur 'n toename in uitvoere.
- **Relatiewe toename in totale markaanbodkomponente:** C (verbruiksbesteding), I (investeringsbesteding), G (staatsbesteding), M (koste van invoere).
- **Afnemende besparing:** As spaargewoontes verander en verbruikers


© Departement van Basiese Onderwys 2014

begin om hulle huidige en opgehoopte spaargeld te bestee, sal groei in totale vraag groter word as groei in totale aanbod.

- **Belstingvermindering:** As persoonlike inkomstebelasting verlaag, word meer geld beskikbaar gestel vir privaat verbruiksbesteding.
- **Toegang tot krediet:** Groter beskikbaarheid van verbruikerskrediet (kredietkaarte) en goedkoper krediet – kredietvermenigvuldiger kom in werking en meer krediet word geskep.

Figuur 12.1 illustreer 'n toename in totale vraag van $TV_1$ tot $TV_2$ en 'n enkel totale aanbod $TA_1$. Namate die totale vraag styg, sal die prysvlak en produksie-uitset ook styg tot volle indiensneming bereik is. Die aanvanklike vraagtoename sal 'n positiewe uitwerking hê op produksie, indiensneming en inkomste, maar wanneer maksimum kapasiteit bereik word, sal 'n verdere vraagtoename tot prysstygings lei.




*Figuur 12.1: Die inflasie-proses*

### Oorsake van vraagtrekinflasie

Daar is baie oorsake van vraagtrekinflasie. Sommige is:

- **Toename in huishoudelike verbruik:** As gevolg van maklik beskikbare krediet, belastingverminderings en verminderde spaar.
- **Investeringsbesteding:** Dit kan lei tot hoër winsverwagtings van ondernemings. Hulle sal meer investeer wat kan lei tot 'n vraagtoename vir goedere en dienste.
- **Staatsbesteding:** 'n Toename in staatsbesteding lei tot prysverhogings. Meer geld sirkuleer weens 'n toename in besteding op infrastruktuur, verbruikersbesteding en maatskaplike besteding.
- **Uitvoerverdienste:** Groei in die buiteland kan die vraag vir plaaslik geproduseerde goedere laat toeneem sonder 'n toename in plaaslike produksie.
- **Die Monetaristiese verduideliking:** Volgens monetariste veroorsaak volgehoue hoë groeikoerse in die geldvoorraad hoë inflasie, terwyl lae koerse lae inflasie teweegbring. Hulle baseer hulle siening op die kwantiteitsteorie van geld (MV = PT). Hulle maak drie basiese aannames: die snelheid van geldsirkulasie is stabiel; die geldhoeveelheid word eksogeen bepaal deur monetêre owerhede en reële uitset word bepaal deur die hoeveelheid en kwaliteit van verskillende produksiefaktore.

## 12.4.2 Kostedrukinflasie

**Kostedrukinflasie** word veroorsaak deur 'n toename in die produksiekoste van goedere of dienste wat van groot belang is vir die ekonomie, en waarvoor geen alternatiewe bestaan nie. Voorbeelde sluit in hoë hoogtes in die olieprys tydens oorloë, groot prysstygings in stapelvoedsels as gevolg van droogte, of buitengewone toename in die arbeidskoste weens vakbond-aktiwiteite. Sommige van die kenmerke van kostedrukinflasie is:

- **'n Styging in arbeidskoste:** Aggressiewe vakbond-onderhandelinge stoot die prys van arbeid op bo 'n styging in produktiwiteit.
- **Produsente verhoog hul winste:** Pryse styg meer as die styging in produksiekoste.
- Die staat hef 'n **hoër BTW-koers.**

© Departement van Basiese Onderwys 2014




- **Duur ingevoerde goedere** (intermediêre goedere) veroorsaak 'n styging in die pryse van plaaslik voltooide goedere.
- **Laer produktiwiteit met dieselfde vergoeding:** Die koste van produksie styg.
- **Natuurrampe:** Vloede of droogtes verhoog die produksiekoste.
- **Stygende totale koste** aan die aanbodkant.

### Oorsake van kostedrukinflasie

- **Lone:** 'n Toename in vergoeding verteenwoordig 50% van Bruto Waarde Toegevoeg (BWT) teen basiese pryse en is een van die hoofoorsake van kostedrukinflasie,
- **Sleutelinsette:** As die pryse van ingevoerde sleutelinsetgoedere styg, styg die plaaslike produksiekoste, veral in die vervaardigingsektor.
- **Wisselkoersdepresiasie:** Depresiasie van die rand sal lei tot hoër invoerpryse.
- **Winsmarges:** As ondernemings hul winsmarges verhoog, sal hul produksiekoste en die prys wat verbruikers moet betaal, ook toeneem.
- **Produktiwiteit:** Daling in produktiewe produksiefaktore sal lei tot verhoogde koste per eenheid geproduseer.
- **Natuurrampe:** Pryse sal verhoog as gevolg van weersomstandighede, soos droogtes, vloede en aardverwarming.

### Verwagting en inflasie:

Die inflasionistiese proses word deur vraagtrek- en kostedrukinflasie in werking gestel. Die rol van inflasionistiese verwagtings:

- Gedurende inflasie verwag verbruikers dat pryse sal styg en begin hulle om meer goedere te koop.
- Arbeidsvakbonde wil hulle lede se inkomste beskerm teen verlaging van hul koopkrag weens inflasie.
- Verwagting dat pryse sal styg, moedig sekere besighede aan om pryse voortydig te verhoog.

## 12.5 Gevolge van inflasie

**OPSOMMEND:** Fiskale beleid gebruik **verhoogde belasting** en **verminderde besteding** om inflasie te beveg.

- **Debiteure/Krediteure:** Debiteure verkry 'n voordeel, want hulle ontvang geld met 'n hoë koopkrag en betaal skulde met geld wat 'n laer koopkrag het. Krediteure ly onder waardevermindering van geld.
- **Loon- en salaristrekkers:** Mense met 'n vaste inkomste kan minder goedere koop weens prysstygings.
- **Beleggers en spaarders:** Bates met vaste nominale waardes lewer 'n vasgestelde opbrengs wat 'n laer koopkrag het omdat pryse styg. Reële waarde van besparings daal.
- **Belastingbetalers:** In Suid-Afrika word inkomste progressief belas. Dit bring 'n skaalinkrement mee as gevolg van inflasie en die progressiewe belastingstelsel en die staatsvoordele.
- **Nywerheidsvrede:** Loononderhandeling gaan gepaard met stakings en massa-optrede.

## 12.6 Maatreëls om inflasie te beveg

Beleidmakers kan verskeie beleidsmaatreëls gebruik om te hoë inflasie te bekamp. Drie tipes beleidsmaatreëls word toegelig.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 12.6.1 Fiskale maatreëls

Die Minister van Finansies tref fiskale maatreëls rakende belasting en besteding. Voorbeelde van sodanige maatreëls sluit die volgende in:

- 'n Styging in **direkte belasting** (persoonlike inkomstebelasting) wat sal help met die verlaging van vraag.
- 'n Styging in **indirekte belasting** (BTW) het laer besteding tot gevolg omdat goedere duurder raak.
- 'n **Leningsheffing** verminder verbruikers se besteebare inkomste.
- **Die staat sny terug op besteding** deur staatsprojekte soos paaie, hospitale en skole te kanselleer.
- **Die land finansier sy begrotingstekort op nie-inflasionêre wyse** (die staat gebruik lenings uit die nie-banksektor om inflasie te beperk).
- **Die staat hef bobelasting op ingevoerde goedere.** Dit verhoog die prys van ingevoerde goedere, wat daartoe lei dat mense nie kan bekostig om hierdie goedere te koop nie.

**OPSOMMEND:** Monetêre beleid behels 'n **verminderde geldaanbod** om inflasie te bekamp.

## 12.6.2 Monetêre maatreëls

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) en die regering pas sekere monetêre maatreëls toe om inflasie te bekamp:

- Die SARB **pas die hoeveelheid geld in omloop aan by die behoeftes van die ekonomie** (bv. deur 'n opemarkbeleid) en handhaaf 'n fyn balans tussen die aanbod van goedere en dienste en die geldaanbod.
- Die SARB **beperk inflasie** wat veroorsaak is deur oorskotvraag deur die geldvoorraad te verminder.
- Die **bankkoers** van die sentrale bank (SARB) beïnvloed die rentekoerse in die ekonomie (repokoers). Die bankkoers kan verhoog word om mense aan te moedig om te spaar.
- Buitensporige krediet kan verminder word deur die **toestaan van krediet deur banke te beperk.**
- Die SARB kan **morele druk** (morele oorreding) op finansiële instellings toepas rakende nougesette toestaan van krediet.

## 12.6.3 Ander maatreëls

Addisionele maatreëls wat toegepas kan word om inflasie te bekamp, is:

- **Verhoogde produktiwiteit:** Deur verbeterde onderwys en opleiding word meer mense in diens geneem en hoër produktiwiteit verseker. Hierdie is 'n langtermynmaatreël.
- **Prysbeheer:** Die regering stel die prys van sekere noodsaaklike items vas om te verseker dat dit bekostigbaar bly.
- **Loonbeleid:** Die regering besluit om die inflasiespiraal van stygende lone en pryse te breek deur loonverhogings onder die vlak van inflasie te hou.
- **Strenger voorwaardes vir verbruikerskrediet:** Die regering maak dit moeiliker vir verbruikers om krediet te kry met die doel om hul besteding te beperk.
- **Aanmoediging om te spaar:** Die regering implementeer maatreëls om spaar aan te moedig, bv. deur belasting op spaargeld te verlaag. Die wanbalans tussen vraag en aanbod word reggestel deur 'n toename in besparings, aangesien mense meer spaar en minder spandeer.
- **Invoerbeheer** word verslap.
- **Swewende wisselkoers:** Pryse word outomaties aangepas by internasionale toestande.
- **Indeksering:** Dit is 'n beleid om pryse van items soos lone, pensioene en verbandrentekoerse met prysindekse te verbind om die effekte van inflasie te elimineer.


Gebruik hierdie twee akronieme om jou te help om die addisionele maatreëls om inflasie te bekamp, te onthou:
**K – K**rediet
**L – L**one
**I – I**nvoere
**P – P**rys

**S – S**paar
**W – W**isselkoers
**I – I**ndeksering
**P – P**roduktiwiteit

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 1

Bestudeer Figuur 12.2 hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




*Figuur 12.2 Suid-Afrika se inflasiekoers*

1. Definieer die begrip "inflasie". (2)
2. Wanneer het die inflasiekoers sy hoogtepunt bereik? (2)
3. Het ons tussen Julie 2010 en Januarie 2011 by die regering se inflasieteiken gehou? Verskaf syfers. (4)
4. Verduidelik wat jy sal doen om die inflasiekoers in ons land te verlaag. (4)
5. Watter instellings in Suid-Afrika maak inflasiesyfers bekend? (2)
6. Wat, volgens jou, het die dubbelsyfers tussen April en Julie 2008 veroorsaak? (4)
7. Hoekom is hierdie syfers in die grafiek nie 'n aanduiding van hiperinflasie nie? (4)

**[22]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 1



1. 'n Volgehoue en aansienlike styging in die algemene prysvlak oor 'n bepaalde tydperk.✓✓ (2)
2. Julie 2008✓✓ (2)
3. Ja✓✓ Die inflasieteiken is tussen 3% en 6%✓✓ (4)
4. Toepassing van monetêre beleid (repokoers)✓✓ en fiskale beleid (hoër belasting)✓✓ (4)
5. SARB en Statistieke Suid-Afrika✓✓ (2)
6. Buitengewone verbruiksbesteding.✓✓ Te wyte aan kapitale besteding deur die staat vir die Sokker Wêreldbekertoernooi✓✓ (4)
7. Hiperinflasie begin by 50%✓✓✓✓ (4)

**[22]**


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 2

Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Voor inflasie** – sy gaan winkels toe en dra haar geld in haar **HANDSAK** | En bring haar kruideniersware huis toe in 'n **MANDJIE** |
|  |  |
| **Na inflasie** – sy dra haar **GELD** in 'n mandjie, en … | Bring haar **KRUIDENIERSWARE** huis toe in haar **HANDSAK** |

1. Wat is die boodskap van die strokiesprent? (2)
2. Wat is besig om te gebeur met die koopkrag van geld? (2)
3. In watter land is hierdie vrou 'n verbruiker? Motiveer jou antwoord. (4)

**[8]**

### Antwoorde op Aktiwiteit 2

1. As gevolg van inflasie kan die verbruiker minder koop vir dieselfde hoeveelheid geld✓✓ (2)
2. Dit neem af✓✓ (2)
3. Die VSA ✓✓ Sy dra Amerikaanse Dollars ($) in haar mandjie✓✓ (4)

**[8]**

## Aktiwiteit 3

Noem enige DRIE fiskale maatreëls vir die beheer van inflasie. (3 × 2) **[6]**

### Antwoorde op Aktiwiteit 3

- Verhoog direkte belasting (persoonlike inkomstebelasting) indien inflasie te wyte is aan 'n oorskotvraag✓✓
- Verhoog indirekte belasting (BTW)✓✓
- Stel 'n leningsheffing in✓✓
- Die staat besnoei op besteding✓✓
- Die finansiële begrotingstekort is nie-inflasionêr✓✓
- Hef bobelasting op ingevoerde goedere✓✓ (enige 3) (3×2)

**[6]**



# 13 Onderwerp

# Toerisme

**Toerisme** is reis met die doel van ontspanning, rekreasie of besigheid. Plaaslike toeriste reis na verskillende plekke in hul eie land. **Inwaartse toeriste** kom van ander lande af na Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse toeriste wat oorsee reis, staan bekend as **uitwaartse toeriste**. Suid-Afrika is 'n gewilde toeristebestemming danksy die land se natuurskoon, natuurlewe, goeie weer en interessante politieke geskiedenis.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| **13.**<br>**Toerisme en Ekonomiese Regstellings: Omgewing-volhoubaarheid** | **Debatteer die ekonomiese belangrikheid van toerisme vir Suid-Afrika en stel beleide voor om dit te bevorder. Verwys na die belangrikheid van inheemse kennisstelsels (IKS).** | |
| | • **Toerisme:**<br>– Omskrywing<br>– Tipes toerisme<br>– Meting van toerisme | • Omskryf/verduidelik die relevante begrippe<br>• Gee 'n breë oorsig van die tipes toerisme<br>• Gee 'n breë oorsig van die meting van toerisme |
| | • **Redes vir groei**<br>– Internasionaal<br>– Plaaslik | • Ondersoek die redes vir groei in die toerismebedryf in besonderhede |
| | • **Die effek van toerisme op:**<br>– BBP<br>– Werkverskaffing<br>– Armoede<br>– Eksternaliteite<br>– Omgewing<br>– Investering | • Ondersoek die effekte van toerisme in besonderhede |
| | • **Die voordele van toerisme vir:**<br>– Huishoudings<br>– Ondernemings<br>– Regering<br>– Infrastruktuurontwikkeling | • Ondersoek die voordele van toerisme vir: Huishoudings, ondernemings, regering en infrastruktuurontwikkeling |
| | • **Suid-Afrika se profiel (inheemse kennisstelsels)**<br>– Suid-Afrika se profiel<br>– Doelwit met besoeke<br>– Plaaslike bestemmings<br>– Plaaslike toeriste<br>– Inheemse kennis | • Gee 'n breë oorsig van Suid-Afrika se toerismeprofiel |
| | • **Beleidsvoorstelle – Departement van Toerisme**<br>– Bemarking, infrastruktuur, onderwys en opleiding en omgewingsbestuur | • Gee 'n breë oorsig van die beleidsvoorstelle van die Departement van Toerisme<br>• Analiseer kortliks die verwantskap tussen toerisme en inheemse kennis binne die Suid-Afrikaanse konteks. |

© Departement van Basiese Onderwys 2014




# 13.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.

| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Binnelandse toeris** | 'n Suid-Afrikaanse landsburger wat binne die grense van Suid-Afrika reis |
| **Buitelandse toeris** | Besoek 'n ander land as bestemming |
| **Departement van Toerisme** | Verseker en bespoedig die lewering van toeristevoordele |
| **Inwaartse toeris** | Toeris van 'n ander land wat vir langer as 'n dag bly |
| **Toerisme** | Aktiwiteite van mense wat reis en oorbly in plekke buite hulle gewone omgewing vir 'n periode van nie meer as een jaar nie, vir die doel van ontspanning, besigheid of ander redes. Dit is nie verwant aan enige werk teen betaling in die plek wat besoek word nie |
| **Transito-toeris** | Toeris wat deur Suid-Afrika reis deur gebruik te maak van lug-, pad-, spoor- of seevervoer na 'n ander bestemming |
| **Uitwaartse toeris** | Suid-Afrikaanse burger wat oorsee reis; het dieselfde effek op die betalingsbalans as invoere |

# 13.2 Definisie van toerisme

Toeriste reis na ander lande vir vakansies, sake, konferensies en om meer omtrent daardie lande uit te vind. **Toerisme** bied mense die geleentheid om die wêreld te beleef. Toerisme kan gedefinieer word as aktiwiteite van mense wat sonder vergoeding en vir 'n tydperk minder as een jaar na plekke buite hulle gewone omgewing reis vir besigheid, ontspanning of ander doeleindes.


'n Aktiwiteit word beskou as toerisme as dit voldoen aan die volgende kriteria:

- Daar is 'n rede vir die besoek of aktiwiteit.
- Daar word geen vergoeding (geld) verdien in die plek wat besoek word nie.
- Die minimum lengte van besoek is een nag.
- Die maksimum lengte van besoek is een jaar.
- Daar is 'n reisafstand van meer as 160 km vanaf die toeris se woning.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 13.3 Die doel (tipes) van toerisme

- **Ontspanning en vermaak:** Toeriste kom na Suid-Afrika om vakansie te hou, sport te beoefen, vriende te besoek en besienswaardighede te besoek.
- **Kulturele toerisme:** Toeriste besoek museums en kunsgalerye, bv. Robbeneiland en die Apartheidsmuseum.
- **Ekotoerisme:** Toeriste soek die ongerepte natuurskoon op, bv. die Richtersveld se Kulturele en Botaniese Landskap, die Kaapse Fynbos en die Krugerwildtuin.
- **Sake en professionele redes:** Toeriste besoek die land vir sakegeleenthede en konferensies.
- **Ander:** Vir studies of mediese redes.



Ontspanning en vermaak



Kulturele toerisme



Ekotoerisme



Sake- en professionele redes

# 13.4 Meting van toerisme

Toerisme behels verskillende aktiwiteite wat aan die volgende moet voldoen:

- Daar moet 'n doelwit met die besoek wees, bv. kampering, besigheid of studie.
- Geen vergoeding moet verdien word by die toeris se bestemming nie.
- Die minimum besoektyd moet een nag wees.
- Die maksimum besoektyd moet nie een jaar oorskry nie.
- Die reisafstand moet verder as 160 km van 'n persoon se woning af wees.

# 13.5 Redes vir groei

Die vinnige groei van die toerimebedryf het 'n bestendige verandering in die lewenstandaard en mense se lewenstyle tot gevolg gehad. Toerisme is veel meer sigbaar in die ontwikkelde lande as in ontwikkelende lande, hoewel toerisme vinniger toeneem in ontwikkelende lande. Plaaslike toerisme beleef 'n bloeitydperk sedert Suid-Afrika 'n meer aantreklike toerismebestemming geword het. Redes vir die groei in die toerismebedryf is:

© Departement van Basiese Onderwys 2014

- Toename in besteebare inkomste.
- Minder werksure, dus meer tyd vir reis.
- ’n Bewuswording van vrye tyd en ontspanning.
- Vebeterde vervoer-, kommunikasie- en verblyffasiliteite.
- Toename in advertering en bemarking.
- Genieting van die voordele van vakansie en reis.
- Maklik verkrygbare buitelandse valuta.
- **Internasionaal:** Toerisme is baie meer sigbaar in ontwikkelde wêrelddele as in ontwikkelende wêrelddele, maar toerisme groei vinniger in ontwikkelende lande, bv. 4,6% groei van 2010 tot 2011.
- **Plaaslik:**
  - **Buitelandse aankomste:** Buitelandse toeriste wat die land besoek as hulle eindbestemming.
  - Dié wat hulle reis onderbreek, word toeriste in transito of oorbly-besoekers genoem.
  - **Buitelandse toeriste:** Hulle kom vir die ondervinding – besoek vriende, wildsplase, geniet die verskillende kulture, erfenisterreine of sportaktiwiteite en -gebeure.
  - **Plaaslike toerisme:** Suid-Afrikaners kan vryelik plaaslik reis (binnelandse toeriste) of oorsee (uitgaande toeriste). Uitgaande toeriste het dieselfde uitwerking op die Betalingsbalans as invoere.

Gebruik hierdie geheuerympie om jou te help om die 6 effekte van toerisme te onthou:

| | |
|---|---|
| **O** – Omgewing | – **O**ns |
| **B** – BBP | – **B**ly |
| **E** – Eksternaliteite | – **E**n |
| **W** – Werkverskaffing | – **W**erk |
| **I** – Infrastruktuur | – **I**n |
| **A** – Armoede | – **A**frika |

# 13.6 Effekte van toerisme

Toerisme het ’n beduidende effek op die ekonomie en die land as ’n geheel. Die volgende **6 areas** word in ’n groot mate deur toerisme beïnvloed:

## 13.6.1 Werkverskaffing

- Toerisme verskaf werk aan 7% van Suid-Afrika se arbeidsmag (ongeveer 1,12 miljoen mense).
- Toerisme is die grootste verskaffer van werk omdat dit:
  - arbeidsintensief is
  - mense met verskillende vaardighede in diens neem, bv. toergidse, hotelpersoneel.
  - onmiddellike indiensneming verskaf
  - entrepreneursgeleenthede bied.
- Toerisme is die grootste verdiener van buitelandse valuta omdat:
  - buitelandse toeriste met buitelandse valuta vir dienste betaal.
  - buitelandse toeriste gewoonlik meer as plaaslike toeriste spandeer.

## 13.6.2 Bruto Binnelandse Produk (BBP)

- Toerisme het die grootste impak op die dienste-bedryf.
- Indirekte bydrae: Toerisme is ’n diensgebaseerde bedryf. Dit is verantwoordelik vir 65% van die BBP in ontwikkelde ekonomieë en 40% van die BBP in ontwikkelende lande.
- Direkte bydrae: Toerisme dra 7,9% van die BBP in Suid-Afrika by (vergeleke met 12% wêreldwyd).


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 13.6.3 Armoede

Armoede is die duidelikste sigbaar in landelike gebiede weens die gebrek aan werksgeleenthede. Toerisme kan armoede op die volgende wyses verlig:

- Toerisme is ’n vinnige en effektiewe manier om hulpbronne aan landelike gebiede toe te deel en dit as toeriste- attraksies te ontwikkel.
- Baie gewilde toeriste-attraksies is in landelike gebiede geleë.
- Toerisme-ontwikkeling in landelike gebiede skep werksgeleenthede in gebiede waar werk skaars is.
- Toerisme bevorder ’n gebalanseerde en volhoubare vorm van ontwikkeling. Mense is in staat om ’n bestaan te maak in hul eie omgewing, wat lei tot ’n afname in verstedeliking en ’n meer gebalanseerde bevolkingsverspreiding.

## 13.6.4 Eksternaliteite

Eksternaliteite is koste en voordele wat spruit uit ’n spesifieke aktiwiteit. Toerisme het albei tot gevolg:

**Positiewe eksternaliteite:**

- Toerisme genereer groot bedrae aan inkomste.
- Toerisme bevorder infrastruktuurontwikkeling.
- Toerisme kan indiensneming indirek bevorder.
- Toerisme kan help om kulturele en natuurlike bates te bewaar en armoede te verlig, maar benodig deeglike beplanning.

**Negatiewe eksternaliteite:**

- Toerisme kan die omgewing beskadig as dit nie korrek bestuur word nie.
- Toerisme kan lei tot vermorsing en skade aan sensitiewe toeriste besoekpunte.
- Die infrastruktuur in toeriste besoekpunte word onder druk geplaas om voorsiening te maak vir groeiende toeristegetalle.
- Toerisme kan veroorsaak dat pryse vir plaaslike inwoners styg.

## 13.6.5 Die omgewing

Toerisme kan omgewingstres veroorsaak. Dit kan lei tot:

- Permanente herstrukturering van die omgewing, bv. konstruksiewerk aan hoofweë.
- Meer afvalprodukte, bv. biologies (riool) en nie-biologies (rommel).
- Direkte omgewingstres, bv. die verlies van diersoorte as gevolg van jag.
- Effek op bevolkingsdinamika, bv. migrasie en veranderinge in die bevolkingsdigtheid in reaksie op die behoeftes van toeriste besoekpunte.

## 13.6.6 Belegging

Toeristebestemmings vereis voldoende fisiese (hotelkamers), ekonomiese (OTM’s) en basiese (water en elektrisiteit) dienste infrastruktuur. Dit sluit in:

- Vervoer-infrastruktuur, bv. verbeterde paaie wat toegang tot toeristebesoekpunte bied.
- Kommunikasie-infrastruktuur, bv. hotelle benodig telefoonlyne om besprekings te kan hanteer.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

- Energie-infrastruktuur, bv. toeriste benodig elektrisiteit by toeristeoorde.
- Basiese dienste: bv. skoon water en vullis verwydering.

# 13.7 Die voordele van toerisme

Gebruik hierdie geheuerympie om jou te help om die 4 voordele van toerisme te onthou:

**O** – Ondernemings – **O**ral
**I** – Infrastruktuur – **I**s
**H** – Huishoudings – **H**onger
**R** – Regering – **R**eisigers

Suid-Afrika trek voordeel uit toerisme danksy die groei in die bruto binnelandse produk (BBP), verhoogde indiensneming en infrastruktuurontwikkeling. ’n Addisionele voordeel is die feit dat besteding deur buitelandse toeriste lei tot ’n toename in buitelandse valuta verdienste, wat ’n soortgelyke impak op die BBP het as ’n toename in uitvoere.

## 13.7.1 Huishoudings

Toerisme bevoordeel die welvaart van ’n huishouding op drie maniere:

- **Meer mense verdien ’n salaris of loon** danksy die addisionele werksgeleenthede.
- **Infrastruktuur** wat vir toeriste gebou word, is beskikbaar vir gebruik deur beide toeriste en die plaaslike bevolking.
- **Vaardighede**: Die toerismebedryf skep ’n vraag na ’n verskeidenheid van vaardighede.

## 13.7.2 Ondernemings

Toerisme hou talle voordele vir die sakesektor in:

- Die openbare sektor verskaf die ekonomiese en basiese dienste infrastruktuur wat vir toerisme benodig word.
- Toerisme benodig ’n superstruktuur wat bestaan uit ondernemings wat dienste soos akkommodasie, vervoer, besienswaardighede, kleinhandel, ontspanning en vermaak verskaf.
- Die superstruktuur word normaalweg deur die privaatsektor voorsien, en die bou en bestuur daarvan is winsgedrewe.
- Openbare en privaatsektor vennootskappe (OPV’s) word aangewend om toerismebestemmings te ontwikkel.
- Werksgeleenthede raak beskikbaar vir die voorheen benadeeldes. Dit sluit in:
  - Werksgeleenthede in ontspanning en vermaak, skoonmaakdienste, wasserye en vervoer.
  - Sakegeleenthede in motorhuur, plaaslike kuns, handwerk en snuisteryverkope.

## 13.7.3 Regering

Die vernaamste voordeel vir die regering is die heffing van belasting. Daar is twee doelwitte:

- **Om eksterne koste te verhaal**: Die gasheergemeenskap word vergoed vir die verskaffing van infrastruktuur.
- **Om inkomste te verhoog:** Toeriste kan as deel van die totale belastingbasis beskou word (bv. lughawebelasting en hotel toerismeheffings dra by tot die bedrag aan belasting wat ingesamel word).


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 13.7.4 Infrastruktuur ontwikkeling

Suid-Afrika word bevoordeel deur toerisme, want alle infrastruktuur wat verskaf word om toerisme te ondersteun, is 'n bate vir die land. Dit het die volgende positiewe gevolge:

- Beide inwoners en besoekers geniet toegang tot 'n toereikende en goedonderhoude fisiese en basiese dienste infrastruktuur.
- Die Departement van Vervoer verleen voorkeur aan ekonomiese infrastruktuur. Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe en ekonomiese korridors fokus op toerisme, en openbare en privaatsektor vennootskappe (OPV's) word aangewend vir die ontwikkeling van infrastruktuur.
- Toeriste vereis 'n maatskaplike infrastruktuur – ambulanse, mediese klinieke, polisiebeskermingsdienste en inligtingsdienste – wat 'n nasionale bate is.

## 13.8 'n Suid-Afrikaanse toerismeprofiel

1. Doelwit met besoeke: Meeste buitelandse toeriste besoek Suid-Afrika vir vakansie (94,3%) en sake (2%). Die hoofaantrekkings is die kus, natuurlewe en natuurskoon.
2. Plaaslike bestemmings: Bestemmings koppel alle aspekte van toerisme – vraag, aanbod en vervoer, akkommodasie en bemarking. Toerismesukses word bepaal deur die verskeidenheid bestemmings, asook die geografiese verspreiding van toerismebestemmings.
3. Plaaslike toeriste: Daar is 'n bestendige groei in die aantal Suid-Afrikaners wat plaaslik reis.
4. Inheemse kennis:
   - Toeriste wil meer leer oor die inheemse kultuur, geskiedenis en omgewing.
   - Toeriste soek outentieke en unieke bestemmings. Hulle wil sien hoe die plaaslike mense leef en werk.
   - Die Khoisan is een van die wêreld se oudste volke en hul manier van leef prikkel die belangstelling van baie toeriste.

**Wêrelderfenisterreine:**

- Mapungubwe (Limpopo)
- Vredefort-koepel (Vrystaat en Noordwes)
- Sterkfonteingrotte
- Robbeneiland
- Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap

**Omgewings-wêrelderfenisterreine:**

- iSimangiliso Vleiland Park (ekosisteme)
- Kaapse Fynbosstreek
- uKhahlamba Drakensberg Park




## 13.9 Toerismebeleid

Die **Departement van Toerisme** lei en rig die toerismebeleid. Die beginpunt vir 'n beleid oor toerisme is die **Witskrif oor Toerisme**. Die toerismebeleid word ook ondersteun en gelei deur die **Toerismeforum**, wat die **Minister van Toerisme** van advies oor toerismesake bedien. 'n Paar inisiatiewe rondom toerismebeleid sluit die volgende in:

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 13.9.1 Bemarking

**SA Toerisme** is gestig om toerisme internasionaal en nasionaal te bevorder:

- **Nasionaal:** SA Toerisme moedig Suid-Afrikaanse burgers aan om in hul eie land te reis. Bv. Die *Sho't left* veldtog.
- **Internasionaal:** Bemarkingsinisiatiewe poog om te verseker dat Suid-Afrika as toeristebestemming gekies word. Buitelanders besoek ons land om die volgende redes:
  - Waarde vir geld
  - Die wêreld in een land
  - Suid-Afrika is 'n politieke wonderwerk
  - Die klimaat
  - Veiligheid
  - Die vriendelikheid van Suid-Afrikaners
  - Die skoonheid en rustigheid van die land se toeriste-bestemmings.

## 13.9.2 Rig van toeriste se ruimtelike verspreiding

**Drie benaderings** word gevolg om toeriste doeltreffend na die verskillende toeristeoorde te versprei:

- **Skep verteenwoordigende liggame:** Toeriste-gebaseerde nywerhede word saamgevoeg in verteenwoordigende liggame. Toeriste kan maklik kennis bekom aangaande toeristebestemmings.
- **Verbeter bemarking:** Toeriste ontvang akkurate produkbeskrywings en inligting oor mededingende pryse. Minder bekende bestemmings word aggressief bemark.
- **Verbeter ondersteunende dienste:** Die standaarde van vervoer, akkommodasie en ander geriewe (fasiliteite en dienste) is wêreldklas.

## 13.9.3 Belasting

Groei in toerisme lei tot 'n toename in toeristebelasting. Die volgende is riglyne vir die heffing van toerismebelasting:

- **Billik:** Belasting moet regverdig wees, bv. belasting op vliegtuigkaartjies.
- **Doeltreffend:** Natuur- en wildreservate hef toegangsfooie om toeristevloei te reguleer.
- **Eenvoud:** 'n Vaste tarief word gebruik om te verseker dat belasting maklik betaalbaar en administreerbaar is.

## 13.9.4 Infrastruktuur

Toerisme vereis ekonomiese infrastruktuur (paaie), maatskaplike infrastruktuur (ambulanse en klinieke) en basiese dienste (skoon water):

- Infrastruktuur word onderhou tot voordeel van binnelandse en buitelandse toeriste, sowel as plaaslike inwoners.
- Die basiese oorwegings is:
  - Meer infrastruktuur word vereis, bv. watervoorrade.
  - Bestaande infrastruktuur moet opgegradeer word, bv. opgradering van grondpaaie na teerpaaie.
  - Nuwe tegnologie moet gebruik word om infrastruktuur uit te brei, bv. die Gautrein.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 1

Bestudeer die illustrasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




**1.** Definieer die begrip “toerisme”. (4)
**2.** Verduidelik die verskil tussen inwaartse en uitwaartse toeriste. (4)
**3.** Noem enige DRIE Wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika. (3)
**4.** Bespreek die effek van toerisme op infrastruktuur. (4 × 2) (8)

**[19]**

## Antwoorde op Aktiwiteit 1

**1.** Aktiwiteite van mense wat reis en oorbly in plekke buite hulle gewone omgewing✓ vir ’n periode van nie meer as een jaar nie✓, vir die doel van ontspanning, besigheid of ander redes✓. Dit is nie verwant aan enige werk teen betaling in die plek wat besoek word nie.✓ (4)

**2.**

| | |
|---|---|
| **Inwaartse toeriste** | Toeriste vanaf ander lande✓ wat oorbly vir meer as een dag✓ is inwaartse toeriste (buitelandse toeriste). |
| **Uitwaartse toeriste** | Suid-Afrikaanse burgers✓ wat oorsee reis het dieselfde effek as invoere op die betalingsbalans✓ |

**(4)**

**3.** Mapungubwe in Limpopo✓/Vredefortkoepel (meteoriet) in Noordwes✓/Sterkfonteingrotte (Mev. Ples en die Wieg van die Mensdom)✓/Robbeneiland✓ (enige 3) (3)

**4.** Toerisme vereis ekonomiese infrastruktuur (paaie), maatskaplike infrastruktuur (ambulanse) en basiese dienste (skoon water).✓ Hierdie infrastruktuur word instandgehou tot voordeel van binnelandse en buitelandse toeriste, asook die plaaslike inwoners.✓

Basiese oorwegings vir die ontwikkeling van infrastruktuur vir toerisme is:

- Meer infrastruktuur is nodig ( bv. water)✓✓
- Opgradering van bestaande infrastruktuur (bv. grondpaaie word geteer)✓✓
- Nuwe tegnologie (bv. vervoer)✓✓ (8)

**[19]**

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 2

Kies die korrekte antwoord uit die volgende alternatiewe:

Toerisme is _________ intensief.

**A.** arbeids-

**B.** kapitaal-

**C.** risiko-

**[2]**

### Antwoord op Aktiwiteit 2

**A** arbeids-✓✓

**[2]**

## Aktiwiteit 3

Kies die korrekte antwoord uit die volgende alternatiewe:

Toerisme bevoordeel huishoudings deur _________.

**A.** Laer inkome

**B.** Laer produktiwiteit

**C.** Beter infrastruktuur

**[2]**

### Antwoord op Aktiwiteit 3

**C.** Beter infrastruktuur✓✓

**[2]**





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Onderwerp 14

# Omgewings-volhoubaarheid

**Omgewingsvolhoubaarheid** is verwant aan die vermoë van die omgewing om sy gebruik rakende ekonomiese aktiwiteit te oorleef. Die omgewing is nie 'n onbeperkte hulpbron nie en dit is belangrik dat ons die omgewing volhoubaar kan hou sodat dit deur toekomstige geslagte gebruik kan word.

## Oorsig

| HOOFSTUK | INHOUD | BESONDERHEDE VAN INHOUD VIR ONDERRIG, LEER EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|---|
| **14.**<br>**Basiese ekonomiese probleem: Omgewings-volhoubaarheid** | Ontleed **omgewingsvolhoubaarheid en ondersoek onlangse internasionale ooreenkomste ten opsigte hiervan, byvoorbeeld die Rio de Janeiro- en Johannesburgberade**<br><br>• **Die stand van die omgewing**<br>– **Besoedeling**<br>– Omskrywing<br>– Tipes<br>– **Erosie, ontbossing en klimaatsverandering**<br>– **Instandhouding**<br>– **Bewaring**<br><br>• **Maatreëls om volhoubaarheid te verseker**<br>– **Gebruik van die mark**<br>– Die mark neem nie verantwoordelikheid vir maatskaplike koste en voordele nie<br>– Die mark misluk weens spesifieke redes<br>– Die meganisme van mark- en maatskaplike koste en voordele | • Omskryf/verduidelik die relevante begrippe<br>• Bespreek die stand van die omgewing kortliks<br><br>• Ondersoek die maatreëls om volhoubaarheid te verseker in besonderhede<br><br>**H.O.T VRAAG: Hoe effektief is die Suid-Afrikaanse regering se ingrypings ten opsigte van omgewingsvolhoubaarheid? Motiveer jou antwoord!** |

© Departement van Basiese Onderwys 2014

| | | |
|---|---|---|
| | – **Regeringsingryping**<br>– Gee eiendomsregte<br>– Betaal vir omgewingsgebruik<br>– Hef omgewingsbelasting<br>– Betaal vir omgewingsubsidies<br>– Uitreiking van bemarkbare permitte<br>– **Openbare sektor beheer**<br>– Bevel en beheer<br>– Vrywillige ooreenkomste<br>– Opvoeding<br>– **Internasionaal**<br>– Onderhou biodiversiteit<br>– Chemiese afval<br>– Gevaarlike afval<br>– Klimaatsveranderingsbeleid – aanpassing en versagting<br>– Verlies aan inheemse kennis<br><br>• **Belangrike internasionale ooreenkomste**<br>– **Rio de Janeiro-beraad (UNCED)**<br>– **Johannesburg-beraad (WSSD)**<br>– **Rio + 20-beraad**<br>– **Kyoto-protokol**<br>– **Millennium Ontwikkelingsdoelwitte**<br>– **Verenigde Nasies se Raamwerkkonferensie oor Klimaatsverandering (COP 17)** | • Onderskei tussen die begrippe "protocol" en "ooreenkoms"<br>• Bespreek kortliks die hoofprotokolle in terme van die volgende:<br>– Naam van ooreenkoms<br>– Omgewingskwessie wat aangespreek moet word deur die ooreenkoms/protokol<br>– Voorgenome uitkoms van die ooreenkoms/protokol |


© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 14.1 Sleutelbegrippe

Hierdie omskrywings sal jou help om die sleutelbegrippe in Ekonomie wat in hierdie studiegids gebruik word, te begryp. Maak seker jy verstaan hierdie begrippe.

| Begrip | Omskrywing |
|---|---|
| **Beskerming** | Beywering vir die kreatiewe voortbestaan van die omgewing terwyl seker gemaak word dat omgewingsverandering die lewensgehalte van beide huidige en toekomstige geslagte in ag neem |
| **Besoedeling** | Vrystelling wat in die natuurlike omgewing invloei as gevolg van menslike aktiwiteite, bo die vermoë van die omgewing is om dit te absorbeer |
| **Bevel en Beheer (BEB)** | Die direkte regulering van 'n nywerheid of aktiwiteit deur middel van wetgewing wat uiteensit wat toelaatbaar is en wat onwettig is |
| **Bewaring** | Pogings om nie-hernubare hulpbronne (bv. ekologiese stelsels en erfenisterreine) in stand te hou |
| **Omgewingsvolhoubaarheid** | Die verantwoordelike gebruik van die omgewing vir ekonomiese aktiwiteite; dit verwys na die bevrediging van behoeftes van die huidige geslag sonder om die behoeftes van toekomstige geslagte in gevaar te stel |
| **Verenigde Nasies se Konferensie oor die Omgewing en Ontwikkeling (UNCED)** | 'n Belangrike konferensie oor die omgewing wat in 1992 in Rio de Janeiro gehou is; staan ook bekend as die Aardberaad. Die doelwit van UNCED was om strategieë te implementeer om omgewingsvernietiging stop te sit en die effek daarvan om te keer, en om internasionale pogings vir volhoubare ontwikkeling in alle lande te bevorder |





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 14.2 Die stand van die omgewing

Die **stand van die omgewing** is uiters belangrik vir omgewingsvolhoubaarheid. As die omgewing beskadig raak, word dit al moeiliker om lewe op aarde te handhaaf. Die omgewing kan beskadig raak deur oordrewe mynbou; boerderybedrywighede wat die grond nie kans gee om te herstel nie; onbeperkte visvang sonder dat visvoorrade kans kry om aangevul te word; en wanneer omgewingsbesoedeling nie beheer word nie.

## 14.2.1 Besoedeling

**Besoedeling** behels die vrystel van giftige gasse en afvalstowwe wat die natuurlike omgewing beskadig. Besoedeling is die gevolg van chemiese stowwe wat deur fabrieke vrygestel word, of die afval wat deur huishoudings en sakeondernemings gegenereer word. Die besoedelingsbeleid is moeilik om in praktyk toe te pas. Die volgende is 3 maniere om besoedeling te bekamp:

- **Tegnologie en beheer:** Nuwe tegnologie is skoner en het minder impak op die omgewing. Die regering beheer besoedeling deur die gebruik van ouer tegnologie wat die omgewing besoedel, te beperk en uit te faseer.
- **Marginale besluitneming**: Hierdie is regeringsbesluite oor wat aanvaarbare vlakke van besoedeling behels. As die regering te verdraagsaam is, of besluite neem wat die belange van ondernemings dien eerder as volhoubaarheid van die omgewing, sal die vlakke van besoedeling styg tot by die punt waar dit die omgewing beskadig.
- **Eiebelang:** Individue kan bydra om besoedeling te bekamp. Niemand hou van strande wat met rommel besaai is nie. Dus sal mense die asblikke op strande gebruik omdat hulle ’n skoon strand wil besoek.

## 14.2.2 Beskerming

**Beskerming** het te doen met die bewaring van natuurlike hulpbronne om te verseker dat hulle nie opgebruik word en totaal verlore gaan nie. Beskerming is noodsaaklik om besoedeling en oormatige gebruik van natuurlike hulpbronne te bekamp:

**Die beskerming van hulpbronne:**
- Beskerming is nodig wanneer natuurlike hulpbronne teen ’n vinniger tempo gebruik word as wat dit weer aangevul word.
- Dit dwing mense om plaasvervangers te vind.
- Beskermingsbeleide help om hernubare voorrade (bv. bome) en nie-hernubare voorrade (bv. fossielbrandstowwe) te bewaar.

**Instandhouding van hernubare hulpbronne:**
- ’n **Markekonomie** het belang by die beskerming van hulpbronne omdat dit help om hernubare voorrade in stand te hou, bv. hout en vis. Bewaring word bereik deur die markkragte van vraag en aanbod wat bydra om hierdie tipes nywerhede te ondersteun.
- **Direkte beheer:** Die regering hou die voorraadvlakke van omgewingshulpbronne in stand deur die uitreik van permitte en kwotas. Byvoorbeeld, die regering stel kwotas vas vir die


© Departement van Basiese Onderwys 2014

visvangbedryf om te keer dat vangste nie die natuurlike aanwas van vis oorskry nie. Kwotas word ook vasgestel vir die afsaag van bome om te verseker dat ontbossing nie die koers van hernuwing oorskry nie.

## 14.2.3 Bewaring

**Bewaring** hou verband met beskerming. Dit het betrekking op die bewaring van bestaande bates om te verseker dat dit nie op so 'n manier gebruik word dat dit lei tot die vernietiging van die omgewing nie.

- **Privaat eiendom:** 'n Privaat wildreservaat kan aan 'n sakeman verkoop word om byvoorbeeld vir boerdery aangewend te word. Die regering kan egter ingryp en die transaksie keer as hulle reken die bewaring van wildreservate is van groter belang vir die omgewing.
- B**ewaring vereis kompromie** (gee en ontvang): Boere word toegelaat om vakansieoorde langs riviere op hul plase te ontwikkel. As dit egter nie beheer word nie en te veel boere in die omgewing dieselfde doen, sal die totale ekosisteem skade ly en dier- en plantlewe negatief beïnvloed word.
- **Regeringsbeleid:** Die regering kan ingryp om natuurlike bates te bewaar deur:
  - Die aankoop, konfiskering, onteiening of nasionalisering van hulpbronne, bv. inheemse woude.
  - Subsidiëring van sleutelhulpbronne, bv. ekosisteme in privaatbesit.

## 14.2.4 Eksternaliteite

Eksternaliteite impliseer koste en voordele waarvoor nie beplan is nie.

- Die ekstra koste en voordele van eksternaliteite is nie faktore wat in ag geneem word wanneer die stand van die omgewing geëvalueer word nie.
- Goedere wat negatiewe eksternaliteite het, soos lug- en waterbesoedeling, word gewoonlik ooraangebied in die mark.
- Wanneer van ondernemings verwag word om die koste van toerusting te dra om besoedeling te verminder, kan dit 'n positiewe eksternaliteit vir ander wees. Ondernemings neig om min te bestee op prosesse en sisteme om besoedeling te verminder weens die beperkte marginale privaat voordeel. Die regering se hoofrol in terme van die omgewing is om ondoeltreffendhede wat eksternaliteite meebring, reg te stel.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

# 14.3 Maatreëls om volhoubaarheid te verseker

Dit is belangrik vir regerings om stappe te neem om **volhoubaarheid** te verseker. Soms word ondernemings deur eiebelang gedryf, en sien hulle niks daarmee fout om alle beskikbare hulpbronne te gebruik as hulle daaruit 'n wins kan genereer nie. Daar is 5 beheermeganismes om volhoubaarheid te verseker:

## 14.3.1 Die mark

**Die mark** word gedryf deur eiebelang. Die mark oorweeg die omgewing as 'n bate wat vir eie voordeel gebruik kan word. Volhoubaarheid word bereik in die vrye mark slegs tot die mate wat **pryse van hulpbronne** styg as dit skaars raak (minder beskikbaar raak), en deur die ontwikkeling van **omgewingsvriendelike tegnologie**.

Gebruik hierdie geheuerympie om jou te help om die 5 beheermeganismes te onthou:

| | |
|---|---|
| **M** – Mark | – **M**ense |
| **I** – Inmenging | – **I**n |
| **B** – Beheer | – **B**elfast |
| **M** – Maatreëls | – **M**ors |
| **O** – Ooreenkomste | – **O**lie |

Daar is 'n **maatskaplike belang** by die gebruik van die omgewing, nie slegs deur die direkte produsent/verbruiker nie, maar ook vir mense oor die algemeen, nou en in die toekoms. Dit beteken dat ons almal belang het in die bewaring van die omgewing.

**Redes waarom die mark daarin misluk om volhoubaarheid te verseker:**
- Die mark sien die omgewing as 'n **gemeenskaplike hulpbron.**
- **Eksternaliteite** soos lugbesoedeling veroorsaak deur fabrieke kan nie gestop word sonder beperkende beleide nie.
- **Gebrek aan kennis**: Ondernemings kan skade veroorsaak sonder dat hulle dit besef, bv. maatskappye vervaardig spuitkannetjies (bv. lugverfrisser) sonder om te besef wat die impak daarvan op die osoonlaag is.
- **Traak-my-nie-agtigheid**: Mense hou aan met hul skadelike praktyke en laat dit aan toekomstige geslagte oor om hulle oor die gevolge te kwel.

**Optimale markbesluite:**
- Markmeganismes het gefaal as markkragte nie in staat is om die verlangde resultate rakende omgewingsvolhoubaarheid te lewer nie.
- Nie alle koste en voordele word in die markprys in berekening gebring nie. Die toekomstige koste van die hulpbron wat verdwyn, word dikwels nie in ag geneem nie.

## 14.3.2 Owerheidsinmenging

**Owerheidsinmenging** is gerig op die bereiking van maatskaplike doeltreffendheid. Dit word bereik deur:

**Toeken van eiendomsregte:**
- **Die bewaringseffek**: Mense pas dinge op wat aan hulle behoort.
- Eiendomsregte word aan mense toegeken as hulle ooreenkom om die flora en fauna te bewaar om sodoende te keer dat dier- en plantspesies uitsterf.
- Eiendomsregte kan uitgebrei word na gemeenskaplike goedere soos skoon lug.
- Die **Kyoto Protokol** is 'n internasionale ooreenkoms waarvolgens ontwikkelde lande betalings maak aan ontwikkelende lande vir hul reg om te besoedel.

**Betaling/heffings vir die gebruik van die omgewing:**


© Departement van Basiese Onderwys 2014

- **Prys die omgewing**: Die regering hef boetes vir afval wat geproduseer en in die omgewing gestort word.
- Plaaslike owerhede in Suid-Afrika hef fooie vir vullisverwydering en riooldienste.
- Die beste resultate sal bereik word as die koste proporsioneel is tot die hoeveelheid afval wat geproduseer word.

**Omgewingsbelasting (groenbelasting):**

- Omgewingsbelasting is belasting wat gehef word op die produksie van goedere wat eksterne omgewingskoste (besoedeling) genereer. Dit word **groenbelasting** genoem.
- **Koolstofdioksied-vrystellings** deur wynmakerye en motorbande word belas. Die belastingkoers is gelyk aan die marginale eksterne koste.

**Omgewingsubsidies:**

- Subsidies word aan ondernemings toegestaan in 'n poging om omgewingskade te verminder, bv. die regering subsidieer nuwe tegnologie wat energie bespaar, soos energiebesparende gloeilampe of sonkragstelsels.

**Bemarkbare permitte:**

- Die regering gee aan elke onderneming 'n lisensie om 'n sekere hoeveelheid (kwota) besoedeling vry te stel.
- Ondernemings verkoop hul lisensies aan ander ondernemings.
- In Suid-Afrika word bemarkbare permitte uitgereik deur die **Departement van Mineraal- en Energiesake.**

## 14.3.3 Openbare sektor beheer

As die regering se omgewingsbeleid nie positiewe resultate lewer nie, kan dit direkte beheer neem deur **Bevel en Beheerstelsels (BEB)**:

**Bevel en Beheer (BEB):**

- Die regering dwing **beleid** af deur maksimum vlakke van vrystelling van besoedeling vas te stel.
- Meeste ontwikkelde lande het **regulasies** wat lug- en waterbesoedeling beheer.

Daar is **3 benaderings** in BEB-stelsels**:**

- **Kwantiteitstandaarde:** Dit fokus op die hoeveelheid besoedeling wat vrygestel word.
- **Kwaliteitstandaarde:** Dit fokus op die omgewingsimpak van die besoedeling wat vrygestel word.
- **Maatskaplike impakstandaarde:** Dit fokus op die effek wat besoedeling op mense het.

**Vrywillige ooreenkomste:**

- Die regering sluit **ooreenkomste** met ondernemings op 'n vrywillige basis om besoedeling te verminder.

**Opvoeding:**

- Opvoeding word gebruik om te poog om **mense se houdings** teenoor die omgewing te verander.
- Innoverende benaderings word in die ontwikkelende wêreld uitgetoets om mense op te voed, bv. die daarstel van wildreservate wat deur die gemeenskap bestuur word.

© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 14.3.4 Internasionale maatreëls

Omgewingsprobleme raak lande oral in die wêreld. Byvoorbeeld, besoedeling deur motoruitlaatgasse en die kweekhuiseffek het 'n impak op die hele wêreld. Besoedelde lug en water beweeg van een land en een kontinent na 'n ander; as die oseaan rondom Amerika besoedel word, sal dit mettertyd Australië se strande beïnvloed. **Internasionale maatreëls** word geïmplementeer om die volgende 5 omgewingsprobleme te hanteer:

**Biodiversiteitverlies:**
- As spesies **uitsterf** (heeltemal verdwyn), kan die situasie nie omgekeer word nie.
- Moderne tegnieke soos **gene-oorplanting (Gene = genetika)** kan die verlies van spesies beperk.
- Die **Konvensie op Internasionale Handel in Bedreigde Spesies** (**CITES**) stel beleid vas om die verlies van spesies te bekamp.

**Chemiese afval:**
- Chemiese afval is giftig (dit het 'n negatiewe effek op lewende wesens en kan onvrugbaarheid of die dood veroorsaak).
- Chemiese afval moet baie versigtig bestuur word om te verseker dat dit nie in die ondergrondse waterbronne besoedel nie.
- Die **Stockholm Protokol** is 'n VN-ooreenkoms wat dit ten doel het om chemiese afval te beperk.

**Gevaarlike afval:**
- Gevaarlike afval is uiters giftig en het 'n stadige ontbindingskoers (dit bly giftig vir 'n baie lang tyd).
- Die giftigste afval is die radioaktiewe afval wat deur kernkragsentrales veroorsaak word.
- Die **Basel Konvensie** is 'n internasionale ooreenkoms om radioaktiewe afval te bestuur. Suid-Afrika het ook die ooreenkoms onderteken.

**Klimaatsverandering:**
- Aardverwarming lei tot klimaatsverandering.
- Klimaatsverandering kan omgekeer word deur uitgebreide internasionale samewerking, bv. inligting oor weerstoestande en -patrone; die sluit van ooreenkomste om besoedeling te beperk; en 'n verbod op chemiese afvalprodukte soos kweekhuisgasse wat die osoonlaag vernietig.
- Die **Kyoto Protokol** van 1997 is 'n internasionale ooreenkoms wat die produksie van kweekhuisgasse beperk, omdat vrywillige vermindering van koolstofdioksiedvlakke nie suksesvol was nie.

**Verlies van inheemse kennis:**
- Inheemse bevolkings het diepgaande kennis van hul natuurlike omgewing, wat hulle aanwend om te kan oorleef.
- Inheemse mense gebruik tradisioneel organiese metodes en natuurlike prosesse wat nie die omgewing beskadig nie.
- Soos wat inheemse mense hulle natuurlike habitat verloor en hulle verstedelik, verdwyn hierdie kennis en raak dit vir ewig vir die mens verlore.
- **Bou van plaaslike kapasiteit** is belangrik vir die volhoubaarheid van inheemse mense se natuurlike bestaanwyse; met ander woorde, maniere moet gevind word vir hulle om 'n bestaan te kan maak in hul tradisionele omgewing.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## 14.3.5 Belangrike internasionale ooreenkomste

Sedert die 1990's het die Verenigde Nasies verskeie byeenkomste met al die lande wêreldwyd belê oor kwessies wat hulle affekteer. Hulle moet verantwoordelikheid neem vir die kwessies.

- **Rio de Janeiro-beraad (Verenigde Nasies se Konferensie oor Omgewing en Ontwikkeling, UNCED):** Die beraad het in 1992 plaasgevind en die doelwit was volhoubare ontwikkeling. Verwagte uitkomste het ingesluit: omgewingsbeskerming as integrale deel van ontwikkeling, samewerking om omgewingsgesondheid te bewaar, te beskerm en te herstel, voorkoming van omgewingsagteruitgang, waar die besoedelaar verantwoordelik is vir die besoedelingskoste, en evaluering van die omgewingsimpak.
- **Johannesburg-beraad (Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling, WBVO):** Dit is oor Volhoubare Ontwikkeling in 2002 in Johannesburg aangebied. Verwagte uitkomste daarvan sluit in: armoede-uitwissing, verandering van onvolhoubare verbruikspatrone, globalisasie, gesondheid en die omgewing.
- **Rio +20-beraad:** Ook bekend as die Verenigde Nasies se Konferensie oor Volhoubare Ontwikkeling het in Brasilië plaasgevind. Die hoofbesprekingspunt was volhoubare groei en armoede-uitwissing sonder om die omgewing te beskadig. Daar is ooreengekom dat 'n groen ekonomie een van die instumente vir volhoubare ontwikkeling is. Volhoubare ontwikkelingsdoelwitte vir ekonomiese, maatskaplike en omgewingsaspekte sal die millenium ontwikkelingsdoelwitte (MOD) vanaf 2013 vervang.
- **Kyoto-protokol:** Die konferensie is in 1997 in Kyoto gehou en wetlik bindende verpligtinge is vasgestel waardeur geïndustrialiseerde lande ooreenkom om uitstraling van ses kweekhuisgasse te verminder.
- **Millennium Ontwikkelingsdoelwitte (MOD):** Gemeenskappe maak staat op gesonde ekosisteme om te oorleef en vooruit te gaan. Sommige van die MOD's is: uitwissing van ekstreme armoede en voedseltekort, behaal universele primêre onderwys, geslagsgelykheid, verlaging van kindersterftesyfer, verbeter moederlike gesondheid, beveg HIV/Vigs en ander siektes, en skep 'n globale vennootskap vir ontwikkeling.
- **Verenigde Nasies Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering (Conference of Parties COP 17):** Die 17de Konferensie van die Partye is in Durban gehou waar die volgende besluite geneem is:
  - Verbintenis tot die Kyoto-protokol en vermindering van besoedeling deur kweekhuisgasse.
  - 'n Groen Klimaatsfonds om ontwikkelende lande te help om skoner energiebronne te vestig en aan te pas by klimaatsverandering.
  - 'n Aanpassingskomitee van 16 lede wat aan COP 18 verslag moet doen oor die verbetering van die armste en kwesbaarste lande se vermoë om aan te pas by klimaatsverandering, en beter beskerming en hulp vir verliese en skade wat met klimaatsverandering verband hou.

**NB**

Die Kyoto-konferensie, gehou in 1997 in Japan, het spesifiek op klimaatsverandering gekonsentreer. Dit het gelei tot die Kyoto Protokol wat gestreef het om die ontwikkelde lande te verbind tot vermindering van kweekhuisgasse.


© Departement van Basiese Onderwys 2014

## Aktiwiteit 1

Bestudeer die veiligheidsteken hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




**Gevaar**

**Chemiese afval**

1. Watter omgewingsrisiko word deur die bogenoemde simbool uitgebeeld? (1)
2. Verduidelik in jou eie woorde hoe hierdie risiko die omgewing kan bedreig. (3)
3. Noem 'n internasionale protokol wat hierdie risiko aanspreek. (2)

**[6]**

### Antwoorde op Aktiwiteit 1

1. Chemiese afval✓ (1)
2. Besoedeling van waterbronne kan baie skadelik wees vir mense✓, plante en diere✓. (3)
3. Die Stockholm Protokol✓✓ (2)

**[6]**





© Departement van Basiese Onderwys 2014

# Bylae: Voorbeeld-eksamenvraestel

Die 2014 Ekonomie-eksamens het ’n nuwe formaat in ooreenstemming met KABV. Die Departement van Basiese Onderwys het ’n voorbeeld van twee Ekonomie-vraestelle (Vraestel 1 en Vraestel 2) en merkmemoranda aangebied.

Gebruik hierdie vraestel en nasienmemorandum om jou te help om vir die eksamen voor te berei:

1. **Beantwoord die vrae** in elke vraestel. **Hou die horlosie dop** sodat jy elke vraestel binne die toegelate tyd van 1½ uur voltooi.
2. Beskou die vraestel as die ware Jakob – berei jouself voor asof jy die **regte eksamen** gaan skryf en maak seker jy het penne, potlode, uitveër en ’n sakrekenaar byderhand.
3. Die doel van hierdie oefening is om jou kennis te toets – **moenie jouself kul** deur na die antwoorde te kyk voordat jy die vraestel klaargemaak het nie.
4. Gebruik die nasienmemorandum om **jou antwoorde na te sien.** Let op waar jy die verkeerde antwoorde gegee het – dit is die afdelings van die kurrikulum waaraan jy **meer aandag moet gee.** Raadpleeg jou handboeke en die relevante onderwerpe in hierdie studiegids, en bestee tyd om weer die afdelings waar jy die laagste punte behaal het, te leer.
5. Onthou, as jy sukses in Ekonomie wil behaal, moet jy **oefen, oefen, oefen!** Doen die vraestel weer en weer totdat jy die meeste antwoorde reg het, dan sal jy die eindeksamen met vlieënde vaandels slaag!

© Departement van Basiese Onderwys 2014

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V1**

**MODEL 2014**

**PUNTE: 150**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**





**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs blou of swart ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die geldmark is 'n mark vir ... termynbesparings en -lenings.

A kort-
B lang- en kort-
C lang-

1.1.2 Vastekapitaalverbruik word gebruik om die bruto waarde toegevoeg teen ... te bereken.

A basiese pryse
B markpryse
C faktorkoste

1.1.3 Gedurende 'n ekonomiese resessie sal ...

A werkloosheid toeneem.
B vervaardiging toeneem.
C besteding toeneem.

1.1.4 Die nuwe ekonomiese paradigma is in ... kant-beleid gesetel.

A vraag-
B aanbod-
C vraag-en-aanbod-

1.1.5 Volgens die VN-klassifikasie is Suid-Afrika se MOI-rangorde as 'n … vlak geklassifiseer.

A lae
B middel-
C hoë

1.1.6 Ekonomiese groei word in … gemeet.

A reële BBP
B reële BBP per capita
C nominale BBP





1.1.7 Die verhouding van uitvoerpryse en invoerpryse staan as die … bekend.

A ruilvoet
B wisselkoers
C betalingsbalans

1.1.8 'n Voorbeeld van 'n ekonomiese aanwyser is …

A arbeidsproduktiwiteit.
B lewensverwagting.
C behuising. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Kapitaaloordragrekening | A | die verswakking van 'n geldeenheid as gevolg van markkragte |
| 1.2.2 | Depresiasie | B | beleid gemik op die verbetering van die ekonomiese lewensbestaan van 'n spesifieke streek |
| 1.2.3 | Vryswewend | C | die rentekoers wat banke op lenings aan voorkeurkliënte hef |
| 1.2.4 | Tariewe | D | wêreldwye wisselwerking met handel as die belangrikste element |
| 1.2.5 | Streeksontwikkeling | E | die opheffing van onnodige wetgewing wat die vrye werking van markte beperk |
| 1.2.6 | Prima koers | F | subrekening in die betalingsbalans |
| 1.2.7 | Globalisering | G | 'n beskermingsmaatreël teen onregverdige buitelandse mededinging |
| 1.2.8 | Deregulering | H | wisselkoersstelsel |
| | | I | die rentekoers waarteen die Reserwebank handelsbanke aanslaan |
| | | J | subrekening in die lopende rekening |

(8 x 1) (8)

© Departement van Basiese Onderwys 2014



1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 'n Klein aanvanklike verandering in besteding lewer 'n groter as proporsionele styging in nasionale inkome

1.3.2 Die verkoop van owerheidsondernemings aan die privaat sektor

1.3.3 Goedere wat as insette gebruik word om ander goedere en dienste te produseer

1.3.4 'n Toename in die kapasiteit van die bevolking om meer goedere en dienste te produseer

1.3.5 Dit bestaan uit mense tussen die ouderdom van 15 en 60/65 wat bereid is om vir 'n inkomste te werk

1.3.6 Die teruggee van grond aan die oorspronklike eienaars na konfiskering deur die staat (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**





**AFDELING B.**

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 20 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Gee TWEE voorbeelde van inspuitings in die ekonomie. (2 x 1) (2)

2.1.2 Watter effek sal 'n styging in die waarde van die rand teenoor die VSA dollar op invoere uit die VSA hê? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **UITTREKSEL VAN NASIONALE REKENINGE VAN SUID-AFRIKA TEEN HUIDIGE PRYSE** | |
|---|---|
| **R miljoen** | **2012** |
| Bruto binnelandse produk (BBP) teen markpryse | 3 155 195 |
| Primêre inkome vanaf die res van die wêreld | 48 501 |
| Primêre inkome aan die res van die wêreld | **A** |
| Bruto nasionale produk (BNP) teen markpryse | 3 085 188 |

[Bron: *SARB Kwartaalblad,* Maart 2013]


2.2.1 Definieer die begrip *bruto binnelandse produk*. (2)

2.2.2 Bereken die waarde van **A** in die tabel. (2)

2.2.3 Gee 'n voorbeeld van 'n primêre inkome vanaf die res van die wêreld. (2)

2.2.4 Verduidelik die verskil tussen *huidige pryse* en *konstante pryse*. (4)

2.3 Bestudeer die grafiek hieronder wat 'n vereenvoudigde tweesektor-ekonomie voorstel (waar E = C + I) en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Identifiseer EEN deelnemer aan die ekonomie hierbo. (2)

2.3.2 Wat stel die lyn E = Y voor? (2)

2.3.3 Bereken die vermenigvuldiger deur die volgende formule te gebruik:

$$k = \frac{1}{(1 - mvg)}$$

Die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) = 0,8.
(Toon ALLE berekeninge.) (4)

2.3.4 Wat is die verband tussen die *marginale verbruiksgeneigdheid (mvg)* en die *vermenigvuldiger*? (2)

2.4 Verduidelik die nuwe ekonomiese paradigma. (4 x 2) (8)

2.5 Argumenteer EEN saak ten gunste van vryhandel en EEN saak teen beskerming. (2 x 4) (8)
**[40]**





**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE: 20 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE fiskale beleidsmaatreëls wat geïmplementeer kan word om rykdom in Suid-Afrika te herverdeel. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter uitwerking sal invoerbeperkings op die plaaslike tekstielbedryf in Suid-Afrika hê? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NYWERHEIDSBELEID-AKSIEPLAN**

Die Nywerheidsbeleid-aksieplan (NBAP) is deel van die visie van die Nasionale Ontwikkelingsplan en vorm een van die fundamentele hoekstene van die Nuwe Groeiplanraamwerk. Daar word voorspel dat die NBAP noemenswaardige strukturele verandering in die Suid-Afrikaanse ekonomie te weeg gaan bring. Die bestaande groeipad word gelei deur die verbruiksgedrewe sektore wat twee keer vinniger as die vervaardigingsektore groei. Die ekonomie is invoerintensief, veral wat toegevoegdewaarde-produkte betref. Sterker binnelandse groei in die vervaardigingsektor is noodsaaklik. Hoë vlakke van strukturele werkloosheid is 'n konstantheid en wissel tussen 22,5% en 25%, as die streng definisie gebruik word.

[Aangepas uit www.bdlive.co.za]

3.2.1 Identifiseer die hoofoogmerk van die NBAP. (2)


3.2.2 Hoe sal die oogmerk hierbo bereik word? (4)

3.2.3 Verduidelik hoe werkloosheid deur die Nuwe Groeiplanraamwerk aangepak gaan word. (4)



© Departement van Basiese Onderwys 2014

3.3 Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: www.cartoons.com]

3.3.1 Wat word deur die soliede lyn in die kaart hierbo aangedui? (2)

3.3.2 Noem TWEE lande wat die G8-groepering van lande in die Noorde uitmaak. (2)

3.3.3 Lewer kortliks kommentaar op die handelsverhoudinge tussen die lande in die Noorde en Suide. (6)

3.4 Verduidelik kortliks die geïntegreerde vervaardigingstrategie in Suid-Afrika. (4 x 2) (8)

3.5 Hoe kan die repokoers gebruik word om totale vraag te stimuleer? (4 x 2) (8)
**[40]**






**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 20 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE probleme met openbaresektor-voorsiening. (2 x 1) (2)

4.1.2 Watter uitwerking sal lae arbeidsproduktiwiteit op inflasie hê? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.2.1 By watter punt op die grafiek vind die ewewig vir buitelandse valuta oorspronklik plaas? (2)

4.2.2 Wat gebeur met die waarde van die rand wanneer VV na $V_1V_1$ verskuif? Motiveer jou antwoord. (4)

4.2.3 Hoe kan die Sentrale Bank van Suid-Afrika in die mark tussenbeide tree om die wisselkoers te beïnvloed? (4)

© Departement van Basiese Onderwys 2014




4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SPESIALE EKONOMIESE SONES OM STREKE SE STERK PUNTE AAN TE WEND**

Die aankondiging dat 10 potensiële spesiale ekonomiese sones in samewerking met die provinsies geïdentifiseer is, kan 'n waterskeiding vir Suid-Afrikaanse vervaardigers wees. Sulke sones beoog om hoofstroom ekonomiese aktiwiteite na arm en afgeleë streke in Suid-Afrika te bring, deur die versterking van die handelspotensiaal van die spesifieke streke.

Dit sal die saamgroepering van nywerhede of geoormerkte ontwikkeling insluit. Upington, in die Noord-Kaap, is 'n natuurlike tuiste vir son-energienavorsing en -ontwikkeling. Saldanhabaai sal die groeiende olie- en gasnywerheid aan die weskus van Afrika bedien, terwyl ystertsuitvoere verder uitgebrei sal word.

Die Departement van Handel en Nywerheid is besig om konsepregulasies op te stel wat die land se nywerheidsontwikkelingsones (NOS's) in Richardsbaai, Oos-Londen en Coega, naby Port Elizabeth, verder sal vat in 'n nuwe spesiale ekonomiesesone-raamwerk. Dit stel sones, insluitend vry hawens, vryhandelsones en sektorontwikkelingsones, in die vooruitsig.

'n Spesiale maatskappybelastingkoers van 15% is voorgestel, wat heelwat minder is as die 28% wat tans toegepas word. Daar was egter kommer dat die aansporing ontwrigting sou veroorsaak en 'verwringingseffekte' op die ekonomie sou hê.

[Bron: www.bdlive.co.za]

4.3.1 Definieer die begrip *NOS*. (2)

4.3.2 Identifiseer TWEE nuwe voorgestelde ekonomiese streke. (2)

4.3.3 Wat is die belangrikste verskil tussen 'n *NOS* en 'n *SES*? (2)

4.3.4 Wat, na jou mening, sal die 'verwringingseffekte' op die ekonomie wees? (4)

4.4 Verduidelik *leidende* en *sloerende sakesiklusaanwysers*. (2 x 4) (8)

4.5 Verduidelik die TWEE maatskaplike/sosiale aanwysers wat vir kinders onder die ouderdom van vyf jaar gebruik word. (2 x 4) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**





**AFDELING C**

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL: | PUNTETOEKENNING: |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/ Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 35 MINUTE**

Internasionale handel is die ruggraat van ons moderne sakewêreld waar vervaardigers in verskillende nasies probeer om wins te maak uit 'n groeiende mark, eerder as om beperk te word om binne hul eie grense te verkoop.

- Bespreek uitvoerbevordering as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid. (26 punte)
- Na jou mening, hoe suksesvol is Suid-Afrika met die implementering van die beleid hierbo? Motiveer jou antwoord. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 35 MINUTE**

Aanbodkant-beleide fokus op die vermoë van markte om genoeg goedere en dienste te verskaf om in die totale vraag te voorsien.
.
- Bespreek hierdie stelling deur te fokus op die geskiktheid en doeltreffendheid van markte in die Suid-Afrikaanse konteks. (26 punte)
- Na jou mening, hoe suksesvol is die Suid-Afrikaanse regering om in die basiese behoeftes van armes te voorsien? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

© Departement van Basiese Onderwys 2014

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V1**

**MODEL 2014**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Die memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 



**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 A kort ✓✓
1.1.2 C faktorkoste ✓✓
1.1.3 A werkloosheid toeneem ✓✓
1.1.4 C vraag en aanbod ✓✓
1.1.5 B middel ✓✓
1.1.6 A reële BBP✓✓
1.1.7 C ruilvoet✓✓
1.1.8 A arbeidsproduktiwiteit✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 F subrekening in die betalingsbalans ✓
1.2.2 A die verswakking van 'n geldeenheid as gevolg van markkragte ✓
1.2.3 H wisselkoersstelsel ✓
1.2.4 G 'n beskermingsmaatreël teen onregverdige internasionale mededinging ✓
1.2.5 B beleide gemik op die verbetering van die ekonomiese lewensbestaan van 'n spesifieke streek ✓
1.2.6 C die rentekoers wat banke op lenings aan voorkeurkliënte hef ✓
1.2.7 D wêreldwye wisselwerking met handel as belangrikste element ✓
1.2.8 E die verwydering van onnodige wetgewing wat die vrye werking van markte beperk ✓ (8 x 1) (8)

**1.3 IDENTIFISEER KONSEPTE**

1.3.1 Vermenigvuldigereffek/vermenigvuldiger ✓
1.3.2 Privatisering ✓
1.3.3 Kapitaalgoedere/kapitaal ✓
1.3.4 Ekonomiese ontwikkeling ✓
1.3.5 Ekonomies Aktiewe Bevolking ✓
1.3.6 Grondrestitusie ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

© Departement van Basiese Onderwys 2014




## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Owerheidsbesteding ✓
- Investering ✓
- Uitvoere ✓ Enige (2 x 1) (2)

2.1.2
- Invoere sal toeneem ✓ (1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 Die eindwaarde van alle finale goedere en dienste wat in een jaar periode binne die grense van 'n land geproduseer is.✓✓ (2)

2.2.2 R87 593 miljoen ✓✓ (2)

2.2.3 RSA burgers wat in die VK werk en geld verdien.✓✓ (2)

2.2.4 Huidige pryse – (Nominale) Neem nie enige verandering in die algemene pryspeil in berekening nie.✓✓

Konstante pryse – (Reële) Wanneer veranderings in die algemene pryspeil in berekening gebring word.✓✓ (4)

2.3 2.3.1 Huishoudings / Verbruikers ✓
Sakesektor/Firmas/Produsente ✓ (2)

2.3.2. Dit toon al die moontlike vlakke van besteding en uitset✓ waarby die ekonomie in ewewig is. ✓ (2)

2.3.3 $k = \frac{1}{(1-0,8)}$ ✓✓
$= \frac{1}{0,2}$
$= 5$ ✓✓ (4)

2.3.4 Hoe groter die mvg, hoe groter die vermenigvuldiger (en omgekeerd) ✓✓ (2)

2.4
- Teorieë deur die Monetariste (Friedman) en Keynesiane (Keynes) is ekstreem, en slegs waar onder spesifieke omstandighede. ✓✓
- In werklike omstandighede strewe die staat na hoër ekonomiese groei ongeag 'n inherente stabiele of onstabiele mark.✓✓
- Daarom is die staat se benadering nie ekstreem nie, maar deursigtig en volg hulle pragmatiese beleide.✓✓
- Die beginsel waarop die nuwe ekonomiese paradigma gebaseer is, is die **voorkoming** van onstabiele toestande wat sal lei tot 'n inkrimping van ekonomiese aktiwiteite. ✓✓
- Volgens die nuwe ekonomiese paradigma is dit moontlik dat uitset oor 'n lang tydperk kan styg sonder dat dit belemmer word deur aanbod beperkings of inflasionêre druk. ✓✓
- Dit is gebaseer op vraag- en aanbodbeleide✓✓ (Enige 4 x 2) (8)





2.5
- **Argument ten gunste van vryhandel:** ✓✓
  - **Die vryhandelargument is oorredend**. ✓✓As elke land dit doen wat hy die beste doen, sal elkeen laer pryse en hoër vlakke van produksie geniet. ✓✓
  - **Vryhandel lei tot groter wêreldproduksie** ✓✓van verhandelde goedere, wat lei tot 'n styging in ekonomiese welsyn. ✓✓
  - **Vryhandel veroorloof lande om in ekonomiese aktiwiteite te spesialiseer** ✓✓ waarin hulle 'n vergelykende voordeel (ekonomieë van skaal) het. ✓✓
  - **Vryhandel lei tot wedersydse voordeel** ✓✓ uit internasionale handel vir alle lande. ✓✓
  - **Met vryhandel is 'n meer doeltreffende verspreiding van hulpbronne** ✓✓ moontlik omdat elke land spesialiseer in sy mees effektiewe produksie ✓✓
  - **Vryhandel bied verbruikers 'n groter keuse**. ✓✓ Dit bied verbruikers die keuse om wêreldwyd te koop en nie net dit wat plaaslik beskikbaar is nie. ✓✓

  **Enige 1 argument (2 x 2)** (4)

- **Argument teen beskerming:** ✓✓
  - Wanneer die beskermingsmaatreëls eers geïmplementeer is, word dit moeilik om die maatreëls weer op te hef.
  - Plaaslike besighede wat die beskerming geniet word nooit sterk genoeg om die globale ekonomie op hul eie te trotseer nie.

  **Enige 1 argument (2 x 2)** (4)
**[40]**

© Departement van Basiese Onderwys 2014



**VRAAG 3**

3.1 3.1.1
- Progressiewe persoonlike inkomstebelasting ✓
- Rykdom/welvaartbelasting ✓
- Kontant toelae ✓
- Voordeel in natura – kospakkies/skoolvoedingskemas ✓
- Grondhervormingprogramme, grondrestitusie en grondherverdeling ✓
- Eiendomsubsidies ✓
- Jeugloonsubsidie ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2
- Styging in die verkope van plaaslik vervaardigde klere ✓✓
- Uitbreiding van plaaslike industrieë ✓✓
- Toename in werksgeleenthede✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1
- Die NBAP is daarop ingestel om noemenswaardige strukturele verandering in die Suid-Afrikaanse ekonomie te weeg te bring.✓✓ (2) (2)

3.2.2
- Sterker binnelandse groei in die vervaardigingsektor is krities belangrik.✓✓
- Hoë indiensnamekoers.✓✓ (2 x 2) (4)

3.3.3
- Skepping van werksgeleenthede. ✓✓
- NGP voorsien om teen 2020, 5 miljoen nuwe werks-geleenthede te skep.✓✓ (2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 Noord/Suid-verdeling of ontwikkelde/ontwikkelende lande✓✓ (2) (2)

3.3.2 USA, Kanada, VK, Frankryk, Duitsland, Japan, Italië, Rusland (2 x 1) (2)

3.3.3 **Ontwikkelende lande:** Voer hoofsaaklik rou materiaal uit na ontwikkelde lande en voer vervaardigde goed in vanaf ontwikkelde lande. ✓✓
**Ontwikkelde lande:** Hou vol met die subsidie van landbouproduksie, wat dit moeilik maak vir ontwikkelende lande om te kompeteer✓✓terwyl hierdie lande daarop aandring dat ontwikkelende lande invoertariewe op vervaardigde goedere afskaf.✓✓Die meeste ontwikkelende lande het baie min buitelandse handel.✓✓ (6)





3.4
- Die fokus is op die ontwikkeling van internasionale mededingendheid van Suid-Afrika se vervaardigingsbedrywe. (Geïmplementeer deur die DHN)✓✓
- Dit is 'n strategie wat van toepassing is op alle prosesse wat te make het met die omskakeling van natuurlike hulpbronne in vervaardigde produkte.✓✓
- Dit spreek oorkruiskwessies soos tegnologie, menslike hulpbronne en toeganklikheid tot finansies en infrastruktuur in. ✓✓
- Dit fokus op sleutelinsetsektore soos vervoer, telekommunikasie en energie.✓✓
- Die GVS prioritiseer sekere groeisektore soos toerisme, landbou, inligtingstegnologie en kulturele bedrywe.✓✓ (4 x 2) (8)

3.5
- Die SARB gebruik rentekoerse om die mark te manipuleer.✓✓
- Die repokoers is die sleutelrentekoers. Dit is die koers waarteen die SARB geld aan handelsbanke op die korttermyn uitleen.✓✓
- Die SARB sal die rentekoerse verlaag wanneer hulle krediet of die vraag na krediet wil verhoog.✓✓
- Baie mense sal aangemoedig word om meer te koop teen laer rentekoerse.✓✓
- Dit lei tot 'n hoër vraag na goedere en dienste. ✓✓ (4 x 2) (8)

**[40]**

© Departement van Basiese Onderwys 2014




**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 Verantwoordbaarheid/Effektiwiteit/Assessering van behoeftes/ Prysbeleid/Parastatale/Privatisering ✓ (Enige 1 x 2) (2)

4.1.2 Lae produktiwiteit – lae produksie – negatiewe effek op die totale aanbod van goedere en dienste – dieselfde of groeiende totale vraag = vinnige styging in die algemene pryspeil.✓✓ (Vraaginflasie) (1 x 2) (2)

4.2 4.2.1 Punt, e ✓✓ (2)

4.2.2 Die waarde van die rand depresieer. ✓✓
As gevolg van styging in die vraag na dollar, verminder die waarde van die rand van R10 vir een dollar na R12 vir een dollar. ✓✓ (4)

4.2.3 In die geval van devaluasie van die rand, sal die Sentrale Bank buitelandse valuta verkoop. ✓✓
In die geval van revaluasie van die rand, sal die Sentrale Bank buitelandse valuta aankoop. ✓✓ (4)

4.3 4.3.1 'n Nywerheidsontwikkelingsone is 'n nywerheidslandgoed✓ wat fisies omhein is✓ en naby belangrike vervoermodusse soos hawens of lughawens geleë✓✓ (2)

4.3.2 Upington, in die Noord-Kaap, is geografies uitstekend geleë vir sonenergienavorsing en -ontwikkeling.✓✓
Saldanha sal die groeiende olie- en gasnywerheid aan die weskus van Afrika bedien, terwyl die ysterertsuitvoere verder uitbrei.✓✓ (2)

4.3.3 Die SES ontvang tans 'n spesiale aansporing wat nie op die NOS van toepassing is nie. 'n Spesiale maatskappybelastingkoers van 15%, wat heelwat minder is as die 28% wat tans toegepas word. ✓✓

'n NOS is geleë in 'n kleiner gebied en is direk verbind met 'n hawe waar die SES 'n groter area beslaan. Daar word beplan om al die NOS's by die SES in te lyf.✓✓ (2)

4.3.4 Verwringingseffek – die huidige NOS's word nie deur die spesiale aansporingskema bevoordeel nie.✓✓
Die kommer is dat die maatskappye binne die NOS's gaan toemaak en hulle dan by SES's gaan aansluit om ook in die spesiale aansporingskemas te deel.✓✓
Dit sal lei tot verskuiwing en beweging na ander streke.✓✓
Waardevolle beleggings sal dan uit die spesifieke gebied onttrek word.✓✓
Dit sal 'n verwringing/ontwrigting in produksie veroorsaak wat produksie en uitset in die streek nadelig sal beïnvloed.✓✓ (4)





4.4 **Leidende:**
- Gee verbruikers, besighede en die staat 'n aanduiding van die rigting waarin die ekonomie besig is om te beweeg.✓✓
- Wanneer hierdie aanwysers styg, sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite ook gedurende die volgende maande opwaarts beweeg.✓✓
- Voorbeelde van leidende aanwysers is advertensiespasie vir werksgeleenthede, voorraad op hande en verkope.✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

**Sloerende:**
- Sloerende aanwysers sal nie rigting verander alvorens die sakesiklus reeds van rigting verander het nie.✓✓
- Voorbeelde van hierdie aanwysers is: Ure gewerk in die konstruksiebedrywe en totale aantal kommersiële voertuie verkoop.✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

4.5 **Infantiele mortaliteitkoers** ✓✓ Die getal kinders jonger as 1 jaar wat binne die eerste jaar gesterf het uitgedruk per 1 000 geboortes. ✓✓
In 2010 was dit 34 per 1000.✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

**Onder-vyf-jaar-mortaliteitskoers** ✓✓ Die getal kinders onder vyf jaar wat binne die eerste vyf jaar gesterf het.✓✓ Uitgedruk per 1 000 geboortes.✓✓
In Suid-Afrika was die koers in 2010, 50 sterftes per 1 000.✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

© Departement van Basiese Onderwys 2014



**AFDELING C**

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

| **STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL:** | **PUNTETOEKENNING:** |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/ Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee jou eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik /Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/ Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

Internasionale handel is die ruggraat van ons moderne sakewêreld waar vervaardigers in verskillende nasies probeer om wins te maak uit 'n groeiende mark, eerder as om beperk te word om binne eie grense te verkoop.

- Bespreek uitvoerbevordering as deel van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleid. (26 punte)
- Na jou mening, hoe suksesvol is Suid-Afrika met die implementering van die beleid hierbo? Motiveer jou antwoord. (10 punte) **[40]**

**Inleiding**

Aansporings of meganismes om plaaslike vervaardigers aan te moedig om uitvoere van goedere en dienste na die buiteland te vermeerder.✓✓
(Enige ander relevante definisie van uitvoer bevordering) **(Maks. 2)**

**Liggaam**

**HOOFGEDEELTE**

**Redes vir uitvoerbevordering** ✓

- Die land behaal aansienlike uitvoergeleide ekonomiese groei. ✓✓
- Uitvoerbevordering vergroot die land se produksiekapasiteit.✓✓
- Uitvoermarkte is baie groter as plaaslike markte.✓✓
- Meer werkers word in diens geneem.✓✓
- Dit lei tot 'n verlaging in pryse.✓✓





**Metodes van uitvoerbevordering** ✓

- Aansporings: Die regering verskaf inligting oor uitvoermarkte, navorsing oor nuwe markte, konsessies op vervoerkoste, uitvoerkrediet, ens. om uitvoere te stimuleer.✓✓
- Subsidies: Dit sluit direkte en indirekte subsidies in:
  - Direkte subsidies: Dit is kontantbetalings aan uitvoerders. ✓✓
  - Indirekte subsidies: Dit behels terugbetaling van invoertariewe en algemene belastingkortings.✓✓
- Handelsneutraliteit: Subsidies wat gelyk is aan die waarde van invoertariewe word betaal.✓✓
  Neutraliteit kan deur middel handelsbevryding bereik word.✓✓

**Voordele van uitvoerbevordering**✓
- Daar is geen beperkings op die skaal van uitvoere nie aangesien die mark so groot is.✓✓
- Produksie word gebaseer op koste en doeltreffendheid. ✓✓
- Daar is 'n toename in plaaslike produksie.✓✓
- Wisselkoerse is meer realisties.✓✓

**Nadele van uitvoerbevordering** ✓

- Die werklike produksiekoste word verlaag deur subsidies en aansporings.✓✓
- Die gebrek aan mededinging as gevolg van aansporings en subsidies dwing mededingers uit die mark uit.✓✓
- Uitvoerbevordering lei tot verhoogde tariewe en kwotas deur magtige oorsese mededingers.✓✓
- Dit lei tot die beskerming van arbeidsintensiewe nywerhede in ontwikkelende lande.✓✓

**(Maks 26)**

**LET WEL:** 'n maksimum van 8 x 1 sal vir opskrifte toegeken word.

**ADDISIONELE GEDEELTE:**
**Die kandidaat kan 'n positiewe of 'n negatiewe argument aanvoer.**

**Positief / Negatief** ✓✓ **(1 x 2)**
**Argumente** ✓✓ ✓✓ **(2 x 2)**
**Substantiewe bewyse** ✓✓ ✓✓ **(2 x 2)**

Aanvaar enige relevante antwoorde. **(Maks. 10)**

**Gevolgtrekking**

Aanvaar enige relevante gevolgtrekking. **(Maks. 2)**

© Departement van Basiese Onderwys 2014




**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

Aanbodkant-beleide fokus op die vermoë van markte om genoeg goedere en dienste te verskaf om in die totale vraag te voorsien.
.

- Bespreek hierdie stelling deur te fokus op die geskiktheid en doeltreffendheid van markte in die Suid-Afrikaanse konteks. (26 punte)
- Na jou mening, hoe suksesvol is die Suid-Afrikaanse regering om in die basiese behoeftes van die armes te voorsien? (10 punte) **[40]**

**Inleiding**

Die stimulering van aanbod beteken om die uitset van goedere en dienste te verhoog. ✓✓
(Enige ander relevante definisie) **(Maks. 2)**

**Liggaam**

**HOOFGEDEELTE:**

Daar is verskeie faktore wat die doeltreffendheid en effektiwiteit van hulpbronne bevorder:

- **Onderwys en opleiding** ✓
  - Die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SOOO) is geskep om beroepsverwante opleiding te bevorder en te fasiliteer vir verskillende sektore in die ekonomie.✓✓
  - Die toename in die getal opgeleide werkers sal die produktiwiteitsvlakke van die ekonomie verbeter.
  - Dit sal lei tot 'n styging in die uitset van goedere en dienste.✓✓
- **Fiskale beleid**✓
  - Hoë belastingkoerse ontmoedig: individue om meer te werk en besighede om minder te investeer.✓✓
  - In Suid-Afrika is belastingkoerse vir individue en besighede stelselmatig verminder.✓✓
  - Belastingaansporings bied industrieë die geleentheid om teen laer koste te produseer. ✓✓
  - Hierdie addisionele fondse bied individue die geleentheid om produksie uit te brei.✓✓
  - Individue kry belastingkorting.✓✓
  - Dit lei tot 'n styging in die besteebare inkomste van individue.✓✓
  - Wat die vraag na verbruikersgoedere en dienste laat toeneem.✓✓
- **Mededinging**✓
  - Die bevordering van mededinging dien as 'n aansporing vir nuwe besighede om tot die mark toe te tree.✓✓
  - Die Wet op Mededinging het ten doel om die aantal monopolieë wat gevorm word te verminder en om die mag wat monopolieë het te elimineer.✓✓
  - Addisioneel tot bogenoemde is heelwat hindernisse met internasionale handel oor die jare verwyder.✓✓





- **Deregulering** ✓
  - Die deregulering in die industrieë maak voorsiening vir beter kompetisie in die mark.✓✓
  - Baie onnodige wetgewing asook ander hindernisse in mededinging is verwyder. Alhoewel daar nog sekere regulasies, veral in die informele sektor bestaan, word dit tans hersien.✓✓
- **Arbeidswetgewing** ✓
  - In Suid-Afrika skep die Wet op Arbeidsverhoudinge, die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 'n billike en gelyke werksomgewing.✓✓
  - So 'n werksplek sal werkers motiveer om nie net die kwaliteit van werk te verbeter nie maar sal ook om te strewe na selfontwikkeling.✓✓
- **Klein-, Medium- en Mikro-ondernemings**✓
  - In Suid-Afrika, moedig die staat die oprigting van KMMO's aan deur 'n verskeidenheid finansiering- en ondersteuningstrukture.✓✓
  - Instellings soos Khula, die Nasionale Bemagtigingsfonds, die Nywerheids-ontwikkelingskorporasie en Besigheidsvennote is in vennootskap met die nasionale regering.✓✓
  - Daar is ook gratis adviessentrums om inligting ten opsigte van onderwerpe, soos bestuur en hoe om 'n SMME te bedryf, te verskaf.✓✓
- **Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB)** ✓
  - BBSEB is die ekonomiese bemagtiging van alle swart mense, veral vroue, werkers, die jeug, die gestremdes en mense wat in landelike gebiede bly.✓✓
  - Die oogmerk is om historiese ongelykhede aan te spreek deur die aantal swart mense wat die ekonomie van die land besit en beheer, te vermeerder ✓✓
  - Asook om inkomste ongelykhede te verminder.✓✓
- **Navorsing en Ontwikkeling** ✓
  - 'n Navorsing- en Ontwikkelingstrategie is deur die staat geïmplementeer om nasionale mededingendheid te bevorder.✓✓
    - o Die Navorsing- en Ontwikkelingstrategie berus op DRIE pilare, nl. innovasie, wetenskap, ingenieurswese en tegnologie, menslike hulpbronne en transformasie om 'n effektiewe regeringstelsel te skep ✓✓
  - Voorbeelde: WNNR en Mintek✓✓
- **Privatisering** ✓
  - Baie staatsondernemings is reeds geprivatiseer of gedeeltelik geprivatiseer.✓✓
  - Privatisering is essensieel vir die bevordering van kompetisie in die mark.✓✓
  - Daar is reeds bewyse dat privaat ondernemings meer doeltreffend en effektief is as staatsondernemings.✓✓
  - Voorbeelde: Telkom en Yskor ✓✓

- **Infrastruktuur** ✓
  - 'n Goed ontwikkelde infrastruktuur vorm die ruggraat van 'n groeiende ekonomie. Suid-Afrika se infrastruktuur is van die beste in Suidelike Afrika.✓✓
  - Vervoer: Suid-Afrika se vervoernetwerk bestaan uit snelweë, spoorweë en hawens.✓✓
  - Energie: Eskom genereer 95% van die land se elektriese krag. Dit is een van die 10 grootste kragvoorsieners in die wêreld en voer ook krag uit na buurlande.✓✓
  - Telekommunikasie: Is een van die vinnigste groeiende sektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit bied vastelyn-, draadlose- en satellietkommunikasie en het die bes ontwikkelde netwerk in Afrika.✓✓

- **Koste om besigheid te doen** ✓
  - Dit verwys na die koste om besigheid te doen, soos vervoer, kommunikasie en energiekoste.✓✓
  - Ander koste sluit in, water, sanitasie, voertuie en registrasie en die arbeidsmarkte.✓✓

**(Maks 26)**

**LET WEL:** 'n maksimum van 8 x 1 sal vir opskrifte toegeken word.

**ADDISIONELE GEDEELTE:**

**Na jou mening, hoe suksesvol is die Suid-Afrikaanse regering om in die basiese behoeftes van die armes te voorsien? Motiveer jou antwoord.**

Ja/Nee✓✓

Ongeveer 26% van ons bevolking is absoluut arm in terme volgens internasionale standaarde, met 'n broodlyn van $1,25 per dag.

(1) Maatskaplike toelaes: ouderdomspensioene, kindertoelae, en ongeskiktheidstoelae.✓✓
(2) Voordeel in natura: gratis kwota water (6 000 liter per huishouding) en elektrisiteit (20 kWh) per huishouding, skoolvoedingskemas.✓✓
(3) Behuising: HOP-huise✓✓
(4) Sanitasie: Toegang tot skoon water, energie en rioolstelsels.✓✓
(5) Primêre gesondheidsorg: gratis hospitalisasie en medisyne. Vanaf sekere inkomstevlakke word fooie saamgestel. Immunisering van alle kinders is gratis.✓✓
(6) Onderwys: Geen-skoolfonds-skole ✓✓
(Kandidate moet van die basiese behoeftes noem en hoe dit die armes beïnvloed)
(Aanvaar enige ander relevante antwoord) **(Maks.10)**

**Slot**

**Enige relevante slot ✓✓** **(Maks. 2)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V2**

**MODEL 2014**

**PUNTE: 150**

**TYD: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**





**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs blou of swart ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

© Departement van Basiese Onderwys 2014



**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 15 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.

1.1.1 As 'n reël behoort 'n firma dit te oorweeg om sy besigheid te sluit by die punt waar sy …

A MK = GVK.
B MI = GK.
C MK = MI.

1.1.2 'n Mark met groot regeringsinvloed en -beheer word as … beskryf.

A ongereguleerd
B gedereguleerd
C gereguleerd

1.1.3 Die waarde van insette wat deur die entrepreneur besit en in die produksieproses aangewend word, staan as … koste bekend.

A veranderlike
B eksplisiete
C implisiete

1.1.4 'n Patent wat iemand die eksklusiewe reg gee om 'n produk te vervaardig, is kenmerkend van 'n … monopolie.

A kunsmatige
B natuurlike
C plaaslike

1.1.5 Die totale vraag na goedere en dienste, wat die totale aanbod daarvan oorskry, staan as … bekend.

A koste-druk-inflasie
B vraag-trek-inflasie
C deflasie

1.1.6 Toerisme is … intensief.

A arbeids-
B kapitaal-
C risiko-





1.1.7 Wanneer toeriste die geleentheid kry om die natuurskoon van Suid-Afrika te ervaar, staan dit as … toerisme bekend.

A kulturele
B eko-
C internasionale

1.1.8 Die regering kan 'n baie belangrike rol in omgewingsvolhoubaarheid speel deur sy … beleid.

A monetêre
B fiskale
C verstedelikings- (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Kerninflasie | A | prysstygings gekombineer met hoë werkloosheid |
| 1.2.2 | Stagflasie | B | items wat hoogs wisselvallige pryse het, word van die VPI-mandjie uitgesluit |
| 1.2.3 | Klimaatsverandering | C | wanneer dit onmoontlik is om die welvaart van een persoon te verhoog sonder om die welvaart van 'n ander persoon te verlaag |
| 1.2.4 | Besoedeling | D | dikwels ondergeproduseer deur die mark, byvoorbeeld onderwys |
| 1.2.5 | Duopolie | E | twee nywerhede wat 'n sekere mark oorheers |
| 1.2.6 | Pareto-doeltreffendheid | F | buitengewone prysstygings |
| 1.2.7 | Merietegoedere | G | gemiddelde inkomste = gemiddelde koste |
| 1.2.8 | Normale wins | H | kom voor as gevolg van aardverwarming |
| | | I | die vloei van afvaluitlatings oorskry die natuurlike omgewing se kapasiteit om dit te absorbeer |
| | | J | sigarette en alkohol |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 'n Markstruktuur wat deur 'n klein aantal groot besighede gedomineer word

1.3.2 Pryse wat laer as die ewewigsprys in die mark vasgestel word en armes groter toegang tot goedere en dienste gee

1.3.3 Die ekstra koste aangegaan as produksie met een eenheid toeneem

1.3.4 Streef na die kreatiewe voortbestaan van die omgewing terwyl dit terselfdertyd verseker dat veranderings simpatiek is teenoor die lewensgehalte van huidige en toekomstige geslagte

1.3.5 Die koste van 'n mandjie verbruikersgoedere en -dienste van 'n gemiddelde Suid-Afrikaanse huishouding

1.3.6 'n Algemene styging in pryse wat deur 'n styging in faktorinsetkoste veroorsaak word (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**





**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 20 MINUTE**


2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE regstellende metodes wat deur die regering gebruik word om inkomeverdeling te verbeter. (2 x 1) (2)

2.1.2 Verduidelik hoe prysleierskap daartoe kan lei dat verbruikers hoër pryse in 'n oligopoliemark moet betaal. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LANGTERMYNEWEWIG IN 'N MONOPOLIEMARK**




2.2.1 Definieer die begrip *lang termyn* soos dit in ekonomie gebruik word. (2)

2.2.2 Identifiseer die optimum produksievlak. (2)

2.2.3 Verduidelik hoekom die marginale-inkomste (MI) -kurwe altyd onder die vraagkurwe (VV) in hierdie soort mark sal lê. (2)

2.2.4 Bereken die wins of verlies van hierdie monopolis. Toon ALLE berekeninge. (4)



© Departement van Basiese Onderwys 2014

© Departement van Basiese Onderwys 2014



2.3 Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOMMISSIE KRAAK GLASKARTEL**

'n Ondersoek deur die Mededingingskommissie het bevind dat ses besighede wat in die vervaardiging en verspreiding van glasprodukte in die bou- en konstruksiebedryf aktief is, by 'n kartel betrokke is.



In hul nuutste beslissing oor anti-mededigende praktyke in die bou- en konstruksiebedryf, het die Kommissie beweer dat National Glass, Northern Hardware & Glass, Furman and Glass, McCoy's Glass, AF-FSL Glass en Glas Suid-Afrika, betrokke was by prysknoeiery, markverdeling en die vasstel van handelsvoorwaardes deur verskillende reëlings en ooreenkomste.

Die ondersoek na die kartel se aktiwiteite in die glasbedryf is in Februarie 2010 begin na aanleiding van inligting wat in Junie 2009 ontvang is. Voorwaardelike toegeeflikheid teen vervolging is aan AF-FSL Glass.

[Aangepas uit *Business Report*, 9 April 2013]

2.3.1 Definieer die begrip *kartel*. (2)

2.3.2 Watter markstruktuur word in die artikel hierbo uitgebeeld? (1)

2.3.3 Wat het daartoe aanleiding gegee dat die Mededingingskommissie anti-mededingingsgedrag in die glasbedryf ondersoek het? (2)

2.3.4 Verduidelik hoe die glaskartel se optrede die ekonomie negatief kan beïnvloed. (4)

2.3.5 Noem die instelling wat deur die glasmaatskappye genader kan word as hulle nie gelukkig is met die boete wat hulle opgelê is nie. (1)

2.4 Verduidelik die redes waarom koste-voordeel-ontleding in die praktyk gebruik word. (8)

2.5 Hoe kan nieprysstrategieë besighede help om hul markaandeel te vergroot? (8)
**[40]**





**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 20 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE voorbeelde van plekke of gebeure wat deel van kulturele toerisme vorm. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe sal 'n standvastige politieke klimaat tot 'n toename in toerismesyfers lei? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Internet Globalisering*, 22 Februarie 2013]

3.2.1 Wat is die betekenis van die *kweekhuiseffek*? (2)

3.2.2 Hoekom is dit noodsaaklik om aardverwarming ten alle tye te voorkom? (2)

3.2.3 Noem EEN internasionale konvensie/protokol teen aardverwarming (2)

3.2.4 Verduidelik hoe die mark misluk om die omgewing te beskerm. (4)

3.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| VERWAGTE BBP: R51,1 biljoen | | |
|---|---|---|
| **Toeristegroep** | **Volume van plaaslike toerismemark (aantal ritte)** | **Waarde van plaaslike mark (%)** |
| Besoeke aan familie en vriende | 32 | 37,2 |
| Vakansiegangers | 8,1 | 44,5 |
| Godsdiens | 5,3 | 4 |
| Besigheid | 3,8 | 12,8 |
| Mediese redes | 0,8 | 14 |

[Fiktiewe syfers]

3.3.1 Watter toeristegroep het die meeste (%) tot die plaaslike ekonomie bygedra? (2)

3.3.2 Bepaal die persentasiebydrae tot die bruto binnelandse produk deur mense wat vriende en familie besoek. (2)

3.3.3 Waarom dink jy dat toeristesyfers plaaslik ná 1994 toegeneem het? (2 x 2) (4)

3.3.4 Hoe kan toerisme armoede in Suid-Afrika uitwis? (2 x 1) (2)

3.4 Bespreek belasting as 'n fiskale maatreël om inflasie te bekamp. (4 x 2) (8)

3.5 Bespreek waarom die verlies aan inheemse kennis internasionale maatreëls vereis. (4 x 2) (8)
**[40]**





**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 20 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE kenmerke van monopolistiese mededinging. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat is die waarde van die produksieprysindeks (PPI) as 'n inflasie-aanwyser? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TYD IS REG VIR SLIM VERVOER**

Motoriste sal hul vervoeropsies in die lig van huidige petrolprysstygings moet heroorweeg. Volgens Findalift.co.za ry baie motoriste daagliks werk toe en skep so miljoene leë sitplekke. Registrasie by Findalift sal jou met mense wat dieselfde roete op 'n daaglikse basis ry, in kontak bring. Deur die totale vervoerkoste vir 'n daaglikse rit van 25 km te deel, sal jy elke jaar R6 500 spaar – vier persone per voertuig sal hierdie besparing na R10 000 opstoot. Die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch het reeds hul studente en werknemers geregistreer om hul vervoerkoste te verminder.

[Aangepas uit *Beeld*, Maart 2013]

4.2.1 Definieer die begrip *inflasie*. (2)

4.2.2 Verduidelik die invloed wat Findalift op die verbruiker se verbruiksbesteding kan hê. (4)

4.2.3 Watter uitwerking sal verminderde petrolkoste op besparings en beleggings oor die algemeen hê? (4)






© Departement van Basiese Onderwys 2014

© Departement van Basiese Onderwys 2014



4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NEGATIEWE EKSTERNALITEITE – 'N OORSAAK VAN MARKMISLUKKING**




4.3.1 Definieer die begrip *markmislukking*. (2)

4.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n negatiewe eksternaliteit. (1)

4.3.3 Watter kurwe dui die sosiale koste vir die gemeenskap aan? (1)

4.3.4 Verduidelik hoe negatiewe eksternaliteite tot markmislukking kan lei deur die gegewe data in die grafiek hierbo te gebruik. (6)

4.4 Verduidelik ondoeltreffendheid in die ekonomie as 'n gevolg van markmislukking. (4 x 2) (8)

4.5 Wat is die gevolg van belasting en subsidies op die Suid-Afrikaanse ekonomie? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief



**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL: | PUNTETOEKENNING: |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/ Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks | <br>Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 35 MINUTE**

Markte word oor die algemeen as volmaakte- en onvolmaakte markte gekategoriseer. In werklikheid bestaan daar egter baie min voorbeelde van volmaakte markte.

- Ondersoek die voorwaardes van 'n volmaakte mark in detail. (26 punte)
- Trek 'n duidelik benoemde grafiek om die ekonomiese wins vir 'n individuele produsent in die mark aan te toon. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 35 MINUTE**

Toerisme is een van die vinnigste groeiende bedrywe wêreldwyd.

- Bespreek krities die gevolge van toerisme. (26 punte)
- Evalueer hoe toerisme die huishoudings in jou gemeenskap bevoordeel deur toepaslike voorbeelde te gebruik. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

© Departement van Basiese Onderwys 2014



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V2**

**MODEL 2014**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief



**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 A (MK = GVK) ✓✓
1.1.2 C (gereguleerd) ✓✓
1.1.3 C (implisiete) ✓✓
1.1.4 A (kunsmatige) ✓✓
1.1.5 B (vraagtrek-inflasie) ✓✓
1.1.6 A (arbeids-) ✓✓
1.1.7 B (eko-) ✓✓
1.1.8 B (fiskale) ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 **PAS-ITEMS**

1.2.1 B (items wat hoogs wisselvallige pryse het, word van die VPI-mandjie uitgesluit) ✓
1.2.2 A (prysstygings met hoë werkloosheid gekombineer) ✓
1.2.3 H (kom voor as gevolg van aardverwarming) ✓
1.2.4 I (die vloei van afvaluitlatings oorskry die natuurlike omgewing se kapasiteit om dit te absorbeer) ✓
1.2.5 E (twee nywerhede wat 'n sekere mark oorheers) ✓
1.2.6 C (wanneer dit onmoontlik is om die welvaart van een persoon te verhoog sonder om die welvaart van 'n ander persoon te verlaag) ✓
1.2.7 D (dikwels ondergeproduseer deur die mark, bv. onderwys) ✓ (8)
1.2.8 G (gemiddelde inkomste = gemiddelde koste) ✓ (8 x 1)

1.3 **IDENTIFISEER DIE BEGRIP**

1.3.1 Oligopolie ✓
1.3.2 Maksimum pryse ✓
1.3.3 Marginale koste ✓
1.3.4 Bewaring ✓
1.3.5 Verbruikersprysindeks ✓
1.3.6 Kostedruk-inflasie ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

© Departement van Basiese Onderwys 2014



**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

2.1 2.1.1
- SEB ✓
- regstellende aksie ✓
- grondrestitusie ✓
- grondherverdeling ✓
- eiendomsubsidies (vir HOP-huise) ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 'n Dominante besigheid kan die prys van 'n produk verhoog ✓ Sy opponent sal dit sien as 'n teken en dieselfde doen deur hul eie pryse te verhoog ✓ (1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 Die lang termyn is 'n tydperk van produksie waar alle produksiefaktore kan verander. Die tyd is lank genoeg vir veranderlike- en vaste faktore om te verander ✓✓ (2)

2.2.2 100 ✓ (2)

2.2.3 Die negatiewe helling van die vraagkurwe impliseer dat meer goedere verkoop sal word teen laer pryse ✓ dus sal addisionele inkomste afneem soos wat meer goedere verkoop word ✓ (2)

2.2.4 Eenheidswins: 25 – 19 = 6✓✓
Totale wins: 6 x 100 = R600✓✓
**OF**
TI – TK ✓
(25 x 100) ✓ – (19 x 100) ✓ = R600✓ (4)

2.3 2.3.1 'n Kartel is 'n groep produsente wat saamwerk om 'n monopolie te vorm deur prysbeheer ✓✓ (2)

2.3.2 Oligopolie ✓ (1)

2.3.3 Hulle het inligting ontvang toe AF-FSL Glas aansoek gedoen het vir toegeeflikheid rakende hul aandeel in sameswerende gedrag ✓✓ (2)

2.3.4
- Verbruikers sal hoër pryse betaal ✓✓
- Mededinging sal verdwyn wat kan lei tot swak kwaliteit goedere ✓✓
- Aanbod kan verminder word wat indiensneming sal beïnvloed ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

2.3.5 Mededingingsappélhof ✓ (1)





2.4
- Markseine bv. pryse help om hulpbronne toe te ken deur vraag en aanbod ✓✓
- Goedere verskaf deur die owerheid soos paaie, brûe, ens. word gratis verskaf ✓✓
- Met die afwesigheid van markseine, kan besluite oor die wenslikheid van 'n projek subjektief wees ✓✓
- Objektiewe kriteria kan vereis word om ekonomiese doeltreffendheid te verseker in toekenning van hulpbronne ✓✓
- KVA bring groter objektiwiteit na besluitneming ✓✓
- Dit word gedoen deur die identifikasie van alle relevante voordele en koste van 'n projek sodat 'n ingeligte besluit geneem kan word ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

2.5
- 'n Belangrike aspek van nie-prys mededinging is om <u>handelsmerk-lojaliteit te bou</u> ✓ <u>produkherkenning</u> ✓ <u>en produkdifferensiasie</u> ✓
- Dit word gedoen deur advertensies en bemarking. Die gevolg is dat besighede geneig om 'n aansienlike bedrag geld hierop te spandeer ✓✓
- Ander vorme van nie-prys mededinging sluit in:
  - Uitgebreide inkope en besigheidsure ✓✓
  - Doen besigheid oor internet ✓✓
  - Na-verkoop dienste ✓✓
  - Lojaliteitsbelonings aan kliënte ✓✓
  - Kompetisies in die winkels ✓✓
  - Deur-tot-deur-aflewerings ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

3.1 3.1.1
- Museums ✓
- Kunsgalerye ✓
- Argeologiese terreine ✓
- Feeste ✓
- Sportgebeure ✓

Enige ander relevante feit (2)

3.1.2
- Waar die owerheid inmeng om omgewingsbates te beskerm sodat meer toeriste die land kan besoek ✓✓
- Beter beheer en kontrole van bv. inheemse woude sal die land se inkome oor die langtermyn maksimeer ✓✓

Enige ander relevante feit (2)

3.2 3.2.1 Besoedelaars dra by tot 'n laag of kombers in die atmosfeer wat die hitte vaskeer ✓✓ (2)

3.2.2 Daar is 'n geleidelike toename in die gemiddelde temperatuur van die aarde se oppervlak-lug en oseane wat alle ekonomiese sektore soos landbou en vervoer negatief beïnvloed ✓✓ (2)

3.2.3
- Kyoto-protokol ✓✓
- Montreal-protokol ✓✓

Enige ander aanvaarbare antwoord (1 x 2) (2)

3.2.4
- Die omgewing is 'n gemeenskaplike hulpbron ✓✓ baie dele van die omgewing word nie privaat besit nie, bv. die see
- Eksternaliteite ✓✓ wanneer mense die omgewing besoedel impliseer dit koste wat deur ander gedek moet word
- Gebrek aan kennis ✓✓ mense veroorsaak skade sonder dat hulle dit besef
- Traak-my-nie-agtigheid ✓✓ mense gaan voort met skadelike praktyke en laat toekomstige generasies met die bekommernis van die gevolge (4)

3.3 3.3.1 Vakansiegangers met 'n 44,5 % aandeel ✓✓ (2)

3.3.2 $\frac{51,1 \times 37,2 ✓}{100 ✓} = 19\%$ ✓✓ /19% ✓✓ (2)

3.3.3
- Veiligheid ✓✓
- Stygende mediadekking ✓✓
- Belangstelling in politiek ✓✓
- Belangstelling in sport ✓✓
- Verbeterde infrastruktuur ✓✓ (2 x 2) (4)

3.3.4
- Werkskepping – werksgeleenthede kan onmiddellik verskaf word ✓✓
- Entrepreneursgeleenthede ✓✓
- Toerisme laat landelike gemeenskappe toe om in die voordele van toerisme ontwikkeling te deel ✓✓

Enige ander relevante feit (2)





3.4
- Direkte belasting styg ✓✓ minder geld is beskikbaar vir verbruiksbesteding deur verbruikers ✓✓
- Indirekte belasting styg ✓✓ as deel van 'n beperkende fiskale beleid kan die owerheid sy besteding verminder of belasting soos sondebelasting verhoog ✓✓ (2 x 4) (8)

3.5
- Hedendaagse toeriste verlang outentieke en unieke bestemmings ✓✓
- Hulle wil graag die inheemse kultuur, geskiedenis en omgewing verstaan asook hoe plaaslike mense leef en werk ✓✓
- Die Wêrelderfenisterreine is van groot belang bv. Mapungubwe, Vredefortkoepel, Sterkfonteingrotte en Robbeneiland ✓✓
- Omgewingswêrelderfenisterreine verteenwoordig die uiterstes van ons inheemse omgewingsuniekheid bv. iSimangiliso-vleilandpark ✓✓

(4 x 2) (8)
**[40]**



© Departement van Basiese Onderwys 2014

© Departement van Basiese Onderwys 2014



**VRAAG 4**

4.1 4.1.1
- Die produk is gedifferensieerd ✓
- Gebruik nie-prysmededinging, bv. advertensies ✓
- Toon 'n hibriede struktuur. Dit is 'n kombinasie van mededinging en 'n monopolie ✓
- Daar is baie verkopers ✓
- Toe- en uittrede tot die mark is maklik ✓
- Besighede het min beheer oor die prys van 'n produk ✓
- Inligting vir kopers en verkopers is onvolledig ✓
- Samespanning is nie moontlik onder monopolistiese mededinging nie ✓ (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2
Het betrekking op die koste van produksie ✓✓
Die mandjie bestaan slegs uit goedere ✓✓
Kapitaal- en intermediêre goedere word ingesluit ✓✓
Pryse sluit BTW uit ✓✓
Rentekoerse word uitgesluit ✓✓
Pryse van ingevoerde goedere word eksplisiet getoon ✓✓
(Enige 1 x 2) (2)

4.2 4.2.1 Inflasie is 'n volgehoue en betekenisvolle styging in die algemene prysvlak vir 'n ruk lank en 'n gelyktydige daling in die waarde of koopkrag van geld. ✓✓ (2)

4.2.2 Grootskaalse besparings op vervoerkoste sal verbruiksbesteding van die verbruiker verhoog ✓✓
Die verbruiker kan sy verbruiksbesteding aanwend op ander goedere en dienste ✓✓ (4)

4.2.3 Verminderde petrolkoste sal besparings en beleggings oor die algemeen verhoog as die meeste van die verbruiker se behoeftes bevredig is ✓✓ **OF**
Verminderde petrolkoste sal nie noodwendig besparings en beleggings beïnvloed as die verbruiker ekstra geld op goedere en dienste spandeer nie ✓✓ (4)

4.3 4.3.1 Markmislukking kom voor as die mark nie doeltreffend funksioneer nie, bv. 'n besigheid mag minder goedere produseer as waartoe hy in staat is ✓✓ (2)

4.3.2
- Besoedeling ✓
- Verkeersopeenhoping ✓

Enige ander relevante antwoord ✓ (1)

4.3.3 $MSK_1$ ✓ (1)

4.3.4 Negatiewe eksternaliteite is koste aan derde partye wat nie in die markprys ingesluit is nie ✓✓ Daarom is produksie by Q ✓ As die eksterne koste ingesluit sou word sal produksie by Q1 wees wat minder is as Q ✓ en is dit sosiaal wenslik ✓ Goedere wat dus negatiewe eksternaliteite veroorsaak word oorgeproduseer ✓✓ (6)





4.4 **a) Produktiewe ondoeltreffendheid/Tegniese ondoeltreffendheid** ✓✓
As hulpbronne nie na behore gebruik word om die maksimum aantal goedere teen die laagste koste ✓ en beste kwaliteit te produseer nie ✓

**b) Toewysingsondoeltreffendheid** ✓✓
Wanneer hulpbronne nie toegewys word in die regte verhouding nie en die produkmengsel stem nie ooreen met verbruikers se smaak nie ✓ soos die hoeveelheid en soort goedere geproduseer wat nie aan die verbruiker se behoeftes voldoen nie ✓

'n Toewysing van hulpbronne is ondoeltreffend as een persoon beter daaraan toe is terwyl 'n ander persoon swakker daaraan toe is ✓✓ (8)

4.5 OMGEWINGSBELASTING:
- Eerder as om die omgewingsverbruik te belas, kan belasting ingestel word op die produksie van 'n goed waar eksterne omgewingskoste gegenereer word ✓✓
- Dit staan bekend as groenbelasting, gehef op items soos bande – wat die pryse sal verhoog ✓✓

SUBSIDIES:
- Voorsien subsidies vir aktiwiteite wat omgewingskade verminder ✓✓
- Koste om skadelike gevolge te verminder of te voorkom, word verhaal uit die belastingopbrengs ✓✓
- Bv. ontwikkel nuwe tegnieke of toerusting om energie te spaar of rook te verminder ✓✓ (Enige 2 x 4) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL: | PUNTETOEKENNING: |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Inhoud:**<br>• Hoofdeel: Bespreek/Onderskei/Vergelyk/Verduidelik/ Analiseer/Evalueer/Assesseer | Maks. 26 |
| • Addisionele deel: Gebruik/Teken/Skets 'n grafiek/diagram…/ Lei af … /Gee in breë trekke/Verduidelik kortliks/ Brei uit op …/Jou eie mening | Maks. 10 |
| **Samevatting** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 25 MINUTE**

Markte word oor die algemeen as volmaakte- en onvolmaakte markte gekategoriseer. In werklikheid bestaan daar baie min voorbeelde van volmaakte markte.

- Ondersoek die voorwaardes van 'n volmaakte mark in detail. (26 punte)
- Trek 'n duidelik benoemde grafiek om die ekonomiese wins vir 'n individuele produsent in die mark aan te toon. (10 punte) **[40]**

**Inleiding**

Dit is 'n markstruktuur met 'n groot aantal deelnemers wie almal prysnemers is ✓✓ Die prys word bepaal deur markvraag en -aanbod. Hierdie mark is die doeltreffendste mark in die toekenning van hulpbronne ✓✓ **(Maks. 2)**

**INHOUD:**

**Kenmerke:**

**a) Produkte moet homogeen (identies) wees ✓**
- Produkte moet identies wees. Daar mag geen verskil in styl, ontwerp en gehalte wees nie ✓✓
- Op hierdie wyse kompeteer produkte slegs op die basis van prys en kan enige plek aangekoop word ✓✓
- As produkte verskil, kan verkopers kopers oorreed om hul duurder produkte aan te koop deur die produkte te gradeer ✓✓ Bv. die markte vir mielies en steenkool bestaan uit homogene produkte wat gegradeer word. Graad 1 behaal 'n hoër prys as ander grade.

**b) Daar moet 'n groot aantal kopers en verkopers wees ✓**
- Dit behoort nie vir een koper of verkoper moontlik te wees om die prys te beïnvloed nie ✓✓
- As daar baie verkopers is, sal die aandeel van elke verkoper op die mark so klein wees dat die verkoper nie die prys kan beïnvloed nie ✓✓
- Verkopers is prysnemers, hulle aanvaar die heersende markprys. As hulle pryse bo die markprys verhoog, verloor hulle kliënte ✓✓





**c) Geen voorkeurbehandeling/diskriminasie ✓**
- Samespanning kom voor as kopers en verkopers ooreenkom om mededinging te beperk. In 'n volmaakte mark vind geen samespanning plaas nie ✓✓
- Kopers en verkopers baseer hul aksies slegs op die prys, homogene produkte behaal dieselfde prys en geen voorkeur is aanwesig by aankope of verkope aan enige spesifieke persoon nie ✓✓

**d) Vrye mededinging/Ongereguleerde mark ✓**
- Kopers moet vry wees om te koop wat hulle ookal wil by enige besigheid en in enige hoeveelheid ✓✓
- Verkopers moet vry wees om wat, hoeveel en waar hulle wil te verkoop ✓✓
- Daar behoort geen staatsinmenging en geen prysbeheer te wees nie ✓✓
- Kopers behoort nie groepe te vorm om laer prys te verkry nie; verkopers behoort ook nie saam te span om hoër pryse af te dwing nie ✓✓

**e) Doeltreffende vervoer en kommunikasie ✓**
- Doeltreffende vervoer verseker dat produkte oral beskikbaar is ✓✓
- Op hierdie wyse sal veranderinge in vraag en aanbod in een deel van die mark die prys van die totale mark beïnvloed ✓✓
- Doeltreffende kommunikasie hou kopers en verkopers ingelig oor marktoestande ✓✓

**f) Alle deelnemers moet volmaakte kennis van marktoestande hê ✓**
- Alle kopers en verkopers moet ten volle bewus wees van wat in enige deel van die mark gebeur ✓✓
- Tegnologie verhoog mededinging soos inligting maklik bekombaar raak via die Internet ✓✓

**g) Vryheid van toetrede/uittrede:** ✓ Daar is volle vryheid van toe- en uittrede – die mark is dus ten volle toeganklik ✓✓ Kopers is volkome vry om toe te tree tot die mark of die mark te verlaat. Toetrede behoort nie onderhewig te wees aan enige beperkinge in die vorm van wetlike, finansiële, tegnologiese of ander hindernisse wat die vryheid van beweging van kopers en verkopers belemmer nie ✓✓

**h) Beweeglikheid van produksiefaktore** ✓ Alle produksiefaktore is volmaak beweeglik ✓✓ m.a.w. arbeid, kapitaal en alle ander produksiefaktore beweeg vrylik tussen een mark en 'n volgende ✓✓

**i) Geen samespanning** ✓ Samespanning tussen verkopers kom glad nie voor nie ✓✓ In 'n volmaak mededingende mark, tree elke koper en verkoper onafhanklik van mekaar op. Samespannende praktyke is onwettig in Suid-Afrika, volgens die Wet op Mededinging van 1998 ✓✓


**Maks. 26**

**LET WEL: 'n Maksimum van 8 x 1 punte sal vir opskrifte toegeken word.**



© Departement van Basiese Onderwys 2014

**INHOUD: ADDISIONELE DEEL**




**(Maks. 10)**

**Samevatting**
Die kenmerke hierbo toon dat die mark aan die streng voorwaardes voldoen het om as volmaak mededingend beskou te word ✓✓
Alhoewel daar slegs 'n paar voorbeelde bestaan, dien die voorwaardes van 'n volmaakte mark as 'n raamwerk of verwysing as ander markte bestudeer word ✓✓
Enige ander relevante slot. **(Maks. 2)**





**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 25 MINUTE**

Toerisme is een van die vinnigste groeiende bedrywe wêreldwyd.

- Bespreek krities die gevolge van toerisme. (26 punte)
- Evalueer hoe toerisme die huishoudings in jou gemeenskap bevoordeel deur toepaslike voorbeelde te gebruik. (10 punte) **[40]**

**Inleiding**

Oor die algemeen sê ons dat toerisme mense behels wat van hul gewone plek van verblyf na 'n ander bestemming reis waar hulle van die fasiliteite gebruik maak en aan die aktiwiteite deelneem ✓✓
Enige ander relevante definisie **(Maks 2)**

**INHOUD: HOOFDEEL**

**1.1 BBP** ✓
- Grootste impak op dienstebedryf as op landbou of vervaardiging ✓✓
- Indirekte bydrae: diens-gebaseerde bedryf – verantwoordelik vir 65% van BBP in ontwikkelde ekonomieë en 40% van BBP in ontwikkelende lande ✓✓
- Direkte bydrae: bydrae van 6,8% van BBP in vergelyking met 11,6% wêreldwyd ✓✓

***1.2* Indiensneming** ✓
- 7% van SA werksmag in diens (1,12 miljoen) ✓✓
- Grootste verskaffer van werksgeleenthede en verdiener van buitelandse valuta te danke aan:
  - ❖ Toerisme is arbeidsintensief ✓✓
  - ❖ Toerisme neem baie vaardighede in diens ✓✓
  - ❖ Toerisme verskaf onmiddellik werk ✓✓
  - ❖ Toerisme verskaf entrepreneursgeleenthede ✓✓

**1.3 Armoede** ✓
- Toerisme is die vinnigste en doeltreffendste verspreidingsmeganisme in ontwikkeling van landelike gebiede ✓✓
- Gewildste toeriste-attraksies is in landelike gebiede geleë ✓✓
- Bevorder 'n gebalanseerde en volhoubare vorm van ontwikkeling ✓✓
- Verskaf alternatief vir verstedeliking, wat voortbestaan verseker – 'n landelike familielewe, bemagtiging van beide vroue en jongmense ✓✓
- Bied 'n verskeidenheid van inkomstebronne aan arm mense:
  - ❖ Bied hulle 'n aandeel
  - ❖ Bemagtig hulle
  - ❖ Skep vennootskappe ✓✓

**1.4 Eksternaliteite**

Het positiewe en negatiewe uitwerking:

- ❖ Lok groot hoeveelheid inkomste, maar veroorsaak onverwagte omgewingskade (gebruik hulpbronne en produseer afval) ✓✓
- ❖ Vinnige groei gerig op korttermynvoordele het meer negatiewe as positiewe uitwerking: agteruitgang van tradisies en kulturele waardes, omgewingskade aan terreine en natuurlike omgewing – besoedeling en afval ✓✓
- ❖ Wêreldwye toerisme sal groei te danke aan stygende bevolkings, verbeterde lewenstandaarde, meer vrye tyd en uitbreiding van vervoerstelsels ✓✓
- ❖ Druk op toeriste-oorde sal styg ✓✓
- ❖ Potensiaal: lok inkomste na die land, voorkom armoede, bewaar kulturele en natuurlike bates – vereis oordeelkundige beplanning ✓✓
- ❖ Benodig etiese- en volhoubare toerisme wat tradisies en gebruike van die gebied respekteer, ploeg verdienste terug in die plaaslike gemeenskap – gebiede moet as toeriste-aantreklikheid beskerm word ✓✓

**1.5 Omgewing**

Nywerheidsontwikkeling het 'n uitwerking op die fisiese omgewing waarin dit plaasvind ✓✓
Skep omgewingstres – kategorieë:

- Permanente omgewingsherstrukturering (konstruksiewerk aan hoofweë, lughawens) ✓✓
- Skep afvalprodukte (biologiese en nie-biologiese afval) ✓✓
- Direkte omgewingstres (vernietiging van koraalriwwe) ✓✓
- Uitwerking op bevolkingsdinamiek (migrasie en stedelike bevolkingsdigtheid, dalende landelike bevolking) ✓✓

**1.6 Infrastruktuur**

- Voldoende fisiese, ekonomiese en basiese dienste infrastruktuur noodsaaklik vir toeriste bestemmings:
  - ❖ Vervoer infrastruktuur (paaie, spoorlyne, lughawens, parkeerareas) ✓✓
  - ❖ Kommunikasie infrastruktuur (telefoonlyne, elektroniese seinstasies) ✓✓
  - ❖ Energie-infrastruktuur (elektrisiteit en vloeibare brandstowwe) ✓✓
  - ❖ Basiese diensteinfrastruktuur (skoon water, afvalverwydering, rioolstelsels) ✓✓
- Gebrek aan ekonomiese- en basiese diensteinfrastruktuur voorkom groei van toerisme ✓✓
- Hierdie infrastruktuur word gesien as publieke belegging ✓✓
- Seisoenaliteit – 'n groot probleem vir infrastruktuurontwikkeling ✓✓ (Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

Toerisme dra by tot die welvaart van huishoudings op DRIE maniere:

- Inkome – salarisse en lone – te danke aan die betrokkenheid by toerisme ✓✓ 'n voorbeeld uit die kandidaat se omgewing ✓✓
- Infrastruktuur – beskikbaar vir toeriste en plaaslike mense se gebruik ✓✓ voorbeeld uit die kandidaat se omgewing ✓✓
- Vaardighede – 'n verskeidenheid word vereis – onderwys en opleiding word vereis – as skoolvak ✓✓ 'n voorbeeld uit die kandidaat se omgewing ✓✓
  Aanvaar enige ander relevante antwoord. **(Maks. 10)**





**Samevatting**

In werklikheid is toerisme 'n baie wyer onderwerp wat baie veeleisend kan wees maar ook baie interessant as dit gekoppel word aan 'n spesifieke gemeenskap ✓✓
Enige ander relevante slot. **(Maks. 2)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL 150**



© Departement van Basiese Onderwys 2014



**Die Mind the Gap studiegidsreeks help jou om die sprong te maak deur hard te studeer om sukses in die Graad 12 eksamen te behaal.**

## Hierdie publikasie is nie te koop nie.

© Kopiereg Departement van Basiese Onderwys www.education.gov.za

Inbelsentrum 0800 202 933

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA